# REHOBOTH GEBIET

# 'N STUDIE VAN 'N VERANDERENDE GEMEENSKAP

(met Spesiale Verwysing na
Maatskaplike Faktore en Behoeftes)

deur

S. M. HEDWICH ROSE
B.A. (Hons.)(M.W.)
(Universiteit van Wes-Kaapland)

Verhandeling ingedien ter Verkryging van
die Magister-Graad in Maatskaplike Werk

aan die

Universiteit van Kaapstad

1980

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

O P G E D R A

aan die

MENSE VAN DIE REHOBOTH GEBIET

Verlede, Hede, en Toekoms

*I believe in the beloved community and in the spirit which makes it beloved, and in the communion of all who are, in will and in deed, its members. I see no such community as yet, but none the less my rule of life is : Act so as to hasten its coming.*

*Josiah Royce*

# INHOUDSOPGAWE


Lys van Tabelle .. .. .. .. .. .. .. .. (i)

Lys van Figure .. .. .. .. .. .. .. .. (v)

Voorwoord .. .. .. .. .. .. .. .. .. (vi)

HOOFSTUK EEN: FISIESE EIENSKAPPE VAN DIE REHOBOTH GEBIET EN GESKIED=KUNDIGE AGTERGROND VAN DIE REHOBOTH BASTERS .. .. .. .. 1

1. Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 1

2. Geskiedkundige Agtergrond van die Ontstaan van die Gebiet en die Volksplanting van die Rehoboth Basters .. .. .. .. .. .. .. .. 7

3. Enkele Hoogtepunte op Staatkundige Gebied in Suidwes-Afrika/Namibië .. .. 25

Verwysings .. .. .. .. .. .. .. 32

HOOFSTUK TWEE: 'N OORSIG VAN DIE STUDIE=VELD .. .. .. .. .. .. .. 33

1. Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 33

2. Omskrywing van Konsepte .. .. .. .. 34

3. Werksprogram .. .. .. .. .. .. .. 39

4. Dokumentêre Bronne .. .. .. .. .. 40

5. Die Voorondersoek .. .. .. .. .. 41

6. Die Veldondersoek .. .. .. .. .. 43

Verwysings .. .. .. .. .. .. .. 62

HOOFSTUK DRIE: DIE EKONOMIESE SITUASIE .. .. 63

I Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 63

II Veranderlikes t.o.v. Ekonomiese Situasie .. .. .. .. .. .. .. 64

1. Beroepsklassifikasies van die Ekonomies-bedrywige Lede van 'n Huishouding .. .. .. .. .. 65

2. Huishoudingsinkomste .. .. .. .. 71

3. Werksgeleenthede .. .. .. .. .. 75

4. Aard en Samestelling van Huis=houdings .. .. .. .. .. .. .. 98

5. Private Eiendom .. .. .. .. .. 110

6. Die Boerdery Bedryfspatroon .. .. 114

Verwysings .. .. .. .. .. .. 123

HOOFSTUK VIER: KENMERKE VAN DIE HUIS=HOUDELIKE LEWE VAN DIE REHOBOTH BASTERS .. .. .. .. 124

1. Besittings en Geriewe .. .. .. .. 124

2. Gewoontes en Gebruike .. .. .. .. 135

3. Houdings en Menings .. .. .. .. .. 161

HOOFSTUK VYF: ONDERWYS EN OPVOEDING IN DIE GEBIET .. .. .. .. .. 181

1. Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 181

2. Die Owerheid Verantwoordelik vir Onderwys en Opvoeding .. .. .. .. 182

3. Voorskoolse Dienste .. .. .. .. .. 183

4. Skolastiese Opvoedingsfasiliteite en Benutting .. .. .. .. .. .. .. 185

5. Opvoedingsvlak van die Basters .. .. 191

6. Volwasse Opvoeding .. .. .. .. .. 192

7. Knelpunte .. .. .. .. .. .. .. 194

8. Slotopmerkings .. .. .. .. .. .. 197

Verwysings .. .. .. .. .. .. .. 198

HOOFSTUK SES: GESONDHEID IN DIE GEBIET - - TOESTANDE EN DIENSTE .. .. .. 199

1. Algemeen .. .. .. .. .. .. .. .. .. 199

2. Dienste wat Openbare Gesondheid Beïnvloed .. .. .. .. .. .. .. 200

3. Geneeskundige Dienste .. .. .. .. 202

Verwysings .. .. .. .. .. .. .. 220

HOOFSTUK SEWE: WELSYNSDIENSTE IN DIE REHOBOTH GEBIET .. .. .. .. 221

1. Inleiding .. .. .. .. .. .. .. 221

2. Welsynsfunksies van die Verteen=woordigende Owerhede in die Gebiet .. .. .. .. .. .. .. .. 223

3. Ander Organisasies wat Profes=sionele Maatskaplike-werkdienste Lewer .. .. .. .. .. .. .. .. 224

4. Privaatwelsynsorganisasies in die Gebiet .. .. .. .. .. .. .. 227

5. Vrywillige Liggame wat Welsyns=werk Verrig .. .. .. .. .. .. .. 229

| | | |
|---|---|---|
| 6. | Maatskaplike Behoeftes en Pro= bleme in die Gemeenskap .. .. .. .. | 232 |
| | Verwysings .. .. .. .. .. .. .. | 241 |

HOOFSTUK AGT: GESELEKTEERDE ASPEKTE VAN MODERNITEIT TEN OPSIGTE VAN DIE REHOBOTH BASTERS .. .. 242

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding .. .. .. .. .. .. .. | 242 |
| 2. | Konseptualisering van die Be= grip Moderniteit .. .. .. .. .. .. | 243 |
| 3. | Geselekteerde Kriteria vir Moderniteit .. .. .. .. .. .. .. | 245 |
| 4. | Slotopmerkings .. .. .. .. .. .. | 257 |
| | Verwysings .. .. .. .. .. .. .. | 259 |

HOOFSTUK NEGE: BEVINDINGS EN AANBE= VELINGS .. .. .. .. .. .. 261

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding .. .. .. .. .. .. .. | 261 |
| 2. | Werksgeleenthede .. .. .. .. .. .. | 262 |
| 3. | Behuising .. .. .. .. .. .. .. | 266 |
| 4. | Opvoeding .. .. .. .. .. .. .. | 268 |
| 5. | Gesondheid .. .. .. .. .. .. .. | 271 |
| 6. | Welsynsdienslewering .. .. .. .. .. | 276 |
| 7. | Slotopmerkings .. .. .. .. .. .. | 281 |
| | Verwysings .. .. .. .. .. .. .. | 284 |

BIBLIOGRAFIE 285

BYLAAG 297

——ooOoo——

# LYS VAN TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Die Etniese Samestelling van die Gebiet se Be=volking volgens die 1970 Sensusopname .. .. | 1 |
| 2 | Klsssifikasie volgens die Verspreiding van To=tale Inkomste per Huishouding in Rand per Maand .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 72 |
| 3 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Manlike Persone wat Inkomste het anders as Pensioene en Toelae .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 73 |
| 4 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Vroulike Persone wat Inkomste het anders as Pensioene en Toelae .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 74 |
| 5 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Kooppa=troon .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 82 |
| 6 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Redes waarom Lekkasie van Inkomste uit die Gebiet Plaasvind .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 82 |
| 7 | Bevolkingstelling in Suidwes-Afrika/Namibië vir 1970 .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 99 |
| 8 | Geografiese Verspreiding van Rehoboth Basters vir 1970 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 100 |
| 9 | Klassifikasie volgens Aantal Persone per Huis=houding .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 102 |
| 10 | Klassifikasie volgens Aantal Volwasse Mans en Vroue per Huishouding .. .. .. .. .. .. | 104 |
| 11 | Klassifikasie volgens die Aantal Persone 60 Jaar en Ouer per Huishouding .. .. .. .. | 105 |
| 12 | Klassifikasie volgens Inkomste van Individuele Bediendes per Maand .. .. .. .. .. .. .. | 107 |
| 13 | Klassifikasie volgens Aantal Voorskoolse Kind=ers per Huishouding .. .. .. .. .. .. .. | 108 |
| 14 | Klassifikasie volgens die Aantal Skoolgaande Seuns en Dogters per Huishouding .. .. .. | 109 |
| 15 | Persentuele Verspreiding van Rehobothboere volgens die Tipe van Veebemarkingsmetodes Gevolg .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 115 |
| 16 | Klassifikasie van Wonings volgens die Tipe en Aantal Vertrekke per Woning .. .. .. .. .. | 125 |


Tabel/ .......

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 17 | Klassifikasie van Wonings volgens sekere Fa= siliteite .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 128 |
| 18 | Klassifikasie van Wonings volgens die Bron van Lig .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 130 |
| 19 | Klassifikasie van Wonings volgens die Bron van Krag vir Kookdoeleindes .. .. .. .. .. .. | 131 |
| 20 | Klassifikasie van Huishoudings volgens die Be= sitreg van die Hoof .. .. .. .. .. .. .. | 131 |
| 21 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Beskik= bare Telefoongeriewe .. .. .. .. .. .. | 134 |
| 22 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Tipe en Aantal Voertuie in hul Besit .. .. .. .. | 135 |
| 23 | Klassifikasie van Huishoudings wat in die Af= gelope 10 Jaar Verhuis het .. .. .. .. .. | 136 |
| 24 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Redes vir Verhuising .. .. .. .. .. .. .. .. | 137 |
| 25 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Radio-Luistergewoontes van Volwassenes en Kinders .. | 138 |
| 26 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Koerant- en Leesgewoontes van Volwassenes en Kinders .. | 140 |
| 27 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Algemene Leesgewoontes, Koerante Uitgesluit .. .. .. | 141 |
| 28 | Klassifikasie van Huishoudings volgens die Tipe Leesstof wat hulle Lees .. .. .. .. .. .. | 142 |
| 29 | Klassifikasie van Huishoudings volgens die Be= nutting van Biblioteekdienste .. .. .. .. | 143 |
| 30 | Klassifikasie van Huishoudings volgens die Op= voedingskwalifikasies van die Ouers .. .. .. | 145 |
| 31 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Na-skoolse Kwalifikasies van Ouers .. .. .. .. | 147 |
| 32 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Tuishulp aan Kinders met Skoolwerk .. .. .. .. .. | 148 |
| 33 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Ouers se Kontak met Skool .. .. .. .. .. .. .. | 149 |
| 34 | Klassifikasie van Huishoudings volgens Aard van Ouers se Kontak met Skool .. .. .. .. .. | 150 |
| 35 | Klassifikasie van Hoofde van Huishoudings vol= gens die Opvoedkundige Aspirasies vir hul Kinders .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 151 |

Tabel Bladsy

36 Klassifikasie van Huishoudings volgens die Volwassenes se Lidmaatskap van Organisasies .. 152

37 Klassifikasie van Huishoudings volgens Bywo= ning van Konserte en Sanguitvoerings .. .. 155

38 Klassifikasie van Huishoudings volgens Kerkge= bondenheid .. .. .. .. .. .. .. .. .. 156

39 Klassifikasie van Huishoudings volgens Reëlings vir Bywoning van Eredienste deur Bediendes .. 158

40 Klassifikasie van Huishoudings volgens Deel= name aan Ontspanningsaktiwiteite .. .. .. 159

41 Klassifikasie van Huishoudings volgens Vrou se Deelname aan Besluitneming .. .. .. .. .. 162

42 Klassifikasie van Huishoudings volgens Houding oor 18-jarige Dogter se Vryheid om Weg van Huis te werk .. .. .. .. .. .. .. .. 163

43 Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening van Hoof van Huishouding of Man Behulpsaam moet wees met Huishoudelike Take .. .. .. 163

44 Klassifikasie van Huishoudings volgens Hoof van Huishouding se Mening oor Gelyke Besoldiging vir Mans en Vroue .. .. .. .. .. .. .. 164

45 Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Houding teenoor Gesinsbeheer .. .. .. .. 165

46 Klassifikasie van Huishoudings volgens Respon= dente se Mening oor Ideale Getal Kinders onder Huidige Omstandighede .. .. .. .. .. .. 166

47 Klassifikasie van Huishoudings volgens Hoof se Reaksies op Gebruik van Geboortebeperkingsmid= dels deur Vroue in die Gebiet .. .. .. .. 168

48 Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening of Jong Egpare Gesinne behoort te Reël .. .. 168

49 Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening of Ongetroude Meisies wat 'n Kind of meer het, Voorbehoedmiddels behoort te Gebruik .. .. 169

50 Klassifikasie van Huishoudings volgens Respon= dente se Menings oor Bygelowigheid van die Basters .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 170

51 Klassifikasie van Huishoudings volgens Respon= dente se Menings oor die Basters se Geloof in Toorkuns en Kruiedokters .. .. .. .. .. 172

Tabel | Bladsy


52 Klassifikasie van Huishoudings volgens Respon= dente se Geloof in Tradisionele Kruiedokters om Kindersiektes te Genees .. .. .. .. .. 173

53 Klassifikasie van Huishoudings volgens Respon= dente se Menings of die Toekoms Voorspel kan word .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 174

54 Klassifikasie van Huishoudings volgens Voorkeur vir Etniese Klassifikasie .. .. .. .. .. 175

55 Klassifikasie van Huishoudings volgens die Et= niese Groepe wat hulle Afkeur as Egliede vir hul Kinders .. .. .. .. .. .. .. .. .. 176

56 Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Voorkeur vir 'n Regeringsvorm vir die Gebiet .. 177

57 Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Be= doeling om die Gebiet te Verlaat aldan nie .. 178

58 Toename van die Leerlingtal van die Junior Pri= mêre Klasse : Laaste Kwartaal 1979 en Eerste Kwartaal 1980 .. .. .. .. .. .. .. .. 187

59 Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Me= nings oor die Mediese Dienste in die Gebiet .. 205

60 Klassifikasie van Huishoudings volgens die Be= nutting van Dienste Gelewer deur die Kliniek .. 213

61 Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Be= nutting van Hospitaaldienste of Vroedvroue Tydens die Geboorte van 'n Kind .. .. .. .. 216

62 Klassifikasie van Huishoudings volgens Kontak met Maatskaplike Werker Afgelope Jaar .. .. 226

63 Persentuele Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Mening oor Behoeftes in die Ge= meenskap .. .. .. .. .. .. .. .. .. 233

64 Persentuele Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Mening oor Ernstige Maatskaplike Probleme in die Gebiet .. .. .. 236


——ooOoo——

# LYS VAN FIGURE


| Figuur | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Rehoboth Gebiet | 4 |
| 2 | Reenval en Verdamping | 6 |
| 3 | Die Trek van die Basters | 10 |
| 4. | Geologiese Kaart | 79 |

# VOORWOORD

My groot liefde vir en belangstelling in wel en weë van die mense van die Rehoboth Gebiet, wat hulself met trots Basters noem, was een van die grootste dryfvere agter die keuse van hierdie Gebiet as onderwerp van studie.

Gedurende die studieperiode was verskeie persone en instansies se daadwerklike hulp, leiding en aanmoediging vir my 'n riem onder die hart. Teenoor almal wat hieraan deel gehad het, wil ek my hoogste dank en waardering betuig en hulle verseker dat hul hulp, al ag hulle dit ook miskien gering, bygedra het tot die uiteindelike voltooiing van hierdie studie. Die volgende persone en instansies word uitsonder vir hul aandeel.

Eerstens gaan my dank aan my man en seun wat dikwels die afgelope paar jaar op hulself en op mekaar aangewese was omdat nie alleen my tyd nie, maar ook my gedagtes en gesprekke, byna voortdurend aan die onderhawige studie gewy was.

Tweedens gaan my opregte dank en waardering aan my promotor, Prof. Brunhilde Helm. Sy het 'n besliste rol gespeel in my keuse van die studieveld, en haar hulp met praktiese probleme asook haar voortdurende aanmoediging en waardevolle leiding was vir die suksesvolle afhandeling van my studie van onskatbare waarde. Ek het groot waardering gehad vir die feit dat sy altyd beskikbaar was wanneer ek haar benodig het, dikwels na-ure, en ook spesifiek vir haar eerlike en spontane dog onderskragende wyse van kritieklewering. Dit het veel bygedra tot die vorming van my denkrigting en tot my persoonlike en akademiese groei.

Voorts is ek veel dank verskuldig aan die Universiteit van Wes-Kaapland wat in 1978 studieverlof aan my toegestaan het om die opname ter plaatse te gaan doen. Omdat die Gebiet so ver weg geleë is en ook so wyd uitgestrek is, het die opname heelwat tyd in beslag geneem. Die studieverlof is hiervoor benut.

Ek bedank ook my kollegas in die Departement van Maatskaplike Werk wat die

fort moes hou tydens my afwesigheid.

Ander persone het waardevolle hulp verleen. Teenoor hulle betuig ek ook my dank, soos volg:-

Die destydse Hoofdirekteur van Rehoboth, mnr. F. Visagie, vir sy belangstelling in my navorsing en vir die hulp t.o.v. literatuur en persoonlike inligting

Mnr. H. Bezuidenhout, hooflanddros, sowel as mnr. E. Louw, assistent-landdros te Rehoboth, vir die geduldige wyse waarop hulle altyd bereid was om informasie, veral oor die geregtelike posisie in die Gebiet, te voorsien en vir die beskikbaarstelling van kantoorgeriewe

Prof. E. Batson vir sy waardevolle hulp t.o.v. die uitstryk van praktiese probleme met die veldondersoek ondervind, veral met die steekproef

Mev. R. Francis, van die Universiteit van Kaapstad, vir haar waardevolle hulp met die kodifisering van die data

Die personeel by die Rekensentrum van die Universiteit van Wes-Kaapland, vir die dataverwerking wat hulle onderneem het.

Ek bedank die veldwerkers van harte vir hul waardevolle bydrae tot die ontsaglike take van dataversameling wat dikwels onder moeilike omstandighede gedoen is. Groot areas is gedek deur mej. Heidie Mouton, mev. Helena Mouton en mnr. Martin Junius.

Aan mevv. Rachel Fransman en Susan Wesso gaan 'n spesiale woord van dank, want hulle het met groot geduld die tikwerk onderneem ten spyte van 'n baie druk werksprogram.

Ten slotte gaan my dank aan alle respondente wat hul samewerking gebied het om die ondersoek te doen. Die spontane wyse waarop hulle vrae beantwoord het en ook pad gewys het, het vir die veldwerkers die taak aansienlik vergemaklik.

Hedwich Rose
Kaapstad 1980

# HOOFSTUK EEN

## FISIESE EIENSKAPPE VAN DIE REHOBOTH GEBIET EN GE= SKIEDKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE REHOBOTH BASTERS

### 1. INLEIDING

Die Rehoboth Gebiet het die afgelope dekade of langer sterk onder die soeklig gekom weens die strewe na vooruitgang enersyds en die vaskleef aan tradisie andersyds, asook die politieke woelinge wat daar heers. Dus is die Gebiet 'n interessante onderwerp van studie.

Volgens die 1970 sensus [1)] was die bevolking van die Gebiet saamgestel soos in Tabel 1 weergee.

Tabel 1

Die Etniese Samestelling van die Gebiet se Bevolking volgens die 1970 Sensusopname

| Bevolkingsgroep | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Basters | 12 104 | 59,02 |
| Blankes | 1 211 | 5,21 |
| Kleurlinge | 624 | 2,69 |
| Namas | 4 089 | 17,60 |
| Ovambos | 1 239 | 5,33 |
| Okavangos | 48 | 0,21 |
| Damaras | 3 762 | 16,19 |
| Ander | 156 | ,68 |
| Totaal | 23 233 | 100,00 |

Die Basters maak die grootste deel van die bevolking uit en volgens wet is hulle ook die enigste groep wat grond in die Gebiet mag besit.

1.1/ .............

## 1.1 Wie is die Basters?

In die verslag van 'n Kommissie wat ondersoek na aangeleent=hede in Suidwes-Afrika moes instel, en wat in 1963 verskyn het, [2] is oor die Basters geskryf dat hulle "van gemengde herkoms (is), met 'n kaukassiese inslag en westerse leefwy=se. Hulle taal is oorwegend Afrikaans en hul leefwyse stem ooreen met dié van Blankes". Helm [3] skryf hieroor:

> The term "Baster", when used by Southern Af=ricans of mixed racial origin, does not carry the pejorative connotation it would otherwise in Afrikaans, nor the opprobrium of its Eng=lish equivalent. Since earliest days of white settlement at the Cape there had been sexual congress between European immigrants and va=rious other peoples. Particularly the issue of the whites and the local Hottentots soon formed a community of half-castes -- people who were not thought good enough for Dutch social life at the Cape but who themselves were proud of their white ancestry, regard=ing it as bestowing upon them superiority over indigenous peoples. They spoke Dutch (later Afrikaans) and called themselves "Bas=ters".

Georg Hartmann[4] het ook aangedui dat daar 'n verskil ge=maak moet word tussen die mense met gemengde herkoms, wat voor die ontstaan van die Gebiet in Suidwes-Afrika gewoon het, en die Rehoboth Baster. Hy skryf:

> ... dagegen spielt die Mischlingfrage in Deutsch-südwestafrika eine grosse Rolle weil hier der Mischling, Bastard genannt, eine höhere Bedeutung beizumessen ist.

Daar word in die Gebiet onderskei tussen gebore Basters (ook Burgers genoem) en Inkomers. Eersgenoemde word in Artikel (1)(a) van die Wet [5] omskryf:

> Elke persoon gebore uit 'n burger of bur=geres van Rehoboth is ook 'n burger van Rehoboth.

Daar word ook voorsiening gemaak vir wyses waarop nie-burgers kan aansoek doen om as burgers ingesweer te word.

Die/ .............

Die Inkomer word in dieselfde wet omskryf as iemand wat die die Gebiet ná ongeveer 1923 binnegekom en as burger aange= neem is.

Ingevolge dieselfde wet is die Basters die enigste etniese groep wat grond in die Rehoboth Gebiet mag besit. Hulle is trots op hul agtergrond en die feit dat hul voorvaders aan gevegte deelgeneem het om grondbesitreg in die Gebiet te behou. Hulle waak oor hul grond met jaloerse besitlikheid. Vandaar dat Goldblatt [6] die Basters beskryf as:

> ... the only tribal body apart from the Ovam= bos to retain, to this day, their identity with a settled part of the territory.

1.2 Ligging en Fisiese Eienskappe van die Gebiet

Die Rehoboth Gebiet lê tussen ongeveer 16°OL- en 18°OL-lyne en 23°SB tot 24°30'SB in die sentrale gedeelte van Suidwes-Afrika, ongeveer 90 km. suid van Windhoek. Die gebied be= slaan 1 312 239 hektaar. Sien Fig. 1 [7].

1.2.1 Geologie

Die grootste gedeelte van die Gebiet is deurkruis met droë rivierlope. Die Gebiet kan as 'n eilandberggebied beskryf word. Sommige van sy alleenstaande eilandberge het kruine wat selfs hoër as 3 100 meter die lug inskiet. In 'n in= ligtingsverslag van die Suidwes-Afrika-Administrasie wat in Mei 1978 verskyn het, [8] word onderstaande beskrywings ge= vind:

> Wes van Rehoboth-dorp is die landskap op beide oewers van die Rehoboth-rivier berg= agtig en ruwe terrein kom voor tot by die vlaktes van Nubibaus, 50 km. wes van die dorp. Noord van die Rehoboth-rivier en oos van Rehoboth-dorp lê 'n laagliggende

spoelvlakte/ .....

Fig. 1


REHOBOTH GEBIET
10 0 10 20 30 40
Km
N
Groot Aub
Blaukrans
Bergland
Kanubeb
Eselmaanhaar
Kwakwas
Uiseb
Rehoboth-
Stasie
Rehoboth
Kauchas
Awasab
Kobos
Kamkam
Tsumis Park
Nuwedam
Klein Aub
Witkop
Karanas
Duineveld
Rietoog
Schlip
Omamas

spoelvlakte wat sy laagste vlak naby die dorp bereik en waar panvorming voorkom. Net suid van Rehoboth-dorp kom gevestig=de sandduine voor wat goed met gras en kameeldoringbome bedek is. Die eiland=berglandskap gaan hier in die suide oor in 'n suiwer golwende landskap.

### 1.2.2 Klimaat en Reënval

Die Gebiet word by die koel halfwoestynstreek van die sen=trale Hoogland ingedeel. Weens die hoër ligging bo see=spieël word laer somer- en wintertemperature ondervind. Ryp is in die winter nie 'n algemene verskynsel nie, dog dit kan wel tussen April en Oktober voorkom.

Die gemiddelde jaarlikse reënval vermeerder van 200 mm. in die suide tot ongeveer 300 mm. in die noorde (sien Fig. 2 [9]). Die Gebiet het ongeveer 25 tot 30 reëndae per jaar. Donderstorms is die mees algemene tipe reën. Onge=veer 90 persent van die gebied se reënval kom in die ses maande tussen Oktober en Maart voor, met die hoogste reën=neerslag in Februarie.

### 1.2.3 Plantegroei

Die plantegroei in die gebied noord van die Rehoboth-rivier is ruwe bosveld afgewissel met grasveld en taamlike groot bome in die laagtes. Die oewers van die rivier is goed be=groei met hoë bome, meestal kameeldoringbome.

Die plantegroei suid van die Rehoboth-rivier wissel van ruie bosveld met baie hoë bome tot yler bosveld met meer struike as bome, afgewissel met oop grasvelde.

Fig. 2

# REENVAL EN VERDAMPING

VERKLARING

## REHOBOTH GEBIET

SKAAL 1:1000 000



## 2. GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE GE= BIET EN DIE VOLKSPLANTING VAN DIE REHOBOTH BASTERS

Volgens Eugen Fischer, die Duitse antropoloog, [10] het die gemeenskap wat tans as die Rehoboth Basters bekend staan, se voorouers hulle in 1775 aan die noordelike kant van die Kareeberge in die omgewing van De Tuin bevind.

### 2.1 Die Oorsprong van die Rehoboth Basters

Gedurende die 18de eeu het Blanke boere uit die ou Kaapko= lonie noordwaarts getrek agter weiveld aan. Dit was 'n baie eensame en harde lewe. Gevolglik was min Blanke vroue bereid om die trek mee te maak. Verskeie skrywers beweer dat hierdie skaarste aan vroue uit eie geledere een van die hoofredes was wat die boere genoop het om Kleurling en Hot= tentot vroue te neem. Die kinders uit hierdie verbintenis= se is Basters genoem. Volgens Vaill (1959) [11] het die Basters in 1845 reeds 5 000 getel. Hul belangrikste neder= settings was op Komaggas, Leliefontein, Amandelboom, De Tuin, Pella en Rietfontein.

Volgens Fischer (1913) het die herderslewe wat hulle gelei het, die relatiewe isolasie waarin hulle verkeer het, en die geringe kontak met Blankes gedurende die eerste aantal jare van hulle ontstaan, verseker dat die Basters as 'n groep bly voortbestaan het.

Marais (1937) [12] skryf dat die Basters 'n nasie op hul eie gevorm het, met 'n sterk godsdienstige inslag. Tot vandag toe is hierdie invloed merkbaar.

2.2/ .............

## 2.2 Die Geskiedenis van die Basters tot hul Aankoms in Rehoboth

Die grens van die Kaapkolonie is in 1848 verskuif vanaf die Buffelsrivier tot die Oranjerivier -- aldus Fischer (1913) -- en gevolglik was die grond waarop die Basters hulle toe be= vind het, onopgemete kroongrond. Rooftogte en aanvalle deur die Korannas en Boesmans uit Suidwes-Afrika het die Basters se veiligheid bedreig, terwyl daar ook probleme tussen hul= le en die Blankes ontstaan het oor weiveld.

In 1865 is die Wet op Grondbakens uitgevaardig, ingevolge waarvan boere wat grond besit het bewys van hul besitreg moes toon. Voorts is bepaal dat kroongrond in die vervolg òf verkoop òf verhuur sou word.

Omdat die Basters, wat op kroongrond gewoon het, nie besit= reg kon bewys nie, het hulle besluit om by die Kaapse Par= lement om grond aansoek te doen. Hulle het 'n deputasie gestuur wat die regering £200 vir 300 000 morge weiveld aangebied het, aldus De Klerk (1967). Hoewel hulle ver= soek met simpatie bejeën is, is hulle meegedeel dat daar eers 'n openbare vergadering gehou moes word om moontlike besware teen die koop uit te stryk. Op die vergadering is talle petisies deur Blanke boere ingehandig teen die ver= koop van grond aan die Basters. Laasgenoemdes het die saal verlaat voordat daar nog uitspraak gelewer was, want dit was duidelik dat die uitspraak nie in hul guns sou wees nie -- en dit was ook so.

Hulle het toe besef dat hulle ander heenkome sou moes soek en gedurende dieselfde jaar word 'n deputasie onder leiding van Hermanus van Wyk en Giel Diergaardt na Suidwes-Afrika

gestuur/ .........

gestuur om woonplek te soek. Hul hand word gesterk deur hùl getroue sendeling Heidmann, wat d.m.v. sy betrekkinge met sendelinge in Suidwes-Afrika toestemming gekry het om die rivier oor te steek.

Op 16 November 1868 het die Basters onder Hermanus van Wyk die Oranjerivier oorgesteek en die trek het begin. Sien Fig. 3.[13]. Oor hierdie trek skryf Schwabe (Vaill, 1959)[14]:

> The loyal missionary (Heidmann) did not leave them. With his congregation he went northwards over the river, amid a thousand dangers, through plains and deserts, over mountains, comforting the weak, encouraging the hopeless, healing the sick, a leader appointed by God to this nation in its distress. The na= tion had a dark future before it and was viewed with suspicion by the Nama= qua tribes as its people passed through the latter's country.

Hul eerste standplaas was volgens Vaill (1959) Warmbad, waar hulle slegs 'n maand vertoef en toe verder noordwaarts ge= trek en hulle by Chamis naby Bethanie gevestig het. Hier het hulle tot 1870 gewoon.

Reeds in 1869, toe die Basters hulle naby Warmbad bevind het, het hulle hul eerste grondwet, bekend as die "Grondwet van Nisbeth Bad", opgestel. 'n Volksraad is ge= kies en Hermanus van Wyk se kapteinskap is bekragtig.

## 2.3 Die Volksplanting (1870-1885)

Aangesien daar volop water en weiding in die area was wat teenswoordig Rehoboth is, en aangesien dit op daardie sta= dium onbewoon was, het die Basters hul visier op dié gebied gerig. Dit het toe aan Abraham Swartbooi, leier van die Hottentotte, behoort. Swartbooi het aanvanklik slegs toe=

stemming/ ........

Fig. 3 Die Trek van die Basters



stemming verleen dat hulle daar mag woon vir solank as wat hy dit nie self benodig nie. Die Basters het egter voort=durend onderhandel om te koop; eers teen 1876 is op 'n koopsom van 100 perde en 5 waens besluit. Dit blyk dat die Basters nie die volle teenprestasie gelewer het nie en dat Swartbooi hulle in 1882 aangeval het.

Die meeste skrywers is dit eens dat in 1885 die Basters eiendomsreg oor Rehoboth besit het, maar nie voordat daar baie bloed op die bodem vergiet is nie.

Hoewel die Basters probeer het om 'n beleid van neutrali=teit te volg, is hulle in oorlog betrek toe 'n groep Here=ros ses Basters en 'n Blanke vermoor het, en die Basters toe genoop was om saam met ander stamme 'n aanval op die Hereros te loots. Intussen het die Hottentotte voortduren=de aanvalle op die Basters geloots ten einde vir Rehoboth terug te kry, maar Abraham Swartbooi het gesneuwel en die Hottentotte het die aftog geblaas.

## 2.4 Die Vaderlike Wette

Die "Grondwet van Nisbeth Bad" is op 31 Januarie 1872 her=sien en 'n nuwe wet is toe bekragtig. In 1874 is weer be=langrike wysigings aangebring wat veral bedoel was om die kaptein se onbeperkte gesag te bekamp. Hieroor skryf Vaill (1959) [15]:

> Art. 2 maak voorsiening vir ondersoek van gegronde klagtes teen die kaptein deur drie "onpartydige landshoofde", terwyl Art. 3 bepaal dat die Kaptein, ewenas enige Burger of Raadsheer, aan die wet onderworpe is.

Voorts is voorsiening gemaak vir inspraak deur die burgers

in die/ .........

in die kiesing van Raadslede, asook vir 'n Krygsraad en wette i.v.m. oorlogsake. Daar is bepaal dat die kaptein veldkornette moes aanstel, wat belas was met die beheer van verkiesings en munisipale sake.

Wat straf- en sivielereg betref, was die wette taamlik pri= mitief. Die kaptein moes regters aanstel wat hofsake moes behartig. Voorsiening is vir slegs vier gemenereg misdade gemaak, nl. moord, diefstal, heuling, en ernstige aanran= ding of dieremishandeling.

Vir voorbedagte moord, was onherroeplik die doodstraf opge= lê. Enige dienaar (dit verwys veral na werknemers op die plaas) wat mishandel is, mag sy werkgewer gaan aankla, dog hy mag nie die vee, waarvoor hy verantwoordelik is, in die veld laat wanneer hy gaan kla nie. Hy moes hulle eers vei= lig op die werf van die eienaar besorg. Artikel 27 van die wet [16)] het mishandeling soos volg omskryf:

> Onder mishandel is te verstaan al het straften op onbehoorlyke wys slaan met handen en met voeten en klappen.

In die geval van veediefstal, moet die eienaar drie-voudig vergoed word. As die dief niks besit nie, kry hy 'n werk= straf van een tot twaalf maande of lyfstraf wat tot 50 houe kan beloop.

T.o.v. drankhandel is bepaal dat geen burger sonder die toe= stemming van die landdros sterk drank, behalwe wyn, binne die Gebiet mag verkoop nie.

Vir dieremishandeling is boetes tussen vyf shillings en een pond sterling opgelê.

Wat egskeiding betref, maak die Vaderlike Wette [17)] die

volgende/ ........

volgende voorsiening:

(1) Echtscheiding kan slechts plaasvinden in geval van hoerery en booswillig verlaten der echtgenoten. De schul= dige deel kan tot trouw niet weder toegelaten worden.

(2) Zyn er beide echtgenoten schuldig, zoo kunnen beide niet weder trouwen.

Voorts word bepaal dat die kinders aan die onskuldige party toegesê word en dat die skuldige party al sy bates aan die ander party en kinders moet toestaan. As albei skuldig is, word die goed verdeel.

Ten opsigte van buite-egtelike kinders word bepaal dat hul= le deur die vader onderhou moet word, selfs as is hy 'n ge= troude man.

Hierdie wet vorm die grondslag van die Wet op Selfregering in Rehoboth nr. 56 van 1976.

2.5 <u>Onder Duitse Bewind (1890-1915)</u>

Oor hierdie tydperk skryf Vaill (1959) dat Duitsland in 1885 die "Traktaat van Beskerming en Vriendskap" aangegaan het waarvolgens Duitsland soewereiniteit oor die Gebiet en sy inwoners sou aanvaar. Daar is egter onderneem om die regte en vryhede van die burgers van Rehoboth te erken, en dat die gebruike en wette wat daar reeds bestaan, geëerbiedig sou word. Voorts is ooreengekom dat indien die Duitse kei= ser enige besluite sou neem wat die burgers intiem raak, hy hulle eers sou raadpleeg.

Nieteenstaande hierdie onderneming het Duitsland ongehinderd wette gemaak vir die hele protektoraat, insluitende die Ge= biet. Die Basters was baie ontevrede, veral omdat hulle

nooit/ ..........

nooit geken is in enige besluitneming nie, en omdat die wette te streng was.

Die Basters het die Duitsers in al hul oorloë teen inboor=lingstamme getrou bygestaan. De Klerk [18] vertaal Fischer soos volg:

> Hul het in 1896 teen die Khauas Hottentotte geveg, in 1879 teen die Swartboois, in 1903 teen die Bondel-Swarts en in 1904 teen die Hereros. In laasgenoemde oorlog is oor die dertig Basters vir dapperheid vereer deur toekenning van medaljes. Dit het alles meegehelp om die samehorigheidsgevoel en nasietroets by die Basters verder te bevor=der.

In 1905 is Hermanus van Wyk oorlede en 'n jaar later het die Basters ook die dienste van hul getroue sendling, eer=waarde Heidman, verloor.

Met die dood van Hermanus van Wyk het die Duitsers die kap=teinskap afgeskaf en 'n voorman aangestel. Die voorsitter van die Raad sou ook voortaan die Duitse Magistraat wees. Dit blyk uit die geskiedenis dat, alhoewel die Basters aan die Duitse regering getrou gebly het, was hulle 'n ontevre=de volk.

Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek, het die Bas=ters geweier om aan die oorlog deel te neem. Hierdie weie=ring het daartoe gelei dat die wrywing tussen die Basters en die Duitsers tot 'n punt gedryf is, en het die Duitsers op 22 April 1915 oorlog teen die Basters verklaar en Reho=both kort daarna aangeval. Skryf Vaill (1959) [19]:

> Die Burgers, met hul families, het na die Kubisberge gevlug waar hulle 'n hele dag, die 8ste Mei, die Duitsers weerstaan het, terwyl hulle vrouens en kinders vir hulle gebid het. Die aankoms van Genl. McKenzie met die Unietroepe het hulle net betyds

> gered en hulle is terug na Rehoboth waar hulle onmiddellik die huisraad asook die vee van die Duitse inwoners gebuit het.

Met die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog en kragtens Artikel 119 van die Vredesverdrag van Versailles, het Duits= land afstand gedoen van sy onderhorige gebiede -- ook van Suidwes-Afrika. Die Unie van Suid-Afrika het in 1920 die mandaat ontvang om die gebied te bestuur.

In 1915 het die Basters se jarelange onderhandelinge met die Administrateur van Suidwes-Afrika begin om onafhanklik= heid te verkry. Dit was eers in 1923 dat daar tot 'n oor= eenkoms tussen die Basters en die Administrateur van Suid= wes-Afrika oorgegaan is, hoewel hierdie ooreenkoms blykbaar deur 'n deel van die Bastervolk verwerp is. Die ooreenkoms van 1923 is vervat in Proklamasie 28 van 1923.

Hierdie ooreenkoms is gesluit tydens 'n konferensie wat in die kantoor van die Administrateur van Windhoek plaasgevind het, op 16-20 Julie 1923.

Die Raad het 'n memorandum ingehandig wat as basis vir die besprekings tydens die konferensie sou dien. Dit word soos volg in die verslag van die Rehoboth kommissie van 1927 ver= vat [20]:

> The Volksraad of the Rehoboth Gebiet ap= proach His Honour the Administrator of South-West Africa, desiring that he will admit them to his friendship and protec= tion. They ask for an agreement with him that will replace their treaty with the former German Kaiser and define the posi= tion of their people as a mandated folk under the care of the Union Government. The covenant with the Kaiser they con= ceive to be in an important sense still a living document, inasmuch as it shows what the status was which they had won

for/ ............

> for themselves prior to the establishment of the Kaiser's Government in this coun= try, a status which in most material re= spects it preserved to them, and which they continued to enjoy until the Union government assumed authority here. . .
>
> The document referred to shows the status of the Rehobothians to have been that of a protected but largely independent peo= ple. They furnished a military force to the Kaiser for the maintenance of order within the S.W.A. Territory, but they made their own laws and paid taxes only to their own Raad and Kaptein, to whom taxes were also paid by the Kaiser's Go= vernment on behalf of certain German sub= jects living in their midst. . .
>
> As already stated the Rehoboth people de= sire His Honour's protection as represen= tative of the Union under the British flag. They also acknowledge the adminis= trative authority over their Gebiet which belongs to the Union as Mandatory of the Allied Great Powers. The Raad would re= spectfully request that the position of their people may be defined and assured by a covenant between His Honour and themselves, and that such agreement shall take the form of a contract or charter, specifying their rights and obligations as a mandated people, codifying their laws and rectifying their boundaries.

Dit blyk uit die genoemde verslag dat van die belangrikste aspekte wat tydens die konferensie bespreek is, was o.a. dat die Basters as die wettige inwoners van die Gebiet er= ken moet word, die vasstelling van die Gebiet se grense, die erkenning van hul kaptein, dat selfregering aan die Basters toegestaan word en die totale geregtelike posisie van die Gebiet soos dit verband hou met die posisie van die res van Suidwes-Afrika.

Daar was dikwels misverstand tussen die twee partye, dog dit blyk uit die verslag dat die samesprekinge in 'n gees van welwillendheid plaasgevind het. Die Administrateur het dit deurgaans duidelik uitgespel dat dit tot die Basters se

voordeel sou strek om die ooreenkoms te aanvaar, dog lg. groep was onseker, aangesien veral die aspek van die Ge= bietsgrense nie tot hul tevredenheid beslis is nie. Dit het ongetwyfeld meer regte aan die Basters verleen as wat hulle onder die Duitse bewind gehad het, behalwe dat in strafregtelike sake Blankes nie binne die regsbevoegdheid van Baster-regters en -magistrate sorteer het nie.

## 2.6 Pogings om Onafhanklikheid te Verkry

Daar het egter jarelange twis en tweedrag onder die Basters bestaan oor die aanvaarding van die 1923 ooreenkoms. In= tussen het twee opposisiepartye nl. die Meerderheidsparty en die Minderheidsparty in Rehoboth ontstaan. Die Meerder= heidsparty was diegene wat ontevrede was met die sluiting van die 1923 ooreenkoms, aangesien hulle op volle onafhank= likheid aanspraak gemaak het.

Op 23 April 1924 het die Meerderheidsparty in die Gebiet 'n verkiesing gereël, en 'n Volksraad van 9 lede, 'n Parlement van 23 lede, en 'n Kerkraad gekies. Die Volksraad het as die Nuwe Raad bekend gestaan en die Nuwe Raad het die Unie-regering onverwyld in kennis gestel dat die "Burgerryk" die 1923 ooreenkoms verwerp. Die Nuwe Raad is nie deur die Ad= ministrateur erken nie en daar het weer eens 'n tydperk van wrywing vir die Basters gevolg, hierdie keer met die Admi= nistrateur van Suidwes-Afrika as verteenwoordiger van die Unie-regering.

In 1928 het die Volksraad van die Unie Proklamasie 9 van 1928 uitgevaardig waarin nuwe bepalings t.o.v. die same= stelling van die Adviesraad in Rehoboth gemaak is. Voort=

aan sou drie lede deur die Basters gekies word, terwyl drie lede deur die Administrateur benoem sou word. Die Raad sou elke drie jaar verkies word. Ingevolge genoemde Proklama= sie is die eerste Adviesraadsverkiesing te Rehoboth op 29 Mei 1929 gehou, hoewel die Meerderheidsparty nie aan die verkiesing deelgeneem het nie. Hulle was steeds ontevrede met die regeringsvorm en het versoek na versoek na die Vol= kebond gestuur. Onder invloed van die Volkebond het die Meerderheidsparty ingestem om die aangeleentheid met die Administrateur te bespreek en het ook hul steun aan die Minderheidsparty toegesê. Op dié wyse is in 1933 weggedoen met die verdeeldheid onder die Basters en het hulle as ver= enigde front in 1938 vertoë tot die regering gerig waarin hulle 'n groter mate van selfregering bepleit het. Ver= skeie kommissies is aangestel om die aangeleentheid te on= dersoek, maar die aanbevelings was deurgaans dat die Bas= ters nie gereed was vir selfregering nie.

In 1959 skryf Vaill [21]:

> Daar sal op gelet word dat oor die afgelo= pe 30 jaar beloftes aan die Basters gemaak is. Die trant van hierdie beloftes is: "As julle kan bewys dat julle in staat is om julle self te regeer, dan sal meer mag= te aan julle verleen word". Maar geduren= de daardie 30 jaar is die Basters geen kans aangebied om te bewys dat hulle hul= self kan regeer nie. Ek voel dat aange= sien die beloftes gemaak is, dit niks meer as regverdig is nie dat die geleentheid vir bewys aan die Basters aangebied word nie. Ek voel dat die Administrasie daar= toe moreel verplig is.

In September 1962 is die Kommissie van Ondersoek na Aange= leenthede van Suidwes-Afrika onder voorsitterskap van Sy Edele dr. F.H. Odendaal aangestel.

Die/ .............

Die verslag [22] wat in 1963 vrygestel is, het kortliks die volgende voorstelle t.o.v. die Gebiet gemaak:

(1) Dat twaalf Blanke plase, wat 'n oppervlakte van 73 789 6520 hektaar beslaan, by die huidige Rehoboth Gebiet gevoeg moet word, wat die totale oppervlakte op 1 386 029 hektaar te staan sal bring

(2) Dat 'n vorm van selfregering aan die Bastergemeenskap van Rehoboth verleen word en dat die bepalings van die vereiste Grondwet deur onderlinge oorlegpleging tussen die Bastergemeenskap en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika opgestel sal word

(3) Dat in ruil vir Blanke plase wat tot Rehoboth Gebiet toegevoeg word, die ingestelde owerheid van die gebied aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika so= veel van die Rehoboth-dorpsgrond moet oordra as wat hy nodig mag hê vir die bou van damme en besproeiingswer= ke tot voordeel van Rehoboth Gebiet

(4) Dat 500 hektare, insluitende die opstal van die plaas Tsumis No. 147, opsy gesit en alleenlik gebruik word as Landbou-proefplaas en opleidingsentrum.

Die Basterraad het nie hierdie verslag se aanbevelings ver= welkom nie, hoewel dit egter deur 'n deel van die Volk aan= vaar en benut is.

## 2.7 Die Tydperk van die Adviserende Raad -- ook Basterraad genoem (1928-1977)

Tydens die eerste verkiesing op 29 Mei 1928 van die Advise= rende Raad ingevolge Proklamasie 9 van 1928, asook tydens die volgende twee verkiesings, is drie lede van die Raad

deur die/ ........

deur die Basters gekies, terwyl die ander drie deur die Ad= ministrateur van Suidwes-Afrika aangewys is.

Die Meerderheidsparty het tydens die eerste verkiesing bui= te stemming gebly en ook nie 'n kandidaat benoem nie, weens beleidsverskille tussen die twee partye. Hierdie eerste Raad was soos volg saamgestel: verkose lede Albert Mouton, Gert Cloete, Cornelius Klazen; aangewese lede Niklaas Oli= vier, Jan Witbooi, en Pieter Mouton. Die Blanke hoofland= dros van die Gebiet het die amp van kaptein beklee en was voorsitter van die Adviserende Raad.

Tydens die volgende verkiesing, wat op 11 April 1933 plaas= gevind het, het die Meerderheidsparty weer eens nie deelge= neem nie, en slegs 45 burgers het gestem. Die drie verkose lede was Albert Mouton, Gert Cloete en Jan Witbooi, terwyl Niklaas Olivier, Neels Klazen en Tommy Jarman aangewys is.

Dit was eers kort voor die derde verkiesing op 11 April 1933, dat die twee partye hul onderlinge geskille besleg het en gevolglik het alle burgers deelgeneem aan die ver= kiesing van die Raad. Hieroor word in die Rekordboek [23)] berig:

> This Raad was the first body since the old Volksraad of 1917 that was representative of all the burgers. The "Meerderheid" and "Minderheid" parties resolved their differ= ences before the election and were heard of no more. The direct result of this re= conciliation was that henceforth all mem= bers of every Raad were elected by the burgers, and nominations by the Adminis= trator became a thing of the past.

Op hierdie wyse het die verkiesings dan elke drie jaar plaasgevind. In Junie 1947 is vir die eerste keer 'n "in= komer", nl. Annas Christiaans, op die Raad verkies -- tot

op daardie stadium was die Raad streng tot gebore burgers beperk. Iets wat vir die Basters sentimentele waarde gehad het, was dat op hierdie Raad ook die eerste keer 'n vader en sy seun saam gedien het, nl. Jan en Niklaas Witbooi on= derskeidelik.

Nege jaar later, op 23 Junie 1959, is 'n Raad verkies waarop ook die huidige kaptein van Rehoboth, mnr. Hans Diergaardt, verkies is. Saam met hom het gedien Frank Junius, Paul van Wyk ('n direkte afstammeling van die eerste Basterkaptein, Hermanus van Wyk), Neels Olivier (wat tans een van die kap= teinsraadslede uitmaak), Johannes Beukes (Griet), en Martin Dentlinger. Op daardie stadium was die vooruitsig om weer 'n Basterkaptein te kies maar skraal, en was die Raad steeds gelei deur die Blanke kaptein in die persoon van die land= dros van die Gebiet.

Gedurende 1964 is Artikel 2 van Proklamasie 9 van 1928 ge= wysig, en die Raad se ledetal is uitgebrei na sewe.

Uit die stempersentasies soos deur die Rekordboek van die landdroskantoor te Rehoboth aangedui, het die burgers se belangstelling in die verkiesings oor die jare gegroei en terselfdertyd het hulle ook al meer begin belangstel in par= typolitiek. Tydens die verkiesing wat op 29 Junie 1971 plaasgevind het, was die belangstelling van die burgers in= tens, en dit was die eerste keer sedert 1933 dat twee par= tye weer openlik teenoor mekaar gestaan het, nl. die Volks= party en die Rehoboth Bevrydingsparty. Die politieke arena het opgelewe en die twee partye was hoogs bedrywig. Tydens die verkiesing van 1974 het stemming vir die eerste keer in die geheim en per stembrief plaasgevind teenoor die vroeëre

stemwyse/ .......

stemwyse d.m.v. die opsteek van die regterhand. 'n Rekord aantal stemme is uitgebring, nl. 13 382.

Die Volksparty het met 'n beslissende meerderheid gewen, dog op 14 Februarie 1975 het vyf uit die sewe Raadslede be= dank weens beleidsverskille. 'n Tussenverkiesing is in April van dieselfde jaar gehou, waartydens vier lede van die Rehoboth Bevrydingsparty verkies is, wat weer die meer= derheid in die hande van dié party besorg het, met dr. B. Africa, 'n plaaslike geneesheer, as leier. Hy was bestem om nog 'n veelbewoë pad in die politieke geskiedenis van beide die Gebiet en die hele Suidwes-Afrika te loop.

Op 24 Augustus 1977 het die Raad sy laaste sitting verdaag en aangesien die Wet op Selfregering, nr. 56 van 1976 reeds in werking was, het die Adviserende Raad na 49 jaar van diens opgehou om te bestaan.

## 2.8 Die Huidige Regering van Rehoboth Gebiet, Ingestel Ingevolge die Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976

Die huidige regering van Rehoboth het in Junie 1979 tot stand gekom met die bevestiging van die kaptein en ander lede van die Kapteinsraad, asook die lede van die Volksraad, en hul onderskeie ampte, deur die destydse Administrateur Generaal van Suidwes-Afrika, Regter M.T. Steyn.

Die totstandkoming van hierdie Regering is teweeg gebring deur die Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976, wat vanaf 10 Desember 1976 in werking getree het. Die Wet maak voorsiening vir selfregering vir die burgers van die Gebiet, en is grootliks op die Vaderlike Wette van 1872 ge=

baseer/ ..........

baseer. Die Wet bepaal dat 'n Kapteinsraad en 'n Volksraad verkies word.

In die aanhef van die genoemde Wet [24], word die volgende redes aangedui waarom selfregering aan die Basters verleen is.

> Dit was die begeerte van die burgers dat selfregering aan hulle toegestaan word. Die burgers het groot agting vir eie tra= disies en die bestuursinstellings van hul voorvaders soos beliggaam in hul Vaderlike Wette. En nademaal dit wenslik is om op die grondslag van die voorstelle van die Baster Adviserende Raad van Rehoboth en op versoek van die Volk van Rehoboth, en son= der om afbreuk te doen aan enige verdere staatkundige ontwikkeling van die gebied Suidwes-Afrika, selfregering aan genoemde Volk te verleen en 'n Regering in Rehoboth tot stand te bring wat wet en orde in Re= hoboth sal handhaaf en geregtigheid aan almal sal verseker; die stoflike en gees= telike welvaart van Rehoboth en sy inwoners sal bevorder; hul eie tradisies en kultuur sal beskerm en uitbou.

<u>Die Samestelling van die Kapteinsraad</u>. Aan die hoof van die Kapteinsraad staan 'n burger van die Gebiet wat deur die stemgeregtigde burgers van die Gebiet tot kaptein ver= kies is, en in die amp bevestig is. Hy sal sy amp vir 'n tydperk van vyf jaar beklee, tensy hy bedank, sterf, of deur siekte gekortwiek word. Hy is herkiesbaar by die ver= stryking van sy ampstermyn. Die eerste persoon wat in 1979 in hierdie amp bevestig is, is mnr. Hans Diergaardt, 'n voormalige lid van die ontbinde Adviserende Raad.

Die kaptein word bygestaan deur twee burgers van Rehoboth wat deur die kaptein aangewys word om saam met hom as Kap= teinsraad op te tree vir solank dit hom behaag. Tans word hierdie poste gevul deur mnre. Neels Olivier en Walter Christ.

Samestelling/ ....

<u>Samestelling van die Volksraad</u>. Die genoemde Wet het aan= vanklik daarvoor voorsiening gemaak dat 'n Volksraad bestaan= de uit ses lede jaarliks in Januarie deur die stemgeregtigde burgers verkies word. Hierdie artikel is gewysig deur die Proklamasie [25] van die A.G. in die gebied Suidwes-Afrika, A.G. 2/1980. Dit lees soos volg:

> (a) Die Volksraad bestaan uit ses lede wat deur die stemgeregtigde burgers van Rehoboth gekies word.
>
> (b) Die Volksraad bly in stand vir 'n tydperk van 3 jaar vanaf die datum van die bevestiging van die lede daarvan in hul ampte ingevolge ar= tikel 11(2) en word nie ontbind nie, behalwe deur tydsverloop.

Die lede van die Volksraad kies uit hul midde 'n spreker. Deur die spreker pleeg die Volksraad oorleg met die burgers en dien as skakel tussen die burgers en die Kapteinsraad. Die eerste Volksraad ingevolge hierdie Wet bestaan uit mnre. A.J. Strauss, B. Freygang, A. Cloete, D. Isaacs, J. MacNab en J. Mall.

<u>Gesag van die Kapteinsraad en die Volksraad</u>. Die wetgewen= de gesag van Rehoboth bestaan uit die Kapteinsraad en die Volksraad. Die uitvoerende gesag berus in die hande van die Kapteinsraad.

Die administratiewe beheer, bevoegdhede, magte en werksaam= hede van die Kapteinsraad is volgens hierdie Wet [26] soos volg omskryf:

> Behoudens die bepalings van hierdie Wet berus, vanaf die datum waarop 'n regering vir Rehoboth ingevolge art. II(1) tot stand kom, die administratiewe beheer, be= voegdhede, magte en werksaamhede ten op= sigte waarvoor die Wetgewende Gesag van Rehoboth ingevolge hierdie Wet wette kan

maak/ ............

maak, en wat onmiddellik voor genoemde da= tum berus het by, of uitgeoefen is deur die Staatspresident, of die Administrateur, of die Uitvoerende Komitee van die gebied Suidwes-Afrika, of die landdros van Reho= both in sy hoedanigheid van Kaptein, by die Kapteinsraad: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie wet nie so uit= gelê word nie dat dit enige staatsdeparte= ment, inrigting, Raad, liggaam of persoon onder beheer van die Regering van die Re= publiek of die Administrasie van die ge= bied Suidwes-Afrika verhinder om ooreen= komstig die bedinge en voorwaardes waarom= trent tussen genoemde regering of adminis= trasie en die Kapteinsraad ooreengekom word, enige werksaamhede in verband met so 'n aangeleentheid te verrig nie.

## 3. ENKELE HOOGTEPUNTE OP STAATKUNDIGE GEBIED IN SUIDWES-AFRIKA/NAMIBIË

Die Rehoboth Gebiet lê in die hartjie van Suidwes-Afrika/Na= mibië, 'n land met 'n lang geskiedenis, en tans die laaste afhanklike gebied op die vasteland van Afrika. Hier word op 'n paar hoogtepunte in die land se geskiedenis gelet. [27)]

<u>1884</u>: Suidwes-Afrika word 'n Duitse Protektoraat.

<u>9 Julie 1915</u>: Suid-Afrikaanse magte verower Suidwes-Afrika.

<u>17 Desember 1920</u>: Die Raad van die Volkebond bevestig die mandaat vir Suidwes-Afrika.

<u>24 Oktober 1945</u>: Handves van die Verenigde Volke-Organisasie (VVO) word van krag.

<u>18 April 1946</u>: Die Vergadering van die Volkebond hou sy laaste sitting in Genève met geen formele oordrag van die mandaat vir Suidwes-Afrika aan die VVO nie.

<u>4 November 1960</u>: Ethiopië en Liberië maak 'n aanvegbare saak teen Suidwes-Afrika aanhangig in die Wêreldhof in Den Haag.

18 Julie/ .....

18 Julie 1966: Die Wêreldhof bevind dat Ethiopië en Liberië geen gronde vir hul saak het nie.

21 Junie 1971: Die Wêreldhof beslis dat Suid-Afrika se voort= gesette teenwoordigheid in Suidwes-Afrika onwettig is.

6-10 Maart 1972: Die sekretaris-generaal van die VVO, dr. Kurt Waldheim, besoek Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

8 Oktober - 2 November 1972: Die sekretaris-generaal van die VVO se persoonlike verteenwoordiger vir Suidwes-Afrika, dr. Alfred Escher, besoek Suidwes-Afrika.

'n Nuwe era op staatkundige gebied is daarna, in 1973, met die instelling van die Suidwes-Afrika-Adviesraad ingelui. Die destydse Suid-Afrikaanse Eerste Minister, mnr. B.J. Vor= ster, het die Raad na aanleiding van dr. Waldheim en dr. Es= cher se besoeke ingestel. Die stappe wat daarna op die weg na onafhanklikheid van die gebied Suidwes-Afrika gevolg het, was kortliks soos volg:

1 September 1975: Eerste sitting van die Staatkundige Beraad van Suidwes-Afrika of beter bekend as die Turnhalle-Beraad. Al elf bevolkingsgroepe was verteenwoordig.* Van die afge= vaardigdes was 74 persent op demokratiese wyse verkose leiers terwyl die orige lede tradisionele leiers was.

18 Augustus 1976: Die grondwetkomitee van die Turnhalle-Beraad aanvaar 31 Desember 1978 as die teikendatum vir onaf= hanklikheid.

18 Maart 1977: Die Turnhalle-Beraad bereik konsensus oor die beginsels vir 'n Tussentydse Regering vir Suidwes-Afrika/Na= mibië, wat by wyse van 'n petisie aan die Suid-Afrikaanse

---

* Verwys na Tabel 7, Hoofstuk 3, Bevolkingsamestelling in S.W.A.

Regering voorgelê is.

<u>27-19 April 1977</u>: Die eerste ronde samesprekings vind plaas tussen Suid-Afrika en Duitsland (Bondsrepubliek), Frankryk, Kanada, Brittanje en die Verenigde State van Amerika -- ook kortweg die Vyf genoem (in daardie stadium almal lede van die VVO) -- oor die toekoms van Suidwes-Afrika/Namibië.

<u>19 Augustus 1977</u>: Sy Eksellensie regter M.T. Steyn word aan=gestel as Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika/Namibië met ingang van 1 September 1977.

<u>10 April 1978</u>: Die vyf permanente verteenwoordigers by die VVO lewer 'n skikkingsplan vir die Suidwes-Afrika/Namibië-kwessie by die president van die Veiligheidsraad in (doku=ment S/12636) wat onder meer voorsiening maak vir 31 Desember 1978 as finale datum vir onafhanklikheid van die gebied.

<u>25 April 1978</u>: Suid-Afrika aanvaar die Vyf se skikkingsplan.

<u>27 Julie 1978</u>: Die Veiligheidsraad aanvaar Resolusie 431 (1978) waarin kennis geneem word van die Vyf se skikkingsplan en die sekretaris-generaal van die VVO versoek word om 'n spe=siale verteenwoordiger vir Suidwes-Afrika/Namibië aan te stel. 'n Fin, mnr. Martti Ahtisaari, is later aangestel as spesiale verteenwoordiger.

<u>6-22 Augustus 1978</u>: Mnr. Martti Ahtisaari en geselskap be=soek Suidwes-Afrika/Namibië om voorbereidings te tref met die oog op implementering van die skikkingsplan.

<u>29 September 1978</u>: Die Veiligheidsraad keur die verslag van die sekretaris-generaal (dokument S/12827) oor die inwerking=stelling van die skikkingsplan vir die Namibië-kwessie goed -

Veiligheids=/ ..

Veiligheidsraadresolusie S/RES/435 (1978).

15-16 Oktober 1978: Plaaslike politieke partye en kerkleiers hou samesprekings met die ministers van buitelandse sake van Duitsland (Bondsrepubliek), Kanada en Brittanje.

4-8 Desember 1978: Landwye een-man-een-stem-verkiesing van 'n Grondwetgewende Vergadering bestaande uit 50 lede. Uit 'n geskatte kiesertal van 443 441 waarvan 412 448 geregistreer het, is 326 264 geldige stemme uitgebring, en wel soos volg:

(1) Aksiefront vir die Behoud van die Turnhalle-Beginsels (AKTUR) - 38 716 stemme (6 afgevaardigdes).

(2) Demokratiese Turnhalle-Alliansie - 268 130 stemme (41 afgevaardigdes).

(3) Herstigte Nasionale Party (HNP) - 5 781 stemme (1 afge= vaardigde).

(4) Liberation Front (LF) - 4 564 stemme (1 afgevaardigde).

(5) Namibië-Christelike Demokratiese Party (NCDP) - 9 073 stemme (1 afgevaardigde).

21 Desember 1978: Samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse Eerste Minister en Ministers van Buitelandse Sake en die lede van die Grondwetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika/Namibië.

13-22 Januarie 1979: Mnr. Martti Ahtisaari en geselskap be= soek Suidwes-Afrika/Namibië en Suid-Afrika in verband met die implementering van die skikkingsplan.

26 Februarie 1979: Verslag van die sekretaris-generaal van die VVO (Veiligheidsraaddokument S/13120) verskyn. Dit maak voorsiening vir die daarstelling van SWAPO-basisse in die ge= bied en versuim om te bepaal dat SWAPO-basisse in Angola en

Zambië/ ........

Zambië gemonitor word.

1 Maart 1979: Samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse Eer=ste Minister en Minister van Buitelandse Sake en die lede van die Grondwetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika/Namibië.

19-21 Maart 1979: Besoek van politieke partye van die gebied aan New York vir samesprekings met die ministers van buite=landse sake van die Vyf.

1-2 April 1979: Samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse Eerste Minister en die Minister van Buitelandse Sake met die Grondwetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika/Namibië, poli=tieke partye/groepe en kerkleiers.

20 April 1979: Die Grondwetgewende Vergadering besluit, as gevolg van wesenlike veranderings in die oorspronklike skik=kingsplan, "dat die Waldheim-voorstel soos vervat in die Vei=ligheidsraaddokument (S/13120) verwerp word" en "dat 'n tus=sentydse gesag met wetgewende en uitvoerende bevoegdhede in Suidwes-Afrika/Namibië so spoedig moontlik ingestel word, met 15 Mei as teikendatum".

21 Mei 1979: Instelling van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika/Namibië as hoogste wetgewende gesag in die ge=bied bestaande uit minstens 50 en hoogstens 65 lede.

2 Augustus 1979: Die aanstelling van dr. A.G. Viljoen as tweede Administrateur-generaal van die gebied.

1 Julie 1980 [28]: Die instelling van die Ministersraad, be=staande uit alle bevolkingsgroepe in die Gebiet. Tydens die inhuldiging van die Raad het dr. Viljoen in sy toespraak gesê:

> Vandag, op 1 Julie 1980 gebeur dit vir die
> eerste keer in die eeue-oue geskiedenis van

Suidwes-/ ......

> Suidwes-Afrika dat hierdie land 'n regering kry wat oor die hele gebied en oor al sy in= woners regeer en wat ook die verkose verteen= woordigers is van die hele gebied en al sy in= woners. Al beteken hierdie gebeurtenis nog glad nie onafhanklikheid vir Suidwes-Afrika nie, bring dit vir Suidwes-Afrika tog 'n we= senlike vorm van selfregering van uitvoerende naas die bestaande wetgewende outonomie wat beskou kan word as 'n wesenlike stap in die vrywording van hierdie laaste afhanklike ge= bied op die vasteland van Afrika.

Volgens die persoonlike mededeling van 'n beampte van die Suidwes-Afrika/Namibië Inligtingsdiens, het die volgende drie gebeurtenisse vanjaar in die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië uitgestaan:

<u>1 Julie 1980</u>: 'n Volwaardige Regeringsdiens vir Suidwes-Afrika/Namibië kom tot stand.

<u>1 Augustus 1980</u>: Die land se eie weermag, die Suidwes-Afrika/Namibië Gebietsmag, kom tot stand.

<u>3 September 1980</u>: Mnr. D. Hough word aangestel as die derde Administrateur-generaal vir die gebied.

——ooOoo——

## VERWYSINGS


1. Ferreira, A.J. en Loubser, M.: Die Sosio-ekonomiese Struktuur van Gesinsverhoudings in Rehoboth Gebiet. Buro vir Marknavorsing. Universi= teit van Suid-Afrika. Januarie 1976. p. 11 (ongepubliseerd).

2. Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van S.W.A.: Verslag, 1962-1963 (ongepubliseerd). p. 32.

3. Helm, B.: White Blacks : The New Elites? A paper read at the Tenth Annual Congress of Socio= logists of Southern Africa. Maseru, Leso= tho. June 1979. p. 5.

4. Quoted in Brits, R.G.; De Vries, L. and Olivier, A.: Ons Eeufees, 1870-1970, Rehoboth. Rehoboth Hoof-Eeufeeskomitee, 1970. p. 6.

5. Republiek van Suid-Afrika: Wet op Selfregering vir Rehoboth, (nr. 56 van 1976). p. 786.

6. Goldblatt, J.: History of South West Africa. Cape Town. Juta, 1971. pp. 41-42.

7. Ferreira, A.J. en Loubser, M.: Op. cit. p. 28.

8. Suidwes-Afrika Administrasie: Afdeling Beplanning: Rehoboth-Gebiet Beplanning Inligtingsverslag Mei 1978. p. 2 (ongepubliseerd).

9. Ibid.: p. 2.

10. Fischer, E.: Die Rehobother Bastards. Jena, 1913. pp. 21-22.

11. Kantoor van die Landdros: Distrik Rekordboek, Reho= both, Deel I, 1959. p. 27.

12. Marais, S.J.: The Cape Coloured People. 1937. Lon= don. Gekwoteer in De Klerk, C.H. Karakoel= boerdery in Rehoboth Gebiet. Ongepubliseer=


de/ .........

de Magister-tesis. Dept. Agnariese Voorligting, Universiteit van Pretoria, 1967. p. 6.

13. Ibid.: p. 28.

14. Kantoor van die Landdros: Op. cit. p. 2.

15. Ibid.: p. 17.

16. Vaderlike Wette (nr. 56 van 1976). p. 21, soos vervat in Die Wette van S.W.A. Vol. 5, 1936-1944.

17. Ibid.: p. 10.

18. De Klerk: Op. cit. p. 13.

19. Kantoor van die Landdros: Op. cit. p. 18.

20. Union of South Africa: Report of the Rehoboth Commission. Cape Times Limited, Cape Town, 1927. (U.G. 41-26). pp. 254-255.

21. Kantoor van die Landdros: Op. cit. p. 39.

22. Odendaal, F.H.: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede van Suidwes-Afrika. R.P. No. 1211964. Pretoria, Staatsdrukker, 1962. p. 100.

23. Kantoor van die Landdros: Op. cit. p. 97.

24. Wet op Selfregering vir Rehoboth (nr. 56 van 1976). p. 783.

25. Proklamasie van die A.G. van S.W.A., A.G. 2/1980, vervat in die Buitengewone Offisiële koerant van Suidwes-Afrika, Vrydag, 4/1/1980. p. 1.

26. Wet op Selfregering vir Rehoboth (nr. 56 van 1976). p. 790.

27. S.W.A./Namibië Inligtingsdiens. S.W.A./Namibië Vandag. Windhoek, Januarie 1980. pp. 22-25.

28. Republikein. Woensdag, 2 Julie 1980. p. 4.

ooOoo

# HOOFSTUK TWEE

## 'N OORSIG VAN DIE STUDIEVELD

### 1. INLEIDING

Die ondersoek is in die eerste plek onderneem om die vlak van modernisering wat reeds deur die inwoners van die Ge= biet bereik is, vas te stel. In die tweede plek is gelet op die gereedheid en ontvanklikheid van die mense om nuwe ontwikkelinge op staatkundige, ekonomiese, en sosiale ge= bied te aanvaar.

Die studie is in drie fases onderneem, nl. 'n literatuur= studie, 'n vooronderseek, en 'n veldstudie. Die litera= tuurstudie is o.a. onderneem om die geskiedkundige agter= grond van die Rehoboth Basters en die konstitusionele ont= wikkeling in die Gebiet te verkry. Dit was ook nodig om 'n duidelike beeld te kry van hoe en waarom gemeenskappe bestudeer word. Verder moes inligting ingewin word oor watter prosedures en tegnieke aangewend kan word by o.a. die afbakening van die universum, die selektering van 'n steekproef, gebruik van skedules e.a. hulpmiddels, asook die praktiese probleme wat verwag kan word in die uitvoer= ing van sodanige ondersoek. Hiermee is in 1975 'n aanvang geneem.

Die vooronderseek is in 1977 onderneem ten einde die onder= soeker te oriënteer en om op oorsigtelike wyse die soort vraagstukke waarmee daar rekening gehou moet word, asook die moontlike reaksies van respondente, te toets. Dit sou tot 'n groot mate rigting gee aan die opstel van skedules

wat in/ ..........

wat in die veldstudie gebruik is.

Die laaste fase was die veldstudie wat in Desember 1978 en Januarie en April 1979 afgehandel is. Die doel met die veldondersoek was om 'n sistematiese, objektiewe en volle=dige beskrywing van die maatskaplike werklikheid van die eenhede wat vir die studie geselekteer was, te gee. Die veldondersoek was in die Rehoboth Gebiet onderneem en hoe=wel die Gebiet 'n redelike verskeidenheid bevolkingsgroepe reflekteer, is die ondersoek beperk tot die Rehoboth Bas=ters, nl. die grondbesitters en stemgeregtigdes.

## 2. OMSKRYWING VAN KONSEPTE

Sekere begrippe wat dwarsdeur die ondersoek gebruik sal word, word vervolgens omskryf.

(1) Die Universum. Die ondersoeker het besluit om die totale Basterbevolking van die Gebiet by die onder=soek in te sluit. Diegene wat ten tye van die studie buite die Gebiet gewoon of gewerk het, maar wat steeds as stemgeregtigde burgers van die Gebiet geregistreer was, het ook deel van die universum uitgemaak.

(2) Rehoboth Gebiet. Die Gebiet lê tussen ongeveer 16° OL- en 18°OL-lyne en 23°SB tot 24°30'SB in die sen=trale gedeelte van Suidwes-Afrika. Die area beslaan 1 312 329 hektaar. In die Wet op Selfregering van Rehoboth nr. 56 van 1976 word dit ook as 'n selfrege=rende gebied binne Suidwes-Afrika beskryf.

(3) Rehoboth Basters (ook "burgers" genoem). 'n Rehoboth Baster word in die bogenoemde Wet soos volg omskryf [1]:

(i) a./ .........

(i) a. Elke persoon gebore uit 'n burger of burgeres van Rehoboth is ook 'n bur= ger van Rehoboth.

b. In geval van verskil van mening oor die vraag of iemand 'n burger van Rehoboth is of nie, is die beslis= sing van die Kapteinsraad daaroor afdoende.

(ii) a. Iemand wat met 'n burger van Rehoboth getroud is, kan homself by die Kap= teinsraad aanmeld en aansoek doen om as 'n burger van Rehoboth aangeneem te word.

b. Indien hy onderneem om die wette van Rehoboth te gehoorsaam, en aan die lede van die Kapteinsraad bekend is, kan hy deur die Kapteinsraad in die teenwoordigheid van die spreker (van die Volksraad) as burger van Reho= both aangeneem word.

Daar word voorts voorsiening gemaak dat indien die aansoeker nie aan die Kapteinsraad bekend is nie, die spreker ses maande toegelaat word waartydens hy die aansoek moet bekend maak. Daarna word enige besware wat geopper mag word, oorweeg en word die aansoek dan goed- of afgekeur na gelang van die geval.

(4) Inkomer. Daar word ook 'n onderskeid getref tussen 'n gebore burger en die sogenaamde inkomer, wat ver= wys na iemand wat die Gebiet ná ongeveer 1923 binne= gekom en burgerskap verkry het. Hoewel daar in die alledaagse gang van die sosiale verkeer nie streng op hierdie onderskeid gelet word nie, is dit tog 'n sub= tiele verskil wat sterk op die voorgrond tree veral sodra daar gewigtige politieke besluite, wat die wese van die Basters en hul Gebiet raak, geneem moet word, soos bv. politieke verteenwoordiging op nasionale vlak of die verkiesing van 'n kaptein.

(5)/ .............

(5) Huishouding. As navorsingseenheid het die ondersoeker die huishouding gekies, en dit soos volg omskryf. Die huishouding kan uit een persoon of uit 'n groep perso=ne bestaan, wie se huishoudelike inkomste in een be=groting gestort en administreer word. Hulle huishuur, lewensmiddele, en koste van geriewe soos elektrisi=teit en watervoorsiening, word uit dieselfde begro=ting gedek. Hulle bewoon gewoonlik een of meer ka=mers, 'n woonstel, of 'n huis, en hulle deel gewoonlik dieselfde eettafel. Dit kan dus meer as een gesin in=sluit, asook enkellopende loseerders of inwonende be=diendes. 'n Persoon of groep persone aan wie onder=verhuur word, en wat hul eie voedsel voorsien, is nie deel van die huishouding nie.

(6) Huishoudelike Inkomste. Dit word in 'n navorsingsver=slag van die Social Survey of Cape Town [2)] soos volg omskryf:

> Household income is the sum of the earn=ings of the members of the household to=gether with all other money income and monetary value of all income accruing to members of the household or to the house=hold as a unit.
>
> a. Household income thus includes rents other than from sub-tenants, inter=ests, dividends, annuities, pensions of all kinds, social service incomes, receipts from charity, or other com=passionate contributions.
>
> b. Household income thus includes also the net value of garden produce.
>
> c. The earnings of lodgers, being earn=ings of one class of members of the household, are part of the household income.
>
> d. The earnings of a resident servant, although paid from the household in=come of the household to which the servant belongs, in strict theory constitutes an addition to that

household/ .......

household income. In practice how=
ever, when household incomes are un=
der discussion, servants are usually
explicitly excluded from the defini=
tion of the household.

(7) Hoof van die Huishouding. As die huishouding uit een gesin bestaan, dan is die vader die hoof van die huis=houding. In ander gevalle is die persoon wat deur die huishouding met die magte en gesag van 'n vader beklee word, die hoof van die huishouding. Die verslag van die Social Survey of Cape Town meld twee kwalifika=sies t.o.v. die hoof van 'n huishouding [3]:

a. Every household has a head and one head only.

b. No visitor, lodger or servant can ever be the head of any houshold.

(8) Bediende. 'n Bediende is enigiemand wat deur 'n huis=houding in diens geneem word om in of om die huis te werk, en wie, deur daardie huishouding 'n spesifieke loon betaal word of in natura vergoed word vir daar=die werk. Hierdie definisie sluit in tuiniers, huis=skoonmakers, wasvroue, kokke en kinderoppassers.

(9) Inwonende Bediende. In die reeds vermelde navorsings=verslag [4] word die begrip soos volg omskryf:

A resident servant is a domestic servant
who habitually spends the night in the
dwelling of the household employing him
or her.

A resident servant is for many purposes
regarded as a member of the household
employing him or her.

(10) Kapteinsraad. Die Baster kaptein word bygestaan deur twee burgers van Rehoboth wat deur die kaptein aange=wys word om saam met hom te dien vir solank dit hom

behaag/ .........

behaag. Hulle drie gesamentlik vorm die Kapteinsraad. Ingevolge die Wet [5)] berus die volgende gesag by die Kapteinsraad:

> Die uitvoerende gesag van Rehoboth met betrekking tot alle aangeleenthede ten opsigte waarvan die Wetgewende Gesag van Rehoboth ingevolge hierdie wet mag wette maak, berus by die Kapteinsraad.

(11) Die Kaptein. Die tradisionele leier van die Basters staan bekend as die kaptein. Hermanus van Wyk, heel eerste Basterkaptein, word vandag nog hoog vereer. Soos die geskiedenis aandui, is die Basterkaptein on= der die Duitse bewind afgeskaf en het die Blanke ma= gistraat van die Gebiet dié titel gedra totdat die Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976 op 10 Desember 1976 in werking getree het. Ingevolge hierdie Wet, word voorsiening gemaak vir die kies van 'n burger van Rehoboth deur die stemgeregtigde burgers van die Gebiet, en wie dan deur die Administrateur-Generaal van Suidwes-Afrika bevestig moet word. Hy beklee die amp vir drie jaar, en is herkiesbaar by verstryking van sy ampstermyn. Hy word bygestaan deur twee benoemde lede, wat saam met hom die Kapteinsraad uitmaak.

(12) Wetgewende Gesag van Rehoboth. Die Wetgewende Gesag van Rehoboth bestaan uit die Kapteinsraad en die Volksraad.

(13) Vaderlike Wette. 'n Wet uitgevaardig deur die Reho= both Bastergemeenskap. Die oorspronklike Wet is in 1869 gemaak en was bekend as die "Grondwet van Nis= beth Bad". Dit is herhaalde kere hersien en die nuwe

Wet op/ .........

Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976 is op die Vaderlike Wette gebaseer.

## 3. WERKSPROGRAM

Heel aan die begin het die ondersoeker haarself aan die des= tydse kaptein van Rehoboth (later Hoofdirekteur van die Re= hoboth Gebiet) gaan voorstel en die beoogde ondersoek aan hom verduidelik. Die ondersoek het sy goedkeuring weggedra en hy was behulpsaam met die voorsiening van literatuur, soos verslae van kommissies, jaarverslae, verslae van vori= ge navorsers, asook verwysing na ander bronne waarvan hy kennis gedra het.

Hierna is oorgegaan tot 'n periode van spontane kontak met die lede van die gemeenskap, ten einde die nodige waarne= mings te doen vir agtergrondkennis van die gemeenskap.

Daar word verskillende tipes waarmening deur navorsers on= derskei wanneer hulle groepsgedrag wil bestudeer. Die mees algemene tipe waarneming staan bekend as deelnemende waar= neming (participant observation). Hieroor sê Forcese e.a. [7]:

> As the term implies, in participant observa= tion the researcher becomes a member of the group he is studying. The rationale is to gain insight into the group's character that could not be attained from the outside.

Gedurende hierdie periode van spontane kontak met en waar= neming van die interaksiepatrone en groepsgedrag, het die ondersoeker korter en langer periodes in die hoofdorp deur= gebring, omdat dit die sentrum is waar almal heen kom om o.a. besigheid te doen, sosiaal te verkeer, en die politiek te bedryf. Die ondersoeker het dan op elke moontlike wyse

deelgeneem aan die plaaslike lewe -- siekes besoek soos die gebruik is, begrafnisse bygewoon, aan boeredae deelgeneem, gekamp, inkopies gedoen, die amptelike opening van die pos= kantoor op die hoofdorp meegemaak, op politieke vergaderings aan besprekings deelgeneem, eredienste bygewoon, gestem, en selfs 'n gedeelte van 'n kursus oor die versorging en selek= tering van pelse by die Tsumis teelstasie bygewoon.

Hierdie voortdurende spontane deelname aan en waarneming van die alledaagse leefwyse van die mense van die Gebiet het in= formasie en insig gebring wat seker deur geen vraelys of skedule versamel kon word nie. Dit het nietemin ook sekere probleme teweeggebring, nl. byvoorbeeld die hou van rekords. Waar moontlik het die ondersoeker so onopsigtelik moontlik notas geneem, en waar dit nie moontlik was nie, is so spoe= dig as moontlik ná die ervaring indrukke en feite neergepen.

Tydens hierdie periode van deelnemende waarneming is die teg= niek van onderhoudvoering soms heel spontaan en soms op be= plande wyse aangewend. Persoonlike onderhoude is gevoer met vrywillige welsynswerkers, leraars, huisvroue, pensioenaris= se, boere, besigheidsmanne, pleegouers ens., asook met mense wat sekere poste vul of spesifiek opgelei is om oor sekere aspekte met gesag te kan praat. Hulle het o.a. maatskaplike werkers, magistrate, die Direkteur van Onderwys, die Klerk van die Hof, die bestuurder van die teelstasie, 'n landbou= kundige, en vele ander beamptes in diens van die Rehoboth-regering en die Departement van Justisie, ingesluit.

## 4. DOKUMENTÊRE BRONNE

Skoolrapporte, statistiek, sensusdata, verslae van navorsers

in die/ ...........

in die Gebiet, jaarverslae van welsynsorganisasies, verslae van statutêre e.a. komitees, gevalleêers van welsynsorganisasies, hofverslae, maandelikse verslae van staatsdepartemente, en notule van die Raad en kieserslyste is met vrug gelees en bestudeer.

Die belangrikste koerante wat deur die mense gelees word en wat inligting verskaf ook oor die Gebiet, is sover as moontlik bekom om op hoogte te kom met ontwikkelinge en veral met die politieke situasie.

Wette en proklamasies is bestudeer om die konstitusionele posisie van die Gebiet te begryp.

Geskiedenisboeke oor die Gebiet is geraadpleeg en inskripsies in Bybels of stamboomregisters is nagegaan vir 'n aanduiding van gesinsgrootte en fertiliteit.

Daarbenewens is van 'n bandopnemer gebruik gemaak om die nuus of enige kommentaar oor die situasie in Suidwes-Afrika wat deur middel van die televisie of draadloos uitgesaai was, op band vas te lê.

## 5. DIE VOORONDERSOEK

Cilliers wys daarop dat 'n vooronderspek 'n belangrike deel van die navorsingsproses uitmaak, en eintlik daarop gemik is om die voornemende navorser te oriënteer d.m.v. 'n studie van die beskikbare literatuur oor die onderwerp en deur te put uit die ongedokumenteerde kennis en insig van persone wat vertroud is met die betrokke verskynsel.  Cilliers sê voorts: "Bekendstelling met die empiriese situasie kan die vorm aanneem van 'n daadwerklike voorlopige ondersoek waarin

op/ ..........

op oorsigtelike wyse inligting ingesamel word t.o.v. die maklik waarneembare en belangrike kenmerke van die betrokke situasie of verskynsel". 8)

Hierdie werkswyse is deur die navorser gevolg omdat, soos reeds aangedui, van die beskikbare literatuur, asook ryk kennis en insigte van leidende figure in die gemeenskap, ge= bruik gemaak is. Hiervoor is vraelyste gebruik wat op spe= sifieke kategorieë van mense van toepassing was nl. die op= voedkundiges, boere, sakelui en ook 'n algemene vraelys vir die "man in die straat". Hiervoor is nie op sistematiese wyse geselekteer nie. Daar is wel tot 'n mate van groepse= lektering (cluster sampling) gebruik gemaak -- waar 'n groep boere byvoorbeeld vir 'n kursus byeen was, is hulle as groep genader en met almal is onderhoude gevoer. Onderwysers by dieselfde skool, of alle sakemanne in die dorp, is as groep gebruik vir die voorondersoek. Nadat op hierdie wyse te werk gegaan is, is vraelyste voltooi soos volg: opvoedkun= diges 14, boere 20, sakelui 9.

T.o.v. die algemene vraelys is 'n van-huis-tot-huis opname gemaak of vraelyste is gepos aan persone en daar is volgens kwotastelsel probeer om dorpsbewoners, plaasbewoners, asook mense wat in die myndorpe en in die stad woon, in te sluit. Daar is 30 van hierdie vraelyste voltooi. Die ondersoeker het hier reeds van die hulp van veldwerkers gebruik gemaak en hulle is kortliks vooraf met die vraelyste vertroud ge= maak en die vraelyste is na voltooiing gekontroleer vir leemtes. Onvoltooide vraelyste is dadelik voltooi.

Die vraelyste is nie getoets vir betroubaarheid of geldig= heid nie. Die informasie so ingewin is ook nie sistematies

verwerk/ ......

verwerk of gebruik as bewys van sekere tendense nie. Dit het slegs as agtergrond gedien, waarop die skedules wat uit=eindelik in die veldwerk aangewend is, gebaseer is.

Die voorlopige ondersoek het ook veel bygedra om die onder=soeker insig te gee in die areas wat vir die respondente emosioneel belaai was of aspekte wat met wantroue en selfs aggressie bejeën is. Vrae in die skedule kon dus aangepas word om so min as moontlik aanstoot te gee. In die algemene vraelys wat in die vooronder soek gebruik is, het wel 'n vraag verskyn wat vir die respondente die indruk gegee het dat die ondersoeker bevooroordeeld teenoor een politieke party in die Gebiet staan en dit het sterk gevoelens uitge=lok. Hierdie vraag is wel in die finale skedule opgeneem, dog dit was heeltemal anders geformuleer en was toe so aan=vaarbaar.

## 6. DIE VELDONDERSOEK

Die veldstudie is met behulp van veldwerkers aangepak en wel in Desember 1978 en Januarie en April 1979. Vervolgens word gekyk na prosedures en tegnieke wat by die veldstudie toege=pas is.

### 6.1 Afbakening van die Universum

Daar is besluit om op die Basterbevolking van die Rehoboth Gebiet te konsentreer. Ten tye van die ondersoek was die Basters se getalle op 16 474 beraam, gebaseer op die sensus=opname van 1976. Volgens die definisie van wie die Basters is, is persone wat weens hul werksomstandighede buite die Gebiet woon, ook by die universum ingesluit, selfs as

hulle/ ........

hulle so ver as op Walvisbaai woonagtig was. Hulle het steeds deel van die stemgeregtigde burgers van Rehoboth uitgemaak.

Die Gebiet is in ses stemdistrikte verdeel, nl. Rehoboth, Rehoboth-Suid, Schaaprivier (waarby die stemdistrikte van Windhoek, Usakos en Okahandja ingesluit is), Klein Aub (waar=by die stemdistrikte van Walvisbaai en Maltahöhe ingesluit is), Karanas en Schlip. 'n Volledige kieserslys word t.o.v. elke distrik by die landdroskantoor te Rehoboth gehou.

## 6.2 Selektering van die Steekproef

Nadat die universum afgebaken is, en daar op die huishouding as navorsingseenheid besluit is, het die behoefte aan 'n om=vattende en betroubare lys van eenhede ontstaan. Na behoor=like navraag is vasgestel dat die beste beskikbare lys wat vir dié doel aangewend kon word, die kieserslys is, wat by die landdroskantoor te Rehoboth vir navorsingsdoeleindes aan die ondersoeker beskikbaar gestel is. Slegs burgers van die Gebiet verskyn op die betrokke kieserslys. Hierdie lys moet nie verwar word met die omvattende kieserslys wat saamgestel was uit alle bevolkingsgroepe met die oog op die 1978 ver=kiesing in Suidwes-Afrika/Namibië nie. Die betrokke lys wat vir die ondersoek beskikbaar gestel is, is uit alle stemge=regtigde burgers van die Rehoboth Gebiet saamgestel -- d.w.s. Baster mans en vroue wat die ouderdom van 18 jaar bereik het, ongeag of hulle binne of buite die Gebiet woon. Die doel van hierdie kieserslys is om uitvoering te gee aan die elek=sie van 'n kaptein en 'n Volksraad vir die Gebiet.

### 6.2.1 Die Kieserslys

Daar is t.o.v. die kieserslys op die volgende aspekte gelet.

(a) Hoe die lys opgestel word. Daar word op voorgeskrewe wyse skriftelik aansoek gedoen om op die kierserslys geplaas te word. Dit kan verwag word dat daar wel mense sal wees wat, weens nalatigheid, onkunde of re= des van hul eie, nie op die voorgeskrewe wyse sal sorg dat hul name op die lys verskyn nie. Daar is egter ook belangrike faktore gevind wat die volledigheid van die kieserslys kan aanhelp. Eerstens is daar 'n plaas= like regulasie dat 'n jong man uit die Gebiet, sodra hy die ouderdom van 18 jaar bereik, as burger "in= gesweer" word en dan sekere regte asook verantwoorde= likhede verkry. Hy is o.a. geregtig op 'n gratis tuinerf in die hoofdorp. Weliswaar moet hy dan per= soonlike en erfbelasting betaal, maar dié is minimale bedrae in vergelyking met die waardevolle voorreg om grond te besit. Daar bestaan dus sterk aanleidende faktore om te verseker dat 'n agtienjarige sy naam op die lys sal laat plaas. En daar is wyses waarop die landdros die akkuraatheid van die lys kan kontroleer. Bowendien is die interne politieke arena in die Gebiet baie bedrywig sedert die Wet op Selfregering van Reho= both, nr. 56 van 1976 in werking getree het en daar voorbereidings getref is vir die verkiesing van 'n kaptein en Volksraad. Die onderskeie politieke partye het geen steen onaangeroer gelaat om elke moontlike stemgeregtigde persoon binne of buite die Gebiet as kieser geregistreer te kry nie. By die burgers self het ook groot belangstelling geheers en hulle het nie juis aanmoediging nodig gehad om te registreer nie, want vir hulle is dit 'n saak wat groot gewig dra wan=

neer/ ......

neer dit kom by die eleksie van 'n kaptein.

(b) Hoe die lys op datum gehou word. Die lys word (volgens die persoonlike mededeling van die beampte wat daarvoor verantwoordelik is) gereeld nagesien. As 'n sterfte plaasvind, of 'n kieser verhuis permanent na buite die Gebiet, word die betrokke naam in rooi deurgehaal en die datum en rede vir kansellering word aangeteken.

(c) Fisiese vorm van die lys. Die lys bestaan uit die volgende:

(i) Daar is 'n hooflys wat in 'n lêeromslag gebind is. Elk van die ses kiesafdelings het so 'n hooflys, wat ten tye van die ondersoek tot op datum 16 September 1978 amptelik korrek gesertifiseer en goedgekeur is.

(ii) T.o.v. elke kiesafdeling bestaan daar 'n aanvullende lys wat by die hooflys ingebind word en daarmee saam amptelik goedgekeur word.

(iii) 'n Tweede aanvullende lys vir elke kiesafdeling word in aparte lêeromslae gehou en saam met die hooflys geliasseer.

(iv) Daar is ook "los items" in die vorm van aansoekvorms waarop die kieser se naam, adres, ouderdom, kiesafdeling en datum van registrasie verskyn. Dit is gewoonlik t.o.v. kiesers wat buite die Gebiet woon en per pos geregistreer het. Daar was altesaam 19 los items t.o.v. die hele Gebiet.

Hierdie lyste word almal in 'n lêerkas by die landdros-

kantoor/ ......

kantoor geberg en die toestemming en samewerking van die landdros en verantwoordelike beampte is geredelik verkry om die lyste te benut. Die steekproef is ge= trek deur al vier die lyste saam te gebruik as die universum, m.a.w. die hooflys, die twee aanvullende lyste, en die "los items".

(d) Onderverdeling van die Inhoud van die Lys. Soos reeds vermeld is die kieserslys in ses kiesafdelings verdeel, nl. (van noord na suid) Schaaprivier, Rehoboth, Reho= both-Suid, Klein Aub, Karanas en Schlip.

Elk van hierdie kiesafdelings, behalwe Rehoboth, is weer in stemdistrikte verdeel, weens die uitgestrekt= heid van die Gebiet. Die stemdistrikte wat binne die Gebiet geleë is, is genommer. Die kiesafdelings Klein Aub en Schaaprivier sluit ook stemdistrikte buite die grense van die Gebiet in. So is die stemdistrik Wal= visbaai en Swakopmund bv. by Klein Aub kiesafdeling gevoeg, omdat dit geografies naaste aan die betrokke kiesafdeling geleë is; en die stemdistrik Windhoek, asook Okahandja en Usakos, is by Schaaprivier gevoeg, om dieselfde rede.

Laasgenoemde stemdistrik, nl. Okahandja en Usakos, is uit die steekproef gelaat, aangesien dit verafgeleë is. Slegs 4 geregistreerde kiesers was uit die stemdistrik afkomstig en met die oog op die baie groot afstand tussen die Gebiet en Okahandja en Usakos sou dit nie die moeite geloon het om so ver te reis indien een of selfs al vier van hulle (wat hoogs onwaarskynlik was) by die steekproef sou inval nie. Daar is gevoel dat

die/ ..........

die uitlaat van slegs 4 huishoudings by die selektering van die steekproef nie die resultaat van die ondersoek kon beïnvloed nie.

(e) Rangskikking van die Lys. Die persone op die kieserslys word volgens die datums van hul registrasie by die lys gevoeg. Voorts is die name op die hooflyste so aangebring dat daar presies 8 name (van 01²08) op elke bladsy van die hooflyste is. Die laaste bladsy van die hooflyste is 'n uitsondering hierop -- daar kan meer of minder name op verskyn. Hierdie rangskikking het die telling van name vir die ondersoeker baie vergemaklik.

Daar is egter geen eenvormigheid in die rangskikking van die aanvullende lyste nie, en telling is dus hier bemoeilik.

Die bladsye is in kolomme verdeel en maak voorsiening vir die volgende inligting:

| Kiesafdeling No. | Van | Voor- en Bynaam | Beroep | Adres | Geboortedatum |
|---|---|---|---|---|---|

T.o.v. die kiesafdeling, word nie die naam nie, dog die nommer aangebring. Dit is opmerkilik dat die stemdistriknommer nie verskyn nie; dog dit word deur die adres bepaal.

Sommige naam-en-van kombinasies kom dikwels voor, soos bv. Anna Benz, Martha Cloete, Koos Mouton, of Petrus Beukes. Dit is dus nodig om van byname gebruik te maak om mense uit mekaar te ken. Hierdie byname is alom bekend en kan sonder twyfel 'n spesifieke persoon

identifiseer/ .....

identifiseer. Hulle word tussen hakies op die kieserslys aangebring en is gewoonlik iets soos "Kaffertjie", "Meisiekind", of "Basie". Soms dui hierdie bynaam ook 'n fisiese eienskap van òf die individu òf 'n hele fa=milie aan, bv. "Louhand" (leeuhand), wat aandui dat die persoon 'n gestremde hand het a.g.v. 'n leeubyt; òf "Tjoeniemoeb" (Namataal vir Geeloog) wat weer beduie dat geel oë 'n eienskap van die betrokke familie is.

Wat die adresse betref, word die volgende informasie in die kieserslys vervat: plaasnaam, posbus en poskantoor. In die geval van 'n dorpsadres, word die erfnommer of posbusnommer aangegee en in die geval van stede 'n straatadres.

By die landdroskantoor is 'n kaart van die totale Ge=biet waarvolgens kiesafdelings asook plase gelokali=seer kan word; daar is ook 'n kaart van die dorpsge=bied, waarvolgens erwe weer opgespoor kan word. Hier=die erwe is egter nie numeries afgebaken nie, en opspo=ring het steeds moeilik geval.

Dit dien vermeld te word dat die kieserslys wat vir se=lektering gebruik is, saamgestel is uit individue, ter=wyl die studie-eenheid die huishouding is. Dit kan dus tot 'n mate as 'n selekteringsfout beskou word, dog die probleem is opgelos deur die huishouding waarby die ge=selekteerde persoon ingeskakel is, as eenheid vir die steekproef te gebruik. Dit was dus soms wel die hoof van die huishouding, dog heel dikwels die vrou, kind, of ander toevoeging tot die huishouding, wat in die se=leksieproses uitgekies is om deel van die steekproef

uit te/ .......

uit te maak.

### 6.2.2 Werklike Metode van Selektering

Nadat vasgestel is dat die kieserslys die geskikste enkele bron is wat vir selektering aangewend kon word, moes besin word oor: (1) Hoeveel persone geselekteer gaan word om ver=teenwoordigend van die universum te wees, en (2) volgens watter prosedure die werklike seleksie gaan geskied.

Sommige skrywers doen aan die hand dat 10% van die totale studiegebied met redelike veiligheid as verteenwoordigend beskou kan word. Aangesien dit nie huishoudings is nie, dog enkelinge is wat op die bron van seleksie, nl. die kiesers=lys verskyn, en dit slegs persone bo die ouderdom van 18 jaar is, kon nie 'n besliste 10% van die totaal bereken word nie. Die werklike selektering soos Forcese e.a. sê [9]:

> ... must be done in such a way as to conform to the principle of equal probability of in=clusion.

Een metode om dit te verseker is deur die sistematiese selek=tering van studie-eenhede wat soos volg gedoen is.

Die totaal geregistreerde kiesers was 7 285. Dit is besluit om 'n steekproef van een in vyftig te selekteer. M.a.w., elke vyftigste naam moes uitgekies word.

Daar is besluit om die kiesafdelings van noord na suid deur te werk, beginnende met Schaaprivier. Aangesien daar slegs 4 persone uit die eerste stemdistrik van Schaaprivier, nl. Okahandja en Usakos geregistreer is, is besluit om hierdie vier, soos reeds aangedui, uit te laat. In die tweede stem=distrik in Schaaprivier was daar 'n totaal van 181 kiesers.

Die/ .........

Die ondersoeker het 'n eenvoudige gelykkansige seleksie ge= doen deur 181 lootjies uit te skryf en in 'n hoed te gooi. Een is getrek en die loot het op 28 geval. Hierdie naam op die lys het toe die punt aangedui waar die telling 'n aan= vang moes neem. Die naam en volledige adres is neergeskryf. Elke vyftigste naam hierna is geselekteer en neergeskryf. Op hierdie wyse is die meesterslys van die steekproef saam= gestel, wat 162 respondente bevat het.

Die kiesafdelings is een vir een op die bogenoemde wyse deur= gewerk -- eers die hooflys, dan die eerste en tweede aanvul= lende lyste, en dan die "los items", indien enige. Indien die laaste groep uit een kiesafdeling nie die getal 50 vol= gemaak het nie, is uit die volgende kiesafdeling aangetel tot by die 50ste naam, wat dan in die meesterslys vervat is.

Aangesien kiesers volgens datum van registrasie tot die kie= serslys bygevoeg word, was daar geen gevaar dat sekere fami= lies, geslagte, of beroepe voorkeur sou geniet by die selek= tering nie. Almal het 'n gelyke kans gehad om geselekteer te word.

### 6.3 Prosedure by die Inwin van die Veldstudiedata

Voordat die ondersoeker tot so 'n omvattende studie kon oor= gaan, moes eers 'n studie gemaak word van die navorsingsmeto= diek, veral in die sosiale wetenskappe. Daar moes ook spesi= fiek gelet word op die opstel van skedules, aangesien 'n om= vattende skedule benodig was as hulpmiddel by die insameling van die veldstudiedata. Die doel van die ondersoek was:

(a) om 'n beksrywing van die gemeenskap en sy inwoners te gee om sodoende 'n oorsigtelike beeld van die

betrokke/ .....

betrokke gemeenskap te verkry;

(b) om die bestaande fasiliteite en dienste te identi= fiseer en te beskryf;

(c) om te bepaal of die betrokke gemeenskap in terme van 'n gegewe teoretiese model 'n betekenisvolle mate van moderniteit bereik het;

(d) om leemtes en behoeftes in die maatkskaplike struktuur van die gemeenskap uit te lig, soos deur die respondente geïdentifiseer.

As hulpmiddel by die invordering van die studiedata, is van 'n skedule gebruik gemaak wat uit twee afdelings bestaan het. Afdeling I het die sosio-ekonomiese besonderhede van die res= pondente gedek. Dit het die volgende aspekte ingesluit:

(i) Besonderhede oor Lidmaatskap van die Huishouding
(ii) Opvoedkundige Aangeleenthede
(iii) Ekonomiese Aangeleenthede
(iv) Kooppatroon
(v) Behuising
(vi) Gesinsmobiliteit
(vii) Vervoer en Kommunikasie
(viii) Godsdiensaktiwiteite
(ix) Sport en Ontspanning
(x) Kulturele Aktiwiteite
(xi) Gesondheidsdienste
(xii) Maatskaplike Sorg

Afdeling II was gemoeid met die houdings van mense t.o.v. die gemeenskapslewe. Dit het behels:

(xiii) Status van die Vrou

(xiv)/ ........

(xiv) Gesinsbeheer

(xv) Bygelowigheid

(xvi) Patriotisme

(xvii) Kennis oor Sake van die Dag

(xviii) Maatskaplike Waardes

(xixx) Boerdery

Die skedules het deels uit ongestruktureerde vrae bestaan waar die respondente die geleentheid gegun was om in hul eie woorde die antwoord weer te gee, bv. "Watter nuwe mediese dienste sou die respondent graag in die Gebiet wou hê?" Die instruksie het daarop gevolg: "Gee die respondent se eie idees weer".

Hierdie tipe vraag het nie alleen voorsiening gemaak vir die vrye uitdrukking van gevoel en behoefte deur die respondent nie. Dit het ook aangedui of die respondent belangstel in sy omgewing en of hy sekere gemeenskapsbehoeftes kan identifi= seer. Dit het dan ook meer geleentheid aan die veldwerker gebied om op die taalgebruik van die respondent te let, sien= de dat 'n gedeelte van die Gebiet se inwoners met 'n taamlik vreemde en selfs komiese tongval praat, soos wat verder in die verslag aangedui sal word.

Die grootste gedeelte van die skedule het bestaan uit ge= struktureerde vrae met 'n beperkte lys van alternatiewe ant= woorde, wat gegrond was op informasie uit eie waarneming en die voorondersoek verkry. Die respondent moes slegs een al= ternatief kies en die veldwerker het die gekose antwoord met 'n kruisie aangedui. Hierdie soort vrae het meestal 'n on= derafdeling gehad, wat die respondent weer eens die geleent= heid sou gee om te verduidelik, bv. "Watter regeringsvorm

dink die/ .....

dink die respondent sal vir die Gebiet die beste wees?"

| | |
|---|---|
| Selfregering onder Kapteinskap | ☐ |
| 'n Sentrale regering in 'n onaf= hanklike Namibië | ☐ |
| Ander (spesifiseer) | ☐ |

Op dié wyse leen die antwoord hom tot die statistiese ver= werking met behulp van tegniese hulpmiddels soos die komper; dog terselfdertyd is daar steeds geleentheid vir vrye uit= drukking deur die respondent.

## 6.4 Voorbereiding en Supervisie van Veldwerkers

Die werwing van veldwerkers het aanvanklik probleme opgelewer aangesien hulle òf hul eie vervoer teen vergoeding sou moes gebruik, òf lang ente in die hoofdorp te voet sou moes aflê. Die eerste drie veldwerkers wat gewerf is het kop uitgetrek -- een omdat hy nie sy voertuig geskik geag het vir die plaaspaaie nie; een omdat hy nie oor 'n voertuig beskik het nie en nie bereid was om in die warm son te stap nie; en die ander een omdat hy die ondersoek so omvattend gevind het dat hy besluit het dit sou te veel inbreuk op sy vryetyd maak.

Die ander drie veldwerkers wat gewerf is, kon die nodige reëlings tref en die ondersoek is toe deur hulle onderneem. 'n Kort beskrywing van elk volg.

Veldwerker 1: Die ondersoeker self het die grootste ge= deelte van die ondersoek waargeneem. Sy beskik oor 'n honneursgraad in Maatskaplike Werk en doseer ook die vak voltyds. Sy het Karanas gedoen en die res met die ander veldwerkers gedeel.

Veldwerker 2: Mej. H. Mouton was 'n matriekleerling wat

gedurende/ .....

gedurende haar somervakansie met die ondersoek behulp= saam was. Sy het die kiesafdeling Rehoboth gedoen.

Veldwerker 3: Mev. H. Mouton was 'n gematrikuleerde huisvrou wat 'n besondere belangstelling in die gemeen= skap openbaar en ook by vrywillige welsynswerk betrokke was. Sy was vir Rehoboth-Suid en 'n deel van Schaap= rivier, Klein Aub en Schlip verantwoordelik.

Veldwerker 4: Mnr. M. Junius was 'n agentebestuurder by 'n assuransiefirma en besig met sy B.Com.-graad te Unisa. Hy reis uit die aard van sy werk baie, ken die Gebiet en is 'n hoogs-aanvaarde persoon in die gemeen= skap. Hy het in Klein Aub en Schaaprivier gehelp.

Ter voorbereiding van die veldwerkers en vir kontrole, is op= leidingsessies gereël, waarvan 'n kort beskrywing volg.

Sessie 1: Hierdie sessie het die doel, omvang, en aard van die ondersoek breedvoerig aan die veldwerkers uitge= lê. Nadat hulle te kenne gegee het dat hulle bereid was om voort te gaan, is die aanmeldingsprosedure, die skep van 'n goeie gesindheid, en die tegniek van onderhoud= voering bespreek. Daarna is breedvoerig aandag geskenk aan die skedules wat in die ondersoek gebruik sou word. Die veldwerkers moes elke vraag duidelik begryp en ook die doel waarom sekere vrae gestel moes word. Hulle moes ook die gevaar van beïnvloeding deur suggestiewe opmerkings of houdings insien en besef dat dit tot die minimum beperk moes word.

Die ondersoeker het klem gelê op die noodsaaklikheid daarvan dat skedules so volledig as moontlik voltooi moet word om te verhoed dat 'n besoek herhaal word om

leemtes/ ......

leemtes reg te stel.

Sessie 2: Hierdie sessie is met ondersoekers indivi=dueel gedoen. Hul onderskeie areas is aan hulle toege=sê volgens hul keuse, en die wyses waarop adresse opge=spoor kon word, is bespreek. Die veldwerkers het ook geleentheid gehad om hul probleme en onsekerhede te noem en een het gevra wat sou gebeur indien 'n respondent weier om saam te werk. Weer eens is die bou van goeie verhoudings genoem, dog ook dat daar wel weierings mag wees, veral weens die mense se wantroue so kort na die Suidwes-Afrika-eleksies. In sodanige gevalle sou die woord "weiering" op die vraelys aangebring word, nadat alle moontlike pogings aangewend is om die persoon se samewerking te verkry, sonder om dwang of dreigemente te gebruik.

Hierna is deurlopende kontak met die ander drie veldwer=kers behou ten einde voltooide skedules vir volledigheid te kontroleer en probleme wat hulle ondervind het, uit te stryk.

## 6.5 Reaksies en Gesindhede van Respondente

Die respondente het feitlik sonder uitsondering baie gunstig reageer op die besoeke van die veldwerkers. Die goeie ge=sindhede is aangehelp deurdat die veldwerkers bekende inwo=ners van die Gebiet was. Die mense se belangstelling in sake rakende die Gebiet was ook nog lewendig kort nadat daar land=wyd soveel bedrywigheid was met die Suidwes-Afrika-eleksie van 1978. Respondente was wel vol belangstelling, dog ook soms ietwat onseker en vol wantroue en hulle het eers baie seker gemaak dat daar niks onderduims agter die ondersoek

skuil/ .......

skuil nie.

Slegs drie respondente het geweier om hul samewerking te gee. Een vrou het geweier omdat, soos sy dit gestel het: "My le= raar het my verbied om enige vorms in te vul, want dis poli= tiek". Ongelukkig was die spesifieke leraar weg vir die dag en kon hy dus nie gekontak word om sy invloed te gebruik nie. Beide ander weierings was op grond van politieke redes ge= doen -- die veldwerkers het aan die verkeerde party behoort!

In die meeste gevalle het die respondente spontaan die vrae beantwoord en soms was hulle so gefassineer deur die onder= soek dat hulle net nimmereindigend wou voortborduur op sekere aspekte. Dit het die tegniek en vernuf van die veldwerkers tot groot mate beproef om die oorgretige respondente tot die onderwerp te beperk. Diegene wat maar taamlik agterdogtig en versigtig was en met groot terughoudendheid reageer het, of gedurig eers die doel van die vraag wou weet, was daar ook; dog die veldwerkers het hierdie probleem voorsien en vooraf daaroor besin. Hulle was dus gereed om dit te hanteer en die bes moontlike reaksies te ontlok.

### 6.3 Probleme wat Ondervind was tydens die Ondersoek

Hoewel die taak van die navorser vergemaklik is deurdat die mense oor die algemeen belangstelling getoon het in die on= dersoek, en dit in sommige gevalle selfs verwelkom het, as= ook weens die spontane vriendelikheid teenoor die veldwerk= ers en aanvaarding van die ondersoeker, was daar tog probleme ervaar.

(1) Die feit dat die Gebiet verafgeleë is, en slegs gedu= tende lang vakansies besoek kon word, het die

ondersoek/ ...

ondersoek gestrem.

(2) Die veldwerk was aanvanklik vertraag weens die feit dat bykans die totale bevolking van Suidwes-Afrika aan die einde van die vorige jaar met die Suidwes-Afrika-verkiesing gemoeid was, en dit nie wys sou gewees het om in die atmosfeer van verwarring en wantroue wat daar geheers het die veldwerk te onderneem nie. Die gevaar was dat die mense nie bereid sou wees om by so 'n on=dersoek betrek te word nie, weens die gees van die tyd.

(3) Toe die ondersoek wel ná die verkiesing, wat vroeg in Desember 1978 plaasgevind het, 'n aanvang neem, is ge=vind dat heelwat mense wat in die steekproef betrek is, reeds met vakansie see toe of elders was, en moes daar weer laat in Januarie besoek afgelê word.

(4) Die Gebiet is bekend vir die haas onbegaanbaarheid van sommige paaie, veral plaaspaadjies wat kronkelend oor klippe en deur droë rivierlope gaan. Dit is nie alleen tydrowend nie, dog uitputtend om dit aan te durf weens die hoë konsentrasie en kundigheid wat dit van die be=stuurder verg om die voertuig met die mins moontlike skade oor die weg te neem. Gevolglik kon slegs 'n be=perkte aantal onderhoude per dag hanteer word.

(5) Hoewel dit nie moeilik was om plase op te spoor en die vereiste persoon daar te lokaliseer nie, is gevind dat adresse in die dorpsgebied baie onvolledig was -- soms was slegs 'n erfnommer of posbus beskikbaar. Dit het veel tyd in beslag geneem om hierdie mense op te spoor. Hoewel die posmeester goedgunstiglik behulpsaam was om posadresse te voorsien, is gevind dat meer as een

huishouding/ ..

huishouding dikwels van dieselfde posadres gebruik maak. Dan moes eers met die huurder van die posbus geskakel word -- dikwels op 'n plaas woonagtig -- so= dat hy die woonadres van die huishouding wat sy posbus deel, kon voorsien.

Om erwe volgens hul nommers op te spoor, het ook ge= blyk baie moeiliker te wees as wat dit op die oog af voorgekom het, aangesien die nommers nie mekaar nume= ries volg nie en daar nie straatname is nie. Hier is met vrug gebruik gemaak van 'n kaart van die dorpsge= bied wat by die landdroskantoor tot die veldwerkers se beskikking gestel is.

Wanneer mense glad nie gevind kon word nie, is die hulp van die polisie ingeroep en hulle was dikwels in staat om die veldwerkers op die spoor te plaas selfs al was dit net deur hulle na 'n bekende familielid van die betrokke gesin te verwys en dan kon hulle via dié per= soon die verlangde adres vind.

(6) Dit het dikwels, na 'n lang soektog, gebeur dat slegs die vrou tuis gevind word, aangesien die hoof van die huishouding elders buite die Gebiet werk en net naweke of met langer tussenposes huis toe kom. Dan moes die onderhoud maar met haar gevoer word, veral as die adres moeilik bekombaar of verafgeleë is.

(7) Baie tyd is in beslag geneem om die vraelys te voltooi. Die ervaring van die ondersoek self het 'n vermoede dat die vraelys te lank was, bevestig. Daar is vooraf eg= ter besluit om, ten spyte van die lengte van die vrae= lys, daarmee voort te gaan. Veral die ouer respondente

het/ .........

het later moeg en belangeloos geword, en moes die veld= werkers eers 'n ligte gesprek aanknoop om weer die per= soon se belangstelling gaande te maak.

By een geleentheid het 'n man halfpad deur die vraelys gereageer, al meer geïrriteerd geraak, en later opge= staan en gesê dat sy "kop draai" en dat die res met sy vrou deurwerk moes word. Daar was geen ander uitweg as om dit so te doen nie.

(8) Daar is gevind dat ouers gewoonlik nie in staat was om die presiese inkomste van hul kinders wat by die werk was, te voorsien nie. Byna deurgaans was die antwoord dat die kind 'n bydrae tot die huishouding lewer, of "Hy stuur gereeld vir my iets, maar wat hy verdien, sal ek nie kan sê nie". Hierdie informasie kon dus nie verkry word, tensy die kind self toevallig tuis was nie. In sodanige gevalle is die gereelde bydrae van die kind by die totale inkomste van die huishouding gevoeg.

(9) Daar is gevind dat die bejaarde respondente soms taam= lik moeilikheid ondervind het om die rede vir die on= dersoek te begryp. Hulle was veral suspisieus wanneer vrae met die huidige politieke situasie in Suidwes-Afrika verbind kon word. Dit het tyd en oneindige ge= duld geverg om die begrip te bewerkstellig en die same= werking enduit te verkry.

(10) Die elemente het ook bygedra om die veldwerkers se taak te bemoeilik, nl. die feit dat die gebied gedurende De= sember 1978 tot Januarie 1979 deur 'n hittegolf geteis= ter was, en die veldwerkers dikwels in die versengende hitte eers die lafenis van skaduryke bome moes opsoek

en dus/ .......

en dus eers later in die dag weer die reis kon voort=sit. Teen die einde van die periode het die reënstorms gekom en moes die werk eers heeltemal gestaak word, weens die verspoelings.

(11) Een deel van die Gebiet, wat heeltemal aan die suidwes=telike uithoek geleë is, en waar slegs 4 huishoudings by die steekproef ingeval het, is buite rekening ge=laat omdat dit té veel onkoste en tyd in beslag sou neem om dit te besoek; omdat die getal huishoudings wat so uitgeval het nie die resultate beïnvloed nie; en omdat die voertuig wat beskikbaar was, nie geskik was om daardie pad aan te durf nie.

(12) Drie huishoudings uit die totale steekproef kon glad nie opgespoor word nie, aangesien hulle weggetrek het van die gegewe adresse.

(13) Die laaste volkstelling is sover terug as 1970 gedoen en dus is die gegewe bevolkingsgetal slegs 'n skat=ting by benadering deur die verantwoordelikhede ower=hede.

(14) Dat daar van veldwerkers gebruik gemaak moes word kan miskien kritiek uitlok. Baie outoriteite op die gebied van navorsingsmetodiek wys daarop dat verskillende on=derhoudvoerders moontlik die betroubaarheid en geldig=heid van die gegewens mag beïnvloed. Pogings is egter aangewend om hieroor beheer uit te oefen, soos deur Cilliers [10)] geadviseer word:

> Deur middel van deeglike vooraf-opleiding, praktiese ervaring en voortdurende kontrole kan die omvang van onbetroubaarheid en on=geldigheid as gevolg van die gebruik van meer as een helper, gewoonlik genoem veld=werkers, egter tot die minimum beperk word.

-----ooOoo-----

# VERWYSINGS


1. Republiek van Suid-Afrika: Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976. p. 786.

2. Batson, Edward: Twenty Basic Definitions. Report No. 5517 in the Series of Reports and Studies issued by the Social Survey, University of Cape Town. 1972. p. 7.

3. Ibid.: p. 3.

4. Ibid.: p. 4.

5. Wet op Selfregering vir Rehoboth nr. 56 van 1976. p. 790.

6. Proklamasie van die A.G. van S.W.A., A.G. 2/1980, vervat in die Buitengewone Offisiële koerant van Suidwes-Afrika, Vrydag, 4/1/1980. p. 1.

7. Forcese, D.P. & Richer, S.: Social Research Methods. Prentice-Hall. New Jersey. 1973. p. 143.

8. Cilliers, S.P.: Maatskaplike Navorsing: Metodologie, Prosedures, Tegnieke. Kosmo-Uitgewery, Stellenbosch. 1973. p. 89.

9. Forcese, D.P. & Richer, S.: Op. Cit. p. 126.

10. Cilliers, S.P.: Op. cit. p. 89.


——ooOoo——

# HOOFSTUK DRIE

## DIE EKONOMIESE SITUASIE

### I. INLEIDING

Dit is 'n norm in enige moderne samelewing dat 'n man ná vol=tooiing van sy formele opleiding, tot die arbeidsmark sal toetree. Op dié wyse berei hy homself o.a. voor om later in staat te wees om vir 'n gesin te sorg; hy dra by tot die ar=beidsmag en die daarmee gepaardgaande ekonomiese groei van sy land; hy bepaal sy eiewaarde en status in sy maatskaplike milieu ens. Hieroor sê Van der Burgh (1977, p. 110) [1]:

> Work performs a multitude of functions for the individual. Not only is it a source of subsistence but it also structures one's life, affects patterns of social interaction, provides a source of identity and determines the social status of the individual in so=ciety. An unemployed individual loses most of these functions.

Afhangende van die tipe ekonomiese sisteem wat in die spesi=fieke gemeenskap geldend is, sal die verwagtings en die ver=eistes wat deur die sisteem aan die hoof van 'n huishouding gestel word, ook verander. Hieroor sê Grossman [2]:

> The simplest arrangement is for every house=hold to take care directly of his own econo=mic needs and be entirely independent of the rest of the community of society: to produce its own food, clothing, shelter, and other things; to take care of its own young, old, and invalids; and to fall back on its own resources in the face of insecurity. Instan=ces of such a subsistence economy in its ex=treme form, with no exchange between house=holds at all, would be hard to find nowadays; though less extreme forms, in which exchange does occur but on a very small scale, still exist in many parts of the underdeveloped world.

Hierdie/ .......

Hierdie tipe selfonderhoudende ekonomie is gewoonlik gedoem tot lae produktiwiteit, relatief lae vereistes aan die lede van die huishouding t.o.v. opvoedkundige kwalifikasies, lae beroepstatus en ook die voorsiening in slegs die mees basiese behoeftes van die huishouding. In 'n meer moderne en geïn= dustrialiseerde ekonomie, word 'n baie groter mate van inter= afhanklikheid tussen ekonomiese eenhede veronderstel, asook 'n groter klem op hoër opvoedkundige kwalifikasies, spesiali= sasie, deskundige kennis ens. Dit lei weer tot beter toege= rustheid om op hoër inkomste aanspraak te maak, hoër beroep= status, asook groter stabiliteit en sekuriteit vir die indi= vidu binne die ekonomiese struktuur.

Ten opsigte van hierdie meer gemoderniseerde ekonomie, het Robert Ward sekere eienskappe geïdentifiseer waaronder hy in= sluit [3)]

> . . . intense application of scientific tech= nology and inanimate sources of energy, high specialization of labour and interdependence of impersonal markets, large-scale financing and concentration of economic decision making, and rising levels of material well-being.

In hoeverre die Rehoboth Gebiet kan aanspraak maak op 'n meer gemoderniseerde, of dan wel aan die ander kant 'n meer tradi= sionele onderhouds-ekonomie, bly nog 'n ope vraag.

## II. VERANDERLIKES T.O.V. EKONOMIESE SITUASIE

Weens die beperktheid van hierdie studie, dek dit slegs 'n

gedeelte van die ekonomiese geheelbeeld van die Rehoboth Ge= biet en word die fokus slegs op ondergemelde veranderlikes gerig.

(1) Beroepskwalifikasies van die Ekonomies-bedrywige Lede van 'n Huishouding

(2) Huishoudingsinkomste

(3) Werksgeleenthede

(4) Aard en Samestelling van Huishoudings

(5) Private Eiendom

(6) Die Boerdery Bedryfspatroon.

(1) <u>Beroepskwalifikasies van die Ekonomies-bedrywige Lede van 'n Huishouding</u>

Daar bestaan in die letterkunde van die sosiale statistiek etlike klassifikasies van beroepe, insluitende 'n internasio= nale standaard klassifikasie.

Die Suid-Afrikaanse Regeringsdepartement van Statistiek het ook 'n klassifikasie in gebruik gebaseer op die internasio= nale klassifikasie. Dit word soos volg uiteengesit (vrye vertaling deur die skryfster) [4]:

0. Professionele, Tegniese en Aanverwante Werkers. Hieronder word 'n wye veld gedek bv. in die medie= se en religieuse rigtings, ingenieurswese, kuns, sosiale wetenskappe ens.

1. Administratiewe en Besturende Poste, wat weer in= sluit wetlike en regerings administratiewe beamp= tes, en algemene besturende personeel in die indus= triële wêreld.

2./ ...........

2. Klerikale en Verwante Werkers. Hieronder ressor= teer o.a. kassiere, boekhouers, tellers, klerikale toesighouers, telefoonoperateurs, komperklerke ens.

3. Verkoopswerkers. Dit sluit in verkoopsbestuurders, assuransie agente, verkoopsmanne, eiendomsagente en winkelassistente.

4. Dienswerkers. Almal wat op die een of ander wyse verbonde is aan die voedselvoorbereidings en voor= sieningsdiens soos in hotelle of ander openbare eetplekke, losies of huiseienaars, ook huisbedien= des, gebou opsigters, haarkappers, verkeersmanne, die beskermingskorps soos polisiemanne, ambulans= bestuurders en brandweermanne.

5. Landboukundige Werkers, Bosbou, Visserybedryf en Wildbewaring. Hieronder ressorteer o.a. boere, alle vorms van plaas hulpwerkers, tuiniers en almal wat daarby betrokke is; houtkappers, grootwildjag= ters en boswagters of veldwagters in wildtuine.

6. Produksie en Aanverwante Werkers -- Vervoer, Toe= rustingoperateurs en Arbeiders. Dit sluit in alge= mene voormanne in mynwese; metaalkonstruksie-, klerasie- e.a. werke; algemene myn-, metaal-, graan- en klerasiewerkers; arbeiders in die sui= welproduksie en alle vakmanne.

7. Gewapende Magte. Alle range binne die verdedigings= mag.

8. Werkers wat nie onder enige beroep sorteer nie. Hieronder word ook werkloses getel.

9. Persone wat nie ekonomies aktief is nie. Dit sal bv. die huisvrou, kind, leerling of student, iemand wat geïnstitusionaliseerd is, asook afgetredes of werkskuwes insluit.

'n Tweede voorbeeld van 'n klassifikasie van beroepe is dié van Lötter, J.M. et al., wat soos volg is [5]:

1. Professionele, Tegniese en Verwante Werkers.
2. Administratiewe, Uitvoerende en Bestuurswerkers.
3. Klerklike Werkers.
4. Verkoopswerkers.
5. Myn-, Steengroef- en Verwante Werkers.
6. Werkers in Vervoer-, Aflewering- en Kommunikasie= dienste.
7. Diens-, Ontspannings- en Sportwerkers.
8. Vakmanne.
9. Halfgeskoolde Werkers.
10. Ongeskoolde Werkers.

Die skryfster het besluit om nie van hierdie standaard klas= sifikasies gebruik te maak nie, aangesien die bevolking van die Gebiet 'n onderafdeling van 'n groter bevolking is, en dus 'n kleiner verspreiding van beroepe aangedui het. Dit het geblyk meer betekenisvol te wees, onder die genoemde om= standighede, om, op grond van die verspreiding van beroepe on= der die respondente in die steekproef, 'n eie klassifikasie op te bou eerder as om die groter model van gebruiklike klas= sifikasies te neem en op die Gebiet toe te pas.

Die/ .........

Die klassifikasie van beroepe wat dan op dié wyse t.o.v. die totale steekproef opgebou is, is soos volg:

(1.1) Professionele en Semi-professionele Werkers

Van die 156 respondente in die steekproef is beroepe soos on= derwyser, leraar, verpleegster, geneesheer en maatskaplike werker onder hierdie kategorie geklassifiseer. Vir elk van hierdie beroepe is 'n voorgeskrewe formele opleiding nodig. Die enkele gevalle van personeelbestuurder, wat voorgekom het, is as semi-professioneel gereken, siende dat een of an= der vorm van formele opleiding ondergaan moes word om die pos te verwerf.

(1.2) Boere

Dit is 'n kategorie op sy eie. Hoewel daar nie oor 'n formele definisie van 'n boer beskik word nie, is vir die doel van die studie besluit om iemand as sulks te klassifiseer, indien hy self karakoel- en/of bees- of gemengde boerdery bedryf, met dien verstande dat dit sy hoofbron van inkomste is, en dat hy die eienaar van minstens 'n deel van die lewende hawe moet wees. Indien hy wel met boerdery besig sou wees en dit wel sy hoofbron van inkomste is, maar hy namens die eienaar van die lewende hawe die boerdery behartig, sou hy as voorman geklassifiseer word en onder 'n totaal ander beroepsgroep ressorteer. Daar was 31 respondente wat as boere, volgens die gegewe definisie, geklassifiseer is.

(1.3) Sakelui

Daar het 21 in die steekproef voorgekom. Hieronder ressor= teer respondente wat besighede soos winkels, restaurante, ka= fees en petrolstasies besit. Bouaannemers is ook hieronder

geklassifiseer/ ....

geklassifiseer, siende dat hulle ook selfstandige onderne=mings het, wat deur hulself bestuur word.

(1.4) Vakmanne

Hierdie kategorie het 'n oorweldigende meerderheid van res=pondente, nl. 105 ingesluit. Hieronder is onder andere skil=ders, skrynwerkers, elektrisiëns, myners, 'n enkele bootbou=er, messelaars ens. ingesluit. Dit kom basies op "blue col=lar" werk neer, waaraan daar 'n sekere mate van opleiding en die aanleer van tegnieke verbonde is.

Tydens die ondersoek is navraag gedoen na die mate van oplei=ding wat hierdie vakmanne ondergaan het en daar was, met en=kele uitsonderings, bevind dat hulle nie die voorgeskrewe vakleerlingskap deurloop en die vereiste sertifikate behaal het nie. Daar bestaan geen sodanige voorsiening in die Ge=biet of in die res van Suidwes-Afrika nie. Die algemene ge=bruik is dat die beginner deur 'n weldoener, soms 'n familie=lid, in diens geneem word, en dan onder sy wakende oog 'n soort indiensopleiding ondergaan en so geskool word in die tegnieke van 'n spesifieke rigting. Geskool deur jare se er=varing, asook gewoonlik 'n natuurlike aanleg en belangstel=ling, blyk dit dat hierdie "vakmanne" byna deurgaans 'n taam=like hoë pyl van werk lewer, stabiele werkers is en 'n leef=bare inkomste verdien.

Intussen het die Rehoboth Regering 'n gebruik ingestel waar=volgens hierdie vakmanne 'n geleentheid gebied word om 'n vakmanskaptoets af te lê ten einde as vakmanne te kwalifi=seer.

(1.5) Klerikale Werkers

Daar was 37 in die steekproef. Dit sluit in tiksters,

telefoniste/ ...

telefoniste, klerke van die hof, sekretaresses en algemene kan= toorklerke. Dit is basies beroepe waarvoor beperkte skoling nodig is, en daar word ook gewoonlik 'n minimum opvoedkundige kwalifikasie bv. die Junior Sertifikaat, vereis. Die enkele gesondheidsinspekteur wat teëgekom is, is ook hier bygevoeg.

(1.6) Huishoudelike en Aanverwante Dienaars

Onder hierdie kategorie is 27 in die steekproef getel. Dit sluit eerstens in die huishoudster, wat basies 'n hoër status het as die huisbediende. Haar pligte sluit gewoonlik in take soos dieëtbeplanning, begroting, voorradekontrole, hulp met die opvoeding van kinders asook emosionele ondersteuning aan lede van die gesin, veral in tye van krisis. Sy is gewoonlik iemand met 'n goeie agtergrond, sterk en bestendig, en sy werk meestal baie jare lank vir dieselfde gesin en word dan ook gewoonlik in bevel geplaas van enige ander bediendes wat die gesin mag hê.

'n Ander beroep wat hieronder getel is, is die winkelassis= tent, wat ook 'n sekere mate van status het, en waar die be= kleërs van die beroep ook 'n mate van skoling moet ondergaan in die ontwikkeling van mensekennis, kommunikasiemetodes, verkoopstegnieke ens., maar oor geen formele opleiding hoef te beskik nie.

(1.7) Pensioenarisse en Ontvangers van Staatstoelae

In hierdie kategorie was daar 55 getel. Dit sluit in ont= vangers van ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelae, pleeg= ouertoelae, en onderhoudstoelae. Almal wat by die steek= proef betrek was, was gevalle van staatstoelae en -pensioene en geen enkele geval waar 'n private pensioen betaal word, bv. deur 'n werkgewer, is teëgekom nie.

## (2) Huishoudingsinkomste

### (2.1) Inkomstekategorieë

Inkomste bepaal tot 'n groot mate 'n gesin se sosiale status, sy lewenswyse en sy materiële besittinge. Dit word soms so belangrik geag dat Alex Inkeles e.a. beweer [6]:

> The main purpose of economic development is to permit the achievement of a decent level of living for all people, everywhere. But almost no one will argue that the progress of a nation and a people should be measured solely in terms of gross national product and per capita income.

Vir die doel van die studie, is die inkomste in twee katego= rieë ingedeel, nl. totale inkomste per huishouding asook in= komste van die hoof van die huishouding. Eersgenoemde sluit in die inkomste van die hoof van die huishouding plus addi= sionele inkomste van ander lede van die huishouding.

Daar is ook kortliks gelet op verskille wat mag voorkom tus= sen die onderskeie areas binne die Gebiet. Die volgende ta= bel gee 'n aanduiding van die inkomstegroepe waarbinne die huishoudings in die steekproef ressorteer.

Tabel 2

Klassifikasie Volgens die Verspreiding van Totale Inkomste per Huishouding in Rand per Maand

| Totale Inkomste per Huishouding | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 - 100 | 12 | 7.7 |
| 101 - 200 | 19 | 12.2 |
| 201 - 300 | 20 | 12.8 |
| 301 - 400 | 27 | 17.3 |
| 401 - 500 | 23 | 14.7 |
| 501 - 600 | 17 | 10.9 |
| 601 - 700 | 7 | 4.5 |
| 701 - 800 | 6 | 3.8 |
| 801 + | 25 | 16.1 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Volgens Tabel 2.1.1 is die grootste verspreiding van huishou= dings binne die inkomstegroepe R101-00 per maand en R600-00 per maand.

Hoewel daar nie in hierdie studie 'n minimum bestaansgrens vir die Gebiet uitgewerk is nie, lyk die prentjie nie baie rooskleurig as in ag geneem word dat ongeveer 'n vyfde van die huis= gesinne onder R200-00 per maand verdien nie. Hier dien vermeld te word dat die lewenskoste op die platteland taamlik hoog is in vergelyking met die stedelike gebiede, waar kettingwinkels laer pryse aanbied, en waar krediet ook meer geredelik be= skikbaar is.

Dit is egter ook opvallend dat die tweede hoogste enkele per= sentasie, nl. 16.1%, 'n totale inkomste bo R801-00 per maand aandui.

Om hierdie verskynsel verder te kwalifiseer, is gelet op die

verskille/ ....

verskille in die onderskeie areas t.o.v. die aantal huishou=dings wat bo R801-00 per maand verdien. Die verskille is soos volg:

| | |
|---|---|
| Rehoboth | 7 |
| Klein Aub | 6 |
| Rehoboth-Suid | 5 |
| Schaaprivier | 5 |
| Schlip | 2 |
| Karanas | Geen. |

Hierdie verskille kan moontlik verklaar word weens die teen=woordigheid van myne naby of binne die areas waar die hoogste verspreiding voorkom, of die teenwoordigheid van sakelui, in 'n area waar mense gewoonlik hul inkomste uit boerdery aan=vul. Dit is insiggewend dat in Karanas juis geen huishouding in die hoogste inkomstegroep gevind is nie, want dit is die een area waar geen sakeman by die steekproef ingesluit is nie, terwyl by Schlip daar twee sakelui in die steekproef ge=val het. Beide van hulle het 'n huishoudelike inkomste van bo R801-00 per maand.

### (2.2) Die Ekonomies-Bedrywige Persone in die Huishouding

Tabel 3

Klassifikasie van Huishoudings Volgens Manlike Persone wat Inkomste het anders as Pensioene en Toelaes

| Aantal Manlike Persone | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 | 29 | 28.6 |
| 1 | 105 | 65.4 |
| 2 | 17 | 10.9 |
| 3 | 4 | 2.6 |
| 4 | 3 | 1.9 |
| 5 | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die hoogste verspreiding ekonomies-bedrywige mans is een per huishouding wat, soos verwag kan word, gewoonlik die vader is wat as broodwinner fungeer. Die neiging is dat die seuns, ná hul formele opleiding, die huis verlaat om elders te gaan werk en dan 'n bestaan onafhanklik van die gesin van herkoms voer. In die Gebiet is beperkte werksgeleenthede, soos deur ruim 94.2% van die respondente aangedui is, en die boerdery is gewoonlik te klein dat beide vader en seun daaruit 'n be= staan kan maak.

Waar daar wel 'n verspreiding van meer as drie ekonomies-bedrywige mans per huishouding voorkom, is bevind dat dit veral in die myndorpe geskied, waar die huishouding deur man= like werkende loseerders aangevul word.

Tabel 4

Klassifikasie van Huishoudings volgens Vroulike Persone wat Inkomste het anders as Pensioene en Toelaes

| Aantal Vroulike Persone | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 | 88 | 56.5 |
| 1 | 57 | 37.5 |
| 2 | 10 | 6.4 |
| 3 | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Dit blyk dat in byna die helfte van die huishoudings daar minstens een vrou is wat lonende werk verrig. As in ag ge= neem word dat slegs 16 uit die 156 huishoudings wat by die steekproef betrek is, nie manlike hoofde het nie, en dat in die meeste van hierdie gevalle die vroulike hoof dan ook 'n staatstoelae mag ontvang, is dit duidelik dat dit gewoonlik

'n/ ...........

'n getroude vrou is wat as addisionele broodwinner optree. Hierdie aanvaarding dat vroue lonende werk mag verrig word deur Inkeles en Smith in hul studie van ses ontwikkelende ge=meenskappe as een belangrike eienskap van 'n gemeenskap wat 'n redelike mate van moderniteit bereik het, beskou.

Ook vanweë die feit dat opvoeding geredelik vir die vroulike geslag beskikbaar gestel word, word hulle vir die arbeidsmark voorberei en kan hulle dus in groter getalle tot die mark toetree. Dit blyk duidelik uit die studie dat ouers in die Gebiet dieselfde opvoedkundige aspirasies vir beide hul seuns en hul dogters het en hierdie feit sal noodwendig 'n langter=myn invloed op die per capita-inkomste van huisgesinne hê.

(3) Werksgeleenthede

Uit die antwoorde wat van respondente ontvang is, blyk dit dat die potensiaal van natuurlike hulpbronne in die Gebiet, wat vir werkverskaffing en inkomsteskepping aangewend kan word, redelik goed is.

Op 'n vraag oor watter uitbreiding en ontwikkeling binne die gebied behoort te kom, is o.a. vermeld dat steen- en gruis=groewe as ondersteunende produksie-eenhede ontwikkel kan word; die warmwaterbronne in die hoofdorp ontwikkel en benut kan word vir die doel van besproeiing en tuinbou kan dus tot 'n mate aangepak word. Daar is ook gevoel dat fabrieke waar velle, huide en wol plaaslik verwerk kan word opgerig behoort te word; dat verbeterde verbindingsweë aangebring kan word en kapitaalvoorsiening om die boerderybedryf meer winsgewend te maak op groter skaal aangepak kan word.

Vir die Gebiet is die nabyheid van Windhoek, verskeie myne,

asook/ ........

asook Walvisbaai met sy visserybedryf 'n groot bron van werkverskaffing.

Bestaande werksgeleenthede, wat vermelding verdien, is soos volg.

(3.1) Bou- en Konstruksiewerk

Dit blyk uit die steekproef dat hierdie bedryf die meeste werksgeleenthede bied vir die inwoners van die Gebiet.

Die tempo van bou- en konstruksiewerk in enige gebied hang baie nou saam met die algemene gang van ekonomiese ontwikke= ling.

Volgens persoonlike mededeling deur die Direkteur van Onder= wys, het daar gedurende die afgelope dekade 'n gro= ter bewuswording van skolastiese opvoeding in die Gebiet plaasgevind. Dit het 'n behoefte aan en aanvraag na meer en groter skole meegebring, soveelso, dat dwarsdeur die Gebiet nuwe skole opgerig en oues verbeter en vergroot word.

Tesame hiermee het ook die neiging by mense ontstaan om mooi= er en geriefliker wonings op te rig. Oral in die hoofdorp en op verskeie kleiner sentra word die tradisionele L-vormige 3-vertrekhuisie, vervang deur netjiese en selfs imposante huise. Al meer mense voel dat hulle kan bekostig om 'n woning te bou en nie slegs 'n skuiling om hulle teen die elemente te be= skerm nie.

Te midde van al hierdie ontwikkelings, is ook groter eise begin stel aan bestaande dienste en kommunikasiemedia. Dit het gelei tot die oprigting van nuwe administratiewe kantore in Rehoboth wat vroeg in 1978 in gebruik geneem is. Ook die

ou/ ...........

ou poskantoortjie en polisiestasie moes plek maak vir nuwe, beter toegeruste geboue.

Die aanvraag na 'n telefoondiens het die aanlê van nuwe tele=foonlyne genoodsaak en selfs op baie afgeleë plase is reeds telefone aangebring. 'n Aanvang is geneem met die projek om die hoofpaaie deur die dorp te teer, en 'n rioolstelsel, op=gaardamme en straatbeligting het aandag gekry. Hoewel die meeste van die dienste nog tot die hoofdorp beperk is, is die saad van groei en ontwikkeling blykbaar gesaai en het werk=verskaffing 'n stoot gekry.

Dit blyk dus dat owerheidsinstansies soos Evkom, Pos- en Te=lekommunikasiewese, Waterwese, Justisie e.a. met bou- en kon=struksiewerke van uiteenlopende aard besig is, terwyl heelwat privaat boukontrakteurs ook in die Gebiet bedrywig geraak het.

Soos in die afdeling oor beroepsklassifikasies genoem, het werknemers in die boubedryf feitlik sonder uitsondering geen vakopleiding ontvang nie; dog daar word van die mees kundige werkers aangetref. Kunstige klip- en houtwerk kan hiervan getuig, hoewel die ongeskooldheid van loodgieters duidelik sigbaar is in die onhandige en ontoereikende wyse waarop die meeste tuisaangelegde watervoorsiening en rioolstelsels on=derneem is.

(3.2) <u>Mynbou</u>

Volgens 'n inligtingsbrosjure van die Suidwes-Afrika/Namibië Inligtingsdiens, was Hendrik Hop, wat in 1761 tot sover as Keetmanshoop gegaan het, een van die eerste mense wat in die land geprospekteer het. Hy is opgevolg deur Willem van Heer=den wat tussen die jare 1790 en 1792 koper en goud in Rehoboth

ontdek/ ........

ontdek het. Die eerste keer dat mynbou-aktiwiteite aangepak is was tussen die jare 1855 en 1860 toe die Matchless-koperaf= setting in die distrik Windhoek ontgin is.

In 1882 is prospektering in die omgewing van Tsumeb voortge= sit en ontginning het in 1901 gevolg. By Kolmanskop in die Namibwoestyn is in 1908 diamante ontdek en dit het daartoe gelei dat die hele kusgebied noord en suid van Lüderitz spoe= dig afgepen is. Dit was eers in 1928 dat die ryk diamant-afsettings noord van die Oranjeriviermond ontdek is. Mynbare afsettings vir koper wat in onlangse jare ontdek is, sluit dié van Oamites, net buite die noordelike grense van die Ge= biet, Otjihase naby Windhoek en Rössing naby Swakopmund in.

Wat die ontginning van onedele metale betref, berig die in= ligtingsbrosjure soos volg (p. 50, 1980) [7]:

> Ontginning van onedele metale word deur die fenominale voorkoms by Tsumeb oorheers. Na= genoeg 200 verskillende minerale is daar ge= ïdentifiseer en sommige daarvan is baie mooi en uiters raar. Onedele metale word ook by Kombat-, Berg Aukas-, Matchless-, Oamites-, Klein Aub- en Rosh Pinahmyn geproduseer.

Die meegaande geologiese kaart[8] dui die ligging asook die be= langrikste produksie van die onderskeie myne in Suidwes-Afrika/Namibië aan.

Die groot rol wat Mynbou in die ekonomiese ontwikkeling van die Gebiet gespeel het, kan nie oorskat word nie.

Die ontwikkeling van die kopermyn te Klein Aub het, ongeveer 15 jaar gelede, byna oornag die ontstaan van 'n myndorp tot gevolg gehad. Daar was 'n skielike oplewing in werksgeleent= hede vir groot getalle mans, wat tot 'n baie groot mate uit die Gebiet se mannekrag aangevul is, hoewel honderde Ovambo

kontrakwerkers/..

Fig. 4



Geologiese kaart
Katima Mulilo
Ligging van myne
1. Tsumebmyn
2. Berg-Aukasmyn
3. Kombatmyn
4. Oodundomyn
5. Kopermyn
6. Ongaba Owihenda
7. Otjosondumyn
8. Onganjamyn
9. Oamites
10. Matchlessmyn
11. Kranzbergmyn
12. Namibloodmyn
13. Uistinmyn
14. Brandberg-Wesmyn
15. Klein-Aub
16. Tantalite Valley
17. Haibriviermyn
18. Rosh Pinah
19. Consolidated Diamond Mines
SLEUTEL
koper
lood
sink
germanium
steenkool
yster
goud
silwer
wolfram
tin
sout
uraan
mangaan
diamante
tantaliet
beril
Gobabis
Tsumeb
Grootfontein
Otavi
Otjiwarongo
Outjo
Omaruru
Okahandja
Windhoek
Rehoboth
Karibib
Usakos
Khorixas
Mariental
Maltahöhe
Bethanie
Keetmanshoop
Karasburg
Warmbad

kontrakwerkers ook deur die mynowerhede aangestel is. Met al hierdie werknemers het daar noodwendig 'n behoefte aan noodsaaklike dienste en fasiliteite soos huise, skole, 'n poskantoor, winkels, 'n kliniek en kommunikasiemedia ontstaan. Huishoudings is oor 'n wye front bevoordeel.

Ook omliggende myne soos Oamites, wat net buite die grens tussen die Gebiet en Windhoek geleë is, asook Rössing Myn in Swakopmund, voorsien werk aan inwoners van die Gebiet. Verdere eksplorasie word steeds gedoen en vroeg in 1979 is begin met die ontwikkeling van 'n nuwe kopermyn net buite die hoofdorp. Die myne word deurgaans deur buitelandse maatskappye bestuur en daar vind dus noodwendig 'n groot lekkasie van winste uit die land plaas. Die positiewe sy is egter dat in die lig van resultate wat reeds behaal is, asook die bemoedigende aanduidings wat eksplorasie, volgens betroubare bronne, opgelewer het, asook die hoër vraag en prys vir o.a. mynbouprodukte uit Suidwes-Afrika/Namibië wat tans op die wêreldmark aan die ontwikkel is, kan verwag word dat die mynbou se vermoë tot werkverskaffing en inkomsteskepping 'n betekenisvolle bydrae ook tot die ontwikkeling van die Gebiet behoort te lewer.

(3.3) <u>Nywerheidsvestiging en Kleinhandel</u>

Wyses waarop nywerheidsvestiging in die Gebiet aangepak kan word, is soos volg.

(a) Goedgekeurde nyweraars of nywerheidsgroepe van buite die Gebiet kan hulle op agentskapstelsel binne die Gebiet vestig. Dit kan as hoogs tydelike reëling volgens lisensie geskied en dat hulle dan

gebonde/ .......

gebonde sal wees om eerstens slegs van plaaslike arbeid gebruik te maak, asook na 'n voorgeskrewe tydperk die onderneming aan 'n plaaslike nyweraar of sindikaat te verkoop. Hierdie metode, wat be=kend is in die nywerheidsvestiging in nuwe tuis=lande, word egter nie in die Gebiet toegelaat nie.

(b) Die tweede en gebruiklike wyse van nywerheidsves=tiging in die Gebiet is naamlik dat Baster sakelui self die ondernemings begin, met spesiale aanspo=ringsmaatreëls van owerheidsweë soos belasting=toegewings, spoorvragrabatte, lenings teen lae rentekoerse, asook voorligting deur deskundiges.

Vroeër jare was die handel hoofsaaklik in die hande van Blan=kes in die groter sentra. Basters het enkele klein negosie=winkeltjies op afgeleë plekke besit wat slegs in die mees ba=siese behoeftes van die mense op omliggende plase voorsien het.

Tans word alle bestaande besighede in die Gebiet deur Basters besit en bestuur, of as individuele eienaar-bestuurder, of as 'n sindikaat, soos in die geval van Pep Stores in die hoof=dorp.

Van nywerheidsontwikkeling is daar byna geen sprake nie, be=halwe 'n enkele bakkery wat deur 'n Baster sakeman besit word, asook 'n klein skoenmaak tuisnywerheid, ook deur 'n in=dividu bedryf. Soos tipies van 'n tuisnywerheid, is die vel=bewerking wat deur vroue in die Gebiet onderneem word, slegs 'n baie beperkte onderneming, met 'n swak afsetgebied en lae markwaarde.

Die/ ..........

Die bestaande besighede is feitlik almal klein in terme van indiensnemingspotensiaal, geboue en voorrade, en dit konsen= treer hoofsaaklik op die behoeftes van die plaaslike mark.

Daar vind egter 'n aansienlike lekkasie van inkomste uit die Gebiet na aangrensende gebiede, veral Windhoek, Maltahöhe, en Kalkrand plaas, soos die volgende tabel aandui.

Tabel 5

Klassifikasie van Huishoudings volgens Kooppatroon

| Koop Slegs Binne Gebiet | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 78 | 50.0 |
| Nee | 78 | 50.0 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die tabel toon duidelik tot watter mate die koopkrag binne die Gebiet geaffekteer word, en wel, soos uit die ondersoek blyk, om redes soos deur die volgende tabel uitgewys.

Tabel 6

Klassifikasie van Huishoudings volgens Redes waarom Lekkasie van Inkomste uit die Gebiet Plaasvind

| Rede | Aantal Huishoudings | | Persentasie | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Ja | Nee | | |
| Te duur | 34 | 122 | 28.8 | 78.2 | 156 | 100.0 |
| Verskeidenheid te klein | 33 | 123 | 21.2 | 78.8 | 156 | 100.0 |
| Eie besigheid elders | 7 | 149 | 4.5 | 95.5 | 156 | 100.0 |
| Ander | 36 | 120 | 23.1 | 76.9 | 156 | 100.0 |

Ander redes wat genoem is, is naamlik veral dat

(a) baie van die ekonomies-bedrywige lede van 'n huis= houding buite die Gebiet werk en dus eers hul in=

kopies/ ........

kopies doen voordat hulle weekliks of maandeliks na hul onderskeie tuistes terugkeer. Die redes hiervoor is dat in die stede het hulle die voor=deel van kettingwinkels met groter verskeidenheid en laer pryse, asook kredietgeriewe by klerasie en meubelsentra.

(b) Die ligging van koopsentra en die swak plaaspad=stelsel in die Gebiet lei ook daartoe dat mense wat na-aan die grense van die Gebiet woon liefs na koopsentra net buite die Gebiet gaan om inkope te doen.

(c) Die mynowerhede by die Oamitesmyn verskaf 'n week=likse busdiens na Windhoek sodat hul werknemers daar onder geriefliker omstandighede kan inkopies doen.

Die feit dat algemene handelaars die grootste persentasie van die totale ondernemings in die Gebiet uitmaak, en mense dus nog vir die meer gespesialiseerde persoonlike dienste na ste=de moes uitwyk, het altyd 'n groot invloed op die lekkasie gehad; dog die afgelope dekade het baie ander dienste in die hoofdorp ontstaan wat hierdie neiging gedemp het. Daar is bv. tans 'n depot vir droogskoonmakery, 'n draadloosherstel=plek, begrafnisondernemer, assuransieagentskappe, 'n motor=handelsaak, en 'n groothandelsaak. Hierdie ontwikkelings het die kleinhandel in die hoofdorp aangehelp, siende dat mense vanuit alle uithoeke van die Gebiet kom om dié dienste te be=kom en dus ook terselfdertyd hul aankope, dikwels op groot maat, doen.

Die algemene handelaar se daaglikse verkope is hoofsaaklik tot basiese voedsel soos suiker, tee, koffie (drinkgoed soos hulle sê), brood- en mieliemeel, asook ander benodigdhede soos tabak vir rook-, pruim- en snuifdoeleindes asook seep e.a. skoonmaakmiddels beperk. Verafgeleë winkeltjies, wat

nie/ ..........

nie die mededinging van nabygeleë stede so sterk voel nie, hou ook klere en skoeisel aan en maak 'n wins daaruit.

Sedert die opening van die klerewinkel in die kettingreeks Pep Stores in Rehoboth in 1976, kan klerewinkels in die dorp en omgewing kwalik meeding, en het van die groter algemene handelaars reeds begin om die verkoop van klerasie uit te skakel.

Soms word vrugte, groente en eiers ook op klein skaal van boere aangekoop om in die plaaslike mark te voorsien. Dit geskied egter op te klein skaal en te sporadies om 'n noe= menswaardige invloed op die ekonomie te hê. Die grootste hoeveelheid groente en vrugte van die handelaars word deur vrugtelorries uit die Republiek of vanaf die Hardap-besproei= ingskema net buite Mariental voorsien.

Die Prentjie in die Hoofdorp. Aangesien die dorp aanvanklik spontaan ontstaan het, en nie vooraf aan dorpsbeplanning aan= dag geskenk is nie, is sakeondernemings oral op eie erwe aan= gebring. Soos die toeval dit wil hê, is daar nietemin 'n deel van die dorp waar 'n paar aangrensende blokke as 'n sa= kesentrum gesien kan word. Daar is 'n redelike groot same= trekking van besighede o.a. die kettingwinkeltak van Pep Stores, 'n algemene handelaar (toevallig een van die groot= stes in die Gebiet), twee restaurante, 'n bottelstoor, 'n mo= torhandelsaak, drie diensstasies, 'n slaghuis, die enigste bakkery en 'n meubelwinkel. Nie te ver daarvandaan nie is ook 'n vis- en aartappelskyfiekafee en nog 'n kleinhandelaar. Ook die poskantoor, kliniek, polisiestasie en landdroskantore, is in aangrensende blokke geleë. Hierdie deel kan met 'n bietjie ondernemingsgees en geldbesteding, in 'n sambreel

sake- en dienssentrum ontwikkel word, waar nog 'n paar per= soonlike dienste geskep kan word. Dit kan veel bydra tot die verfraaiing van die omgewing; dog veral tot die aanlokking van groter getalle potensiële kopers wat weet dat die meeste van hul behoeftes onder die een sambreel bevredig kan word. Op dié wyse kan die koopkrag grootliks binne die Gebiet benut word en die groot mededinging van buite tot 'n mate bekamp word.

Die Plaashandelaars. Kleinhandelaars op verafgeleë plase se pryse is dikwels buitensporig hoog weens die feit dat hulle hoë vervoerkoste moet bereken en selde by groothandelaars uitkom weens lang afstande en gebrek aan kapitaal om kontant te koop. Hulle koop dus slegs die basiese ware volgens aan= vraag by die groter winkels in nabygeleë sentra waar hulle kredietgeriewe kan kry en waar die pryse reeds al hoog is. Sommige van hierdie winkeltjies voer dus maar 'n sukkelbe= staan en soms is die besigheid so swak dat die plek meestal toe staan en slegs oopgemaak word wanneer daar klante opdaag.

In 'n poging om klandisie te trek, word by sommige van hier= die winkels petrol op agentskapsbasis verkoop. Selfs dit word soms gekortwiek deurdat die leweransiers maande lank wegbly en dan staan die pompe toe.

'n Meer effektiewe wyse om sy omset te verbeter is die ge= bruik dat kleinhandelaars magtiging ontvang om pensioentrek= kers se toelae te ontvang en te administreer. Hulle verskaf dus kredietvoordele aan die pensioentrekker en dit word maan= deliks by die pensioen afgetrek. Dikwels is hierdie persone byna die enigste gereelde kopers by die winkel. Hoewel dit 'n groot diens aan die pensioentrekker bewys, deurdat dit

hom die/ .......

hom die koste bespaar om tot by 'n betaalsentrum te gaan, as= ook deurdat hy voorrade op die rekening kan koop lank nadat daar nie meer kontant is nie, is daar nadele ook aan verbonde. Die besonder hoë pryse en die feit dat die pensioenaris per= manent by die winkelier in die skuld bly, is maar twee aspek= te wat opvallend is van die stelsel.

Voorts word die handelaars op verafgeleë plekke ook in baie ander rolle gesien, nl. dié as middelman om ander noodsaakli= ke dienste te lewer, bv. hy sorg dat plaaslike produkte soos wol, velle en huide na die mark vervoer word; hy is posman, huurmotor in tye van siekte en krisis en ook die bron by wie daar aangeklop word in tye van finansiële nood.

## (3.4) Die Groothandel

Die kleinhandelaars in Rehoboth en ander groter sentra in die Gebiet het hul aankope al die jare by groothandelaars in Windhoek en elders buite die Gebiet gedoen. Sedert die groothandelsaak in Rehoboth in 1979 geopen is, het dit tot 'n mate die toestand verlig, hoewel daar steeds op groot skaal van buite aangekoop moet word om in die behoeftes te voorsien.

Goedere word dan òf per vragmotor, òf per spoor vervoer, wat hoë vervoerkoste en beperkte voorrade tot gevolg het.

Een sakeman in die dorp het hom sterk ten gunste van meer groothandelsake binne die Gebiet uitgespreek, want, het hy met versigtigheid gesê: "Dit sal nie alleen die kleinhande= laar tot meer lewenskragtigheid kan voed nie; dog dit sal ook werksgeleenthede bied aan klerke, stoormanne, kassiers, werktuigkundiges, vragmotorbestuurders en ook aan bouers, want daar sal tog groot geboue vir die doel opgerig moet

word/ .........

word". (Persoonlike mededeling).

(3.5) Ander Dienste

Barclays Bank, wat daagliks op agentskapsbasis in die hoof= dorp 'n diens gelewer het, beoog om eersdaags 'n tak in die dorp te open. Die res van die Gebiet word gedien deur banke in Windhoek, Kalkrand, Mariental en Maltahöhe.

Assuransiemaatskappye soos Homes Trust, Old Mutual en Afri= can Eagle is baie bedrywig in die Gebiet en daar is 'n groot bewustheid by mense oor die noodsaaklikheid van versekering vir die toekoms. Lewens- en begrafnispolisse is klaarblyklik in groot aanvraag.

In die hoofdorp is twee hotelle, en ook een te Rehoboth-stasie. Die hotelle word onderbenut as akkommodasiesentra, en die grootste inkomste geskied d.m.v. die verkoop van drank, danse en uithuur vir partytjies.

(3.6) Sakelenings

Die toenemende bystand wat deur die Rehoboth-Beleggings- en Ontwikkelingskorporasie (R.E.K.O.R.) aan sakemanne verleen word, het baie besighede op die been gebring en ander van on= dergang gered.

R.E.K.O.R. maak lenings beskikbaar om die boerderybedryf te verbeter asook besigheidslenings binne die Gebiet. Boerdery= lenings word toegestaan vir die aankoop van grond, vee en draad, vir die aanlê van watervoorsieninginstellings, grond= opmeting en die aflos van boerderyskuld. Besigheidslenings word toegestaan om grond, geboue en handelsvoorraad aan te koop.

R.E.K.O.R. het onlangs 'n besigheidskompleks in die hoofdorp voltooi en dit word aan sakemanne verhuur. Die korporasie besit ook 'n groothandelsaak in die dorp, wat die besighede in die Gebiet voed en meer lewenskragtigheid daaraan verleen. Voorts is 'n ondersoek na die moontlikheid van 'n leerlooiery deur die korporasie ondersoek, dog daar is besluit om nie da= delik met so 'n omvattende projek voort te gaan nie, siende dat die korporasie se hele opset ingrypend kan verander na die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika/Namibië.

Voorts speel die Eerste Nasionale Ontwikkelingskorposasie (ENOK) ook 'n rol in die Gebiet. Die rol van ENOK binne die breë raamwerk van die landboukundige ontwikkeling word soos volg omskryf (Inligting 1980, p. 45) [9]:

(a) Die inisiëring van landbou-ondernemings wat kapitaalintensief is met 'n hoë ri= siko en waar wins eers oor 'n lang tyd= perk realiseerbaar is.

(b) Daar word in samewerking met die sen= trale staatsinstellings na gestreef om ondernemings daar te stel waar die plaaslike tradisionele bevolkings ge= motiveer word om as produsente op te tree. ENOK verskaf die kapitaal, kun= digheid, opleiding ens., en onderneem die bemarkingsfunksies.

## (3.7) Toeristepotensiaal

Met die nodige ondernemingsgees en kapitaalbewilliging, kan daar, volgens die menings van verskeie respondente, heelwat gedoen word om die toeristebedryf uit te bou. Voorbeelde wat genoem is, is o.a. dat die natuurlike warmwaterbronne -- die

"oog"/ .......

"oog" -- wat in die hoofdorp ontspring, tot 'n groot aantrek=kingskrag vir toeriste ontwikkel kan word. Daar word vas ge=glo dat die water uit die "oog" helende krag het en dit op sigself sal belangstelling lok, indien daar bad- en verblyf=geriewe aangebring kan word. Ontledings deur die Departement van Waterwese het egter aangetoon dat die water wat uit die "oog" ontspring, ongeskik is vir menslike gebruik, en gevolg=lik is alle "oë" met beton verseël. Oor die benutting van die bron vir swembadgebruik, ten spyte van die hoë flouried=inhoud van die water, voel die Departement positief, hoewel hulle toe die verslag in 1978 uitgebring is, getwyfel het aan die behoefte wat daar aan 'n swembad bestaan. Die onderhawi=ge studie het egter bepaal dat daar in die hoofdorp, sowel as die res van die Gebiet, wel 'n groot behoefte aan swembadge=riewe bestaan. Ruim 74% van die respondente het 'n swembad as noodsaaklike fasiliteit in hul area genoem.

'n Ander besienswaardigheid is die ou Lutherse Kerk -- die Bont kerk genoem -- wat in 1908 eiehandig deur die voorvaders van die Rehobothers help bou is. Behalwe vir sy interessante boustyl, het die kerk ook geskiedenis gemaak toe dit in die jare sestig die twispunt tussen die ou Rynse Sending- en die Lutherse Sendinggenootskappe geword het. Daar bestaan ook nog 'n paar historiese huise wat gerestoureer is.

Daar bestaan nog een of twee putte met die "rol", wat vir wa=tervoorsiening gebruik is voordat watervoorsieningsgeriewe binne huise aangebring is.

Baie respondente het groot spyt en teleurstelling uitgespreek omdat die ou polisiestasie en poskantoortjie wat intussen vervang is, gesloop is in plaas daarvan dat dit restoureer en

tot monumente verklaar is. Dit sou grootliks kon bydra tot die uitbouing van besienswaardighede en so die toeristebedryf aanmoedig. Die uitbouing van hierdie bedryf sal terselfder= tyd ook 'n afsetgebied vir tuisnywerhede soos vel-, wol- en leerartikels stimuleer en plaaslike besighede voed. Veral die hotelle, wat baie onderbenut word, kan baat vind by die aantrek van toeriste na die omgewing.

In 'n verslag van die Afdeling Beplanning van die Suidwes-Afrika Administrasie,[10)] wat in 1978 verskyn het, word soos volg berig t.o.v. Rehoboth se toeriste potensiaal:

> Rehoboth-dorp veral die woongebied, het egter sy eie aantrekkingskrag wat bestaan uit die ryke verskeidenheid historiese geboue en be= koorlike mistieke atmosfeer. Dit is duidelik dat met geringe kapitale uitleg, wat hoofsaak= lik sal bestaan uit:
>
> (a) die oprig van kennisgewingborde
>
> (b) die publisering van 'n keurige brosjure wat veral klem sal lê op die historiese en kulturele aspekte van die Rehoboth gemeenskap
>
> (c) die verkryging en beskikbaarstelling van kleurposkaarte van die Gebied en sy bur= gers by kioske of stalletjies.
>
> Rehoboth-dorp as sodanig kan ook finansieel put uit die huidige onbenutte toeristebron wat bykans deur die woongebied stroom.
>
> Die gedagte is dat 'n sirkelvormige roete deur die Rehoboth-dorp beplan word wat verby al die vernaamste histories interessante plekke loop; dat by sommige van hierdie punte wat strategies geleë is en geskik is, kioske opgerig word waar dan die poskaarte en brosjures verkoop word. Private inisiatief sal ook gestimuleer word om tipiese Rehoboth-produkte, soos veral karosse hier te koop aan te bied.

Wat natuurbewaring betref sou die Afdeling Natuurbewaring en Toerisme wat reeds 'n ondersoek in die Gebied geloots het, moontlik hul ondersoek kon intensifiseer en aandag gee aan die benutting van die potensiaal.

## (3.8) Skepping van die Infrastruktuur

Hieroor word in 'n publikasie van die Buro vir Ekonomiese Na= vorsing insake Bantoe-Ontwikkeling geskryf [11]:

> Fisiese infrastruktuur soos paaie, spoorlyne, telefoondienste, elektrisiteit, watervoor= siening, posdiens ens., is 'n belangrike voor= loper, begeleier of knelpunt van ekonomiese groei in ontwikkelende gebiede . . . Nywer= heidsbevestiging, landbouontwikkeling, dorp= stigting en die geleidelike omskakeling van die onderhoudsekonomie na 'n markekonomie, vereis die skepping van 'n Infrastruktuur, by voorkeur as voorloper van ontwikkeling waardeur die gewensde en beplande ontwik= keling aangemoedig en in die regte kanale gelei kan word.

Die fisiese infrastruktuur van die Gebiet kan kwalik as los= staande van dié van Suidwes-Afrika/Namibië gesien word. Vol= gens die S.W.A./Namibië Inligtingsdiens, is sedert die jare veertig 'n program van stapel gestuur wat vir die land 'n vervoernetwerk, hawens, krag- en watervoorsiening, asook te= lekommunikasiedienste sou ontwikkel wat goed vergelyk met die res van die vasteland.

### (a) Vervoerwese

(i) Die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Treindienste word vanaf die suidelike grens van Suidwes-Afrika/ Namibië, tot op Swakopmund en Tsumeb bedryf en daar is ook 'n aantal taklyne. Die hoofspoorlyn loop deur die Rehoboth Gebiet, met 'n aantal kleiner stasietjies soos Duineveldt, Tsumis-Park, Heide ens., en dan die belangrikste stasie vir die doel van vervoer en handel, te Rehoboth-stasie ongeveer 14 km. buite die dorp Rehoboth.

Padvervoerdiens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë

en/ ............

en Hawens. Die padvervoerafdeling van die Suid-Afrikaanse Spoorweë onderhou vier dienste in en deur die Rehoboth Gebiet:

1. Tussen Rehoboth en Windhoek, een keer per week
2. Tussen Rehoboth-stasie en Rehoboth-dorp, daagliks
3. Tussen Rehoboth-dorp en Klein Aub, en Lepel, een keer per week
4. Tussen Rehoboth-dorp en Solitaire, een keer per week.

Vinnige passasierstreine loop twee keer per week na en vanaf die Republiek. Dan is daar ook sewe treine per week wat sowel passasiers as goedere na en van die Republiek vervoer, terwyl daar daag=liks gemiddeld agt goederetreine tussen Suidwes-Afrika/Namibië en die Republiek van Suid-Afrika in beide rigtings beweeg. Aangesien hierdie spoorlyn soos 'n ruggraat deur die Rehoboth Ge=biet loop, is die Gebiet grootliks daarop aange=wese vir sy handel- en vervoerdoeleindes.

(ii) Die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens het in Januarie 1952 die eerste direkte lugdiens tussen Johannesburg en Windhoek ingestel, en Suidwes-Afrika/Namibië só per lug met die Re=publiek van Suid-Afrika verbind, aldus die Inlig=tingsdiens. Windhoek is 'n jaar later ook op die Suid-Afrikaanse Lugdiens se roetes na Europa in=gesluit. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens bied weekliks 46 binnelandse vlugte na en van Windhoek

aan/ ..........

aan. Die lughawe J.G. Strydom naby Windhoek is in 1965 geopen.

Die inwoners van die Gebiet maak ruim gebruik van hierdie lugdiens en dit word veral deur studente, vakansiegangers, politici, pasiënte wat na en van Kaapse hospitale reis, benut. Daar is minstens een vlug per dag heen en weer tussen Kaapstad en Windhoek elke dag van die week, Son=dae inkluis.

(iii) Paaie. Volgens die Suidwes-Afrika/Namibië Inlig=tingsdiens is daar eers in 1956 begin om paaie in die land te teer. 'n Netwerk van teerpaaie be=staan tans, wat die suidergrens van die land met Oshakati in Ovambo, Walvisbaai aan die weskus, Gobabis aan die oosgrens, en Lüderitz aan die wes=kus verbind.

Die hoofpad tussen suid en noord loop deur die Gebiet en sny ook deur die dorp Rehoboth. Hier=die pad is die belangrikste van die Gebiet se verbindingsweë, wat verder ook gruispaaie en smal, kronkelende, soms haasonbegaanbare plaas=paadjies insluit.

Soos reeds vermeld, is reeds in die hoofdorp 'n aanvang geneem met die teer van paaie wat die dorp deurkruis.

Oor padbou in die algemeen berig die inligtings=brosjure [12)] soos volg:

> Padbou in Suidwes-Afrika/Namibië is geen maklike taak nie, vanweë die uitgestrekt=heid van die gebied, die klein bevolking

en die/ .......

en die probleme wat deur die klimaat van uiterstes en die algemene terreingesteld= heid teweeg gebring word. Natuurlike gruis en water is in die meeste gebiede skaars, terwyl goeie fondamente vir brûe nie altyd te vinde is nie.

(iv) Pendelverkeer. Pendelaars wat in die Gebiet woon, maar in die omliggende myne of stede werk en daag= liks of weekliks oor en weer reis, maak ôf van privaatvervoer, ôf van 'n busdiens gebruik. Tus= sen Windhoek en Rehoboth word van 'n daaglikse busdiens, wat deur 'n private onderneming inge= stel is, gebruik gemaak.

Daar is ook 'n daaglikse pendelverkeer met 'n staatsvoertuig tussen Windhoek en Rehoboth, wat hoofsaaklik deur Blanke staatsamptenare, wat in Windhoek woonagtig is, maar by die Rehoboth Rege= ring in diens is, benut word.

(b) Pos- en Telekommunikasiewese

Die eerste posdiens van die land is in 1870 in Windhoek ingestel en die eerste volwaardige poskantoor is in 1877 op die Suid-Afrikaanse hawedorp, Walvisbaai, ge= open, aldus die Suidwes-Afrika/Namibië Inligtingsdiens. Kamele is in daardie dae gebruik om die pos na die bin= neland te vervoer.

In die Rehoboth Gebiet bestaan tans drie Departementele poskantore, nl. te Rehoboth-dorp, Rehoboth-stasie en Klein Aub. Twee hiervan word deur elf Basterbeamptes beman terwyl die derde deur twee Blankes beman word.

(i) Telefoondienste. Die Gebiet beskik oor vyf tele= foonsentrales. Ongeveer 400 huurders is daarby

aangesluit, waarby plaaslyndienste en oproepkan= tore ingesluit is.

(ii) Teleksdienste. Een teleksdiens bestaan en is by die nasionale netwerk ingeskakel.

(c) Watervoorsiening

Die grootste gedeelte van Suidwes-Afrika/Namibië is be= kend as 'n area met 'n lae reënval, droë rivierbeddings, kaal, stowwerige vlaktes, en die feit dat dit dikwels deur ernstige droogtes geteister word. Ook het die Re= hoboth Gebiet 'n ernstige tekort aan natuurlike water= bronne, wat tot gevolg het dat die aanlê van watervoor= sieningskemas baie hoë koste meebring.

De Klerk (1967) het die bronne van watervoorsiening in die Gebiet soos volg geïdentifiseer:

(i) Sandlae in rivierbeddings
(ii) Waterpoele in rivierbeddings en panne
(iii) Vloedwater opgaardamme
(iv) Boorgate en putte.

(i) Sandlae in Rivierbeddings. Die Oranjerivier in die suide, die Okavango- en Kuneneriviere in die noorde, wat op die grense van Suidwes-Afrika/ Namibië vloei, is die enigste standhoudende ri= viere in die land. Al die ander riviere wat die land deurkruis, asook die wat deur die Gebiet vloei, is slegs in vloed gedurende die reënsei= soen. Die water loop vinnig af, dog die dik lae sand wat die rivierbeddings bedek, absorbeer heelwat van die vloedwaters en verhoed dat alle water na die see spoel. De Klerk sê voorts [13]:

Die/ ..........

Die sandriviere kan ook veel bydra om die ondeɪaardse watertafel te stabili= seer, wat weer die kanse om suksesvol= le boorgate en putte te sink, verhoog. Die nadeel is egter dat die water in die sand nie beskikbaar is vir diere of besproeiing nie.

(ii) Waterpoele in Rivierbeddings en Panne. Hierdie poele en panne se watervoorsiening is van baie beperkte duur en is tot die reënseisoen beperk. Die reënseisoen strek vanaf Oktober tot April. Dit hou veral vir die boer groot voordele in, aangesien die diere by hierdie drinkplekke in die veld hul groot dors versadig en op dié wyse kan die boer aan waterpomponkostes bespaar. Verdamping geskied egter vinnig in die verseng= ende somerhitte en al gou verdwyn die poele en van die panne bly net droë, gebarste kleiopper= vlaktes oor.

(iii) Vloedwater Opgaardamme. Opgaardamme, wat gebou word om die vloedwaters van die vinnig-vloeiende riviere op te dam en te bewaar vir die droë sei= soen, speel 'n belangrike rol, nie slegs in die Gebiet nie, dog dwarsdeur die land.

In die Gebiet het 'n paar boere sulke opgaardam= me op hul plase aangebring, enersyds om drink= plek aan die diere te voorsien; dog andersyds ook om hul boorgate en putte ondergronds te voed. Daar is egter baie groot koste aan die bou van so 'n opgaardam verbonde en baie boere, wie se grond wel oor die moontlikheid vir die bou van so 'n dam beskik, skram daarvan weg -- deels weens die koste en deels uit onkunde.

(iv) Boorgate en Putte. Die boere se belangrikste watervoorsieningskema is boorgate. Die koste verbonde aan die slaan van boorgate is ontset=tend hoog, aangesien daar so geweldig diep geboor moet word om die onderaardse watertafel te be=reik. Die koste word verder verhoog deurdat windpompe, masjiene en kragkoppe opgerig en in stand gehou moet word om die water na die opper=vlakte te pomp. Die water word dan in sement- of sinkdamme gepomp. Dit gebeur ook dikwels dat droë boorgate geslaan word. So het een boer ty=dens die ondersoek berig dat daar altesaam der=tien boorgate oor 'n periode van 20 jaar op sy plaas geslaan is, en slegs drie uit die dertien het standhoudende water gehad.

In die Gebiet word nog tot 'n groot mate van die tradisionele wateraanwyser gebruik gemaak. Die aanwyser gebruik 'n mikstok wat hy met albei hande voor sy bors in 'n opwaartse posisie hou. Hy loop dan op en neer op die plek waar die boer sy boorgat wil laat sink. Dit word beweer dat sodra hy 'n onderaardse waterstroom kruis, dan word die stok in sy hande grondwaarts gedwing. So word die plek dan aangedui waar die boorgat gesink moet word.

Die boere glo vas aan die betroubaarheid van hierdie metode. Dit het ook inderdaad tot die sink van heelwat standhoudende boorgate gelei.

(d) Kragvoorsiening

Die Suidwes-Afrikaanse Water- en Elektrisiteitskorpora=

sie (S.W.A.W.E.K.) is deur die Nywerheidsontwikkelings=korporasie van Suid-Afrika in die lewe geroep om snel=ler ekonomiese ontwikkeling in Suidwes-Afrika/Namibië te bewerkstellig. Benewens die taak om die Departement van Waterwese met grootskaalse watervoorsiening in die gebied behulpsaam te wees, lê dit S.W.A.W.E.K. ten doel om elektrisiteit op groot maat te ontwikkel en deur die totale gebied te versprei.

In 1969 is 'n ooreenkoms met die regering van Portugal aangegaan om die Kunenerivier as bron van krag en water te ontwikkel. Hieruit het die oprigting van die hidro=ëlektriese skema by Ruakana en die pompinstallasie Ca=lueque voortgevloei.

Intussen is 'n termiese kragsentrale -- Van Eck Sentrale -- in Windhoek voltooi en in 1972 het dié sentrale begin om sy krag in die nasionale netwerk te voer, wat intussen ook sy beslag gekry het, aldus die Inligtingsdiens van Suidwes-Afrika/Namibië.

Die Rehoboth Gebiet word ook deur S.W.A.W.E.K.-krag be=dien. Die kragverspreiding in die hoofdorp geskied vanaf 'n punt 3 kilometers noord van die dorp waar S.W.A.W.E.K. 'n aftapstasie gebou het. Die Klein Aub-kopermyn en Rehoboth-stasie, word ook deur S.W.A.W.E.K. bedien.

## (4) Aard en Samestelling van Huishoudings

### (4.1) Agtergrond

Geen gemeenskap kan in isolasie beskou word nie en moet ten minste in perspektief gebring word met sy onmiddellike

omgewing/ ....

omgewing. In Tabel 1 is reeds 'n aanduiding gegee van die verskillende bevolkingsgroepe wat in die Gebiet aangetref word. Tabel 7 dui aan watter bevolkingsgroepe in Suidwes-Afrika/Namibië aangetref, en watter deel van die totale be= volking van die land deur elke groep verteenwoordig word.

Tabel 7

Bevolkingsamestelling in Suidwes-Afrika/Namibië vir 1970 [14)]

| Bevolkingsgroep | 1970 | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Rehobothbaster | 16 646 | 2.23 |
| Blanke | 90 658 | 12.14 |
| Kleurling | 28 275 | 3.79 |
| Nama | 32 853 | 4.40 |
| Ovambo | 342 455 | 45.88 |
| Okavango | 49 577 | 6.64 |
| Oos-Capriviaan | 25 009 | 3.35 |
| Kaokovelder | 6 467 | 0.87 |
| Damara | 64 973 | 8.70 |
| Herero | 49 203 | 6.59 |
| Boesman | 21 909 | 2.93 |
| Tswana | 3 719 | 0.50 |
| Ander | 14 756 | 1.98 |
| Totaal | 746 500 | 100.00 |

Uit Tabel 7 blyk dit dat die Rehoboth Basters slegs 'n minimale verteenwoordiging, nl. 2.2% van die totale bevolk= ing van die land uitmaak en as groep slegs die Kaokovelders en Tswanas oortref.

Volgens Tabel 8 waar die geografiese verspreiding van die Basters volgens landdrosdistrikte vir 1970 aangetoon word, word hul grootste konsentrasie in die drie landdrosdistrikte van

Rehoboth (73.47%), Windhoek (17.00%) en Walvisbaai (3.58%) gereflekteer.

Tabel 8

Geografiese Verspreiding van Rehoboth Basters vir 1970 [15)]

| Landdrosdistrik | 1970 | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Rehoboth | 12 104 | 73.47 |
| Windhoek | 2 801 | 17.00 |
| Walvisbaai | 635 | 3.85 |
| Gibeon | 215 | 1.31 |
| Maltahöhe | 125 | 0.76 |
| Okahandja | 108 | 0.66 |
| Res van S.W.A. | 486 | 2.95 |
| Totaal | 16 474 | 100.00 |

Rehoboth is die natuurlike habitat van die Baster, vandaar die groot verspreiding in dié gebied. In Windhoek en Walvis=baai word werksgeleenthede verskaf en hulle trek dus ook ge=talle, en oor die jare maak huishoudings dit hul permanente tuistes, hoewel hulle weinig hul verbinding met die Gebiet verbreek.

## (4.2) Samestelling van Huishoudings

Vervolgens sal kortliks aandag geskenk word aan die samestel=ling van huishoudings en enkele aspekte word uitgelig vir be=spreking:

(a) Aantal persone per huishouding

(b) Aantal volwasse mans en vroue per huishouding

(c) Aantal persone oor 60 jaar per huishouding

(d)/ ...........

(d) Bediendes volgens bevolkingsgroep, tipe werk en loon

(e) Aantal voorskoolse kinders per huishouding

(f) Aantal skoolgaande kinders per huishouding.

(a) Aantal Persone per Huishouding

Ferreira en Loubser skryf oor hierdie aspek 16):

> Die grootte van die gesinshuishouding het 'n belangrike invloed op die vlak van verbruik en die lewenswyse van die huishoudinglede. Bo en behalwe faktore soos behuising en gesondheid beteken groot huishoudings dat meer persone gevoed en geklee moet word wat 'n swaar las op die verdieners van die huishouding plaas. Alhoewel groot huishoudings en dus groter getalle in 'n politieke konteks met "mag" vereenselwig kan word veral in die geval van 'n klein gemeenskap soos Rehoboth is die sosio-ekonomiese nadele verreikend, veral wat die kwaliteit van die bevolking betref. 'n Paar nadele word net kortliks hier aangestip:
>
> 1) Die inkomste van die huishouding, veral waar dit relatief laag is, moet hoofsaaklik op lewensnoodsaaklike basiese goedere en dienste bestee word, sodat daar 'n relatief klein persentasie van die inkomste oorbly indien enige wat vir besparing en belegging asook belasting aan die staat aangewend kan word.
>
> 2) As gevolg van die groot finansiële las van die hoof van die huishouding, oefen hy druk uit op die ouer kinders om vroeër skool te verlaat en te gaan werk om òf onafhanklik van die huishouding te wees en/of 'n bydrae tot die inkomste van die huishouding te lewer.

Tabel/ ........

Tabel 9

Klassifikasie volgens Aantal Persone per Huishouding

| Aantal Persone | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| 1 | 1 | 0.6 |
| 2 | 13 | 8.3 |
| 3 | 15 | 9.6 |
| 4 | 23 | 14.7 |
| 5 | 22 | 14.1 |
| 6 | 25 | 16.0 |
| 7 | 18 | 11.5 |
| 8 | 15 | 9.6 |
| 9 | 7 | 4.5 |
| 10 | 6 | 3.8 |
| 11 | 6 | 3.8 |
| 13 | 1 | 0.6 |
| 14 | 4 | 2.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Gemiddelde = 5.95
Mediaan = 6.00
Modus = 6.00

Volgens Tabel 9 is die gemiddelde grootte van huishoudings 5.95 persone. Dit blyk dat die grootste aantal huishoudings, nl. 25 in getal (16.0%), bestaan uit 6 persone; terwyl 23 (14.7%) uit 4 persone en 22 (14.1%) uit 5 persone bestaan. Slegs 4 huishoudings (2.6%), het 14 gesinslede, 1 het 13 lede (.6%), 6 het 11 lede en 6 het 10 lede (3.8% in elke geval).

Die verspreiding van groot huishoudings is dus re=latief laag, terwyl 'n oorweldigende meerderheid van huishoudings binne die normale grootte van 4-6

lede/ .........

lede val.

Vir die onderskeie gebiede in die gemeenskap is die gemiddelde getal persone per huishouding soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Schaaprivier | : | 5.36 |
| Rehoboth | : | 6.36 |
| Rehoboth-Suid | : | 6.20 |
| Klein Aub | : | 5.67 |
| Karanas | : | 5.09 |
| Schlip | : | 7.20 |

Dit blyk dus dat daar geen betekenisvolle verskil bestaan in die gemiddelde getal persone per huis=houding in die gebiede Rehoboth en Rehoboth-Suid nie. Dit is die twee gebiede in en om die hoof=dorp -- Rehoboth. Die drie gebiede waarvan die persentasies persone per huishouding tussen 5.09 en 5.67 lê, is min of meer in 'n driehoek om die hoofdorp geleë, met weinig verskil in afstand van=af die hoofdorp. Die mense van Schaaprivier het ook intieme kontak met Windhoek, aangesien dié ge=bied die naaste aan die stedelike gebied van Wind=hoek geleë is.

Schlip toon slegs 'n hoër persentasie t.o.v. die aantal persone per huishouding. Dit is die gebied wat fisies die meeste afgesonder is en die verste van beide Windhoek en Rehoboth geleë is. Interessantheidshalwe kan vermeld word dat Schlip met sy standhoudende rivier wat deur die huise kronkel, onlangs tot dorp verklaar is en dat daar

tans/ ..........

tans taamlike ontwikkeling aan die gang is, o.a. die oprigting van 'n senior sekondêre skool en koshuis. Moderne eiendomshuise het ook soos pad=dastoele opgeskiet en kort voor lank sal dit blyk=baar 'n kultureel en sosiaal bedrywige gebied wees, wat allermins as afgesonder beskryf kan word.

(b) Aantal Volwasse Mans en Vroue per Huishouding

Tabel 10

Klassifikasie volgens Aantal Volwasse Mans en Vroue per Huishouding

| Aantal Volwasse Mans | Aantal Volwasse Vroue | Aantal Huishoudings | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | Vroue | Mans | Vroue |
| 0 | 0 | 11 | 1 | 7.1 | 0.6 |
| 1 | 1 | 106 | 114 | 67.9 | 73.1 |
| 2 | 2 | 24 | 26 | 15.4 | 16.7 |
| 3 | 3 | 9 | 10 | 5.8 | 6.4 |
| 4 | 4 | 5 | 4 | 3.2 | 2.6 |
| 8 | 5 | 1 | 1 | 0.6 | 0.6 |
| Totaal | | 156 | 156 | 100.0 | 100.0 |

Die tabel toon dat daar 'n taamlike groot versprei=ding van huishoudings is wat slegs een volwasse man (67.9%) en een volwasse vrou (73.1%) het. Die redes hiervoor kan miskien gesoek word daarin dat jong volwassenes hul huishoudings van oorsprong verlaat om 'n onafhanklike bestaan elders te voer, waar daar werksgeleenthede is. Voorts is ook vas=gestel dat dit nie die gebruik is, soos meestal in stedelike gebiede voorkom, dat jong getroude paar=tjies weens behuisingsnood veral, by hul ouers

inwoon/ ........

inwoon nie. Die ondersoek het getoon dat 97.5% huis=houdings slegs uit een gesin bestaan en slegs in een enkele geval (0.6%) het 'n huishouding uit meer as 2 gesinne bestaan.

(c) Aantal Persone oor 60 Jaar per Huishouding

Tabel 11

Klassifikasie volgens die Aantal Persone 60 Jaar en Ouer per Huishouding

| Aantal Persone 60 Jaar en Ouer | Aantal Huishoudings | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 | 116 | 74.4 |
| 1 | 19 | 12.2 |
| 2 | 20 | 12.8 |
| 3 | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Soos die tabel aandui, is daar 'n groot versprei=ding (74.4%) van gesinne waar die volwassenes onder die ouderdom van 60 jaar is. Dit beteken by im=plikasie dat die hoofde van huishoudings uit die jonger geslag bestaan en die gemeenskap dus tot 'n groot mate uit dié geslag saamgestel is. Dit is ook vasgestel dat bejaardes wat hul eie huise het, verkies om so lank as wat dit vir hulle fisies en geestelik moontlik is 'n bestaan onafhanklik van hul kinders te voer. Heelwat bejaardes (oor 60 jaar) is aangetref waar 'n enkele persoon of 'n egpaar saam in hul eie huisie woon, en selfversor=gend is, hoewel afhanklik van 'n ouderdomspensioen. Soms versorg hulle hul kleinkinders terwyl die

ouers/ .........

ouers werk, maar hulle is nie gretig om by kinders in te woon nie. Daarom dat die nukliêre gesin, d.w.s. vader en moeder met hul afhanklike kinders, 'n baie meer algemene verskynsel is as die uitge=breide gesinstipe, waar twee of meer nukliêre ge=sinne wat verwant is aan mekaar, saamwoon.

Desnieteenstaande is die gebruik dat, wanneer be=jaardes te swak word om vir hulself te sorg, die kinders wel die versorging oorneem en wel deur hul ouers of 'n bejaarde familielid by hulle aan huis te neem. Die tabel dui 'n verspreiding aan van 12.2% huishoudings wat een bejaarde versorg en 12.8% huishoudings waar twee bejaardes versorg word.

Die feit dat daar geen ouetehuis bestaan nie, mag 'n invloed op hierdie syfer hê, veral aangesien die behoefte aan 'n ouetehuis deurgaans deur die respondente aangedui is.

(e) Bediendes volgens Bevolkingsgroep, Aard van Diens=plig en Loon

Uit die ondersoek het geblyk dat die Basters veral gebruik maak van ander Gebietsgenote en wel van Basters, Namas, Damaras om by hulle diens te doen, met die Namas hoogste aan die lys, nl. 13.5% huis=houdings het Nama-mans en 11.5% huishoudings Nama-vroue in diens gehad. Kleurlinge en Ovambo's het 'n byna onbeduidende persentasie gereflekteer nl. 1.3% huishoudings het van manlike Kleurlinge en 1.9% van vroulike Kleurlingbediendes gebruik

gemaak/ ........

gemaak, terwyl 5.8% huishoudings manlike Ovambo's in diens gehad het. Geen vroulike Ovambo's is aange= tref wat in diens van 'n Basterhuishouding staan nie.

Die aard van diensplig is meestal huiswerk, vee oppas, die verrigting van algemene plaaswerk, was en stryk of hulle word ook as winkelhulp of petrol= joggies gebruik.

Die volgende tabel dui die loonsverspreiding van bediendes aan.

Tabel 12

Klassifikasie Volgens Inkomste van Individuele Bediendes per Maand

| Inkomste Groep | Aantal Bediendes | Persentasie |
|---|---|---|
| Minder as R20.00 | 30 | 36.9 |
| R21.00 - R35.00 | 8 | 9.8 |
| R36.00 - R45.00 | 8 | 9.8 |
| R46.00 - R55.00 | 10 | 12.6 |
| R56.00 - R75.00 | 7 | 8.6 |
| R76.00 - R85.00 | 6 | 7.5 |
| R86.00 - R100.00 | 4 | 5.0 |
| R100.00 + | 8 | 9.8 |
| Totaal | 81 | 100.0 |

Die hoogste persentasie (36.9) werknemers van Bas= terhuishoudings verdien R20.00 en minder per maand. Hierdie aantal werknemers korreleer met die aantal persone wat was- en strykwerk doen en vee oppas. Daar is egter vasgestel dat die veewagter addi= sionele vergoeding ontvang in die vorm van week= likse rantsoene en een of twee slaggoed per maand

na/ ............

na gelang van die ooreenkoms tussen hom en sy werkgewer. Die weeklikse rantsoene bestaan ge= woonlik uit mieliemeel, broodmeel, koffie, suiker, vet en tabak.

Die paar wat bo R85.00 verdien, is die winkelas= sistente en petroljoggies. Dit blyk dus dat die Basters se werknemers oor die algemeen baie laag besoldig word.

(f) Aantal Voorskoolse Kinders per Huishouding

Tabel 13

Klassifikasie volgens Aantal Voorskoolse Kinders per Huishouding

| Aantal Voorskoolse Kinders | | Aantal Huishoudings | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | Dogters | Seuns | Dogters | Seuns | Dogters |
| 0 | 0 | 112 | 112 | 71.8 | 71.8 |
| 1 | 1 | 40 | 32 | 25.6 | 20.5 |
| 2 | 2 | 2 | 12 | 1.3 | 7.7 |
| 3 | - | 2 | - | 1.3 | - |
| Totaal | | 156 | 156 | 100.0 | 100.0 |

Verbasend dog ook verblydend is die feit dat beide t.o.v. seuns en dogters, die hoë persentasie van 71.8% huishoudings geen voorskoolse kinders het nie. Dit is verbasend in die lig daarvan dat die Basters vermeld word as 'n bevolking met 'n hoë groeikoers. So het die Afdeling Beplanning van Suidwes-Afrika/Namibië [16)] in 1978 berig dat die groeikoers van die Basters 3.4% per jaar is. Hul verslag is gebaseer op die inligting verkry van die Departement van Statistiek. Dit is verblydend

as dit/ ........

as dit daarop kan dui dat mense 'n bewuswording ontwikkel het vir die beheer van hul gesinsaanwas, siende dat geen bevolking ter wêreld die kwaliteit van sy mense se leefwyse kan verhoog in die aange=sig van 'n ongekontroleerde bevolkingsaanwas nie.

(f) Die Aantal Skoolgaande Kinders per Huishouding

Tabel 14

Klassifikasie volgens die Aantal Skoolgaande Seuns en Dogters per Huishouding

| Aantal Skoolgaande Kinders | | Aantal Huishoudings | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | Dogters | Seuns | Dogters | Seuns | Dogters |
| 0 | 0 | 59 | 56 | 37.8 | 35.9 |
| 1 | 1 | 48 | 35 | 30.8 | 22.4 |
| 2 | 2 | 24 | 39 | 15.4 | 25.0 |
| 3 | 3 | 17 | 20 | 10.9 | 12.8 |
| 4 | 4 | 4 | 3 | 2.6 | 1.9 |
| 5 | 5 | 3 | 2 | 1.9 | 1.3 |
| 6 | 6 | 1 | 1 | 0.6 | 0.6 |
| Totaal | | 156 | 156 | 100.0 | 100.0 |

Uit die ondersoek het geblyk dat ouers oor die al=gemeen baie ambisieus is wat betref aspirasies vir hul kinders om 'n goeie skolastiese opvoeding te kry. Hierdie tabel dui aan dat daar ouers is wat selfs van 4 tot 6 kinders gelyktydig op skool het, hoewel hulle in die minderheid is. Een van die ou=ers wat 4 kinders gelyktydig op skool het, nl. 2 by Dr. Lemmer Senior Sekondêre Skool te Rehoboth en 2 by 'n laerskool op een van die groter sentra in die Gebiet, sê: "Ek en my vrou lê nagte wakker om te beplan wanneer die tyd vir heropening of

sluiting/ ......

sluiting van skole nader. Die afstande is groot en die kinders moet uit twee verskillende oorde gehaal of weggeneem word. Hulle het baie behoef= tes wanneer hulle nog skoolgaan. Ook moet daar op twee plekke voorsiening vir losies gemaak word en dit kos meet en pas om die mas op te kom. Al wat ek van hulle verwag is om bo uit te kom, dan ont= sien ek geen opoffering nie, want geleerdheid kan niemand ooit van hulle wegneem nie". Dieselfde gesin het laat blyk dat hulle 'n seun aan universi= teit ook gehad het. Hy het onvoltooid tou opgegooi en gaan werk tot groot ontnugtering van sy ouers.

Die ondersoek het ook aan die lig gebring dat ou= ers nie voorkeur aan seuns gee wanneer dit by op= voeding kom nie. Tabel 4.6.1 bevestig hierdie waarheid want die persentasies seuns en dogters wat op skool is, lê baie na aan mekaar.

## (5) Private Eiendom

### (5.1) Grondbesit

Volgens inligting verkry by die Aktekantoor te Rehoboth, be= slaan die Gebiet 'n oppervlakte van 1 428 768 Ha, waarvan 1 223 018 Ha aan privaat plaaseienaars behoort. Die oorbly= wende deel is gemeentegrond wat aan die Rehoboth Regering be= hoort en aan Basterboere verhuur word. Deur middel van die erfstelsel wat in die Gebiet geld, word grond van geslag tot geslag oorgedra. Die kanse op vervreemding van grond is nul, siende dat enige grondtransaksie binne die Gebiet volgens wet slegs tussen Basters onderling of tussen Basters en

R.E.K.O.R./ ....

R.E.K.O.R. of die Rehoboth Regering aangegaan kan word. 'n Grondtransaksie wat met enige ander party aangegaan word, is ongeldig.

Die nadeel verbonde aan die erfstelsel, is dat groot plase wat oorspronklik deur een eienaar besit is, mettertyd in klein stukkies grond versnipper word, sodat die erfgename hul deel kan opeis. Familielede koop dikwels mekaar uit sodat die stukkie grond darem groot genoeg kan wees om vir boerdery benut te word. Hieroor het De Klerk (1966, p. 54) van die Afdeling Kleurlingsake in Windhoek soos volg woord ontvang [17]:

> At the beginning farms, 7 000 hectares in ex= tent, were given by the Raad to members of the Community. With the passage of time, however, the farms have been handed down from father to son with the result that today very few farmers in the Gebiet own farms of any size. One farm Karanas, 4,500 hectares in extent, is divided among its owners in such a way that each has about 100 hectares - another farm of 7 000 hec= tares is divided so that each owner has 30 hec= tares for his own use.

Hierdie gebruik het deur die jare bly voortbestaan. As in ag geneem word dat grond in die Gebiet grootliks vir die doel van veeboerdery aangewend word, dan is dit duidelik dat die grootte van 'n boer se plaas 'n baie belangrike faktor is om 'n goeie bestaan uit sy veeboerdery te verseker. Die onder= verdeling van grond wat dit soms vir 'n boer onmoontlik maak om sy veeboerdery winsgewend uit te brei, is een van die re= des waarom so 'n groot getal Basters elders werk om hul in= komste aan te vul. Andere gee totaal op om te probeer boer en verrig voltyds loonarbeid.

(5.2) <u>Behuising en Besitreg t.o.v. Behuising</u>

Soos reeds vermeld, word in die meeste groot sentra in die

Gebiet, al meer aan behuising bestee. Geriefliker en meer moderne wonings word opgerig.

Die meeste Basters bou hul eie huise, òf op die hoofdorp, òf op die plaas. Die meer vermoënde boere besit soms 'n dorps- sowel as 'n plaaswoning, en dit dien vermeld te word dat tot 'n paar jaar gelede was daar nog nie huislenings beskikbaar nie. Huiseienaars het op eie koste gebou.

Oor die algemeen is bevind dat dit die gebruik in die Gebiet is om huise uit bak- of sementsteen -- in daardie volgorde -- te bou. Uit die totale steekproef is slegs ses huishoudings gevind wat nog in sinkhuise woon. Een hiervan het ten tye van die ondersoek, reeds gedeeltelik hul halfgeboude, bak= steenhuis betrek. Die sinkhuisie, wat voorheen vir hulle as tydelike woning gedien het, was nog as kombuis en badkamer aangewend, terwyl dié geriewe nog nie voltooi was nie. Voorts het drie uit die ses huishoudings ook verklaar dat die sinkhuise slegs tydelike strukture was, aangesien hulle on= langs die erwe bekom het en nog nie finansieel gereed was om ordentlike, permanente wonings op te rig nie. By twee van hierdie gevalle was daar inderdaad aanduidings van voorberei= ding vir die bou van huise, bv. boumateriaal wat aangekoop en geberg is, of fondasies wat reeds gegrawe is. Slegs een hoof van 'n huishouding, 'n bejaarde man, het te kenne gegee dat hy nie eie grond besit nie en dat hy op ander mense se grond "sit" en dus maar in sy sinkhuis sal bly vir solank as hy nog mag lewe. Een uit die ses hoofde van huishoudings het erken dat hy weliswaar uit 'n vooraanstaande familie kom, en heel= wat van sy vader geërf het, maar "ek het alles uitgesuip". Aangesien hy in diens van 'n boer is, is aan hom 'n sinkhui= sie beskikbaar gestel. Hy het nie aspirasies, en beskik ook

nie oor die finansiële vermoë, om vir homself 'n meer perma=nente woning op te rig nie.

So ongeveer 6 jaar gelede het 'n besoeker uit Kaapstad opge=merk dat hy, tydens 'n kort besoek aan Rehoboth, die indruk gekry het dat die nasionale kleur van die Gebiet bruin moet wees, aangesien feitlik alle huise in die hoofdorp so 'n bruin klei-agtige kleur gehad het. Dit was blykbaar net ge=pleister en nie geverf nie. Hierdie toedrag van sake is vin=nig besig om 'n totale verandering te ondergaan.

Daar word ook op die hoofdorp op klein skaal voorsiening ge=maak vir staatshuise. Daar bestaan tans slegs agt staats=huise wat tot die beskikking van staatsamptenare gestel word. By monde van die landdros is verneem dat nie-burgers wat in diens van die staat werk, eerste voorkeur geniet om die huise te bewoon, siende dat hulle nie grond mag besit en hul eie wonings oprig nie.

Tydens die 1979/1980 boekjaar het die Rehoboth Regering ook elf huurkoop huise in Rehoboth opgerig, hoofsaaklik om pen=sioenarisse te huisves. Daar word 'n verdere uitbreiding be=oog.

Voorts het die regering ook twaalf woonstelle daargestel wat teen die minimale huur van R4.00 per maand aan enkel-persone in diens van die regering verhuur word. Hierdie woonstelle het in 'n baie groot en lankgevoelde behoefte voorsien en die aanvraag na meer woonstelle is groot.

(5.2) Roerende Eiendom

Die ondersoek het nie daarvoor voorsiening gemaak om

veegetalle vas te stel nie; dog dit dien vermeld te word dat die roerende eiendom van die Basters oor die algemeen karakoelskape, Rooi Afrikaner- en Herefordbeeste, bokke, perde, donkies en soms varke insluit.

## (6) Die Boerdery Bedryfspatroon

### (6.1) Inleiding

Veeboerdery, waarvan karakoelboerdery die belangrikste deel uitmaak, bepaal die huidige ekonomie van die Rehoboth Gebiet. De Klerk skryf soos volg oor die waarde van die veeboerdery [18]:

> Behalwe vir die waardevolle pels wat die kara=koel lewer, is hy ook 'n goeie slagskaap. Al=hoewel sy wol van minderwaardige gehalte is, is dit 'n bron van inkomste vir die Basterboer. Beesboerdery is grootliks toegespits op die produksie van vleis, terwyl bokke 'n belang=rike plek in die lewensbestaan van die Baster inneem omdat dit dien as bron van vleis en melk vir die Bastergesin.

Varke, donkies, en perde word ook op klein skaal aangehou. Varke word bemark, terwyl perde en donkies meestal vir eie gebruik op die plaas aangewend word.

### (6.2) Bemarking

Bemarking van lewende hawe kan op een van vier wyses geskied:

(a) Verkoop op die plaas

(b) Vendusie binne die Gebiet

(c) Vendusie buite die Gebiet

(d) Stuur na slagpale.

Die Afdeling Beplanning van die Suidwes-Afrika Administrasie het in 1978 'n ondersoek onderneem na die bemarkingsmetodes wat deur die Gebiet se boere gebruik word. Hul bevinding

word/ .........

word in die volgende tabel weergegee [19].

Tabel 15

Persentuele Verspreiding van Rehobothboere Volgens die Tipe van Veebemarkingsmetodes Gevolg

| Metode van Bemarking | Bedryfstak | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Skape | Beeste | Bokke | Varke |
| | % | % | % | % |
| Verkoop op Plaas | 92.45 | 57.76 | 94.90 | 66.66 |
| Vendusie in Rehoboth | 7.55 | 12.16 | 4.08 | - |
| Vendusie buite Reho= both | - | 1.35 | 1.02 | - |
| Stuur na Slagpale | - | 6.76 | - | 33.34 |
| Geen Bemarking | - | 24.97 | - | - |
| Totaal | 100.00 | 100.00 | 100.00 | 100.00 |

Die tabel toon dat die grootste persentasie van die boere hul vee op die plaas verkoop. Slegs beesboere maak van die ver= skillende bemarkingsmetodes gebruik.

Daar word redes aangedui waarom boere verkies om hul lewende hawe op die plaas van die hand te sit, nl.:

(a) Hulle is ver van markte

(b) Die spoorwegstasies is verafgeleë

(c) Die paaie is swak

(d) Daar is gevolglik hoë kostes verbonde aan bemark= ing

(e) Die markpryse is soms laag en dan is dit nie wins= gewend om te bemark nie.

Die bemarking van die karakoelpels, wat weens sy mark=

waarde/ ........

waarde die "swart diamant" van Suidwes-Afrika genoem word, word deur koöperatiewe organisasies in die gebied behartig en oorsese markte word hiervoor benut. Beamp=tes van die koöperasies koop die pelse op deur van plaas tot plaas te reis, en op dié wyse word die bemarkings=koste vir boere besnoei.

Die vernaamste mark vir die Gebiet se bees-, skaap- en bokvleis, is die Republiek van Suid-Afrika. Plaaslik word egter ook 'n mark gebied in die vorm van slaghuise, spekulante en individue wat slagvee aankoop. Die myn=dorpe, met hul duisende swart mynwerkers, het ook die laaste aantal jare 'n groot aanvraag na vleis meegebring. Veral beesvleis word teen 'n redelike wins langs hierdie weg van die hand gesit.

(6.3) Probleme deur Veeboere Ondervind

Die Gebiet se veeboerdery is hoogs afhanklik van die klimaat en veral die reënval, wat maar taamlik wissel=vallig kan wees. Wanneer die Gebiet met goeie reëns ge=seën word, floreer die veeboerdery en toon die Gebiet se ekonomie 'n merkwaardige opbloei. Wanneer die reën eg=ter wegbly en die Gebiet belewe een van sy langdurige droogtes, kan dit tot groot veeverliese lei. Dit bring lae inkomste mee, asook slegte skuld en afhanklikheid van staatsubsidies om vee te voer, of selfs voor die voet bemarking, om te voorkom dat almal opvrek.

Verskillende veesiektes kan ook tot groot verliese lei. Die voorkoming van en beheer oor veesiektes is dus baie belangrik. Daarom moet die boere kennis dra van die

tipes/ .........

tipes veesiektes wat mag voorkom, bv. bloednier, bloutong, lamsiekte en die gevreesde bek- en klouseer. Hulle moet ook oor genoegsame kennis beskik oor veemedisyne en doseermetodes. Die voorligting wat deur landboubeamptes gegee word, lewer 'n waardevolle bydrae om kennis oor veesiektes en medisyne oor te dra.

Oorbeweiding is ook een van die belangrikste probleme in die Gebiet. Omdat die grond d.m.v. die erfstelsel so versnipper word, word boere dikwels met klein lappies grond gelaat, waarop hulle 'n bestaan moet maak. Die drakrag van die grond word dan maklik oorskrei. Weiveld word vertrap en kosbare grond word deur erosie weggevoer. Die drastiese vermindering van veegetalle, die bewaring van weiveld deur te kamp en me= todes van grondbewaring is 'n paar wyses waarop die situasie gered kan word.

Verdere onvoordelige beweiding word ook teweeggebring deurdat "los weiding" aan ander boere verhuur word. Anders as in die geval van grondbesit, mag Blanke boere ook weiding huur in die Gebiet. Hierdie gebruik om weiding te verhuur mag lei tot 'n ongesonde konsentrasie van diere op die plaas, wat nie alleen die weiding nie, dog ook waterbronne uitput.

De Klerk onderskei ook die probleem van lae boerderyinkomste en sê die volgende hieroor [20)]:

> Die moontlike rede waarom daar min of meer kon= stante en lae bruto boerderyinkomste by die respondente in Rehoboth Gebiet voorkom, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle hul gronde, met enkele uitsonderings, geërf het, en nie deur eie inisiatief bekom het nie.

Die teendeel van hierdie feit kom ook voor en word mooi opge= som deur 'n staaltjie wat tydens die ondersoek aan een van

die/ ..........

die veldwerkers vertel is, deur 'n boer wat blykbaar self sy plaas gekoop en baie hard gewerk het, om dit winsgewend te maak. Hy het op 'n vraag van die veldwerker, waarom sekere plase so mooi bewerk en ander so swak ontwikkel is, opgemerk: "My buurman kon bekostig om sy plaas so te verfraai want hy het 'n klaargemaakte skoen by sy pa gekry, en moes slegs die riempies vastrek", wat natuurlik beteken dat die buurman sy plaas geërf het en dus sy kapitaal aan die ontwikkeling van die plek kon bestee.

De Klerk wys ook op die swak en verouderde boerderymetodes wat as een van die hoofredes waarom die inkomste uit boerdery relatief laag is, beskou kan word.

'n Gebrek aan kapitaal om beter teeldiere aan te koop en om verbeterings aan te bring, was as verdere remmende invloede op die boerderybedryf geïdentifiseer.

Met die totstandkoming van die teelstasie te Tsumis, is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die veeboerdery in die Gebiet bereik.

(6.4) <u>Tsumis Teelstasie</u>

Op aanbeveling van die Odendaal-kommissie, is die plaas Tsumis in 1969 deur die Suidwes-Afrika Administrasie van 'n Blanke boer gekoop. Die doel was om dit as teelstasie en voorlig= tingsentrum aan te wend. Die totale plaas was aanvanklik 28 000 hektare groot. Dele daarvan is afgesny en aan Baster= boere verkoop, sodat slegs 13 500 Ha. oorgebly het, wat vir die doel waarvoor dit aangekoop is, ontwikkel is.

Volgens persoonlike mededeling van 'n landboubeampte verbonde

aan die teelstasie, het hulle in die middel van 1980 oor die volgende stoet beskik: 1 200 karakoelskape, 700 veredelde boerbokke, en 300 Afrikanerbeeste. Hulle is ook besig met die teling van die Bonsmarabees wat hoofsaaklik 'n vleisras is.

Die diere wat op die stasie geteel word, word aan Basterboere teen staatstariewe verkoop. Die stasie funksioneer dus son= der winsbejag. Daar vind twee vendusies per jaar by die teelstasie plaas en daar heers groot belangstelling in die Gebiet in hierdie vendusies, soveelso dat alle diere wat op vendusie geplaas word, gewoonlik opgekoop word.

Verskeie kortkursusse vir boere word tans op gereelde basis by die teelstasie aangebied. Boere en hul vroue woon hierdie kursusse by en hulle verwerf sertifikate wanneer hulle dit suksesvol voltooi.

Kursusse wat minstens een keer per jaar aangebied word, is die weidingskursus, en die boerbokkursus. Twee keer per jaar word ook 'n kursus in karakoellambeskrywing en fotobeoorde= ling aangebied. 'n Gifskieterskursus word ook soms op aan= vraag deur die Afdeling Natuurbewaring aangebied, terwyl die karakoelkursus nog slegs by Neudam Proefplaas buite Windhoek aangebied word.

Die boereverenigings moedig veral hul lede aan om hierdie kursusse te volg sodat hulle die boerderybedryf meer winsge= wend kan aanwend.

Tydens die ondersoek is aan respondente gevra of iemand uit hul huishouding al 'n kursus oor boerderymetodes by die teel= plaas te Groot Tsumis bygewoon het. Daar was 62.8%

respondente/ ...

respondente aan wie die vraag nie gestel was nie, aangesien hulle nie boere was nie. Slegs 8.3% het gesê dat een van hulle reeds 'n kursus geloop het, terwyl 21.1% òf nie be= langgestel het nie, òf nog nie daaraan gedink het nie. Die orige 7.7% het te kenne gegee dat hulle dit wel beoog, maar nog nie sover gekom het nie.

Dit blyk dus dat die benutting van die teelstasie se kursusse nog veel te wense oorlaat. Diegene wat dit wel benut het, het groot lof daarvoor uitgespreek en ook gemeld dat hulle andere aanmoedig om daarvan gebruik te maak.

(6.5) Boerdery-uitgawes

Die boer begroot vir drie tipe uitgawes, nl.:

(a) Lopende Uitgawes
(b) Reparasies
(c) Kapitaaluitgawes.

(a) Onder lopende uitgawes ressorteer brandstof, voer, medisyne en dipstowwe, asook die betaling van werksmense. Dit blyk dat brandstof die hoogste uitgawe meebring.

(b) Reparasies. Dit sluit in herstelwerk aan bakkies, vragmotors, krale, windpompe, damme, en krippe. Dit blyk dat die boer se hoogste reparasie-uitgawe deur sy voertuie teweeggebring word. 'n Feit wat nie vreemd is in die lig van die swak plaaspaaie nie.

(c) Kapitaaluitgawes. Hieronder ressorteer die aan= koop van diere, voertuie, implemente, en bou- en omheiningsmateriaal, asook die arbeid wat met die

bou- en omheiningswerke gepaard gaan.

(6.6) <u>Finansiële Hulp</u>

Die Rehoboth Beleggings- en Ontwikkelingskorporasie Beperk staan lenings aan Basterboere toe om grond en vee aan te koop, omheinings en watervoorsieninginstallasies te maak, boerdery=skuld af te los, asook om grondopmetings te doen.

Die 1977-78 jaarverslag van R.E.K.O.R., het die volgende ter=myne en rentekoerse aangedui soos dit t.o.v. die verskillende lenings geld [21]:

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>Termyne</u>: | Grondaankope | - | 35 jaar |
| | Alle ander lenings | - | 20 jaar |
| <u>Rentekoerse</u>: | Grondaankope | - | 4% |
| | Alle ander lenings | - | 3½% |

Volgens inligting verkry uit verskillende jaarverslae is daar jaarliks 'n toename in die aantal aansoeke om boerderylenings van R.E.K.O.R., wat daarop dui dat al meer boere begin om hul plase te ontwikkel en so hul inkomste en die waarde van hul grond te verhoog.

——ooOoo——

Verwysings/ ....

# VERWYSINGS

1. Van der Burgh, C.: The Integration of a Group of Indian Blind Persons into Sighted Society: A socio= logical appraisal. Pretoria, University of South Africa, 1977 (unpublished M.A. disserta= tion). p. 110

2. Grossman, G.: Economic Systems. Prentice-Hall. Foun= dations of Modern Economics Series. New Jer= sey, 1967. p. 2.

3. Inkeles, A. & Smith, D.H.: Becoming Modern. Individual Change in Six Developing Countries. Heineman Educational Books. London, 1974. p. 16.

4. Departement van Statistiek. Classified List of Codes and Occupations. (Ongepubliseerde Handleiding). Pretoria. pp. 3-5.

5. Lötter, J.M., Strydom, H.G., Schurink, W.J. et.al.: Eersterus: 'n Sosiologiese Studie van 'n Kleurlinggemeenskap. Instituut vir Sosiolo= giese en kriminologiese Navorsing. Pretoria, 1979. S.A.R.G.N. p. 62.

6. Inkeles & Smith: Op. cit. p. 15.

7. Van Rooyen, I. (Red.): S.W.A./Namibië-Inligtingsdiens. S.W.A./Namibië Vandag. Windhoek, 1980. p. 50.

8. Ibid.: p. 45.

9. Ibid.: p. 76.

10. Suidwes-Afrika Administrasie, Afdeling Beplanning: Reho= both Gebiet Beplanning Inligtingsverslag. Mei 1978. p. 54. (Ongepubliseerd).

11. 'n Publikasie van die Buro vir Ekonomiese Navorsing in= sake Bantoe-Ontwikkeling. Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika. Perskor Drukkery, Johannes= burg, 1976. p. 89.

12./ ...........

12. Van Rooyen: Op. Cit. p. 65.

13. De Klerk, C.H.: *Karakoelboerdery in Rehoboth Gebiet*. Ongepubliseerde tesis. Universiteit van Pre= toria, 1967. p. 38.

14. Suidwes-Afrika Administrasie: Op. cit. p. 13.

15. Departement van Statistiek: *Suidwes-Afrika, Geografie= se Verspreiding van die Bevolking*. Verslag Nr. 64. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1971. p. 10.

16. Ferreira, A.J. & Loubser, M.: *Die Sosio-ekonomiese Struktuur van Gesinsverhoudings in Rehoboth Gebiet*. Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Januarie 1976. p. 15.

17. De Klerk: Op. cit. p. 54.

18. Ibid.: p. 3.

19. Suidwes-Afrika Administrasie: Op. cit. p. 37.

20. De Klerk: Op. cit. p. 25.

21. Rehoboth Ontwikkelingskorporasie. 7de Jaarverslag, 1977-1978. p. 2.

——ooOoo——

# HOOFSTUK 4

## KENMERKE VAN DIE HUISHOUDELIKE LEWE VAN DIE REHOBOTH BASTERS

Soos reeds in die eerste hoofstuk beskryf, word die Reho= both Gebiet hoofsaaklik deur 'n bevolkingsgroep bewoon wat hulself met trots Basters noem. Die Basters is van gemeng= de herkoms en hul taal is oorwegend Afrikaans. Oor hul leefwyse in die algemeen skryf De Klerk in 'n tesis oor die karakoelboerdery in die Gebiet dat hulle 'n Westerse leef= wyse handhaaf. Oor hul voorkoms vertaal Helm (1979) 'n stelling van Eugen Fischer, wie se werk Die Rehobother Bas= tards in 1913 gepubliseer is, soos volg: "a wide range from almost European to almost Hottentot, the somatic fea= tures showing a bewildering cross-combination of the two main original types". 1)

In hierdie hoofstuk word daar gelet op sekere kenmerke van die huishoudelike lewe van die Rehoboth Basters en wel on= der die volgende afdelings:

1. Besittings en Geriewe
2. Gewoontes en Gebruike
3. Houdings en Menings.

Die informasie word in die vorm van tabelle weergee, wat dan kortliks bespreek word.

### 1. BESITTINGS EN GERIEWE

Onder hierdie afdeling was die fokus op die volgende veran= derlikes gerig, nl.:

(a)/ ........

(a) tipe en aantal vertrekke per woning

(b) fasiliteite in wonings aangebring

(c) bron van lig

(d) bron van krag vir kookdoeleindes

(e) besitreg van huishoudings

(f) telefoongeriewe

(g) voertuie.

Tabel 16

Klassifikasie van Wonings volgens die Tipe en Aantal Vertrekke per Woning

| Tipe Vertrek | Aantal Vertrekke | | | | | Alle Wonings |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 % | 1 % | 2 % | 3 % | 4 % | % |
| Slaapkamer | - | 10.3 | 45.5 | 34.6 | 9.6 | 100.0 |
| Binne Toilet | 43.6 | 55.1 | 1.3 | - | - | 100.0 |
| Buite Toilet | 12.9 | 54.5 | 2.6 | - | - | 100.0 |
| Binne Badkamer | 36.5 | 63.5 | - | - | - | 100.0 |
| Kombuis | 2.6 | 97.4 | - | - | - | 100.0 |
| Eetkamer | 72.4 | 27.6 | - | - | - | 100.0 |
| Sitkamer | 62.8 | 37.2 | - | - | - | 100.0 |
| Sit/eetkamer | 41.7 | 58.3 | - | - | - | 100.0 |

Die ongeveer 10% van huishoudings wat volgens die tabel in vier-slaapkamerhuise woon, was gewoonlik gevalle waar die huis aangebou was soos die gesinsbehoeftes gegroei het. As gevolg hiervan word veral op plase opstalle aangetref wat onbeplan en sonder verbeelding opgerig is. Dit voorsien nietemin in die behoeftes van die betrokke gesinne.

Badkamers kom die afgelope jare meer en meer voor (byna twee-derdes van huisgesinne besit een). Ons vind ook dat meer as die helfte van die huisgesinne oor minstens een spoeltoilet beskik. Buite-toilette word egter steeds baie

gebruik. Sommige huishoudings beskik oor beide binne- en buite-toilette. Die nagwa, wat veral in die hoofdorp en sekere ander sentrums die buite-toilette reinig, is geen vreemde gesig nie. Buite-badkamers het feitlik totaal in onbruik verval. Slegs 'n skamele 5.1% is nog aangetref. Byna 'n derde (30%) van die huishoudings beskik egter oor geen badmaker nie. Daar word van sinkbaddens en wasskot= tels gebruik gemaak en die slaapkamer vervul dan die funk= sies van 'n badkamer.

Byna alle huisgesinne (97.4%) het oor kombuisgeriewe be= skik, waarvan sommige baie modern en luuks toegerus was. Vier gevalle is egter aangetref waar daar in die sit/eet= vertrek op 'n gas-of elektriese stofie gekook word.

Slegs 'n bietjie meer as 'n derde (37.2%) van wonings het oor aparte sitkamers beskik; meer as die helfte (58.3%) het een vertrek as sit/eetkamer ingerig. Hierdie vertrek= ke is, soos uit die ondersoek geblyk het, vir meer doele aangewend, nl. leerlinge het daar studeer of dit was saans as slaapplekkie ingerig. Op plase word die "voorhuis" (d.w.s. die sit/eetkamer) ook vir eredienste en begrafnis= redes gebruik wanneer die naaste kerkgebou te ver is. Die gerief wat 'n doeltreffende woonvertrek bied word dikwels onderskat. Byvoorbeeld in behuisingskemas in stedelike ge= biede word bevind dat sit- en eetkamers as "onvoordelige bewoning" beskou word. Bewyse is al gevind dat, as 'n ge= sin so 'n gerief in hul huurhuis sou instel, die gesin selfs na 'n kleiner huis oorgeplaas word.

### 1.1 Menings t.o.v. Oorbewoning

Soos reeds vermeld, is dit bevind dat huishoudings nie

buitensporig/ ...

buitensporig groot is nie, en dit is dus nie verbasend dat 79.5% respondente gemeen het dat hul huise nie oorbewoon is nie. Wat egter wel opgeval het tydens die ondersoek, is dat daar ook van sit- en eetkamers as slaapvertrekke ge= bruik gemaak is. So 'n situasie sou wel as oorbewoning be= skou kon word, siende dat dit beweegruimte beperk en gebrek aan privaatheid meebring.

Daar is probeer om die respondente se siening te toets t.o.v. die voorsiening wat gemaak behoort te word om kin= ders van verskillende geslagte apart te akkommodeer. Die vraag wat aan die respondente gestel was, was soos volg ge= formuleer: Gebeur dit tans dat, weens gebrek aan slaap= ruimte, 'n persoon wat 10 jaar of ouer is, 'n slaapkamer deel met enige persoon van die teenoorgestelde geslag wat ook ouer as 10 jaar is (egpare uitgesonder)? Die antwoord moet gekwalifiseer word deur aan te dui hoeveel persone by dié reëling betrokke is.

Volgens Tabel 16 beskik die hoogste persentasie wonings (45.5%) oor twee slaapkamers, gevolg deur drie-slaapkamer= wonings wat 34.6% verteenwoordig. Tabel 9 toon dat die mediaan vir huisgesinsgrootte 6 is en die gemiddelde om= trent dieselfde.

Slegs 9.0% van die huishoudings het aangedui dat hulle nie aparte slaapgeriewe vir die twee geslagte kon voorsien nie. In 8 uit die 14 gevalle waar kinders van 10 jaar en ouer uit beide geslagte 'n kamer gedeel het, was slegs 2 persone permanent deur die reëling geraak en in die orige 6 gevalle het dit slegs plaasgevind gedurende skoolvakansies, wanneer alle kinders tuis is. Dit het nietemin die veldwerkers

opgeval/ ......

opgeval dat die respondente soms, wanneer hierdie vraag ge= stel was, spontaan verduidelik het dat hulle die ongewenst= heid van so 'n reëling insien en dat hulle graag die situa= sie sou wou verander, indien hulle oor die fondse sou be= skik.

### 1.2 Fasiliteite in Wonings

Onderstaande tabel toon 'n nou verband met die vorige, siende dat toilette en badkamers weer as geriewe of fasili= teite ter sprake kom. Elektrisiteit en lopende water word ook as belangrike fasiliteite toegevoeg.

Tabel 17

Klassifikasie van Wonings volgens Sekere Fasiliteite

| Fasiliteite | Aantal Wonings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Net elektrisiteit | 1 | 0.6 |
| Net lopende water | 10 | 6.4 |
| Elektrisiteit en lopende water | 6 | 3.8 |
| Elektrisiteit en spoeltoilet | 46 | 29.5 |
| Lopende water en spoeltoilet | 36 | 23.1 |
| Geen fasiliteite | 57 | 36.5 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Daar behoort in gedagte gehou te word dat 'n klein minder= heid van respondente (slegs 17.3%) in huurhuise woon (d.i. waar die hoof van die huishouding nie vir die aanlê van geriewe verantwoordelik is nie). Die meeste respondente (64.7%) bewoon hul eie huise en 7.7% geniet vrye inwoning, waar van die veronderstelling uitgegaan kan word dat hulle self

geriewe/ ......

geriewe behoort aan te bring. Dit bring dus mee dat enige fasiliteit wat aangebring word, slegs vir die spesifieke huishouding se gebruik aangewend word. Die kollektiewe ge= bruik van toilette en waterkrane, wat deur 'n plaaslike owerheid aangebring is, is feitlik 'n onbekende verskynsel.

Bostaande tabel toon dat meer as 'n derde (36.5%) van die huishoudings oor geeneen van die gemelde geriewe beskik nie. Finansiële onvermoë en mense se onvoldoende vlak van ontwikkeling moet as rede geïdentifiseer word. Toe aan respondente gevra is watter veranderings hulle sou aanbring indien hulle die finansies kon bekom, was die meeste reak= sies dat daar elektrisiteit, lopende water, 'n slaapkamer of toilet, aangebring sou word. Haas die helfte (40%) was meer ambisieus en het gevoel dat hulle 'n totaal nuwe huis met moderne geriewe sou wou oprig. Dit dui dus daarop dat die mense nie heeltemal geneë is met hul lewensomstandig= hede nie, en aspirasies vir 'n beter bestaan koester.

## 1.3 Bron van Lig

Onderstaande tabel dui daarop dat byna die helfte van huis= gesinne nog olielampe gebruik om lig te verskaf. Elektri= siteit is egter vinnig besig om veld te wen, en die kers het feitlik totaal in onbruik verval. Die kragprojek, wat deur S.W.A.W.E.K. in die hoofdorp aangepak is, het dit vir baie inwoners van Rehoboth moontlik gemaak om elektrisiteit te laat aanlê. Op meer afgeleë plekke word al meer van kragopwekkers gebruik gemaak om lig te verskaf.

Tabel/ ......

Tabel 18

Klassifikasie van Wonings volgens die Bron van Lig

| Bron van lig | Aantal Wonings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Elektrisiteit | 53 | 34.0 |
| Olie | 74 | 47.4 |
| Kerse | 1 | 0.6 |
| Gas | 3 | 1.9 |
| Kerse en olie | 13 | 8.3 |
| Gas en olie | 12 | 7.7 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Dus kan die plattelandse Gebiet in hierdie opsig gunstig vergelyk word met bv. 'n swart woonbuurt soos Guguletu in Kaapstad, wat wel 'n stedelike gebied is, maar waar geen elektrisiteit nog verskaf word nie.

## 1.4 Bron van Krag vir Kookdoeleindes

Die tradisionele houtstoof bly die staatmaker vir voedsel=voorbereiding. Daar word egter al meer van die kombina=sies van hout en elektrisiteit of hout en gas gebruik ge=maak, want soos wat die mense se lewenspas versnel, ver=groot die behoefte aan die gebruik van moderner en vinniger metodes. Dit blyk dat die gebruik van die vuurherd, ('n oop vuur waarop voedsel in swart drie-been potte voorberei word) in onbruik verval het. Die herd en drie-been pot word wel nog op sommige plase aangewend om seep te kook, afval te krap, en vir varke en honde kos te kook.

Tabel/ ......

Tabel 19

Klassifikasie van Wonings volgens die Bron van Krag vir Kookdoeleindes

| Bron van Krag | Aantal Wonings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Elektrisiteit | 23 | 14.7 |
| Gas | 16 | 10.3 |
| Hout | 62 | 39.7 |
| Enige kombinasie | 55 | 35.3 |
| Olie | - | - |
| Vuurherd | - | - |
| Totaal | 156 | 100.0 |

## 1.5 Besitreg van Huishoudings

Tabel 20 dui aan dat byna twee-derdes van die respondente hul eie huise bewoon.

Tabel 20

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Besitreg van die Hoof

| Besitreg | Aantal Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Huur | 27 | 17.3 |
| Huurkoop | 5 | 3.2 |
| Eiendom | 101 | 64.7 |
| Boedelhuis | 11 | 7.1 |
| Vrye inwoning | 12 | 7.1 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Twee hoofredes kan vir die hoë persentasie van eiebesit genoem word. Eerstens is baie van die Basters grondeie= naars, selfs al is dit 'n klein deeltjie van 'n familie=

plaas/ ......

plaas. Huise kan dus teen redelik lae koste opgerig word, want die planne hoef nie nog aan vereistes van een of ander owerheid te voldoen nie. Die huis word dan volgens die ba= siese behoeftes van die gesin en die finansiële vermoë van die eienaar opgerig. Tweedens word, soos reeds in 'n vori= ge hoofstuk vermeld, vry huiserwe in die dorp aan manlike burgers beskikbaar gestel sodra hulle die ouderdom van 18 jaar bereik en hul kopbelasting betaal het. Op hierdie wy= se word die koste verbonde aan die koop van grond ook weer uitgeskakel en kan die beskikbare finansies vir die oprig= ting van die woning aangewend word.

Die "boedelhuis", waarvan in die ondersoek melding gemaak word, verwys na 'n huis wat deur 'n ouer aan sy of haar kin= ders gesamentlik nagelaat is. Soms word so 'n huis deur een kind uitgekoop, dog dit gebeur meer dikwels dat die huis geslagte lank in die familie bly. Daar is dan altyd een of meer gesinne wat dit benut en in stand hou -- nooit sonder misverstande en familietwis nie.

Die persone wat vrye inwoning geniet, bewoon òf die huis as deel van verdienste, òf as bywoner. Een geval is ook aan= getref waar 'n huis vry bewoon word met dien verstande dat die huishouding die plek sal oppas en in stand hou in die eienaar se afwesigheid.

Wat huurkoop betref, het die Rehoboth Regering maar pas be= gin om 'n skema vir dié doel op te rig. Die eerste 12 huurkoophuise wat in die hoofdorp opgerig is, is reeds be= set. Dit blyk dus dat dit 'n fasiliteit is wat deur die mense benut sal word.

1.6/ ........

## 1.6 Telefoongeriewe

Die telefoon word allerweë as een van die mees belangrike kommuniasie-media beskou. Dit verseker onmiddellike kon= tak met ander mense ongeag hoe afgeleë 'n mens jou mag be= vind.

Die studie het aan die lig gebring dat die mense in die Ge= biet ál meer telefoongeriewe gebruik en so word groter in= tegrasie met die gemeenskap moontlik gemaak. Een respon= dent op 'n afgeleë plaas het vertel hoedat hulle in die verlede gereeld moes perd opsaal of kar inspan om die ge= ringste boodskap na die buurman te neem, òf om te gaan hoor hoeveel reën die buurman gekry het, òf om siekte of doods= tydings weg te neem. Vandag gons die telefoon na elke reënbuitjie of elke keer as die behoefte ontstaan om met bure, familie, of vriende in verbinding te tree. Hy voeg egter lakoniek by: "Maar die ding kan ook 'n onding wees, want hy kos baie geld en 'n mens het darem behoefte om jou mense in die oë te kyk en nie net hul stemme oor die draad te hoor nie". Meer respondente het met hierdie siening saamgestem en die algemene gevoel was dat die toenemende benutting van die telefoon weinig invloed gehad het op die gebruik om familie en vriende te besoek.

Die verspreiding van telefoongeriewe onder huishoudings word in Tabel 21 weergee.

Tabel/ ......

Tabel 21

Klassifikasie van Huishoudings volgens Beskikbare Telefoongeriewe

| Geriewe Beskikbaar | Aantal Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Selfhuurders | 57 | 36.6 |
| Openbare telefoon | 22 | 14.1 |
| Bure se telefoon | 40 | 25.6 |
| Geen | 37 | 24.7 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die noodsaaklikheid van 'n telefoondiens kon nietemin nie deur die respondente genoeg beklemtoon word nie. Die re=des wat hulle aangegee het waarvoor hulle die telefoon be=nodig het, was o.a. kontak met vriende en familie, dokter inroep en bestellings plaas by die slaghuis, winkel, of apteek. In die verlede was die gebruik om siek mense van heinde en ver na die hoofdorp te bring om mediese behande=ling te kry, en inkopies is deur lede van die huishouding ter plaatse gaan doen. Die gemak van tuis bly en 'n dokter inroep, of bestellings plaas wat afgelewer moet word, is stedelike gebruike wat al meer posvat, en deur al meer men=se bedryf word. Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat mense se finansiële posisies verbeter het; dog dis ook 'n gevolg van meer integrasie met mense buite die Gebiet wat weer verligte en moderne sienswyses teweeg bring. Slegs 'n kwart van die huisgesinne het oor geen telefoongeriewe beskik nie.

## 1.7 Tipe en Aantal Beskikbare Voertuie

Soos onderstaande tabel aandui, is daar nie 'n gebrek aan

voertuie/ ...

voertuie nie en huishoudings is dus oor die algemeen rede=lik mobiel. Selfs die perde- en donkiekar, hoewel in die minderheid, word nog veral op die plase gebruik. Die ge=bruik van motor- en trapfietse word bemoeilik deur die aard van die gruis en sandpaaie.

Tabel 22

Klassifikasie van Huishoudings volgens Tipe en Aantal Voertuie in hul Besit

| Tipe Voertuig | Aantal Voertuie | | | | Alle Huishoudings | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | | 1 | | 2 | | 3 | | | |
| | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % |
| Motors | 90 | 57.7 | 61 | 39.1 | 4 | 2.6 | 1 | 0.6 | 156 | 100.0 |
| Bakkies | 82 | 52.6 | 68 | 43.6 | 5 | 3.2 | 1 | 0.6 | 156 | 100.0 |
| Perdekarre | 149 | 95.5 | 7 | 4.5 | - | - | - | - | 156 | 100.0 |
| Donkiekarre | 142 | 91.0 | 14 | 9.0 | - | - | - | - | 156 | 100.0 |
| Motorfietse | 154 | 98.7 | 2 | 1.3 | - | - | - | - | 156 | 100.0 |
| Trapfietse | 129 | 82.7 | 18 | 11.5 | 8 | 5.2 | 1 | 0.6 | 156 | 100.0 |

Die plaasboere is uit die aard van die saak meer op bakkies aangewese, maar sommige Basters besit van die mees moderne motors op die mark. Hoewel daar nie in die ondersoek voor=siening gemaak is om die besit van woonwaens vas te stel nie, het die ondersoeker waargeneem dat etlike mense ook woonwaens aanskaf, wat vir kampeerdoeleindes gebruik word.

## 2. GEWOONTES EN GEBRUIKE

In hierdie afdeling is vier kategorieë ondersoek om vas te stel wat die algemene gewoontes en gebruike van Baster-gesinne is, nl.

(a) gesinsmobiliteit

(b) radio-luister en leesgewoontes

(c)/ ........

(c) opvoedkundige kwalifikasies en opvoedingsbewust=heid

(d) kulturele betrokkenheid.

## 2.1 Gesinsmobiliteit

In hierdie kategorie is aan die volgende veranderlikes aan=dag geskenk:

(a) aantal verhuisings die afgelope 10 jaar

(b) redes vir verhuising.

Tabel 23

Klassifikasie van Huishoudings wat in die Afgelope 10 jaar Verhuis het

| Aantal Verhuisings | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| 0 | 97 | 62.2 |
| 1 | 44 | 28.2 |
| 2 | 9 | 5.7 |
| 3+ | 6 | 3.9 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die tabel dui 'n groot mate van stabiliteit in die gemeen=skap aan. Stabiliteit is normaalweg 'n landelike eerder as 'n stedelike eienskap.

In die stedelike gebiede in Suid-Afrika kom 'n rasse-faktor by verskuiwings ter sprake. Blanke gesinne het groter vry=heid ten opsigte van die keuse van hul woonplek en daar be=staan ook nie die knellende behuisingsnood by die Blanke bevolkingsgroep nie. Die grootste persentasie huisbesit=ters word egter onder dié bevolkingsgroep aangetref wat mag

meebring/ ....

meebring dat hulle selfs in die stede minder mobiel is.

Die swart bevolkingsgroepe is onderhewig aan 'n sosio-ekonomiese bestel wat teweeg bring dat daar grotendeels in huise gewoon word wat deur die Staat of ander openbare instansies opgerig is. Nogtans heers daar 'n groot agter=stand in die voorsiening van behuising en mense is genoop om as onwettige inwoners in behuisingskemas tuis te gaan of tydelik te plak. Origens het die implementering van die Groepsgebiedewet ook bygedra tot grootskaalse ontworteling en rondtrekkery in die stede. Die Gebiet se mense se ken=nis ten opsigte van die Groepsgebiedewet, onwettige inwo=ners en uitsetting, is beperk tot dit wat hulle in nuus=blaaie lees. Die oorgrote meerderheid is grondbesitters, selfs al besit hulle 'n klein deeltjie van 'n familieplaas, of 'n erf op een van die groter sentra, en dit, tesame met hul bodemvastheid, bring 'n groot mate van stabiliteit mee, soos in tabel 23 gereflekteer word. Dat daar wel soms re=des vir verhuising ontstaan, word in die volgende tabel aangegee.

Tabel 24

Klassifikasie van Huishoudings volgens Redes vir Verhuising

| Redes | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Eie grond gekoop | 97 | 62.2 |
| Agter werk aan | 12 | 7.7 |
| Agter weiveld aan | 30 | 19.2 |
| Ander redes | 2 | 1.3 |
| N.v.t. | 15 | 9.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Byna/ .......

Byna twee-derdes van die verhuisings wat plaasgevind het, was omdat eie grond aangekoop is. Dit suggereer welvarend=heid. Ander redes wat aangevoer was, was dat die hoof van die huishouding te oud geword het om die boerdery te behar=tig en dus dorp toe verhuis het om sy oudag daar naby die kerk, winkels en dokters te sluit, of omdat die kinders moes hoërskool toe gaan en die ouers dorp toe verhuis het sodat die kinders uit die huis kon skool bywoon.

## 2.2 Radio-luister en Leesgewoontes

Hier is gelet op aspekte soos

(a) radio-luistergewoontes

(b) koerantleesgewoontes

(c) algemene leesgewoontes (koerant uitgesluit)

(d) tipe leesstof verkies

(e) benutting van biblioteekdienste

Tabel 25

Klassifikasie van Huishoudings volgens Radio-luister=gewoontes van Volwassenes en Kinders

| Radio-luister | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Volwassenes | | Kinders | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Baie gereeld | 116 | 74.4 | 80 | 51.3 |
| Taamlik gereeld | 19 | 12.2 | 17 | 10.9 |
| Af en toe | 4 | 2.6 | 20 | 12.8 |
| Weinig | - | - | 5 | 3.2 |
| Nooit | 17 | 10.8 | 34 | 21.8 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Uit die ondersoek het geblyk dat 65.4% huishoudings een radiotoestel besit, terwyl 25.0% oor 2 of meer toestelle

beskik. Daar was egter weinig sprake van selektiewe luis=tergewoontes. Die draadloos word meestal op Springbokradio of op die Afrikaanse stasie gestel en dit bly die heeldag aan sonder dat iemand op die luister van spesifieke pro=gramme ingestel is. Die enigste programme wat wel uitge=sonder is deur die gereelde luisteraars is die nuus, ere=dienste, "Top Twenty", die Afrikaanse verhale op Springbok=radio, en versoekprogramme. Daar was ook 'n paar respon=dente wat na Monitor en na Engelse programme luister, asook kinders wat na kinderprogramme luister.

Tydens die ondersoek kon diegene wat gereeld na die nuus luister geëien word aan hul goeie kennis van die sake van die dag. Vir menige bejaardes, bedlêendes, en eensames was hul draadlose as hul enigste sekuriteit teen algehele iso=lasie en vereensaming gesien. Tydens 'n onderhoud met 'n blinde respondent is daarop gelet dat hy oor 'n besondere taalvaardigheid beskik en ook met 'n gemoduleerde stemtoon praat soos iemand wat taal- en spraakonderrig ontvang het. Toe die ondersoeker hom daarop attent maak, het hy gesê dat hy wel 'n paar jaar lank aan die Athlone Skool vir Blindes in Bellville studeer het; dog sy draadloos is sy grootste leermeester. Hy bring feitlik elke uur van sy bestaan voor die draadloos deur, aangesien daar nie vir hom werks=geleenthede beskikbaar is nie.

Tabel 26

Klassifikasie van Huisgesinne volgens Koerant-leesgewoontes van Volwassenes en Kinders

| Koerantlees | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Volwassenes | | Kinders | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Baie gereeld | 77 | 49.4 | 54 | 34.6 |
| Taamlik gereeld | 35 | 22.4 | 32 | 20.5 |
| Af en toe | 23 | 14.7 | 19 | 12.2 |
| Weinig | 5 | 3.2 | 2 | 1.3 |
| Nooit | 16 | 10.3 | 49 | 31.4 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

'n Aansienlike deel van die gemeenskap lees koerant, hoewel dit wissel van baie gereeld na weinig.

Sommige van die nielesende respondente het te kenne gegee dat hulle wel die belangrikste nuus by die lesende publiek verneem. Uit die 31.4% kinders wat nie lees nie, was 'n groot deel voorskoolse kinders of laerskoolkinders wat nog nie tot die koerantlees-stadium gevorder het nie.

Die koerante wat mees algemeen gelees word is die Suidwes=ter, die Republikein, die Burger en Rapport. Engelse koe=rante soos The Star en The Argus en The Cape Times het 'n klein leserstal, terwyl slegs een respondent aangedui het dat sy gereeld die Duitse blad, Algemeine Zeitung, lees.

Tabel/ ......

Tabel 27

Klassifikasie van Huishoudings volgens Algemene Leesgewoontes (Koerante Uitgesluit)

| Frekwensie van Lees | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Volwassenes | | Kinders | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Elke dag | 52 | 33.3 | 42 | 26.9 |
| Gereeld | 60 | 38.5 | 60 | 38.5 |
| Soms | 21 | 13.5 | 12 | 7.7 |
| Selde | 7 | 4.5 | 5 | 3.2 |
| Nooit | 16 | 10.2 | 37 | 23.7 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Dit blyk uit Tabel 27 dat die hoogste persentasie volwasse= nes (38.5%) gereeld lees en byna dieselfde aantal (33.3%) lees elke dag. Die gedeelte wat nooit lees nie is laag (10.3%) in vergelyking met die lesers, daar voorsiening ge= maak moet word vir die ongeletterdes.

Dit is interessant dat die persentasie kinders wat gereeld lees ooreenstem met die gereelde volwasse lesers, nl. 38.5%. Ook die elke-dag-lesers, 26.9%, lê naby aan die volwasse persentasie vir dié kategorie. Daar kan dus miskien afge= lei word dat volwassenes in 'n huishouding die voorbeeld stel en die nodige motivering verskaf om by kinders 'n voorliefde vir lees aan te kweek. Die gebruik van die ge= skrewe woord is ook 'n aanduiding van 'n mens se vlak van ontwikkeling.

Tabel/ ......

Tabel 28

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Tipe Leesstof wat hulle Lees

| Tipe Leesstof | Aantal Huishoudings | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Volwassenes % | | | Kinders % | | |
| | Ja | Nee | Totaal | Ja | Nee | Totaal |
| Koerante | 87.8 | 12.2 | 100.0 | 64.7 | 35.3 | 100.0 |
| Tydskrifte | 74.4 | 25.6 | 100.0 | 64.1 | 35.9 | 100.0 |
| Strokiesprente | 44.2 | 55.8 | 100.0 | 67.9 | 32.1 | 100.0 |
| Romans | 48.7 | 51.3 | 100.0 | 33.3 | 66.7 | 100.0 |
| Biografieë | 3.2 | 96.8 | 100.0 | 3.8 | 96.2 | 100.0 |
| Geskiedenis | 10.5 | 79.5 | 100.0 | 15.4 | 84.6 | 100.0 |
| Godsdiens | 76.9 | 23.1 | 100.0 | 41.0 | 59.0 | 100.0 |
| Ander | 4.5 | 95.5 | 100.0 | 8.3 | 91.7 | 100.0 |

Dit gebeur egter dat mense gereeld lees, soos in tabel 27 aangedui, dog dat die leesstof wat gebruik word van min op=voedkundige waarde is.

Die vraelys het na voorkeure vir die tipe van leesstof ver=neem, en is daar gevind dat koerante deur 'n oorweldigende meerderheid volwassenes (87.8%) en kinders (64.7%) gelees word. Ander tipes leesstof wat gewild was was o.a. tyd=skrifte soos Living and Loving, Rooi Rose, Landbou Weekblad en Sarie, strokiesprente, wat veral by die kinders 'n hoë lesing getoon het (67.9%), en romans. Godsdienstige lees=stof was die hoogste op die rangordelys, met 76.9% volwasse lesers en 41.0% kinderlesers. Geskiedkundige literatuur en biografieë het 'n lae leserspubliek aangedui, en dit was opvallend dat slegs persone met professionele status of studente van hierdie leesstof gebruik gemaak het.

Dit dien daarop gelet te word dat mense se leesgewoontes

ook/ ........

ook beïnvloed word deur dit wat beskikbaar en geredelik be= kombaar is. Die hoofdorp beskik oor 'n boekwinkel wat goed benut word. Hier kom egter 'n finansiële faktor ter spra= ke, terwyl die beskikbaarheid van 'n biblioteek ook lees= stof kan verskaf aan diegene wat nie kan bekostig om dit aan te koop nie. Dit het uit die ondersoek geblyk dat baie ouers vir hul kinders stelle kinderensiklopedieë en ander opvoedkundige boeke koop en dat beide ouers en kind= ers dit benut. Die Readers Digest word ook taamlik alge= meen gelees, terwyl handleidings oor siekte en gesondheid, eerstehulp, kindersorg, en seksuele voorligting ook in ver= skeie huise aangetref is.

Tabel 29

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Benutting van Biblioteekdienste

| Benutting | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Volwassenes | | Kinders | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| N.v.t. | 17 | 10.9 | 34 | 21.8 |
| Baie gereeld | 4 | 2.6 | 18 | 11.5 |
| Taamlik gereeld | 5 | 3.2 | 17 | 10.9 |
| Af en toe | 8 | 5.1 | 26 | 16.7 |
| Selde | 1 | 0.6 | 1 | 0.6 |
| Nooit | 21 | 77.6 | 60 | 38.5 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Huishoudings is gevra om aan te dui hoe gereeld hulle van biblioteekdienste gebruik maak, en indien hulle dit nie be= nut nie, dan moes hulle aandui wat hul redes was. 'n Paar moontlike redes is gesuggereer waaruit hulle die toepaslike een of meer moes aandui.

Soos/ .......

Soos Tabel 29 aandui, het 77.6% volwassenes en 38.5% kinders gesê dat hulle nooit van 'n biblioteek gebruik maak nie. Die verskil tussen die twee is treffend, maar kan miskien toegeskryf word aan die feit dat die kinders slegs van 'n skoolbiblioteek gebruik maak terwyl volwassenes nie daar toegang sou hê nie. Uit die ondersoek het geblyk dat die paar volwassenes wat wel aan 'n biblioteek behoort, meestal studente is wat na Windhoek moet reis om van die stedelike biblioteekdienste gebruik te maak. Die redes wat aangegee was vir hierdie swak benutting van biblioteekdienste was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Geen biblioteek beskikbaar | - | 71.8% |
| Te besig | - | 1.3% |
| Stel nie belang nie | - | 8.3% |
| Moeilik bekombaar | - | 1.9% |

Hieruit kan afgelei word dat die behoefte aan biblioteke in die Gebiet sterk gevoel word en ook benut sal word, sou dit beskikbaar wees.

Die meeste skole het aangedui dat hulle klein en swak toegeruste biblioteekies probeer aan die gang hou en dat die leerlinge en studente die fasiliteit goed benut. Tydens die ondersoek is ook aan die respondente gevra om aan te dui watter fasiliteite in die Gebiet benodig word en 80% het 'n biblioteek as 'n noodsaaklike diens wat moet kom, aangedui.

## 2.3 Opvoedkundige Kwalifikasies en Opvoedingsbewustheid

In hierdie kategorie was die aandag op die volgende veranderlikes gefokus:

(a)/ ........

(a) die opvoedingskwalifikasies van ouers

(b) na-skoolse kwalifikasies van ouers

(c) hulp met skoolwerk

(d) ouers se kontak met die skool

(e) aard van kontak

(f) opvoedingsaspirasies vir kinders.

Tabel 30

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Opvoedingskwalifikasies van die Ouers

| Kwalifikasies | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Vaders | | Moeders | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Ongeletterd | 16 | 10.3 | 19 | 12.2 |
| Sub-standerds | 6 | 3.8 | 9 | 5.8 |
| St. 1 of 2 | 24 | 15.4 | 17 | 10.9 |
| St. 3 of 4 | 14 | 9.0 | 16 | 10.3 |
| St. 5 of 6 | 37 | 23.7 | 42 | 26.9 |
| St. 7 of 8 | 19 | 12.2 | 44 | 28.2 |
| St. 9 of 10 | 24 | 15.4 | 8 | 5.1 |
| Geen vader of moeder | 16 | 10.3 | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Ten einde die opvoedkundige status van ouers te ontleed, is 'n breë indeling van twee opvoedingskategorieë gemaak: skoolopleiding en na-skoolse opleiding. (Sien tabelle 30 en 31).

Volgens hierdie indeling is eerstens bevind dat 10.3% va= ders en 12.2% moeders ongeletterd is. Die ongeletterdes val deurgaans in die hoër ouderdomsgroep -- 50 jaar en ou= er. Volgens hul eie mededeling was die feit dat hul ouers elders in diens van Blanke boere was, en hulle dus nie na-

aan/ ........

aan 'n skool was nie, asook soms finansiële onvermoë ge=paardgaande met baie groot gesinne, die belangrikste redes waarom hulle nie kon skool bywoon nie. Wat hier opgeval het, was die byna desperate wyses waarop sommige persone wat nooit op skool was nie, gepoog het om minstens hul naam te leer teken of die A.B.C. onder die knie te kry so=dat hulle net die Bybel kon lees. (Die Bybel is dan ook nie die maklikste leesstof vir beginners nie.)

Hoewel die ongeletterde respondente sonder uitsondering van mening was dat hulle 'n bitter onreg belewe het om nie te leer lees en skryf nie, het hulle ook oor die algemeen ge=voel dat hulle baie lewenservaring opgedoen het en vol le=wens gelei het. Sommige respondente het selfs met hul eie situasie gespot en een het opgemerk: "Ek bly maar weg uit die groot stede, want ek sal net in die tronk beland omdat ek nooit op 'n deur sal kan lees of ek mag ingaan of nie".

Tabel 30 dui ook aan dat die hoogste persentasie (23.7%) vaders St. 5 of St. 6 behaal het terwyl die grootste aantal moeders weer meestal tussen St. 5 en St. 8 geslaag het. Wat egter opvallend is in die tabel, is dat 15.4% vaders teenoor slegs 5.1% moeders tot St. 9 of St. 10 gevorder het. Die studie het ook getoon dat hierdie mans in die jonger ouderdomsgroep val -- tussen 24 en 40 jaar oud -- blykbaar omdat daar reeds genoeg skole was, mense se le=wensomstandighede verbeter het en 'n groter opvoedingsbe=wustheid posgevat het.

Tabel/ ......

Tabel 31

Klassifikasie van Huishoudings volgens Na-Skoolse Kwalifikasies van Ouers

| Na-skoolse Kwalifikasies | Huishoudings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Vader | | Moeder | |
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Geen kwalifikasie | 123 | 78.8 | 140 | 89.8 |
| Kwalifikasie | 17 | 10.9 | 15 | 9.6 |
| Geen vader of moeder | 16 | 10.3 | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Volgens tabel 31 is daar slegs 'n onbeduidende verskil tus= sen die vaders en moeders met na-skoolse opleiding. Die persentasie wat wel na-skoolse opleiding ontvang het is eg= ter treffend laag, nl. 10.9% mans en 9.6% vroue. Hierdie na-skoolse opleiding is ook grootliks beperk tot onderwys, verpleging, tegniese opleiding en religieuse studies.

Tydens die ondersoek is egter vasgestel dat daar 'n al sterker wordende drang na opvoeding in die Gebiet heers en dat daar byna uit elke huisgesin een of meer volwassenes is wat tans aan 'n kollege of universiteit besig is om homself na matriek verder te bekwaam. Selfs onderwysers wat baie jare diens agter die rug het, neem studieverlof om 'n ek= stra jaar vir verdere opleiding te gaan. Daar is ook 'n paar studente aangetref wat deur die Universiteit van Suid-Afrika studeer. Op dié wyse is die Gebiet se mense besig om die opvoedkundige agterstand in te haal.

Die vraag was ook aan respondente gestel of daar kinders in die huis is wat nog nie die ouderdom van 18 jaar bereik het nie dog reeds die skool verlaat het. Slegs in 6.4%

huishoudings/ ...

huishoudings was daar een kind onder 18 jaar wat nie meer skoolgaan nie. Dit was deurgaans 'n gevolg van die kind se eie onwilligheid om verder skool te gaan en nie as gevolg van ouers se onvermoë of onwilligheid om hom die geleent= heid te bied nie. Hierdie onwilligheid van die paar jeug= diges om verder skool te gaan, is later in dieselfde studie weer teëgekom toe vasgestel is dat leeglêery onder jeugdi= ges tussen 16 en 18 jaar 'n groot probleem in die Gebiet is.

Tabel 32

Klassifikasie van Huishoudings volgens Tuishulp aan Kinders met Skoolwerk

| Frekwensie van Hulp Ontvang | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Gereeld | 49 | 31.5 |
| Soms | 25 | 16.0 |
| Weinig | 15 | 9.6 |
| Nooit | 27 | 17.3 |
| Geen skoolkinders | 40 | 25.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Slegs 17.3% respondente help nie hul kinders tuis met skoolwerk nie. Byna 'n derde help gereeld, terwyl in 'n kwart van die huisgesinne geen skoolkinders voorkom nie. Hier moet ook in ag geneem word dat baie ouers op plase woon terwyl hul kinders in die groter sentra loseer en daar skool bywoon. Hul ouers is dus selde gedurende skool= kwartale byderhand om hulp te verleen. Bostaande tabel dui dus in die algemeen op besliste belangstelling en hulp deur ouers met die kinders se skoolstudie. Hierdie belangstel= ling word beter bewys in die volgende tabel.

Tabel/ ......

Tabel 33

Klassifikasie van Huishoudings volgens Frekwensie van Ouers se Kontak met Skool

| Frekwensie van Kontak | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Gereeld | 79 | 50.7 |
| Af en toe | 27 | 17.3 |
| Baie Selde | 5 | 3.2 |
| Nooit | 5 | 3.2 |
| Geen skoolkinders | 40 | 25.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die baie groot mate van kontak wat ouers met die skool be= hou, word hier gereflekteer. Daar is vasgestel dat ouers soms baie ver reis om 'n vergadering of funksie by die skool by te woon of 'n probleem met die onderwyser uit te stryk.

Die volgende tabel dui die aard van kontak tussen skool en ouer aan.

Tabel 34

Klassifikasie van Huishoudings volgens Aard van Ouers se Kontak met Skool

| Aard van Kontak | Huishoudings | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | | Nee | | | |
| | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % |
| Skoolvergadering | 96 | 61.5 | 60 | 38.5 | 156 | 100.0 |
| Skoolkomitee | 46 | 29.5 | 110 | 70.5 | 156 | 100.0 |
| Funksie | 84 | 53.8 | 72 | 46.2 | 156 | 100.0 |
| Oor rapport | 25 | 16.0 | 131 | 84.0 | 156 | 100.0 |
| Vriendskap met onderwyser | 66 | 42.3 | 90 | 57.7 | 156 | 100.0 |
| Ander | 15 | 9.6 | 141 | 90.4 | 156 | 100.0 |

Die belangrike rol wat ouers speel in die opvoeding van hul kinders en die noodsaaklikheid van kontak tussen onderwy= sers en ouers, word blykbaar deur die skoolouers en onder= wysers in die Gebiet besef. Dit word bevestig deur die hoë persentasie (61.5%) huishoudings wat ouer-onderwyserverga= derings bywoon. Die ouers stel ook grootliks belang in funksies soos konserte, sanguitvoerings, inwyding van skool of klaskamers en sportbyeenkomste wat deur skole georgani= seer word. Op hierdie wyse word die kind gemotiveer en aangemoedig om te presteer. Die waarde wat ouers aan die opvoeding van hul kinders heg, word verder in die volgende tabel toegelig.

Tabel/ .......

Tabel 35

Klassifikasie van Hoofde van Huishoudings volgens die Opvoedkundige Aspirasies vir hul Kinders

| Opvoedkundige Aspirasies | Seuns | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| | Nr. | % | Nr. | % |
| Moet kan lees en skryf | - | - | - | - |
| St. 4 of 5 | - | - | - | - |
| St. 6 of 7 | - | - | - | - |
| St. 8 | 1 | 0.6 | 4 | 2.6 |
| St. 10 | 9 | 5.8 | 17 | 10.9 |
| Tegniese of Vakopleiding | 9 | 5.8 | 1 | 0.6 |
| Kollege-opleiding | 10 | 6.4 | 11 | 7.1 |
| Universiteitsopleiding | 104 | 66.7 | 98 | 62.8 |
| Nie van toepassing | 23 | 14.7 | 25 | 16.0 |
| Totaal | 156 | 100.0 | 156 | 100.0 |

Met die lees van bostaande tabel, moet in gedagte gehou word dat dit die menings van hoofde van huishoudings is wat daarin geklassifiseer word. Die hoë aantal respondente wat universiteitsopleiding vir beide seuns en dogters wenslik ag, is treffend. Ook opvallend is dat in beide geslagte was die laagste moontlike keuse van opleiding standerd 8, en wel slegs in 1 geval vir seuns en 4 vir dogters.

Die ondersoeker het aan 'n paar respondente gevra waarom hulle so 'n groot waarde aan opvoeding heg. Die antwoorde was 'n interessante variasie van o.a.: "Geleerdheid is vandag alles as 'n mens iewers wil kom", of "As ons land onafhanklik raak, moet ons kinders nie agteruitstaan vir die ander bevolkingsgroepe nie". of "Geleerdheid kan nie=mand ooit van jou wegneem nie".

Die verskynsel wat dikwels in stedelike gebiede gekry word,

waar kinders op 'n vroeë ouderdom uit die skool gehaal word (of om as addisionele broodwinner te dien of om die kleiner kinders op te pas sodat die moeder kan gaan werk) is onbe=kend in die Gebiet. Daar is wel vroeë skoolverlaters, en stokkiesdraaiers, dog weens redes van hul eie en beslis nie weens die ouers se invloed nie.

## 2.4 Kulturele Betrokkenheid

Daar is in hierdie verband op 5 veranderlikes gekonsentreer, naamlik

(a) lidmaatskap van organisasies

(b) bywoning van konserte en sanguitvoerings

(c) kerkgebondenheid

(d) reëlings vir bediendes om eredienste by te woon

(e) deelname aan ontspanningsaktiwiteite.

Tabel 36

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Volwassenes se Lidmaatskap van Organisasies

| Tipe Vereniging | Tydsduur van Lid=maatskap in Jare | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen % | 0-6 % | 7-10 % | 11-15 % | 16-20 % | 21+ % | % |
| Boerevereniging | 82.7 | 11.3 | - | - | - | - | 100.0 |
| Kerklike vereniging | 44.2 | 9.6 | 18.6 | 10.9 | 6.4 | 10.3 | 100.0 |
| Politieke vereniging | 30.1 | 59.6 | 9.0 | - | 0.6 | - | 100.0 |
| Sakekamer | 95.5 | 3.9 | 0.6 | - | - | - | 100.0 |
| S.W.A.R.A.* | 99.4 | 0.6 | - | - | - | - | 100.0 |
| Sportklub | 89.7 | 4.5 | - | - | - | - | 100.0 |
| Huisvlytvereniging | 87.8 | 11.5 | 0.6 | - | - | - | 100.0 |
| Koor | 94.9 | 3.8 | 1.3 | - | - | - | 100.0 |
| Toneelgroep | 98.1 | 1.3 | 4.5 | - | - | - | 100.0 |
| Welsynsorganisasie | 92.9 | 4.5 | 3.2 | - | - | - | 100.0 |
| Ander | 94.2 | 3.2 | | - | - | - | 100.0 |

* S.W.A.R.A. staan vir Suidwes-Afrikaanse Vereniging vir die Rehabi=litasie van Alkoholiste.

Die vraag in verband met lidmaatskap van organisasies is op so 'n wyse gestel dat nie slegs deelname aan die bedrywig= hede van die gemeenskap gemeet kon word nie maar ook hoe lank die lidmaatskap geduur het. Die tydperk sal 'n aan= duiding gee of dit 'n redelik nuwe gebruik in die gemeen= skap is om aldus betrokke te wees, en of dit reeds geves= tigde kulturele gebruik geword het.

'n Belangrike punt moet egter vermeld word. Die informasie in die tabel gaan slegs oor huidige lidmaatskap. As res= pondente voorheen lede was, maar nie nou meer nie, is hier= die feit nie opgeteken nie.

Daar is 10 tipes van organisasies in die vraelys genoem.

(i) Boereverenigings. Soos die tabel aandui, be= hoort slegs 17.3% huishoudings aan boerever= enigings en almal is slegs tussen 1 en 5 jaar lank lid. Slegs 31 uit die 156 respondente (19.9%) was egter boere. M.a.w. meer as 80% boere is lede van boereverenigings. Daar word gereeld boeredae gereël, wat 'n groot aantrekkingskrag in die gemeenskap skyn te wees. By dié geleenthede word pelse beoor= deel, pryse gewen en ook voorligting gegee oor die versorging van pelse, verbeterde boerdery= metodes en baie ander aspekte van die boerde= rybedryf.

Die stig van boereverenigings het eers vyf jaar gelede in die Gebiet 'n aanvang geneem, vandaar die kort termyn van lidmaatskap wat in die tabel gereflekteer word.

(ii)/ ........

(ii) Kerklike Verenigings. Lidmaatskap aan kerklike verenigings dateer langer as 21 jaar terug. Dit is te verstane as in ag geneem word dat die Basters 'n geskiedenis van godsdienstige bedrywighede het. Terwyl hulle nog in Namakwaland, hul land van oorsprong, gewoon het, het hulle sendelinge onder hul geledere gehad. Die mees bekende sendeling van die Basters, eerwaarde Heidmann het hulle op die veelbewoë trek na Suidwes-Afrika vergesel. Hy was nie alleen vir hul sielesorg verantwoordelik nie, dog was ook onderwyser, dokter, raadgewer en vertroueling. Met die Basters se aankoms in Rehoboth, was een van hul eerste take om die kerkgeboutjie te herstel sodat hul eredienste kon hou.

(iii) Politieke Verenigings. Wat politieke verenigings betref, is die hoogste verspreiding lede in die 1 tot 5 jaar tydperk, wat saamval met die onlangse groot oplewing in die politieke arena in die Gebiet.

(iv) Huisvlytverenigings. Dié verenigings bestaan net langer as 6 jaar en funksioneer slegs in die hoofdorp. Dit trek egter lede dwarsdeur die Gebiet. Vroue uit alle ouderdomsgroepe stel belang in die aktiwiteite van die huisvlytvereniging, wat meestal konsentreer op kunsnaaldwerk. Baie lede van die klub wend die vaardighede wat hulle daar geleer het aan om 'n byverdienste te kry.

(v)/ ........

(v) <u>Ander Organisasies</u>. Die Sakekamer, S.W.A.R.A. (Suidwes-Afrikaanse Vereniging vir die Rehabi= litasie van Alkoholiste), koor, toneelgroep, welsynsorganisasies en sportklubs toon 'n klein lidmaatskapsyfer. Kulturele bedrywighe= de het meestal eers oor die afgelope tien jaar in die Gebiet begin bloei. Dit blyk dat kerk= like verenigings langsaam deur ander verplaas gaan word en dat belangstelling in politieke aangeleenthede vinnig sal toeneem. Hierdie veranderings val saam met groter opvoedingsbe= wustheid wat weer groter mobiliteit en hoër inkomste tot gevolg het. Mense is meer vry van stryd om 'n daaglikse bestaan en het dus meer tyd, energie en selfs finansies om in an= der bedrywighede te kanaliseer. Vandaar dat lidmaatskap aan vrywillige organisasies as so 'n belangrike indeks van ontwikkeling beskou word.

<u>Tabel 37</u>

<u>Klassifikasie van Huishoudings volgens Bywoning van Konserte en Sanguitvoerings</u>

| Lede wat Bywoon | Woon by | | Woon nie by nie | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % |
| Almal | 116 | 74.4 | 40 | 25.6 | 156 | 100.0 |
| Vader | 3 | 1.9 | 153 | 98.1 | 156 | 100.0 |
| Moeder | 10 | 6.4 | 146 | 93.6 | 156 | 100.0 |
| Kinders | 25 | 16.0 | 131 | 84.0 | 156 | 100.0 |

Tabel 37 dui aan dat in drie-kwart van die huisgesinne, al= le lede saam uitgaan om konserte en sanguitvoerings by te

woon/ ........

woon. Dit kan dui op 'n bindingsfaktor in gesinne, siende dat daar nie 'n gereelde verskeidenheid uitvoerings plaas= vind nie en die gesinslede dan noodwendig na dieselfde ge= leenthede moet gaan. Dit gebeur gewoonlik dat daar van heinde en ver na sulke opvoerings gekom word, en dat alle lede van die huishouding die uitstappie meemaak. Sulke op= voerings geskied gewoonlik in die Hermanus van Wyk Gedenk= saal in Rehoboth. Dit is die belangrikste kulturele sen= trum in die Gebiet.

Hoewel die opvoerings meestal deur amateurs aangebied word, hou dit tog opvoedkundige waarde in en bied terselfdertyd geleentheid vir ontspanning en sosiale verkeer. Behalwe plaaslike groepe, word reisende groepe uit die res van die land gereeld in die gedenksaal geakkommodeer. Op dié wyse maak die Gebiet se mense ook kontak met mense buite die grense van die Gebiet, wat tot groter integrasie en stimu= lering van nuwe denke, waardes en leefwyses lei.

Tabel 38

Klassifikasie van Huishoudings volgens Kerkgebondenheid

| Kerkgebondenheid | Huidhoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Sterk | 116 | 74.4 |
| Matig | 35 | 22.4 |
| Swak | 5 | 3.2 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die vraag is gestel hoe sterk die huishouding aan die kerk gebonde is. Soos die tabel aandui, het 74.4% huishoudings 'n sterk gebondenheid aangedui, terwyl 22.4% huishoudings

'n/ ..........

'n matige gebondenheid reflekteer. Soos reeds vooraf aange=dui, het die Basters 'n sterk godsdienstige inslag en word dit slegs weer deur hierdie syfers bevestig.

'n Verdere vraag wou vasstel hoeveel gesinslede gereeld ere=dienste bywoon. 89.1% huishoudings het aangedui dat alle lede van die huishouding kerk toe gaan. In 8.3% gevalle woon die moeder alleen eredienste by. Daar heers 'n alge=mene verwagting dat die moeder die verantwoordelikheid moet neem om haar gesin se verbondenheid met die kerk te verse=ker, selfs al dwaal haar man en kinders af.

Op 'n verdere vraag, nl. of die volwasse lede van die gesin die vrymoedigheid sou hê om na hul leraar te gaan in tye van krisis, het 97.4% positief geantwoord, terwyl die res gesê het dat hulle huiwerig sou wees om te gaan siende dat hulle nie so gereeld met die kerk kontak het nie. Byna al=le huisgesinne sien die leraar as 'n bron van hulp en by=stand.

Op die vraag of die huishouding 'n Bybel besit, het respon=dente byna deurgaans met verontwaardiging reageer. Die hou=ding was gewoonlik een van: "Maar natuurlik besit ons 'n Bybel. Hoe durf u nog vra?" In slegs 1.3% van huishoudings was daar nie 'n Bybel nie. Of hierdie boek wel gelees word en of dit slegs 'n kultuursimbool is, is nie vasgestel nie. Maar as die hoë persentasie godsdienstige leesstof wat wel aangedui is die Bybel insluit, kan seker aanvaar word dat dit wel gereeld gelees word.

Tabel 39

Klassifikasie van Huishoudings volgens Reëlings vir Bywoning van Eredienste deur Bediendes

| Reëlings vir Kerkgaan | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Wil nie gaan nie | 2 | 1.3 |
| Saam met werkgewer | 19 | 12.2 |
| Maak eie reëlings | 51 | 32.7 |
| Leraar kom na huis | 1 | 0.6 |
| Geen bediende | 83 | 53.2 |
| Totaal | 153 | 100.0 |

Meer as die helfte van die huisgesinne het geen bediendes nie. Meer as helfte van dié wat wel het, het gesê dat hul werknemers nie naweke werk nie en dus hul eie reëlings tref. Die respondente in die hoofdorp en ander groter sentra het gevoel dat hul werknemers as onafhanklike huishoudings be= staan en dat dit hul eie verantwoordelikheid is om by die kerk uit te kom. Plaasboere het egter aangedui dat hulle verantwoordelik voel vir die werksmense op hul plase en in die meeste gevalle het hulle gewoonlik hul werknemers saam= geneem na die naaste plek waar eredienste gehou word, ge= woonlik die naaste groot sentrum. Skoolgeboue op hierdie sentra word as plekke van aanbidding gebruik. Sommige boere beskou dit ook as hul Christelike plig om toe te sien dat die kinders van hul werknemers gedoop word; die jeug aangeneem word; en die volwassenes in die huwelik tree eerder as om slegs saam te woon.

Tabel 40

Klassifikasie van Huishoudings volgens Deelname aan Ontspanningsaktiwiteite

| Aktiwiteit | Woon by | | Woon nie by nie | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nr. | % | Nr. | % | Nr. | % |
| Dans | 107 | 18.6 | 49 | 31.4 | 156 | 100.0 |
| Filmvertonings | 136 | 87.2 | 20 | 12.8 | 156 | 100.0 |
| Kampeer | 71 | 45.5 | 85 | 54.5 | 156 | 100.0 |
| Jag | 74 | 47.4 | 82 | 52.6 | 156 | 100.0 |
| Bergklim | 6 | 3.8 | 150 | 96.2 | 156 | 100.0 |
| Familie besoek | 150 | 96.2 | 6 | 3.8 | 156 | 100.0 |
| Vriende besoek | 143 | 91.7 | 13 | 8.3 | 156 | 100.0 |
| Sportbyeenkomste | 95 | 60.9 | 61 | 39.1 | 156 | 100.0 |
| Ander | 12 | 7.7 | 144 | 92.3 | 156 | 100.0 |

Uit die ondersoek het geblyk dat dans en die bywoning van fimlvertonings baie populêr is, nl. 68.6% en 87.2% huishou= dings onderskeidelik neem daaraan deel. Die algemene gevoel wat deur respondente gelug is, was: "Wat anders kan ons tog doen?" Daar is veral deur die jongmense gevoel dat hulle te min ander kulturele bedrywighede het om hulself mee besig te hou en te vermaak.

Die belangstelling in kampering neem al meer toe en die aan= koop van karavane deur huishoudings begin ook 'n bekende verskynsel word. Met die oopstelling en ontwikkeling van ruskampe in Suidwes-Afrika, het dit vir mense moontlik ge= word om selfs naweke weg te breek en as huisgesin of in 'n groep te gaan uitkamp. Die grootste uittogte na kampter= reine geskied egter gedurende die somervakansies, en die strande by Swakopmund en Walvisbaai, asook Kaapstad en Mos= selbaai, word mees algemeen besoek.

Jagtogte bly 'n gewilde en opwindende sportsoort, hoewel dit grootliks tot mans beperk is. Die vroue en kinders se rol in die jagtog is beperk tot die bewerking van en die deel in die buit. Niemand kla egter nie, want dit is soos dit nog altyd was en almal deel in die opwinding wanneer die buit huis toe gebring word.

Bergklim as aktiwiteit het lae aansien geniet. "Waar is die berge om te klim?", het een respondent gevra. 'n Ander het genoem dat daar wel berge is, maar hulle is ver en daar is nie bergstrome waarop die klimmer hom kan beroep nie. Hy moet sy water dra. Diegene wat wel genoem het dat hulle soms bergklim (3.8%) het in Windhoek gewoon en af en toe die Keiser Wilhelm-bergreeks in die Khomas Hooglande aange=durf.

Die ander twee aktiwiteite waaraan huishoudings hoë waarde skyn te heg, is familiebesoek (96.2%) en ook besoeke aan vriende en bure (91.7%) Soos reeds uit die geskiedenis ge=blyk het, het die Basters oor die jare sterk gemeenskaps- en groepsbande opgebou. Daar bestaan nog, te midde van al die struwelinge op godsdienstige en politieke gebied, 'n sterk band tussen familie en vriende. Oor-en-weer besoek is deel van die daaglikse lewe.

Sportbyeenkomste is gewild, en word byna altyd deur skole en publieke sportklubs gereël. Rehoboth is gedurende die somermaande dikwels op 'n Saterdag die saamtrekplek van sportklubs dwarsdeur Suidwes-Afrika en elders. By gebrek aan 'n verskeidenheid geleenthede in afleiding, moet sport 'n belangrike plek volstaan en veral rygby, voetbal, tennis en netbal is gewilde sportsoorte. Die behoefte aan

swembaddens is deur 66% respondente aangedui en die meeste van hulle was dit eens dat swem nie slegs vir ontspanning of oefening bedryf word nie; dit is as lewensnoodsaaklik be= skou dat mense moet kan swem.

## 3. HOUDINGS EN MENINGS

In hierdie kategorie is mense se houdings en menings t.o.v. verskillende aspekte wat hul lewens raak, getoets. Die areas wat aandag geniet het, was:

(a) die status van die vrou
(b) gesinsbeheer
(c) bygelowigheid
(d) patriotisme
(e) maatskaplike waardes.

### 3.1 Die Status van die Vrou

Hier word op die volgende gelet:

(i) die vrou se deelname in besluitneming
(ii) die 18-jarige dogter se vryheid om weg van die huis te werk
(iii) mans se deelname aan huishoudelike take
(iv) gelyke besoldiging vir mans en vroue.

Tabel 41

Klassifikasie van Huishoudings volgens Vrou se Deelname aan Besluitneming

| Deelname | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Man alleen | 2 | 1.2 |
| Vrou ook | 141 | 89.4 |
| Dit hang af | 4 | 2.6 |
| Onseker | 2 | 1.2 |
| Geen antwoord | 7 | 4.5 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Slegs 2 mans het nog die standpunt gehuldig dat 'n man alle besluite neem. Meer as 90% het die moderne beskouing dat die vrou ook geraadpleeg moet word wanneer belangrike be= sluite ter sprake kom. Dwarsdeur die wêreld is vandag be= wegings aan die gang om vir die vrou se regte te veg sodat sy as iemand met 'n eie identiteit en met menswaardigheid beklee kan word. Die gedagte dat die vrou 'n besitting van die man is en 'n ondergeskikte, dienende rol moet speel, hoort slegs tuis by "onder-ontwikkelde" of tradisionele ge= meenskappe. Die mense van die Gebiet het lank reeds besef dat die vrou haar plek in die lewe kan en moet volstaan en sy geniet die nodige erkenning -- 'n feit wat tans baie dui= delik na vore kom in die politieke verwikkelinge wat daar plaasvind, met die vroue midde in die stryd.

Tabel/ .......

Tabel 42

Klassifikasie van Huishoudings volgens Houding oor 18-jarige Dogter se Vryheid om Weg van Huis te Werk

| Houding | Huishouding | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Onder geen omstandighede nie | 11 | 7.1 |
| Slegs in tye van werklike nood | 26 | 16.1 |
| Kan naby huis werk | 15 | 9.6 |
| Net waar werk is | 101 | 64.8 |
| Geen dogter | 3 | 1.9 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die vraag was aan respondente gestel wat hul houding is t.o.v. 'n 18-jarige dogter wat wil gaan werk. Sou hulle reken dat sy weg van die huis kon werk, waar sy onder die ouerlike toesig uit is? Weer eens is 'n taamlike verligte siening geopenbaar, siende dat slegs 7.1% respondente to= taal teen die gedagte gekant was om die dogter onder hul sorg uit te laat. Byne twee-derdes gun haar die vryheid om te werk waar sy dit kan vind, terwyl 'n orige kwart ook toe= gewings maak.

Tabel 43

Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening van Hoof van Huishouding of Man Behulpsaam moet wees met Huishoudelike Take

| Menings | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Nooit | 75 | 48.1 |
| Soms | 55 | 35.3 |
| Soveel moontlik | 18 | 11.6 |
| Take gelykop deel | 3 | 1.9 |
| Geen reaksie | 5 | 3.2 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Op die vraag of mans reken dat hulle in die huis behulpsaam behoort te wees met huishoudelike take, was byna die helfte (48.1%) nog baie tradisioneel in hul sienswyse. Hulle glo dat dit 'n vrou se werk is en hulle voel dat hul moeder hulle buitendien nie daarop voorberei het nie. Hier moet darem vermeld word dat heelwat gesinne op plase woon, waar die vrou nie lonende werk verrig nie, en dus voltyds huis=hou. Soos in tabel 43 gesien kan word, het 35.3% die meer toegeeflike houding om darem soms behulpsaam te wees, veral wanneer die vrou ook werk, terwyl 11.6% baie hulpvaardig skyn te wees. Slegs in 3 huishoudings is volle bereidwil=ligheid getoon om take gelykop te deel. Hierdie houding is blykbaar die vrug van hul eie omstandighede, want in al 3 gevalle was dit onderwysers, wie se vroue ook onderwys ge=gee het. Hulle het bedags saam tuis gekom en het dus me=kaar gehelp om noodsaaklike take saam af te handel, sodat hulle albei saam kon ontspan.

Tabel 44

Klassifikasie van Huishoudings volgens Hoof van Huishouding se Mening oor Gelyke Besoldiging vir Mans en Vroue

| Mening | Huishouding | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Gelyke besoldiging | 114 | 73.1 |
| Man 'n bietjie meer | 35 | 25.5 |
| Man baie meer | 5 | 3.2 |
| Geen antwoord | 2 | 1.2 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Waar dit finansiële sake kom, was die mans meer gewillig om vroueregte te erken. Byna drie-kwart was die mening toege=daan dat 'n vrou gelyke besoldiging moet ontvang vir gelyke

werk/ ........

werk, kwalifikasies en produktiwiteit. In ongeveer 'n kwart van die huishoudings is gesê dat mans 'n bietjie meer moes verdien. Slegs 5 respondente het geglo dat 'n man baie meer as die vrou moet verdien.

### 3.2 Gesinsbeheer

Die volgende aspekte het aandag geniet:

(a) houding teenoor gesinsbeheer

(b) die ideale getal kinders per huishouding

(c) reaksie op gebruik van geboortebeperkingsmid= dels deur vroue in die Gebiet

(d) gesinsreëlings deur jong egpare

(e) gebruik van geboortebeperkingsmiddels deur on= gehude meisies.

Tabel 45

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Houding teenoor Gesinsbeheer

| Houdings | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Moet beperk | 111 | 71.2 |
| Moet nie beperk nie | 15 | 9.6 |
| Soms toelaatbaar | 20 | 12.8 |
| Onseker | 9 | 5.8 |
| Geen antwoord | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Houdings teenoor die toepassing van gesinsreëling in die algemeen is positief. Byna drie-kwart van die respondente keur dit vir ongehude meisies goed -- minder as 'n tiende keur dit onverwyld af. In 'n sterk godsdiens-georiënteerde

gemeenskap/ ..

gemeenskap is so 'n klein weerstand treffend. Daar is be= vind dat selfs van die ouer garde, wat reeds baie jare ge= lede hul gesinne voltooi het en wel groot gesinne gehad het, van mening was dat as hulle toe reeds van vandag se metodes bewus was, hulle nooit soveel kinders sou gehad het nie.

Tabel 46

Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Mening oor Ideale Getal Kinders onder Huidige Omstandighede

| Getal Kinders | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| 0 | 20 | 12.8 |
| 1 | 10 | 6.4 |
| 2 | 46 | 29.5 |
| 3 | 30 | 19.2 |
| 4 | 25 | 16.0 |
| 5 | 9 | 5.7 |
| 6 | 12 | 7.7 |
| 8 | 1 | 0.6 |
| 9 | 1 | 0.6 |
| 10 | 1 | 0.6 |
| Geen reaksie | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Aan respondente is gevra om aan te dui wat hulle reken die ideale getal kinders is wat hulle sou wou hê in hul huidige finansiële situasie. Die reaksies het gewissel van geen kinders tot 10 kinders. Die modus is 2 kinders en die me= diaan 3.1. Dit dui dus op 'n baie sterk neiging on gesinne te beperk in plaas van om op tradisionele wyse met groot gesinne voort te gaan.

Daar/ ........

Daar is verder in die ondersoek probeer vasstel hoeveel kinders die respondente in werklikheid het. Hier is vasge= stel dat hoewel niemand meer as 10 kinders sou wou hê nie, was daar 11% wat tussen 11 en 17 kinders gehad het. Toe die ondersoek gedoen was, was sommige kinders uit hierdie groot gesinne òf getroud òf dood, en het nie meer deel van die huishoudings uitgemaak nie. Parallel met die bevind= ings van Blanche de Wet soos vervat in 'n artikel oor ge= sinsbeplanning by Kleurlingvroue in die Kaapse Skiereiland in 1969, het kennis vir die meeste vroue in die Gebiet te laat gekom. Hulle het toe al reeds meer kinders gehad as wat die begeerte was of as wat hul spesifieke lewensomstan= dighede toegelaat het. 'n Ander faktor wat in die verlede tot groot gesinne bygedra het, was die onderdanigheid aan die gesag van die man wat geheers het. 'n Paar vroue het uitdruklik gesê dat hulle glad nie so baie kinders wou hê nie; en dan bygevoeg: "maar wie was ek om te weier as die hoof van die huis nog kinders wou hê?" Een vrou het met tipiese humor opgemerk: "Nou lyk ek soos 'n rosyntjie van baie kinders kry en hy (die man) is nog bloedjonk". Hier= die sienswyses word op die jonger geslag oorgedra, en sien= de dat die jonger vrou meer geëmansipeerd is en ook beter toegang tot kennis van geboortebeperkingsmetodes en die diens self het, is sy baie meer ontvanklik daarvoor.

Tabel/ .......

Tabel 47

Klassifikasie van Huishoudings volgens Hoof se Reaksie op Gebruik van Geboortebeperkings= middels deur Vroue in die Gebiet

| Mening oor Geboortebeperking | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Baie goed | 85 | 54.5 |
| Skokkend | 3 | 1.9 |
| Hou nie daarvan | 63 | 40.4 |
| Onseker | 3 | 1.9 |
| Geen antwoord | 2 | 1.3 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Meer as die helfte van die respondente (54.5%) was sterk ten gunste van die gebruik van geboortebeperkingsmiddels deur die Gebiet se vroue. As die persentasies in Tabel 45 vergelyk word met dié in Tabel 47, blyk dit dat 'n aansien= like getal respondente minder ten gunste van geboortebeper= king is wanneer dit op hul eie vrouens van toepassing ge= maak word. Desnieteenstaande is die reaksie steeds baie positief.

Tabel 48

Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening of Jong Egpare Gesinne Behoort te Reël

| Mening | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Ja | 97 | 62.2 |
| Nee | 39 | 25.0 |
| Onseker | 19 | 12.2 |
| Geen antwoord | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Respondente moes aandui of hulle jong egpare sou adviseer om gesinsreëling toe te pas. Weer eens is die persentasie respondente wat sou onderneem om jong egpare te motiveer, heelwat laer as die groep wat hulle ten gunste van gesins= reëling uitgespreek het -- 62.2% teenoor die 71.2% in Tabel 45. Om op te som, die houdings teenoor geboortebeperking is in die algemeen positief. Waar dit die respondent per= soonlik raak, in eie gesin byvoorbeeld, is houdings minder gunstig as wanneer dit gaan oor wat ongedefinieërde ander mense mag doen. So ook, as dit persoonlike optrede impli= seer (soos om jong mense aan te raai om middele te gebruik) is respondente meer konserwatief. Dit is egter opmerklik dat in alle tabelle word die hoogste persentasies respon= dente in die kolomme wat ten gunste van gesinsreëling is, gereflekteer.

Die laaste vraag in hierdie afdeling was t.o.v. ongetroude meisies wat reeds kinders het, se vryheid om gesinsreëling toe te pas, al dan nie.

Tabel 49

Klassifikasie van Huishoudings volgens Mening of Ongetroude Meisies wat 'n Kind of meer het, Voorbehoedmiddels behoort te Gebruik

| Menings | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Ja | 84 | 53.9 |
| Nee | 34 | 21.7 |
| Onseker | 38 | 24.4 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Weer eens het meer as die helfte respondente 'n positiewe

sienning/ .....

siening gehuldig, terwyl slegs 21.7% daarteen gekant was. Diegene wat onseker was, het meestal gerasionaliseer oor die sedelike verval waarteen gewaak moet word; dog hulle het duidelik te kenne gegee dat hulle ook bewus is van die gevare van 'n onbeperkte buite-egtelike geboortesyfer.

### 3.3 Bygelowigheid

Ten einde mense se bygelowigheid te bepaal is op die vol=gende vier aspekte gelet:

(i) respondente se menings oor bygelowigheid van die Basters

(ii) menings oor toorkuns en kruiedokters

(iii) menings oor geloof in tradisionele kruiedok=ters en

(iv) menings of die toekoms voorspel kan word.

Tabel 50

Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Menings oor Bygelowigheid van die Basters

| Menings oor Bygelowigheid | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Ja | 115 | 73.7 |
| Nee | 15 | 9.6 |
| Onseker | 20 | 12.8 |
| Geen reaksie | 6 | 3.8 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Dit is aan respondente gestel dat algemeen beweer word dat die Rehoboth Basters baie bygelowig is. Hul mening hieroor is gevra. Die reaksies toon dat mense glo dat die bewering korrek is. Byna drie-kwart het bygeloof beaam; 12.8% het

eerder onsekerheid as 'n definitiewe "nee" as antwoord ge=
gee.

Vervolgens is aan respondente gevra om sekere bygelowe te noem waarvan hulle weet, of waaraan hulle waarde heg. 'n Paar bygelowe wat by herhaling voorgekom het, en waaraan mense blykbaar onwrikbaar glo, word hier vermeld. Mense wat ná sonsondergang hul huise uitvee, vee hulle geluk weg. Om ná son-onder sout of lampolie aan iemand te leen, bring mee dat jy gebrek en armoede oor jou huis bring. Daar word oor die algemeen baie streng teen hierdie gebruike gewaak. Die geskreeu van 'n sekere soort jakkals, of die gehoe van 'n uil naby die huis, is 'n gewisse teken dat daar 'n doods=
tyding ontvang sal word. Mense beweer dat hulle emosioneel erg ontwrig word deur sodanige "voortekens" en dat hulle in 'n toestand van teneergedruktheid verkeer, totdat die doodstyding ontvang word.

Ook aan sekere drome word baie sterk waarde geheg. So word daar vas geglo dat wanneer iemand 'n bruid in sy drome sien, sal hy 'n dierbare aan die dood afgee, of as hy van 'n le=
wende slang droom, beteken dit dat hy gewis in 'n ernstige geskil betrokke sal raak.

Vir diegene wat nie aan hierdie bygelowe waarde heg nie, mag dit alles na onsin klink en daar mag selfs spot mee ge=
dryf word. Vir die mense wat daaraan glo, is dit realitei=
te waarmee in hul daaglikse lewe rekening gehou word en dit beïnvloed hul denkwyse, hul emosionele lewens en hul optre=
de teenoor ander mense. Selfs diegene wat mees skepties staan teenoor die bygelowe, is soms verstom oor die akku=
raatheid waarmee die bygelowiges al gebeurtenisse voorspel

het/ .........

het aan die hand van geluide, drome of gebeure. Oor in hoeverre dit toegeskryf kan word aan 'n "self-fulfilling prophesy" kan slegs bespiegel word.

Vervolgens is aan die respondente gevra om hul opinie te gee oor die bewering dat Basters baie waarde heg aan die toorkuns en dat hulle glo aan kruiedokters -- beter bekend as "paljasdokters". Onderstaande tabel gee die resultate weer.

Tabel 51

Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Menings oor die Basters se Geloof in Toorkuns en Kruiedokters

| Menings | Persentasie Huishoudings | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Totaal |
| Niemand glo | 7.7 | 92.3 | 100.0 |
| Baie mense glo | 48.7 | 51.3 | 100.0 |
| Min mense glo | 37.8 | 62.2 | 100.0 |
| Respondent glo | 7.7 | 92.3 | 100.0 |
| Lede van sy huis glo | 9.6 | 90.4 | 100.0 |
| Onseker | 4.5 | 95.5 | 100.0 |

In slegs 7.7% van die huisgesinne glo niemand aan toorkuns ens. nie. Byna die helfte erken hierdie geloof as algemeen. Byna n tiende erken dat hulle self glo, en nog 'n tiende erken dat, alhoewel hulle nie self glo nie, lede van hulle huisgesinne wel glo. Die respondente was gretig om geleent=hede te noem waar hulle met die mag van die toorkuns kennis gemaak het en hoedat die "paljasdokters" teen hoë koste in=geroep is om tot hulp te wees.

Tabel/ .......

Tabel 52

Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Geloof in Tradisionele Kruiedokters om Kindersiektes te Genees

| Opinie | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Ja | 127 | 81.4 |
| Nee | 19 | 12.2 |
| Onseker | 8 | 5.1 |
| Geen reaksie | 2 | 1.3 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

In die voorondersoek is vasgestel dat daar vroue in die Gebiet is wat as "kinderdokters" erken word en wie se huisrate met groot geloof bejeën word. In die ondersoek is dus die vraag gestel of respondente glo dat daar veral kindersiektes is wat nie deur geneeshere behandel kan word nie, dog wel met huisrate deur die tradisionele "kinderdokters". Die reaksie was oorweldigend ten gunste van die "kinderdokter" se vermoëns (81.4%). Slegs 5.1% het onsekerheid aangedui. Die onsekeres het egter wel genoem dat hulle ook al die diens van die "kinderdokter" óf self ingeroep het, óf 'n toeskouer van die sukses daarvan was. Hulle was egter nie oortuig dat 'n geneesheer nie dieselfde resultate sou kon behaal nie. Slegs 12.2% respondente het die gedagte verwerp.

Tabel 53

Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Menings oor die Toekoms Voorspel kan word

| Menings | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Soms | 67 | 42.9 |
| Nooit | 72 | 46.2 |
| Onseker | 16 | 10.3 |
| Geen reaksie | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die laaste vraag om respondente se opinies oor bygelowig=heid te toets was: "In die respondent se opinie, kan die toekoms voorspel word deur middel van teekoppies, speel=kaarte, drome, of dergelike dinge?" Soos die tabel aandui, was daar 'n geringe verskil tussen diegene wat die gedagte totaal verwerp (46.2%) en diegene wat voel dat dit tog soms kan plaasvind (42.9%). Die onsekere element wat by 10.3% respondente aangetref is, is in 'n paar gevalle verder on=dersoek. Respondente is gevra om te verduidelik waarom hulle nie oortuig is van die waarheid of valsheid van die stelling nie, en hulle het sonder uitsondering gesê dat hulle op grond van vorige ervaringe genoop is om dit nie summier as onwaar te verwerp nie; dog hulle is darem ook nie ten volle oortuig nie. Vir die ondersoeker het dit ge=lyk asof die onsekeres meer geneig sou wees om die moontlik=heid van voorspelling te glo as om dit te verwerp.

3.4 Patriotisme

Onder hierdie afdeling is op vier veranderlikes gelet:

(a)/ .........

(a) voorkeur vir etniese klassifikasie

(b) etniese groepe wat afgekeur word as egliede vir kinders

(c) voorkeur van regeringsvorm vir die Gebiet en

(d) bedoeling om die Gebiet te verlaat al dan nie.

Tabel 54

Klassifikasie van Huishoudings volgens Voorkeur vir Etniese Klassifikasie

| Etniese Klassifikasie | Respondente | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Namibiaan | 13 | 8.4 |
| Suid-Wester | 51 | 32.7 |
| Rehoboth Baster | 90 | 57.7 |
| S.W.A. Kleurling | - | - |
| Suid-Afrikaner | - | - |
| Ander | 1 | 0.6 |
| Geen reaksie | 1 | 0.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Respondente is gevra oor die etniese groep of nasionaliteit waaronder hulle ingedeel sou wou wees, en die volgende in=deling is gesuggereer: Namibiaan, Suid-Wester, Rehoboth Baster, S.W.A. Kleurling, Suid-Afrikaner, Ander. Met die oog op die politieke situasie en veral die beweging in die rigting van 'n onafhanklike Namibië, is verwag dat die voor=uitstrewendes en versigtiges hulself as Namibiane sou wou laat klassifiseer of minstens sou wou wegdoen met die bena=ming Baster. Uit die ondersoek het geblyk dat slegs 8% aan hulself as Namibiane gedink het, terwyl meer as die helfte, (58%) hul verwantskap met die Gebiet wou behou en Rehoboth Basters wil bly. Die klassifikasies wat met Suid-Afrika te

make/ .......

make het, is ooglopend vermy, terwyl 33% as Suid-Westers ge=klassifiseer wou wees. Hulle het die behoefte getoon om weg te doen met die geslote verbondenheid aan die Gebiet, wat die gevaar van isolasie meebring, terwyl hulle tog in 'n mate iets van die oue wil behou -- Suid-Wester is nie so 'n totale nuwe gedagte soos Namibiaan nie. Wat vir die onder=soeker interessant was, was die opmerking van een respondent dat die term Namibië vir hom sinoniem is met woestyn. Die woestyn weer met al sy negatiewe konnotasies van waterge=brek, sandstorms, versengende hitte en die dood, is nie wat hy met die toekoms van Suidwes-Afrika wil vereenselwig nie. Daarom verwerp hy die term Namibiaan, en nie om politieke redes nie.

Tabel 55

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Etniese Groepe wat hulle Afkeur as Egliede vir hul Kinders

| Verbode Groepe | Respondente | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Almal wat nie Basters is nie | 6 | 3.8 |
| Almal wat nie òf Baster òf Wit is nie | 47 | 30.1 |
| Almal wat nie Suid-Westers is nie | 1 | 0.6 |
| Geen verbode groepe | 100 | 64.1 |
| Geen reaksie | 2 | 1.3 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die vraag is aan respondente gevra om aan te dui watter et=niese groepe hulle hul seuns en dogters sou wou verbied om as huweliksmaats te neem. Sou hulle bv. hul kinders verbied om met iemand te trou wat nie 'n Rehoboth Baster is nie, of wat nie Baster en ook nie Wit is nie, of wat nie uit Suid=wes-Afrika afkomstig is nie? Daar is ook mense van 'n ander

kerkverband/ ..

kerkverband genoem, of dan wel of hul kinders met enigiemand van hul keuse kon trou. Die verwagting van die ondersoeker was weer eens dat mense deur hul keuse hul vlak van verligt= heid en moderne denke sou toon. Om hul seuns en dogters 'n vrye keuse van huweliksmaats toe te laat sou op 'n hoë graad van "modernisasie" dui.

Dit blyk uit die studie dat ouers oor die algemeen dieself= de gevoelens t.o.v. beide geslagte kinders huldig. Omtrent twee-derdes van die respondente (65%) het aangedui dat hul= le nie enige beperkings op hul kinders se keuse van huwe= liksmaats sou plaas nie. 'n Skamele 4% het gevoel dat hul= le die keuse tot Basters sou beperk, terwyl 31% die keuse tot Basters en Blankes sou wou beperk.

Tabel 56

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Voorkeur vir 'n Regeringsvorm vir die Gebiet

| Regeringsvorm | Respondente | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Selfregering onder Kaptein | 22 | 14.1 |
| Sentrale Regering in 'n onafhanklike Namibië | 127 | 81.4 |
| Ander | 5 | 3.2 |
| Geen reaksie | 2 | 1.3 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Van respondente was verwag om aan te dui watter soort rege= ringsvorm hulle vir die Gebiet sou verkies. Drie moontlik= hede is aangedui, nl. selfregering onder kapteinskap (wat die historiese posisie is), 'n sentrale regering in 'n on= afhanklike Namibië, of 'n ander soort wat hulle sou moes spesifiseer. 'n Oorweldigende meerderheid, nl. 83%, het

met/ .........

met groot versigtigheid geredeneer dat 'n sentrale regering in 'n onafhanklike Namibië in die Gebiet die voordeligste sou wees. In hul gesprekke met eggenotes of ander gesins=lede voordat hulle die keuse gemaak het, het respondente by herhaling daarop gewys dat die Gebiet nie oor die mate=riële bronne, mannekrag, e.a. voorsienings beskik om self=onderhoudend te wees nie. 'n Soort onafhanklikheid onder 'n eie regering kan dus op die lange duur slegs tot isola=sie lei en die Gebiet se moontlikhede vir ontwikkeling in die kiem smoor.

'n Kruistabulasie tussen kwalifikasies van hoofde van huis=houdings en keuse van regeringsvorm is gedoen. Die bevin=ding is dat, selfs onder die ongeletterde hoofde van huis=houdings, 62.5% die sentrale regeringstelsel verkies. In die groep wat St. 9 of 10 geslaag het, het 100% respondente 'n sentrale regeringstelsel aangewys.

Tabel 57

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Bedoeling om die Gebiet te Verlaat aldan nie

| Bedoeling | Respondente | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Glad nie | 143 | 91.7 |
| In verre toekoms | 6 | 3.8 |
| Miskien | 5 | 3.2 |
| Onseker | 2 | 1.3 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die vraag is aan respondente gestel of hulle beplan om op een of ander stadium die Gebiet te verlaat. Hul sterk bo=demvastheid het duidelik na vore gekom in hul reaksies op

die/ .........

die vraag. Terwyl 91.7% aangedui het dat hulle glad nie van plan was om die Gebiet te verlaat nie, het 4.5% onseker=heid aangedui. Toe aan hulle gevra is wat die rede vir hul onsekerheid mag wees, het die antwoord gekom dat hulle nie weet wat die toekoms inhou nie. Al sou hulle nie beplan om hul geboortegrond te verlaat nie, mag hulle deur die onse=kere politieke toekoms van Suidwes-Afrika gedwing word om te trek. Dit is dus duidelik dat selfs diegene wat onseker=heid aangedui het, in werklikheid nie beplan het om uit eie beweging te verhuis nie.

——ooOoo——

Verwysings/ ...

# VERWYSINGS

1. Fischer, Eugen: Die Rehobother Bastards. Jena, 1913. p. 14.

——ooOoo——

# HOOFSTUK 5

## ONDERWYS EN OPVOEDING IN DIE GEBIET

### 1. INLEIDING

Onderwys en opvoeding in die Gebiet het aanvanklik hand-aan-hand gegaan met die verkondiging van die Evangelie. Dis maar eers relatief onlangs dat fasiliteite in die Gebiet beskikbaar is om aan inwoners uitgebreide geleenthede te bied vir skoolopleiding. Die respondente in hierdie studie was almal volwassenes en dus persone wie se skoolopleiding in die verlede plaasgevind het. Tog toon die studie 'n lae persentasie ongeletterde persone aan (2.6%). Diegene wat wel skoolopleiding ondergaan het, het egter selde tot hoër as St. 4 gevorder. Tydens die ondersoek is 23.7% vaders en 26.9% moeders gevind wat tot St. 5 of 6 gevorder het, terwyl 12.2% vaders teenoor 28.2% moeders St. 7 of 8 bereik het en 15.4% vaders teenoor 5.1% moeders St. 9 of 10 ge=slaag het. Die studie bewys onomwonde dat opvoedingsbewust=heid en die pogings om beter opvoeding te verseker vandag baie hoë prioriteit in die Gebiet geniet.

Aangesien 'n gemeenskap se opvoedingspeil 'n funksie van sy ekonomiese groei en ontwikkeling is, is die mense van die Gebiet ook al hoe meer besig om hulself op ekonomiese ge=bied beter te organiseer en toe te rus. Oor hierdie onder=werp skryf Kotzé in sy verhandeling oor Namakwaland [1]:

> Per slot van rekening is die opvoeding wat die kind van sy jongste jare ontvang, daar=op gemik om hom sodanig vir die latere lewe voor te berei, dat hy in die eerste plek 'n

deeglike/ .........

> deeglike en onafhanklike bestaan kan maak. Die voorbereiding op 'n ekonomiese self=standigheid in die latere lewe is dus die primêre doel van onderwys en opvoeding.

Die term opvoeding word verkeerdelik verstaan as synde tot kinders beperk te wees. Dit moet nie slegs as funksie van die formele klaskameronderrig gesien word nie. Warren [2] verduidelik die begrip soos volg:

> To the extent that education involves the transmission of various parts of the cul=ture to new generations, it takes place in all social institutions and is by no means the exclusive prerogative of the schools. Three areas of contemporary life afford opportunities for such "education" which are believed to be at least as im=portant as the school in their influence upon the facts, attitudes and behavior patterns which the child acquires. These are the child's own playgroup, through which he acquires attitudes, manners of behavior, and a vocabulary not always com=pletely acceptable to the school; the fa=mily, which has the child earlier, and longer, and in more intimate, sustained relation than any other institution; and the various means of mass communication, including radio, television, motion pic=tures, comic books, newspapers, magazines and so on.

In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig oor onderwys en op=voedkundige aangeleenthede in die Gebiet gegee.

## 2. DIE OWERHEID VERANTWOORDELIK VIR ONDERWYS EN OPVOEDING

Onder die huidige bedeling in Suidwes-Afrika/Namibië word daar vir twee regeringsvlakke voorsiening gemaak. Die Mi=nistersraad, wat die sentrale regering vorm, maak die Eer=ste Vlak Regering uit, terwyl die Tweede Vlak deur Verteen=woordigende Owerhede gevorm word. Laasgenoemde owerhede word deur die Proklamasie van die A.G. nr. A.G. 8/1980 soos volg omskryf [3]:

'n/ ..........

> 'n Verteenwoordigende Owerheid wat as so=
> danig by wet vir 'n bevolkingsgroep inge=
> stel is en wat uit die wetgewende owerheid
> en uitvoerende owerheid van daardie bevol=
> kingsgroep bestaan, en ook die Administra=
> sie wat die sake van 'n bevolkingsgroep
> met betrekking tot omskrewe aangeleenthede
> behartig.

Een van die aangeleenthede wat deur die Verteenwoordigende Owerhede behartig word, is onderwys en opvoedkundige akti= witeite.

Die pligte van Verteenwoordigende Owerhede t.o.v. opvoeding word in die Proklamasie nr. A.G. 8/1980 omskryf [4]:

(1) Die verskaffing aan lede van die be= paalde bevolkingsgroep van onderwys van enige peil tot en met die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen vir die 10de standerd vereis word.

Hierdie onderrig is onderworpe aan minimumvereistes en -standaarde soos deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika voorgeskryf. Die pligte word verder omskryf:

(2) Opleiding van persone as onderwysers vir die verskaffing, aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep, van onder= wys van 'n peil nie hoër nie as die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen van die 4de standerd vereis word.

(3) Die instelling, oprigting, instandhou= ding en bestuur van, en die beheer oor skole, opleidingskolleges, koshuise of ander inrigtings, vir of in verband met die verskaffing van onderwys of opleiding in paragraaf (1) of (2) be= doel.

## 3. VOORSKOOLSE DIENSTE

Sover bekend, is minimumvereistes en -standaarde vir voor= skoolse opvoeding nog nie vir Suidwes-Afrika/Namibië neer= gelê nie. Die beleid wat tans nog geld is dat voorskoolse

opvoeding aan private inisiatief oorgelaat word, hoewel die Staat finansieel help en dus ook 'n mate van kontrole het. Behr skryf in 1978 t.o.v. opvoeding in Suid-Afrika oor hier= die aspek [5]:

> Churches, welfare and other organizations are encouraged to establish nursery schools, and wherever possible, to link them up with créches. The State subsidizes créches, but in respect of nursery schools (i.e. institu= tions catering for children between the ages of 2 and 6 years of age) a per capita allow= ance is granted. The granting of the allow= ances entitles the State to inspect the schools and so ensure that the teachers have adequate training and the amenities provided are suitable.

Uit die huidige ondersoek in die Gebiet is vasgestel dat daar nêrens 'n behoefte aan 'n bewaarskool aangedui is nie. Die algemene gebruik is dat babas van moeders wat werk òf deur 'n grootmoeder, òf deur 'n bediende versorg word. As bloot op grond van getalle besluit moes word, dan sou die kinders onder die ouderdom van 2 jaar wie se moeders werk, nie die oprigting van 'n bewaarskool regverdig het nie. Daar is egter nie ingegaan op die geskiktheid van die ver= sorging wat soms deur bejaardes onderneem word nie -- 'n aspek wat moontlik tog wel die behoefte aan 'n bewaarskool mag aandui.

Die Katolieke Kerk bestuur 'n kleuterskool in die hoofdorp. Die skool is oop vir kinders uit alle godsdienstige affi= liasies. Dit maak voorsiening vir 20 kinders en beskik oor die dienste van een gekwalifiseerde kleuterskoolonderwyse= res en ander ongekwalifiseerde assistente.

Volgens die persoonlike mededeling van 'n skoolhoof, kan die resultate van die kleuterskool reeds in die kinders se

eerste/ ......

eerste skooljaar opgemerk word, nl. dat diegene wat die kleuterskool bygewoon het, 'n groter mate van emosionele onafhanklikheid ontwikkel het, meer geredelik by die roetine van die skool inval en ook oor 'n beter taalbeheer en wyer algemene kennis beskik. Hoewel hierdie informasie nog op geen wyse aan die ouers oorgedra is nie, blyk dit dat al meer ouers belangstelling begin toon in die diens, soveelso, dat daar 'n lang waglys vir opname bestaan.

Heelwat respondente het ook die behoefte aan nog minstens een kleuterskool in 'n ander deel van die hoofdorp genoem, sodat meer kinders daarvan gebruik kan maak.

Die behoefte aan kleuterskole is ook deur respondente op sommige van die groter sentra (bv. Schlip, Duineveld en Klein Aub) genoem.

## 4. SKOLASTIESE OPVOEDINGSFASILITEITE EN BENUTTING

Die rol wat kerke in die geskiedenis van opvoeding in die Rehoboth Gebiet gespeel het, kan nie oorskat word nie. Aan=vanklik was heelwat primêre skole staatsondersteunde kerk=skole. In 1978 en 1980 het die Staat die meeste kerkskole oorgeneem. Slegs drie Katolieke en een Methodiste skool het onder die kerke se beheer gebly, dog word deur die Staat ondersteun. Die oorname het nie alleen die finansiële las op kerke verlig nie, dog het ook meegebring dat handboeke en koshuisinwoning, waar dit beskikbaar is, gesubsidieër word.

### 4.1 Beskikbare Skole in die Gebiet

In die opvoedingsisteem word vir vier fases van opleiding

voorsiening/..

voorsiening gemaak, nl. junior primêre onderrig, wat vanaf die substanderds tot St. 1 strek; senior primêr wat St. 2 tot St. 4 insluit; junior sekondêr wat weer vanaf St. 5 tot St. 7 voorsiening maak en laastens senior sekondêr -- vanaf St. 8 tot St. 10.

Volgens persoonlike mededeling deur die inspekteur van sko= le in die Gebiet, bestaan daar tans 38 primêre skole in die Gebiet, waarby 7 Namaskole ingesluit is. Hierdie skole is baie goed versprei binne die Gebiet, sodat die mees afgeleë inwoners ook hul kinders by 'n nabygeleë plaasskooltjie kan inskryf. Die vier primêre skole vir Basters wat in die hoofdorp geleë is, is redelik groot en het leerlingtalle wat tussen 500 en 700 per skool tel. Op sommige plasies is die skooltjies egter klein en swak toegerus, meestal met 'n leerlingtal van 20 tot 120 en twee tot vier leerkragte. By vier van hierdie primêre skole word vir aanpassingsklasse voorsiening gemaak.

Uit informasie verkry by die kantoor van die Afdeling Onder= wys in Rehoboth is gevind dat 'n groot persentasie onderwy= sers wat die Gebiet bedien ongediplomeerd is. Hul akademie= se kwalifikasies is hoogstens St. 10, maar meestal St. 8. Die res wat wel gediplomeerd is, beskik ook meestal oor St. 8 plus 2 jaar professionele opleiding, terwyl sporadiese gevalle van St. 10 plus 1 or 2 jaar professionele opleiding ook aangetref word.

Die junior sekondêre skole is vier in getal, waarvan een in Rehoboth-dorp is, en die ander drie in Duineveld, Schlip en Rietoog onderskeidelik. Daar is slegs een senior sekondêre skool in die Gebiet, die Dr. Lemmer Hoërskool, in die hoof=

dorp/ ........

dorp, met ongeveer 800 leerlinge en 34 onderwysers. Hier= die skole dien die totale Gebiet en die junior sekondêre skool te Schlip asook die Dr. Lemmer Hoërskool te Rehoboth beskik oor koshuisgeriewe.

Volgens persoonlike mededeling van 'n beampte in die onder= wysafdeling, is een van die belangrikste bouprogramme wat tans in die Gebiet onderweg is, die oprigting van nuwe sko= le en die aanbou van klaskamers om ou skole uit te brei, sodat die fasiliteite kan tred hou met die toenemende be= hoefte en aanvraag.

Uit die ondersoek het duidelik geblyk dat die Basters hoë aspirasies vir opvoedkundige status koester en dat mense ook daarop ingestel is om hul kinders met ouderdom 6 jaar in 'n skool te plaas. Volgens die ondersoek het slegs 24% huis= gesinne kinders bo die ouderdom van 6 jaar gehad wat nog nie op skool was nie en daar was geldige redes in elke ge= val aangedui.

Volgens statistiek verkry by die Afdeling Onderwys by die Rehoboth Regering, was daar 'n 6.7% groei van die leerling= tal in die junior primêre klasse van die laaste kwartaal van 1979 tot die eerste kwartaal van 1980. Die volgende tabel dui die toename aan.

Tabel 58

Toename van die Leerlingtal van die Junior Primêre Klasse
Laaste Kwartaal 1979 tot Eerste Kwartaal 1980

| Jaar | Sub. A | Sub. B | St. 1 | Totaal | % Groei |
|---|---|---|---|---|---|
| 1979 | 1 426 | 1 189 | 1 142 | 3 757 | |
| 1980 | 1 501 | 1 377 | 1 220 | 4 038 | 6.7 |

Die/ .........

Die getal onderwysers wat tans hierdie klasse bedien, beloop 125, d.w.s. 35.7% van die totale getal onderwysers. Infor= masie uit bogenoemde afdeling verkry, toon dat slegs 20 uit hierdie 125 leerkragte gediplomeerd is.

## 4.1 Tegniese en Professionele Opleidingsentra

Tegniese en professionele opleiding ressorteer onder die Eerste Vlak van die Regering. Nêrens in die Gebiet word vir tegniese of professionele opleiding voorsiening gemaak nie. Oor die jare heen was alle studente uit die Gebiet op die Republiek van Suid-Afrika se naskcolse opleidingsentra aangewese. In 1967 het die Departement van Kleurlingbetrek= kinge en Rehoboth Aangeleenthede 'n opleidingskollege vir Kleurling-, Baster- en Namastudente in Windhoek geopen. Hoewel daar aanvanklik weerstand was teen die kollege, het die Staat, deur voorkeur te gee aan beursaansoekers vir die betrokke kollege, verseker dat studente van die diens ge= bruik maak. Daar word tans ook 'n tegniese kollege in Kho= masdal, Windhoek, gebou.

Die opleidingsentra in die Republiek van Suid-Afrika waar= van nog deur die meerderheid van studente gebruik gemaak word, is die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville Oplei= dingskollege, en die Skiereilandse Tegniese Kollege vir Ge= vorderde Onderwys, wat almal net buite Bellville geleë is. Hewat Opleidingskollege in Athlone en die Oos-Kaaplandse Op= leidingskollege in Oudtshoorn is ook bekende sentra wat stu= dente uit die Gebiet trek. Voorts word kursusse wat nie by die Universiteit van Wes-Kaapland aangebied word nie, ook deur studente by ander universiteite nl. Stellenbosch, Kaap= stad en Witwatersrand gevolg.

Die Akademie vir Tersiêre Onderwys het op 4 Februarie 1980 in Windhoek 'n aanvang geneem. In 'n bylae tot die Naweek Republikein is soos volg oor die Akademie geskryf [6]:

> Die Akademie vir Tersiêre Onderwys -- wat die land se eerste Universiteit, Technikon en Beroepskool word -- het op Maandag, 1 September, sy wetlike selfstandigheid ont=vang.

Die bylae berig voorts dat die Akademie gestig is om reg=verdige en gelykwaardige opleiding aan alle inwoners van Suidwes-Afrika/Namibië, wat belangstel, te bied.

Die hoofkampus van die Akademie is in die middestad van Windhoek, terwyl 'n nuwe kampus en koshuise net buite die stad aangebou word. Die kursusse wat aangebied word dek 'n wye veld, en word op voltydse en deeltydse basis aangebied. Daar word klasse ter voorbereiding vir die St. 8 en St. 10 sertifikate gegee.

Op tersiêre vlak is begin met die nasionale diplomas in Staatsadministrasie en Staatsrekeninge en -finansies. Daar is ook voltyds begin om die kursus van die Instituut van Ad=ministrasie en Handel (I.A.H.) en opleiding in joernalis=tiek, tik, tegniese vakke en vakleerkingskappe aan te bied. 'n magdom kultuurverrykings- of stokperdjie kursusse kan ook by die inrigting gevolg word.

Laastens word vir 'n verskeidenheid graadkursusse voorsien=ing gemaak en daar word beplan om met ingang van 1981 met drie rigtings in die maatskaplike werk 'n aanvang te neem, nl. 'n eenjarige sertifikaat in Maatskaplike werk opleiding (wat aanvanklik slegs in Suidwes-Afrika/Namibië erken sal word), 'n driejarige diploma, en 'n graad in maatskaplike werk, wat oor vier jaar sal strek.

Die/ ........

Die Akademie maak tans reeds voorsiening vir die aanbieding van taalkursusse. Verskeie inheemse tale, asook Duits, Engels en Afrikaans word reeds gedek.

'n Belangrike instelling wat na verwagting in 1981 werklik= heid sal word, is 'n eie vaktoetssentrum, gepaardgaande met 'n nuwe gebouekompleks waar die Akademie die tegniese kur= susse vir alle bevolkingsgroepe sal aanbied. Kursusse in motor- en bouambagte, sowel as in sweis, plaatmetaal en elektroniese ambagte sal aangebied word.

Wat die inrigting so besonders maak, is die feit dat 'n stu= dent gedurende die twee jaar wat hy vir sy matriek studeer, ook sekere krediete òf in 'n onderwys- òf maatskaplike werk= rigting verwerf. Hy kan dan ná matriek slegs een jaar aan= bly vir 'n Nasionale sertifikaat in Onderwys of 'n eenjari= ge sertifikaat in maatskaplike werk. Hierna kan hy verder inskakel by die Akademie se diplomakursusse òf, as hy ma= trikulasievrystelling het, by enige van die graadkursusse waarvoor voorsiening gemaak word.

Aan die begin van 1980 het die Akademie 'n landswye veldog begin om die standaard van onderwys in Suidwes-Afrika/Nami= bië te verhoog. Die veldtog is veral bedoel vir onderwysers uit swart bevolkingsgroepe wat hul kwalifikasies wil verbe= ter. Die program bestaan uit kort, intensiewe kursusse ge= durende skoolvakansies by verskeie sentra in die land. Hierdie veldtog word baie goed benut en tot dusver het 300 onderwysers reeds vir die kursusse ingeskryf.

Op 19 Februarie 1979 is die Landbou Kollege te Tsumis ge= open, met tien voltydse studente. Die kollege bied 'n tweejarige diplomakursus in landbou aan. Die gebouekompleks

is/ ..........

is nog nie voltooi nie, en daar word beoog om vir 30 studen=te voorsiening te maak.

Hoewel die toetredingsvereistes op die senior sertifikaat vasgestel is, is, om mee te begin, ook studente wat slegs oor die junior sertifikaat beskik, toegelaat.

Volgens die persoonlike mededeling van 'n landboubeampte, is reeds oor werksgeleenthede vir die afgestudeerde studen=te navraag gedoen. 'n Hele paar moontlikhede is genoem, nl. as landboubeamptes in diens van Rehoboth Beleggings en Ont=wikkelingskorporasie (R.E.K.O.R.) of die Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie (E.N.O.K.), Dieremedisynevervaardi=gingsmaatskappy in Windhoek, of as plaasvoorman ens.

Die kollege staan onder beheer van die Rehoboth Regering en word deur die Staat gesubsidieër, terwyl geen beurse nog vir die studente beskikbaar gestel is nie.

## 5. <u>OPVOEDINGSVLAK VAN DIE BASTERS</u>

Hoewel dit uit die ondersoek blyk dat die Basters tans baie hoë aspirasies vir die opvoeding van hul kinders het -- 78% is met niks minder as universiteitsopleiding vir hul seuns tevrede nie en 75% beoog dit vir hul dogters -- blyk dit dat die werklike opvoedingsvlak van die Gebiet se mense nog baie laag is.

Net 'n jaar gelede het die Direkteur van Onderwys 'n medede=ling gemaak dat slegs 2% van die Gebiet se mense oor matriek beskik. Uit die ondersoek is vasgestel dat 15.4% vaders en 5.1% moeders uit huishoudings tot St. 9 of 10 gevorder het en 12.2% mans en 28.2% dames tot St. 7 of 8. Slegs 19.9%

vaders en 9.6% moeders het naskoolse kwalifikasies of is daarmee besig.

Die ondersoek het egter duidelik uitgewys dat die Basters 'n groot behebtheid met skolastiese opvoeding ontwikkel het en die toekoms lyk dus rooskleuriger as die beeld wat tans ver= kry word.

Die saak word verder verbeter deurdat al meer onderwysers gaan om te spesialiseer, òf in 'n akademiese rigting, òf in musiek, houtwerk, kindertuin en huishoudkunde. Daar is ook 'n aanduiding dat studente vir 'n breër verspreiding beroepe opgelei word. Voorheen was meestal onderwysers, verpleeg= sters, leraars en die sporadiese geneesheer die algemene be= roepskeuses. In later jare is maatskaplike werk en aptekers= wese bygevoeg, terwyl daar ook tans radiografie, tandheelkun= de, ingenieurswese, publieke administrasie ens. bykom.

## 6. VOLWASSE OPVOEDING

Volwasse opvoeding is 'n wye begrip en kan op verskeie vlak= ke in die samelewing aangepak word. Sê R. Warren in sy boek oor hoe gemeenskappe bestudeer moet word [7]:

> While most people think of adult education chiefly as evening classes in the schools, more adult education takes place outside the schools than within them.

Die bron van volwasse opvoeding wat miskien die grootste trefkrag het, word erken as die massakommunikasie media. Die ondersoek het aan die lig gebring dat die Basters baie gereelde koerantlesers is en ook gereeld na die draadloos luister. Die nuusberigte was juis een van die programme waarna die meeste mense luister. Op hierdie wyse word die

volwasse/ .....

volwasse publiek op hoogte gehou van nuwe ontwikkelings in die land en in die wêreld en so word waardes en sienswyses beînvloed of bepaal.

By die Senior Sekondêre Skool in Rehoboth word ook aandklas= se aangebied waar enigiemand wat sy kwalifikasies wil verbe= ter, vir die junior- of senior sertifikaat kan inskryf. On= derwysers verbonde aan die skool bied die klasse teen ekstra vergoeding aan en dit word redelik goed benut deur die vol= wasse publiek. Die Weermag speel ook sy rol deurdat van die personeel eerstehulpkursusse by skole en aan volwassenes in Rehoboth bied. Daar heers groot belangstelling in hierdie kursusse in die Gebiet.

Die kliniekverpleegsters dra ook hul deel by veral t.o.v. gesinsbeplanning, kinderversorging en drankmisbruik. Hulle maak van die tegnieke van persoonlike kontak op individuele en groepsvlak, films, praatjies en voorligters gebruik.

Daar is ook kulturele organisasies soos die huisvlytvereni= ging, sanggroepe, dramagroepe, vrywillige welsynsorganisa= sies, boereverenigings en godsdienstige organisasies wat hul deel tot die opvoeding en leiding aan die publiek bydra. Daar is vasgestel dat sommige respondente vir langer as 21 jaar aan kerklike organisasies behoort, en 11.3% behoort tussen 5 en 6 jaar aan boereverenigings, waar daar baie voorligting ten opsigte van moderne boerderymetodes voorsien word. Die huisvlytvereniging vir vroue is baie bedrywig en bied 'n wye verskeidenheid opvoedkundige en sosiale program= me sowel as kunstige handwerkklasse aan die lede -- ongeveer 12% respondente behoort vir langer as 5 jaar aan die klub. Welsynsorganisasies en kulturele verenigings toon wel 'n lae

lidmaat=/ .....

lidmaatskapsyfer (beide is laer as 8%), dog die rol wat hier= die organisasies t.o.v. publieke opvoeding speel, strek ver= der as slegs tot die beperkte getal persone wat werklik lede daarvan is.

Die kursusse wat by die Tsumis teelstasie aangebied word, is reeds bespreek. Hier dien vermeld te word dat beide mans en dames hierdie kursusse bywoon en op dié wyse word die vroue, wat dikwels die boerdery vir lang periodes moet waarneem wanneer die mans uitwerk, ook op die moderne benaderings en metodes ingestel.

Die Afdeling Landbou Tegniese Dienste stuur ook landboube= amptes deur die Gebiet om die boere op hul plase met hul in= dividuele boerdery probleme te help en om voorligting te gee oor veesiektes en medisynes, grondbewaring, voordelige be= planning en beweiding ens.

Die meeste van hierdie opvoedingsgeleenthede word nog on= derbenut en daar is nog baie motivering nodig.

## 7. KNELPUNTE

In die ondersoek is aan respondente gevra om probleme uit te wys wat hulle t.o.v. hul kinders se skolastiese opvoeding ondervind. Die volgende knelpunte het aan die lig gekom.

### 7.1 Gebrek aan Goed-Gekwalifiseerde Onderwysers

Soos reeds vermeld, word daar wel nog tot 'n groot mate van ongediplomeerde leerkragte gebruik gemaak, hoewel die posi= sie besig is om te verbeter. Behalwe die tekort aan gekwa= lifiseerde leerkragte, is daar die bykomstige probleem dat

sommige skole vér van die groter sentra geleë is en veral die jonger onderwysers(esse) is nie geneë om so geïsoleerd te gaan werk nie. Dit gebeur selfs dat hulle verkies om uit die onderwys te tree en in die privaatsektor diens te aan=vaar eerder as om op die afgeleë plattelandse sentra onder=wys te gee. Vandaar dat die enigste uitweg dikwels is om van ongediplomeerde leerkragte gebruik te maak.

## 7.2 Agterstand van Kinders uit Sekere Plaasskole

'n Direkte gevolg van ongekwalifiseerde leerkragte, gepaard=gaande met ander probleme soos meer as een klas per onderwy=ser, swak toegeruste skole, te min kinders per klas om kom=petisie uit te lok, maatskaplike isolasie en gebrek aan ou=erlike belangstelling of toesig, is dat kinders van sekere verafgeleë plaasskooltjies 'n baie groot opvoedkundige agter=stand ontwikkel. Wanneer hulle na senior klasse in die gro=ter sentra oorgeplaas word, vind hulle dit baie moeilik om te voldoen aan die hoë vereistes wat deur gekwalifiseerde leerkragte in meer moderne en beter toegeruste skole gestel word.

## 7.3 Vroeë Skoolverlating

Vroeë skoolverlating is 'n vry algemene verskynsel. Byna driekwart van die respondente het dit as 'n heersende maat=skaplike probleem aangedui en groot kommer daaroor uitge=spreek. Respondente het egter terselfdertyd aangedui dat, hoewel daar nie verpligte skoolbywoning bestaan nie, onder=wysers oor die algemeen geen moeite ontsien om ouers by te staan in hul pogings om hul kinders "op die skoolbanke te hou" nie.

## 7.4 Gebrek aan Geskikte Loseergeriewe

Koshuisgeriewe is nog hoegenaamd nie toereikend nie, en baie ouers wat ver van die sentra woon waar die kinders skool by= woon, ondervind losiesprobleme vir hul kinders. Dit bring dikwels mee dat die moeder op die dorp of skoolplaas moet gaan woon om die skoolkinders te versorg, terwyl die vader op die plaas moet aanbly om die boerdery te behartig. In= dien dit nie moontlik is nie, word die kinders sonder ouer= like toesig in die dorpshuis gelaat terwyl die ouers net af en toe besoek aflê. Hierdie reëling lei dikwels tot onge= dissiplineerdheid by kinders en veral stokkiesdraaiery of swak skoolbywoning kan hieraan toegeskryf word.

## 7.5 Geen of Swak-Toegeruste Biblioteke

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui, beskik slegs 'n paar skole oor biblioteke en is dié maar swak toegerus. Dit word deurgaans deur respondente as 'n ernstige behoefte in die onderwysstelsel gesien. Die behoefte is ook deur kind= ers uit verskillende ouderdomsgroepe aangedui.

## 7.6 Leerplanne

Slegs 'n beperkte aantal respondente (17.3%) het van die be= hoefte aan leerplanwysigings melding gemaak. Sommige res= pondente het die leerplanne vaagweg as "verouderd" beskryf, terwyl ander weer gemeen het dat hul kinders aan laer stan= daarde as Blanke skole blootgestel word, òf dat meer tale, o.a. Duits en een inheemse taal, ook by die leerplanne gevoeg behoort te word.

Ten slotte het 'n paar respondente ook van ander probleme

melding/ ......

melding gemaak soos: 'n gebrek aan of swak beroepsvoorlig=ting aan leerlinge in die senior sekondêre klasse, finan=siële probleme, vrese dat die opleidings- en tegniese kolle=ges in Windhoek nie aan die standaarde van soortgelyke kol=leges in ander provinsies gelykstaan nie, e.d.m.

## 8. SLOTOPMERKINGS

Dit blyk uit die vorige hoofstuk dat daar baie noue skake=ling tussen onderwysers en ouers is, òf d.m.v. vergaderings, funksies, sportbyeenkomste, leerprobleme, òf vriendskaplike kontak. Onderwysers neem ook leiding by kulturele aktiwi=teite soos sanggroepe, privaat musiekonderrig, sport, op=voedkundige toere, godsdiensoefeninge en vrywillige welsyns=werk. Die invloed wat die onderwyser op die gemeenskap uit=oefen, strek dus baie verder as die leerlinge en studente. As opvoedkundiges is hulle dus in die gunstige posisie om 'n definitiewe bydrae te maak tot die proses van modernise=ring en ontwikkeling wat onstuitbaar in die Rehoboth Gebiet aan die gang is en waarvoor aanvaarde leiers met visie en insig benodig word.

——ooOoo——

# VERWYSINGS


1. Kotzé, P.W.: Namakwaland. 'n Sosiologiese Studie van 'n Geïsoleerde Gemeenskap. Proefskrif inge= handig vir die graad van Doktor in die Wysbe= geerte aan die Universiteit van Stellenbosch. Nasionale Pers, Kaapstad, 1943. pp. 190-191.

2. Warren, R.L.: Studying Your Community. Collier Mac= millan Publishers, New York, 1965. p. 93.

3. Proklamasie van die A.G. nr. A.G. 8 van 1980. p. 2.

4. Ibid.: p. 37.

5. Behr, A.L.: New Perspectives in South African Educa= tion. Butterworth & Co., Durban, 1978. p. 46.

6. Naweek Republikein, Bylae. 5/9/80. p. 1.

7. Warren : Op. cit. p. 110.


——ooOoo——

# HOOFSTUK 6

## GESONDHEID IN DIE GEBIET : TOESTANDE EN DIENSTE

### 1. ALGEMEEN

'n Gemeenskap se gesondheidspeil is 'n bepalende faktor in sy ekonomiese en sosiale ontwikkeling. Daar bestaan 'n nou korrelasie tussen 'n persoon se fisiese en geestelike wel= syn enersyds en sy werkspotensiaal en prestasies aan die an= derkant.

In die verslag van BENBO oor swart ontwikkeling in Suid-Afrika (1976) [1], word die volgende positiewe invloede, wat 'n hoë volksgesondheidspeil op die land se ekonomie kan hê, genoem .

> Die gesondheidspeil van die ekonomies be= drywige gedeelte van 'n bevolking kan on= der meer die volgende invloede hê:
>
> = Op die werksprestasie van die arbeids= mag wat deur 'n beter gesondheidspeil positief beïnvloed word
>
> = Op die arbeidsomset waar dit beter ge= sondheid en werkspotensiaal kan bevor= der
>
> = Op motivering, want dikwels word gestel dat gesonde werkers makliker gemotiveer kan word om hoër produksie te lewer
>
> = Op die ondernemingsgees in 'n gemeen= skap, indien aangeneem word dat daar 'n korrelasie tussen die gesondheidspeil en ondernemingsgees bestaan.

Die Rehoboth Gebiet lê in die hartjie van Suidwes-Afrika/ Namibië, met sy droë klimaat en warm weersomstandighede, wat eerder bevorderlik as nadelig vir die inwoners se ge= sondheidstoestand kan wees. Daar is bv. weinig sprake van klammigheid wat deur mure slaan gedurende die reënseisoen,

siende/ ......

siende dat dit in die somermaande reën en die son en wind vinnige verdamping teweegbring. Meer as een respondent het vertel hoedat asmaleiers uit ander provinsies daarheen uit= wyk om van hul borskwale ontslae te raak. Ook die totale afwesigheid van fabrieke in die area en die yl bevolkings= verspreiding kan as bydraend tot die algemene gesondheids= peil gesien word.

## 2. DIENSTE WAT OPENBARE GESONDHEID BEÏNVLOED

Vervolgens word kortliks gekyk na 'n paar noodsaaklike dienste wat nou saamhang met openbare gesondheidstoestande in 'n gemeenskap. Die dienste wat aandag sal geniet is:

- 2.1 Watervoorsiening
- 2.2 Melk- en vleisverskaffing
- 2.3 Nagvuil- en vullisverwydering.

### 2.1 Watervoorsiening

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld, kry die Gebiet sy water uit boorgate en putte. Water wat direk uit boorgate gepomp en na binnenshuise krane gelei word vir huishoudelike gebruik, is waarskynlik die suiwerste. Op sommige plase, waar daar nog nie lopende water aangebring is nie, word die water uit die boorgate in damme gepomp, meestal vir die ge= bruik van vee, terwyl drinkwater vir die mense in sinkemmers opgevang en aangedra word vir huishoudelike gebruik. 'n Re= delike mate van suiwerheid word dus ook hier gewaarborg. Die grootste gevaar van onsuiwerheid kom voor wanneer daar tydens en kort ná die reënseisoen putte in rivierbeddings gemaak word om die water wat weggesyfer het oop te maak.

Hierdie putte is heeltemal oop en daar word niks gedoen om die suiwerheid van die water te verseker nie. Gelukkig word hierdie gebruik nie meer baie algemeen aangetref nie, sien= de dat die aanlê van lopende water in huise 'n algemene ge= bruik geword het.

## 2.2 Melk- en Vleisverskaffing

In die groter sentra waar ook winkels is, word melk vanaf die melkery in Windhoek verkry vir verspreiding. Op die plase egter melk die boere hul eie koeie en bokke vir huis= houdelike gebruik. Die higiëniese hantering en versorging van melk berus dus by die individuele gesinne. Oor die al= gemeen is bevind dat boere streng toesien dat hul werkers hande was en die spene ook ontsmet voordat die melkery be= gin, asook dat die versorging van melkemmers, kanne en room= skeiers met groot presiesheid en netheid gepaard gaan.

Vleis word in die hoofdorp en sekere ander groter sentra in slaghuise verkoop. Die gesondheidsinspekteurs sien wel toe dat aan die nodige gesondheidsvereistes voldoen word. Waar boere hul eie vee slag, word weer eens aan basiese higië= niese vereistes voldoen en vleis, sowel as melk, word òf in groot steenkool verkoelers, òf in lampolie yskaste (waar elektrisiteit nog ontbreek) bewaar. Hoewel melk en vleis dus groot draers van vele siektes is, word die gevaar daar= van tot die minimum beperk, deurdat die mense self 'n rede= like groot bewustheid van die noodsaaklikheid van higiëne openbaar.

## 2.3 Nagvuil- en Vullisverwydering

In die groter sentra is die Rehoboth Regering verantwoordelik vir riolering of waar daar nog van die emmerstelsel gebruik gemaak word vir die verwydering van nagvuil. Die publiek betaal maandeliks vir hierdie diens, sowel as vir die huishoudelike vullisverwydering, wat ook deur die plaaslike owerheid behartig word.

Op die plase is die mense vir die aanlê van hul eie rioleringstelsels of verwydering van nagvuil verantwoordelik.

Die toestand van toilette, sowel die wat binne is as die wat buite is, varieer van besonder nette en higiëniese voorkoms en versorging, tot uiters vuil, onnet, oorvol en onhigiënies. Verbasend genoeg was dit veral in die hoofdorp waar sodanige onnetheid teëgekom is, terwyl juis in die dorp daar groter geleentheid vir beheer en toesig behoort te wees.

## 3. GENEESKUNDIGE DIENSTE

Geneeskundige dienste word in die breë op twee vlakke benader, nl. voorkomend en genesend. Dit word algemeen aanvaar dat die Sentrale Regering en die plaaslike owerhede verantwoordelik is vir voorkomende dienste. Daarby word ingesluit hawe- en lugvaartinspeksies (om te voorkom dat aansteeklike siektes die land binnekom), mediese navorsing, en voorkoming van epidemies (deur bv. verpligte inenting en die aanstelling van gesondheidsinspekteurs), die verskaffing van X-straal eenhede, en die aanstelling van distriksgeneeshere om toesig te hou oor die bogenoemde dienste en om mediese

dienste/ .....

dienste aan diegene wat dit nie kan bekostig nie, te ver= skaf. Die masjienerie wat vir die uitvoering van hierdie funksies in die Rehoboth Gebiet verantwoordelik is, is die huidige Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene van die Republiek van Suid-Afrika, en die plaaslike owerheid — Rehoboth Regering, wat deur genoemde Departement gesubsi= dieër word.

Genesende gesondheidsdienste word hoofsaaklik deur algemene hospitale verskaf. Die Gebiet beskik oor twee hospitale wat albei in die hoofdorp geleë is en wat deur die Katolieke Sending en die Rynse Sending onderskeidelik opgerig is en bestuur word. Voorts word die meer ernstige gevalle deur die hospitale in Windhoek bedien, terwyl daar ook sporadies van die Katolieke hospitaal in Marienthal gebruik gemaak word.

## 3.1 Mediese Funksies van die Verteenwoordigende Owerhede in die Gebiet

Die Rehoboth Regering is die verteenwoordigende owerheid van die Gebiet en die funksies t.o.v. gesondheidsdienste wat ingevolge Proklamasie A.G. nr. 8 van 1980 aan sodanige owerhede opgedra word, word soos volg omskryf [2].

> Die verskaffing (binne die perke van 'n wet van die Vergadering of 'n ander bevoegde ge= sag met betrekking tot die voorkoming en be= stryding van aansteeklike of oordraagbare siektes, of die koördinering van gesondheids= dienste in die gebied in die algemeen) aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep van ge= sondheidsdienste wat die behandeling, gene= sing, regstelling of leniging van liggaamlike of geestelike gebreke, ongesteldhede of te= kortkominge by die mens, of die immunisering of ander behandeling van 'n persoon ten einde te voorkom dat hy so 'n gebrek, ongesteldheid of tekortkoming opdoen, ten doel het, met

inbegrip/ ....

inbegrip van:-

(a) distriksgeneesheerdienste en distriksver= pleegdienste, en sodanige gesondheids= dienste by skole onder die beheer van die uitvoerende owerheid;

(b) kraamdienste, en voor- of nageboortesorg; en

(c) die instelling, oprigting, instandhouding en bestuur van, en die beheer oor, hospi= tale, klinieke en ander inrigtings vir die verskaffing van sodanige dienste

maar met uitsondering van aangeleenthede met betrekking tot:-

(i) die registrasie van geneeshere, tand= artse, verpleegsters, vroedvroue, ap= tekers en ander beoefenaars van beroepe wat die voorkoming, behandeling, gene= sing, regstelling of leniging van lig= gaamlike of geestelike gebreke, onge= steldhede of tekortkominge by die mens ten doel het, en beheer oor hul onder= skeie beroepe;

(ii) beheer oor en die registrasie van medi= syne en ander stowwe wat gebruik word of bestem is vir gebruik vir of in ver= band met die voorkoming, behandeling, genesing, regstelling of leniging van sodanige gebreke, ongesteldhede of te= kortkominge, en gifstowwe, afhanklik= heidsvormende stowwe en ander stowwe wat gevaarlik of nadelig is vir die liggaamlike of geestelike gesondheid van die mens.

Volgens koerantberigte en persoonlike mededelings deur bur= gers van die Gebiet, het die Rehoboth Regering egter besware teen die aanvaarding van die tweedevlak funksies soos deur die proklamasie van die A.G. uiteengesit, en word mediese dienste nog volgens die ou bedeling onder die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene van die Republiek van Suid-Afrika geressorteer.

3.2 Die Respondente se Mening oor Geneeskundige Dienste in die Gebiet

Dit het tydens die ondersoek aan die lig gekom dat daar

heelwat/ .....

heelwat ontevredenheid en ongelukkigheid onder die Basters heers oor verskeie aspekte van die beskikbare mediese dienste in die Gebiet.

Respondente is bv. gevra om hulle mening oor mediese dienste in die Gebiet te lug en 6 alternatiewe waaruit hulle kon kies is suggereer. Onderstaande tabel gee die response weer.

Tabel 59

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Mening oor die Mediese Dienste in die Gebiet

| Mening | Aantal Huishoudings | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | % | Nee | % | Nr. | % |
| Voldoende | 1 | 0.6 | 155 | 99.4 | 156 | 100.0 |
| Te duur | 79 | 50.6 | 77 | 49.4 | 156 | 100.0 |
| Te min geneeshere | 152 | 97.4 | 4 | 2.6 | 156 | 100.0 |
| Te min verpleegsters | 99 | 63.5 | 57 | 36.5 | 156 | 100.0 |
| Te min klinieke | 121 | 77.6 | 35 | 22.4 | 156 | 100.0 |
| Hospitaaldiens ontoereikend | 42 | 26.9 | 114 | 73.1 | 156 | 100.0 |

Net een respondent het gevoel dat die mediese dienste voldoende is. Die helfte voel hulle is te duur. Byna almal glo daar is te min dokters en twee-derdes glo daar is te min verpleegsters. Drie-kwart meen daar is te min klinieke. Hoewel daar slegs twee hospitale in Rehoboth is, blyk dit egter dat 73.1% respondente die hospitaaldienste toereikend vind. Dit kan moontlik wees omdat hulle ook van die aangrensende stedelike hospitale gebruik maak en nie slegs op die twee plaaslike hospitale aangewese is nie.

Daar bestaan wel 'n ambulansdiens wat pasiënte wat ernstig siek is na die beter-toegeruste staatshospitaal in Windhoek

vervoer/ .....

vervoer. Respondente het egter beweer dat daar so baie pro= sedures en romp-slomp verbonde is aan die gebruikmaking van hierdie diens, dat die effektiwiteit daarvan grootliks be= perk word. Die feit dat onder die reeds beperkte getal ge= neeshere sommige is wat baie bedrywige en hoogaangeskrewe politici is, is ook as 'n probleem gesien. Die behoefte aan minstens een voltydse geneesheer in diens van die Rehoboth hospitale het sterk na vore gekom. Aan hierdie behoefte is kort na afloop van die ondersoek voldoen met die aanstelling van 'n hospitaaldokter, vroeg in 1980.

Op 'n verdere vraag oor watter nuwe mediese dienste die res= pondente graag in die Gebiet sou wou hê, is 'n wye verskei= denheid antwoorde gekry, o.a. 'n apteek, meer klinieke in al die groter sentra, 'n mobiele kraameenheid om moeders en ba= bas op afgeleë plekke te dien, 'n meer effektiewe ambulans= diens, meer geneeshere en meer gekwalifiseerde verpleegsters. 'n Paar respondente het ook gevoel dat manlike verpleërs op= gelei behoort te word. Gespesialiseerde dienste soos tand= heelkundige-, pediatriese-, geriatriese-, oogkundige-, orto= pediese- e.a. dienste op gereelde basis, minstens in die hoofdorp, was ook as behoefte genoem, sodat mense nie na Windhoek hoef te reis om hierdie dienste te bekom nie.

## 3.3 Die Huidige Stand van Mediese Dienste in die Gebiet

### (i) Hospitaaldienste

Die Katolieke hospitaal wat in 1942 opgerig is, is die grootste een van die twee hospitale in Re= hoboth. Hoewel die perseel en geboue aan die sending behoort, word die uitgawes t.o.v.

instandhouding, salarisse en medikasie 100% ge=subsidieer deur die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene.

Die hospitaal beskik oor drie verskillende afde=lings, nl. 'n algemene afdeling vir Basters met 44 beddens, 'n algemene afdeling vir Namas met 42 beddens, en 'n teringseksie met 23 beddens.

Die Rynse Sending Hospitaal is kleiner en het slegs 5 kamers met ongeveer 4 beddens per kamer. Daar is 'n baba afdeling, terwyl die kraamgevalle in die algemene afdeling behandel word. Die hos=pitaal word ook deur die Staat gesubsidieer. Nie een van die hospitale beskik oor 'n psigiatriese afdeling nie. Alle pasiënte wat vir 'n geestes=siekte behandeling nodig het, word na die staats=psigiatriese hospitaal in Windhoek oorgeplaas.

In gevalle van ernstige siekte waar intensiewe sorg nodig is, word pasiënte na die staatshospi-taal in Windhoek, of na hospitale in Kaapstad oorgeplaas, afhangende van die aard van die be=handeling wat die pasiënt se toestand vereis.

(ii) Personeel

Tydens die ondersoek was een van die groot pro=bleme wat na vore gekom het juis die feit dat daar nie 'n hospitaaldokter was nie, 'n saak wat egter intussen opgelos is met die aanstelling van 'n Weermag dokter deur die Staat. Hy bedien bei=de hospitale en die kliniek in die hoofdorp.

Die drie plaaslike geneeshere, waarvan een ook deeltyds as distriksgeneesheer funksioneer, be= dien ook die hospitale.

Die Katolieke Hospitaal beskik oor die dienste van 4 susters, 4 stafverpleegsters, 3 hulpver= pleegsters en 12 assistent-verpleegsters, terwyl die Rynse Hospitaal twee susters, 1 stafverpleeg= ster, en 3 hulpverpleegsters het. Die hulp- en assistent-verpleegsters word òf in Windhoek òf in Marienthal by die staatshospitale aan 'n ba= siese opleiding onderwerp. Die verpleegsters word meestal in hospitale in Kaapstad opgelei, waarvan Tygerberg-, Somerset-, en Groote Schuur Hospitale die belangrikste is.

(iii) Klinieke

Die Gebiet word bedien deur drie klinieke, waar= van een te Rehoboth en die ander twee op die myn= dorpe Klein Aub en Oamites geleë is. Al drie klinieke word deur gekwalifikseerde verpleegsters beman en deur geneeshere bedien, en hul diensle= wering stem ooreen. Die klinieke wat in die myn= dorpe geleë is, bedien egter grootliks die myners en hul gesinne. Gevolglik word meer spesifiek gelet op die kliniek in Rehoboth, wat die totale Gebiet bedien.

Die dienste deur die kliniek verskaf word vervol= gens kortliks saamgevat.

(a)/ ..........

(a) Gesinsbeplanning

Die gesinsbeplanningskliniek vind elke Don= derdag in Rehoboth plaas en word baie druk besoek deur beide dorpsbewoners, asook vroue wat spesiaal van die plase af inkom om die diens te benut.

Die kliniekpersoneel besoek ook alle skool= plase in die Gebiet twee keer per jaar, waar= tydens vroue die nodige voorligting en beraad ontvang, asook 'n voorraad pille vir 6 maan= de. Dit blyk dat hier om praktiese redes meer van die pil as van ander middele gebruik gemaak word, hoewel die inspuiting en sekere intra-uterus metodes ook soms gebruik word.

(b) Kankervoorkomingsdiens

Een keer per kwartaal word "papsmere" geneem en borste ondersoek as voorkomingsmaatreël. Vroue van enige ouderdom mag te eniger tyd die kliniek besoek vir ondersoek of advies, wat geredelik voorsien word.

(c) Babasorgdienste

Een keer per week word 'n babakliniek gehou waar babas geweeg word, 'n mediese ondersoek ondergaan, voorligting aan moeders gegee word -- veral t.o.v. voeding en voorkoming van kindersiektes -- asook immunisering van die babas gedoen word. Immunisering geskied teen witseerkeel, polio, klem-in-die-kaak, en

kinkhoes/ .....

kinkhoes.

(d) <u>Mediese Dienste aan Skole</u>

In alle skole word die klasse van Sub. A tot St. 4 een keer per jaar aan mediese onder=soeke en immunisering onderwerp. Die ge=sondheidsinspekteur help met immuniserings by plaasskole.

(e) <u>Psigiatriese Nasorgdienste aan Buitepasiënte</u>

Hierdie dienste word gelewer aan pasiënte wat uit die psigiatriese hospitaal in Wind=hoek ontslaan is en steeds op medikasie aan=gewese is. Die nodige medisyne word deur die kliniek suster geadministreer. Sy doen die nodige opvolgwerk en terugrapportering aan die hospitaal asook aanbevelings vir her=opname indien nodig.

Die kliniekpersoneel is baie betrokke by die fisiese en geestelike behandeling van die alkoholis en strawwe drinker. Indien die pasiënt se toestand dit vereis en hy ge=noegsaam gemotiveerd is, word hy na die af=deling vir dranksugtiges by die psigiatriese hospitaal in Windhoek verwys. Wanneer hy ontslaan word, word nasorg weer eens deur die kliniekpersoneel onderneem, in samewerk=ing met die plaaslike maatskaplike werker en die Christelike Alkoholiste Bond. Al hier=die partye is gemoeid met publieke

opvoedingsprogramme/ ..

opvoedingsprogramme d.m.v. films en lesings oor die aard en gevolg van drankmisbruik.

(g) Geriatrie

Tuisbesoeke word by verswakte en bedlêende bejaardes gedoen en mediese behandeling voorsien. Hierdie diens is grootliks tot die hoofdorp beperk, hoewel mobiele bejaar= des van dwarsoor die Gebiet van die kliniek se geriatriese diens gebruik maak.

(h) Behandeling van Buitepasiënte met Tuberkulose

Pasiënte wat teringlyers of teringkontakte is, dog wat nie hospitalisering benodig nie, asook nasorggevalle, word deur 'n spesiale kliniek bedien.

Die neem en lees van X-straal plate, die verspreiding van medikasie, asook opsporing en aanmoediging om medikasie te gebruik, en voorligting word deur die kliniekpersoneel onderneem.

Op afgeleë plekke is dit die taak van die gesondheidsinspekteur om hierdie dienste te lewer.

(i) Dienste aan Gestremdes

Aangesien die kliniekpersoneel so 'n noue kontak met die publiek het en ook gereelde tuisbesoeke doen, is opsporing een van hul belangrikste take. Wanneer enige vorm van

gestremdheid/ ......

gestremdheid by enige ouderdomsgroep of ge=slag opgespoor word, word die persoon vir die nodige mediese behandeling verwys, as=ook na die maatskaplike werker van die Ver=eniging van Gestremdes in Suidwes-Afrika. Hierdie maatskaplike werker besoek die Ge=biet gereeld een twee per maand.

Ook die opsporing van kankerpasiënte wat nog gereeld vir bestraling na Tygerberg- en Groote Schuur Hospitale in Kaapstad moet terugkeer en die nodige optrede om die voortdurende behandeling te verseker, is deel van hul plig.

(j) Tuisbesoeke

Volgens persoonlike mededeling deur die sus=ter in bevel van die kliniek, vorm tuisbe=soeke 'n baie belangrike deel van die kli=niek se taak, want op dié wyse kan opsporing, voorligting, opvoeding, motivering, beraad ens, ten beste uitgevoer word. Weens die druk werksprogram en beperktheid van perso=neel, word hierdie belangrike aspek van hul werk dikwels agterweë gelaat.

Om die publiek se benutting van die kliniekdiens=te vas te stel, is aan respondente gevra om aan te dui watter dienste wat deur die kliniek gele=wer word, deur lede van die huishouding benut word. Onderstaande tabel dui die resultaat aan.

Tabel/ ........

Tabel 60

Klassifikasie van Huishoudings volgens die Benutting van Dienste gelewer deur die Kliniek

| Dienste | Benutting | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nr | % | Nr. | % | Nr. | % |
| Teringkliniek | 22 | 14.1 | 134 | 85.9 | 156 | 100.0 |
| Voorgeboortekliniek | 22 | 14.1 | 134 | 85.9 | 156 | 100.0 |
| Gewone mediese sorg | 98 | 62.8 | 58 | 37.2 | 156 | 100.0 |
| Gesinsbeplanning | 62 | 39.7 | 94 | 60.3 | 156 | 100.0 |
| Babakliniek | 25 | 16.0 | 131 | 84.0 | 156 | 100.0 |

Die kliniekdienste wat die minste gebruik word is die teringkliniek, die voorgeboortekliniek en die babakliniek.

Ten opsigte van die laasgenoemde twee dienste kan verwag word dat die bedrywigheid van tradisionele vroedvroue en kinderdokters 'n invloed op die be= nuttingspersentasie van kliniekdienste het. Ook die feit dat mense wat op plase woon en nie ge= reeld met kliniekpersoneel kontak het nie, nie so bewus is van, en nie soveel vertroue in die dienste wat daar gelewer word, het nie. Hulle glo in die privaat geneeshere en die twee plaaslike hos- pitale, wat oor baie jare hul merk gemaak het op geneeskundige gebied en met wie daar sterk per= soonlike verhoudings opgebou is. Waar hulle faal, is daar altyd nog die tradisionele medisynes waaroor vervolgens berig word.

(iv)/ .........

(iv) Tradisionele Medisynes, Vroedvroue en "Kinderdok=ters"

Huismedisynes en boererate was in die vroeë jare die uitsluitlike toevlug van plaasfamilies en selfs nadat professionele mediese dienste meer geredelik beskikbaar geword het, het boererate nog 'n sekere plek behou. Tydens die ondersoek is aan respondente gevra om sekere boererate waaraan hulle glo of hul voorouers geglo het, te noem. Dit blyk dat die bekende "Dutch medicines" nog grootliks gebruik word, veral wonderkroon, versterkdruppels en turlington, veral vir maag en hartkwale. Dan bied die verskeidenheid vet=plante, wortels en kruie wat in die gebied aange=tref word ook 'n groot variasie van middels waar=mee medisynes vir allerhande kwale voorberei word. 'n Welbekende wortel, "kamaghoe" genoem, word ver=werk en na Duitsland uitgevoer waar geneeshere na bewering ook in die genesende krag van hierdie wortel glo. Volgens die mense in die Gebiet het die "kamaghoe" byna magiese genesende waarde en dit word vir inwendige gebruik met warm water ge=brou en die bitter brousel word gereeld gebruik. Vir oop wonde word dit in poeiervorm verwerk en oor wonde gestrooi of met petroleumjellie gemeng en as 'n salf aangewend. Daar word beweer dat selfs kanker met hierdie middel genees word.

Meer onkonvensionele rate wat die respondente be=weer deur hul ouers gebruik is maar wat in onbruik verval het, is ook gemeld. So bv. was dit die

gebruik om vars bokmis uit die kraal op warm wa= ter te trek en dit aan 'n kind te gee om te drink sodat die masels gouer kan uitslaan. Wanneer iemand geelsug onder lede het, was daar geen an= der uitweg as dat hy drie luise en melk moes weg= slaan nie, want die luise sou dadelik die "kwaad in die gestel opeet en dan dood uitgewerp word". Iemand wat aan eksema gely het, moes die aange= taste dele in die vars bloed van 'n waterskilpad was en die behandeling 'n paar keer herhaal. Dit het, volgens oorlewering, permanente genesing te= weeg gebring, net soos gekneusde turksvyblaar op warm water getrek net die middel vir die genesing van asma sou wees.

Dit blyk egter dat die huidige geslag nie meer kennis dra en ook nie meer gemoeid is met hierdie onortodokse metodes en middels nie, en wel baie meer ingestel is op die benutting van professio= nele mediese dienste.

Die tradisionele vroedvrou speel wel nog 'n be= langrike rol, dog ook haar rol is drasties veran= der en afgewater. As masseuse tydens die voorge= boortelike sorg word sy nog baie gebruik. Sy "smeer" nog die swanger vrou, wat eintlik maar die plek van voorgeboortelike oefening inneem. Baie van hierdie vroedvroue het geen formele kraamonderrig ontvang nie, dog hulle het oor baie jare òf op eie houtjie geboortes waargeneem òf in die kraamsale by die twee plaaslike hospitale

bystand/ ......

bystand verleen, veral wanneer daar 'n tekort aan personeel was.

Hierdie vroue is tans almal middeljarig of be= jaard, aangesien die jonger geslag nie hierdie rol voortdra nie, en hul grootste bydrae tans is een van onderskraging en raadgewing tydens die geboorte en daarna aan jong onervare moeders.

Om die rol wat die vroedvrou nog speel vas te stel, is die volgende vraag aan respondente ge= stel: "Indien 'n vrou van die huishouding ge= boorte moet skenk aan 'n baba, hoe sou dit ge= beur?" Sekere alternatiewe is genoem waaruit die respondente moes kies. Die respons wat verkry is, word in die volgende tabel weergegee.

Tabel 61

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Benutting van Dienste Tydens Geboorte

| Dienste | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Hospitaal in Gebiet | 133 | 85.3 |
| Hospitaal buite Gebiet | 7 | 4.5 |
| Tuis met vroedvroue | 10 | 6.4 |
| Geen antwoord | 6 | 3.8 |

Die oorweldigende gebruik van die hospitaal kraamdienste is die uitstaande kenmerk van die tabel.

Laastens verdien die tradisionele "kinderdokters" vermelding, aangesien hulle nog 'n baie belangrike

rol/ ..........

rol in die Gebiet speel. Ruim 81.4% respondente het aangedui dat hulle in die vermoë van hierdie vroue glo om kindersiektes met boererate te ge= nees wanneer geneeshere reeds tou opgegooi het.

## 3.4 Slotopmerkings

Volgens die persoonlike mededeling van die suster in bevel van die Katolieke Hospitaal in Rehoboth, is die sterftesyfer van Basterkinders aan die aanmeldbare kindersiektes soos diarree, bronchitis, longontsteking en kwashiorkor baie laag terwyl dit redelik hoog is onder Namas. Sy het ook gemeld dat waar sterftes a.g.v. die siektes voorkom, dit meestal op plase aangemeld word en ook slegs wanneer daar te lank gesloer word om die nodige mediese behandeling te bekom. As dit vergelyk word met die hoë kindersterftesyfer aan ver= al diarree wat by sommige van die hospitale soos Rooi Kruis en Tygerberg voorkom, dan is die Basters se posisie besonder gunstig. Deurdat hospitale, geneeshere, kliniekpersoneel en vroedvroue almal gemoeid is met die voor- en na-geboortelike sorg van moeders en suigelinge, blyk dit dat hierdie groep besonder goeie sorg geniet. Die aantal sterftes in hierdie groep word so ook tot die minimum beperk.

Dienste aan skoolkinders word as 'n baie belangrike aspek van die geneeskundige dienste in 'n gemeenskap gesien en die klem moet veral op voorkoming val. Die Staat is verantwoor= delik vir hierdie diens en daar word in die Gebiet tot 'n groot mate van geneeshere wat deur die Weermag beskikbaar gestel word, gebruik gemaak, terwyl die kliniekpersoneel en die gesondheidsinspekteurs die roetine mediese sorg en

gesondheids=/ ..

gesondheidsvoorligting behartig.

Miskien die mees weerlose groep is die pensioenarisse, wat uit die aard van die saak swaar op mediese sorg aangewese is, terwyl hulle dit kwalik kan bekostig. Die sisteem wat gevolg word om mediese dienste aan dié groep beskikbaar te stel, is dat hulle deur die distriksgeneesheer op staatskos= te behandel word. Die distriksgeneesheer het 'n 2-uur per dag sessie by die kliniek waartydens hy o.a. pensioenarisse behandel. Hy kan ook na ernstige gevalle uitgeroep word, en hy doen hospitaalrondes. Aangesien sy area egter ontsaglik groot is en hy gewoonlik ook 'n privaatpraktyk aan die gang hou, gebeur dit dikwels dat siek pensieonarisse òf dringende mediese sorg moet ontbeer, òf op eie koste behandel word.

Wat geneeskundige personeel betref, is reeds aangedui watter behoeftes respondente identifiseer. Die ondersoeker is eg= ter van mening dat, vir 'n plattelandse gebied, Rehoboth in derwaarheid beter van mediese dienste voorsien is as vele ander plattelandse gebiede, siende dat die Basters ook van hospitaal- en gespesialiseerde dienste uit die aangrensende stedelike gebied gebruik maak. Hulle vergelyk selfs gunstig teenoor stedelike gebiede soos die behuisingskemas in die Kaapse Skiereiland waar die bevolkingsdigtheid 'n aanvraag na mediese dienste meebring wat baie hoër is as die aanbod, selfs met die mees moderne en goed toegeruste hospitale en 'n magdom van mediese en para-mediese personeel wat in die area funksioneer.

Selfs in geïndustrialiseerde lande is die aanbod van mediese dienste vir groot seksies van die bevolking ontoereikend. In 1965 het Warren oor Amerikaanse gemeenskappe se

gesondheids-/ ......

gesondheidstoestande en dienste gerapporteer. Hoewel hy ge=noem het dat op die gebied van gesondheid daar fenomenale ontwikkeling en suksesse in Amerika was, het hy tog oor ge=sondheidspersoneel die volgende te sê [3]:

> The key word in health personnel through=out the country seems to be "shortage". The increase in numbers of health person=nel has not kept up with the increasing demand for them. Ever greater demands are placed on existing physicians, dentists, nurses, and other exacting and more wide=spread health practices. In addition, many health personnel serve in institu=tions, medical, dental, and nursing schools, the armed forces, and so on, and thus are not available for general prac=tice. Particularly in rural areas, there is a lack of general practice physicians and specialists. Some of this is to be expected, for since health facilities of the larger medical centers serve whole re-gions of a state, one would expect to find a concentration of professional personnel there. However there is a dearth of medi=cal personnel in the rural areas beyond what can be accounted for by the regional services offered by larger cities.

Een manier om 'n tekort, veral in plattelandse gemeenskappe, te oorbrug is dat geneeshere een gesamentlike praktyk opbou sodat hulle vir mekaar kan instaan indien een of meer afwe=sig is, en sodat duur toerusting gesamentlik aangekoop kan word. Voorts kan daar ook gesamentlike diagnoses van moei=like of vreemde siektetoestande gemaak word, wat die diens aan die gemeenskap meer effektief kan maak.

——ooOoo——

Verwysings/ ...

# VERWYSINGS

1. Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe Ontwikkeling: Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika. Perskor Drukkery, Johannesburg, 1976. p. 23.

2. Proklamasie A.G. nr. 8 van 1980. p. 39.

3. Warren, R.L.: Studying your Community. Collier MacMillan Publishers, New York, 1965. p. 111.

——ooOoo——

# HOOFSTUK 7

# WELSYNSDIENSTE IN DIE REHOBOTH GEBIET

## 1. INLEIDING

Getrou aan die patroon van tradisionele gemeenskappe was ma= teriële en ander hulp in tye van nood tevore in die gesins- en familiekringe voorsien. So is wees- en verwaarloosde kinders byvoorbeeld òf deur familielede òf selfs deur vrien= de versorg. Bejaardes het by hul kinders of kleinkinders ingewoon sonder 'n gedagte aan alternatiewe versorging. Dakloses is geherberg; indien nie in iemand se woning nie, dan wel as bywoner op sy plaas.

Verhoudings was heg. Die aanspreekvorms "meneer" en "mevrou" was tot vreemdelinge, leraars, en onderwysers beperk. "Oom" of "tante" en selfs meer intieme aanspreekvorms soos "boeta", "sussie", "groot-ma" en dies meer was aanvaarde aanspreek= vorms en bly tot vandag toe behoue. Wanneer iemand in nood verkeer het, was dit die aanvaarde gebruik dat hy op fami= lielede sou kon staatmaak vir hulp, 'n gebruik wat ook steeds behoue gebly het, soos die huidige studie uitwys.
Ruim 86% van die respondente het hulself verantwoordelik geag om familielede wat in materiële nood verkeer, te hulp te kom. Die invloed van o.a. die moderne ekonomie, groter gemeenskapsmobiliteit en beter opvoedingsgeleenthede het egter mense se sienswyse verander. Hul behoeftes en verwagtings het meer gesofistikeerd geraak en die aanvraag na meer pro= fessionele dienste en fasiliteite het toegeneem.

Twee gebeurtenisse wat ook 'n definitiewe invloed gehad het

op/ ...........

op die gemeenskap se bewuswording van die behoefte aan ge= organiseerde en professionele dienslewering, en die feit dat daar wel van owerheidsweë of deur private welsynsorganisa= sies dienste daargestel kan word, was eerstens die stigting van die eerste privaatwelsynsorganisasie te Rehoboth in 1962. Vyf jaar later (in 1967) het die aanstelling van 'n maatskaplike werk- ster deur die Afdeling Welsyn van die Suidwes-Afrika Admi= nistrasie gevolg. Die welsynsorganisasie het die lompe be= naming van Rehoboth Noodhulp en Ontwikkelingsfonds Liga (R.N.O.L.) gekry en dit funksioneer nog in die Gebiet. Die maatskaplike werkster was in Windhoek gestasioneer en het een week per maand in die Gebiet veldwerk gedoen. Tydens haar werksweke in Rehoboth het die maatskaplike werkster hoewel, soos reeds vermeld, nie 'n werknemer van die wel= synsorganisasie nie, van die kantoorgeriewe van die R.N.O.L. gebruik gemaak. Die bestuurslede van die welsyns= organisasie het waardevolle vrywillige werk gelewer.

Gedurende hierdie tyd is begin om die spesiale skole in die Republiek van Suid-Afrika ten behoewe van die Gebiet se ge= stremde kinders te benut. Die besef het toegeneem dat elke mens, ook die gestremde, tot 'n nuttiger en menswaardiger bestaan gelei kan word indien hy gehelp kan word om sy ka= pasiteite te ontwikkel en te benut.

Ook het die fatalistiese siening van: "Dit is 'n las wat God my opgelê het", weliswaar op pynlik stadige wyse, plek gemaak vir die meer gesonde en verligte begrip van ontwik= keling van selfs beperkte menslike potensiaal.

In hierdie hoofstuk sal, ten opsigte van die Gebiet, gelet word eerstens op die owerhede wat met welsynsdienste belas

word/ .........

word, tweedens op professionele en vrywillige welsynsdiens=lewering, en derdens op die bestaande behoeftes en maatskap=like probleme.

## 2. WELSYNSFUNKSIES VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE OWERHEDE IN DIE GEBIET

Een van die aangeleenthede wat ingevolge die Proklamasie van die A.G. Nr. 8 van 1980 aan die plaaslike owerhede opgedra word, is maatskaplike welsynsdienste. Dit word soos volg omskryf [1]:

> (1) Die verskaffing aan lede van die be=paalde bevolkingsgroep van maatskap=like welsynsdienste, met inbegrip van:
>
> (a) gesins- en kindersorg en die aanneming van kinders;
>
> (b) die maatskaplike versorging of rehabilitasie van jeugdiges, bejaardes, liggaamlik of gees=telik gestremdes, behoeftiges, wanaangepaste persone, alkoho=liste en dwelmmiddelverslaafdes;
>
> (c) maatskaplike noodhulp en noodle=niging; en
>
> (d) die instelling, oprigting, in=standhouding en bestuur van, en die beheer oor, tehuise, ander inrigtings en skemas vir of in verband met die lewering van so=danige dienste,
>
> Maar met uitsondering van aangeleent=hede met betrekking tot -
>
> (i) die registrasie van welsynsor=ganisasies;
>
> (ii) die registrasie van maatskap=like werkers, en beheer oor hul beroep;
>
> (iii) die insameling van geld of an=der bydraes vir sodanige dien=ste of vir liefdadigheid, van lede van die publiek.
>
> (2) Ouderdoms-, blindheids-, ongeskikt=heids-, oudstryders- en soortgelyke maatskaplike pensioene en toelaes vir

lede van die bepaalde bevolkingsgroep.

Die verskaffing van sub-ekonomiese of gesubsidieerde behuising aan lede van die bepaalde bevolkingsgroep, die be=planning en uitvoer van, en beheer oor, skemas vir sodanige behuising, die om=skepping van sodanige behuising of skemas wat verskaf of uitgevoer word tot ekonomiese behuising of skemas vir ekonomiese behuising, en die voortge=sette uitvoering van en beheer oor so=danige skemas.

Voorts word aangeleenthede met betrekking tot kuns en kul=tuurverryking, burgerlike beskerming en plaaslike veiligheid ook aan die verteenwoordigende owerhede opgedra.

Daar is tans slegs een maatskaplike werker in diens van die plaaslike owerheid, hoewel daar ook 'n senior pos geskep is, wat reeds lank bestaan dog nog nie gevul is nie. Voorts word die Kommissaris van Kindersorg, die plaaslike sersant en 'n aantal klerke almal op een of ander wyse betrek by die welsynsdienslewering aan die plaaslike gemeenskap.

3. ANDER ORGANISASIES WAT PROFESSIONELE MAATSKAPLIKE-WERK=DIENSTE LEWER

Soos reeds vermeld, het die eertydse Afdeling Welsyn van die Suidwes-Afrika Administrasie in 1967 'n maatskaplike werkster op deeltydse basis aan die Gebiet beskikbaar gestel. Voor=heen is die Gebiet minstens 2 keer per jaar deur 'n maatskap=like werker van dieselfde afdeling besoek. Hierdie diens is later oorgeneem deur die eertydse Departement van Volkswelwyn en Pensioene en weer later oorgedra aan die Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-Aangeleenthede, wat ook nie meer bestaan nie.

Terselfdertyd/ ...

Terselfdertyd is die Gebiet ook oor die jare bedien deur die Vereniging vir Gestremdes vir Suidwes-Afrika wat, soos die bogenoemde departemente, in Windhoek gesentreer is. 'n Maat=skaplike Werker van die organisasie besoek die Gebiet op ge=reelde basis. Daar word ruim gebruik gemaak van kontakper=sone in die Gebiet, wat opsporing, motivering, en opvolgings=werk verrig en ook help met reëlings vir afsprake met hospi=tale en ortopediese klinieke. Intussen het die staatshospi=taal in Windhoek, die sentrale gevangenis in Windhoek, en die Weermag, ook maatskaplike werkers aangestel, wie se dien=ste tot in die Gebiet reik. Die Barmhartigheidsdiens van die N.G. Kerk wat sy hoofkantoor in Duineveld het, beskik ook oor die dienste van 'n deeltydse maatskaplike werker wat die Gebiet dien.

Op die oog af word die indruk dus verkry dat die Gebiet goed bedien word deur maatskaplike werkers, dog die studie het be=wys dat maatskaplike werkdienste eintlik tot die hoofdorp en 'n paar ander groter sentra beperk is en dat die onus op die meer afgeleë areas is om die maatskaplike werker se dienste te verkry. Dit gebeur egter dikwels dat dit juis diegene is wat die hulp dringend nodig het wat òf ongemotiveerd is om dit te bekom, òf weens wesenlike beperkinge daarvan weerhou word.

Om die benutting van maatskaplike werkdienste deur die ge=meenskap te bepaal, is die volgende vraag aan respondente gestel: "Het een of meer lede van die gesin die afgelope jaar kontak met 'n maatskaplike werker gehad?" Onderstaande tabel dui die reaksies van respondente aan.

Tabel/ ........

Tabel 62

Klassifikasie van Huishoudings volgens Kontak met Maatskaplike Werker in Afgelope Jaar

| Kontak | Huishoudings | |
|---|---|---|
| | Nr. | % |
| Ja | 38 | 24.4 |
| Nee | 114 | 73.0 |
| Onseker | 4 | 2.6 |
| Totaal | 156 | 100.0 |

Die tabel dui dus aan dat die benutting van maatskaplike werkers in die Gebiet laag is, veral as in aanmerking geneem word dat daar 'n hoë verspreiding van maatskaplike probleme voorkom, soos later aangedui sal word.

Hoewel daar aanduidings is dat individuele maatskaplike werk=ers pogings aanwend om mekaar se dienste aan te vul en 'n mate van koördinering teweeg te bring, is daar weinig sprake van globale beplanning en koördinering van maatskaplike werk=dienste in die Gebiet.

Dit het ook duidelik na vore gekom dat die residuele benadering in die welsynsdienslewering voorrang geniet, nl. dat pre=ventiewe en opheffende werk agterweë gelaat word terwyl die dienslewering tot 'n groot mate slegs op probleemsituasies afgestem word. Wilensky e.a. verduidelik hierdie benadering teenoor die teenoorgestelde begrip van die geïnstitusionali=seerde benadering soos volg [2]:

> The first (residual) holds that social wel=fare institutions should come into play on=ly when the normal structures of supply, the family and the market, break down. The second (institutional), in contrast, sees

> the welfare services as normal, "first line" functions of modern industrial society.

Omdat die residuele benadering en werkswyse meebring dat maatskaplike werkdienslewering hoogs tydelik en probleemge= sentreerd is, word dit nog nie as 'n professionele diens er= ken nie. Dit word eerder met barmhartigheid en tydelike noodleniging vereenselwig.

## 4. PRIVAATWELSYNSORGANISASIES IN DIE GEBIET

Die reeds-vermelde Rehoboth Noodhulp en Ontwikkelingsfonds Liga is die oudste geregistreerde welsynsorganisasie in die Gebiet. Dit het ontstaan weens die onvermoeide ywer en harde werk van 'n groepie huisvroue wat onder die indruk van maat= skaplike nood en wantoestande in die gemeenskap gekom het en besluit het om 'n organisasie te stig wat hom vir beter le= wensomstandighede in die gemeenskap moes beywer.

Op 16 Augustus 1962 is die organisasie te Rehoboth in die lewe geroep, hoewel dit eers in 1967 amptelik geregistreer is. Die doelstellings van die organisasie is in sy grondwet soos volg uiteengesit [3]:

(a) om hulp aan noodlydendes te verleen;

(b) om die welsyn van maatskaplike af= wykende gesinne en persone, en fisies en geestelik gestremde persone te be= vorder;

(c) om met ander organisasies met soortge= lyke of verwante doelstellings plaas= lik en elders saam te werk;

(d) om maatreëls te tref om sulke inrig= tings of instellings daar te stel as wat die behoeftes van maatskaplike af= wykendes, fisies of geestelik gestrem= des in die Gebiet vereis;

(e) om tak- en hulp-organisasies te stig soos hulle van tyd tot tyd nodig geag word;

(f) hulp aan kreupeles en noodlydendes deur werkverskaffing.

Die area van dienslewering word as die Rehoboth-dorp en Ge= biet aangedui; dog dit blyk ook hier dat die hulp wat ver= leen word grootliks tot die dorp beperk is. Die doelstel= lings is omvattend; dog baie idealisties, veral as in ag geneem word dat die organisasie nie oor die dienste van 'n maatskaplike werker beskik nie.

Die enkele groot projek waarvoor die Noodhulp Liga hom be= ywer, is die oprigting van 'n ouetehuis in die hoofdorp, waarvoor reeds grond beskikbaar gestel is deur die eertydse Basterraad.

Hoewel hierdie organisasie aanvanklik baie ywerig diens ge= lewer het in die vorm van opsporing en aanmelding van pro= bleemsituasies, noodleniging, beraad, vervoer na hospitale, en pensioenadministrasie, het dit tans 'n groot mate van stagnasie bereik. Hoewel ruim 73% van die respondente bewus was van die bestaan van sodanige organisasie, was hulle dit eens dat daar "nuwe bloed" en herorganisasie benodig word om weer funksioneel te wees.

Volgens persoonlike mededeling deur die voorsitster van die organisasie, beskik hulle oor 'n kantoor met die nodige toe= rusting en hou hulle elementêre rekords van die werk wat ge= doen word. Hulle beoog om 'n maatskaplike werker aan te stel eers wanneer die lang beoogde ouetehuis, waarvoor daar tans nog fondse ingesamel word, voltooi is.

Nog 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat in die Gebiet funksioneer, is die Barmhartigheidsdienste van die N.G.

Sendingkerk/ ..

Sendingkerk in Suid-Afrika. Hulle kantoor is in Duineveld en die plaaslike leraar, wat hom ook as maatskaplike werker bekwaam het, hou 'n deeltydse betrekking in dié organisasie. Die dienslewering geskied dus op 'n professionele vlak, hoe= wel die werk grootliks aan bande gelê word deur die ander verpligtinge van die maatskaplike werker.

Hierdie organisasie beywer hom grootliks vir dienste aan be= jaardes, gestremdes en kinders. Die oprigting van 'n kinder= huis word dan ook tans as eerste prioriteit gesien.

5. VRYWILLIGE LIGGAME WAT WELSYNSWERK VERRIG

Getrou aan die geskiedenis van welsynswerk in Suider-Afrika, het die kerke ook 'n baie belangrike rol gespeel in die ont= wikkeling van welsynsdienste in die Gebiet. Die hulp wat deur kerke voorsien word is gewoonlik noodlenigend van aard, dog leraars en kerkraadslede word ook in tye van ernstige verhoudingsprobleme in gesinne ingeroep om deur middel van beraad, advies, en geestelike leiding die vrede te herstel.

Daar bestaan 'n interkerklike vrouevereniging wat baie ak= tief is met take van noodleniging, hulpdienste aan bejaardes en siekes, en motivering van persone om byvoorbeeld mediese behandeling of behandeling vir 'n dranksugtige lid van die gesin te verkry.

Die probleem wat almal blykbaar na aan die hart lê, is drank= misbruik. Daar is al by meer as een geleentheid deur vrywil= lige persone pogings aangewend om geörganiseerde hulp aan drankmisbruikers in die Gebiet te verleen. Seker die bekend= ste organisasie in dié verband was die Suidwes-Afrikaanse

Vereniging/ ...

Vereniging vir die Rehabilitasie van Alkoholiste (S.W.A.R.A.), wat intussen ontbind is. Die plaaslike tak was tydens sy bestaan aan die nasionale vereniging geaffilieer en die plaas= like landdros het ook op die bestuur gedien. Verder is die bestuur uit lede van die gemeenskap saamgestel, wat weinig beroepskennis oor drankprobleme besit. Hul werk het hoof= saaklik bestaan uit opvoeding deur middel van films en le= sings, en motivering van persone met drankprobleme om òf op te hou drink òf om professionele hulp te soek terwyl die drankprobleem nog beheer kan word. Intussen is ook elemen= têre huweliksberaad gedoen en onderskraging aan gesinne van dranksugtiges verleen. Wanneer dit nodig was, het krisis= ingryping (desnoods met die hulp van die polisie) plaasge= vind. As laaste uitweg is die persoon vir kommittering ver= wys na die maatskaplike werker. S.W.A.R.A. het weens gebrek aan professionele leiding en organisasie twee jaar gelede ontbind. Die vrugte van hul arbeid word egter steeds gesien. Die ervaring en kennis wat die lede van S.W.A.R.A. ten opsig= te van drankmisbruik en die rol wat die leek in dié verband kan speel, opgedoen het, het hulle toegerus met kennis en tegnieke wat in ander kanale aangewend kan word.

Intussen het 'n ander organisasie tot stand gekom wat die diens aan mense met drankprobleme oorgeneem het, nl. 'n tak van die Christelike Alkoholiste Bond van die N.G. Sending= kerk in Suid-Afrika (C.A.B.). Hierdie organisasie is in die lewe geroep deur gerehabiliteerde drankmisbruikers wat te= vore by die Toevlug Rehabilitasiesentrum vir Alkoholiste in Worcester behandeling ontvang het.

Die/ ..........

Die C.A.B. funksioneer onder toesig en beskerming van die plaaslike kerkrade en die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid. Lede van die publiek word aangemoedig om lidmaatskap te verkry, op welke wyse die opvoeding- en voorkomingsfunksie van die organisasie uitgedra word.

Die doelstellings van die organisasie word soos volg in sy grondwet vervat [4]:

1. Om 'n Barmhartigheidsdiens in verband met alkoholiste en dwelmmiddelversla= wing (hierna slegs alkoholiste genoem) te lewer, en diensbaar te wees aan die Barmhartigheidsdienste van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika.
2. Deur met alle aanvaarbare middele be= skikbaar voorligting te gee, voorko= mings en motiveringswerk te doen, be= handeling en nasorgdiens te lewer en langs dié weg alkoholiste te help tot 'n blywende en gelukkige soberheid.
3. In die oortuiging dat die mens die ware verlossing in Christus vind.

Die lede van C.A.B. vergader elke Sondagmiddag in 'n plaas= like kerksaal in die hoofdorp. By dié geleentheid word òf 'n film vertoon òf 'n praatjie gelewer, òf die gerehabili= teerde lede deel hul ervaringe met mekaar en met diegene wat nog onder drankmisbruik en die gevolge daarvan, gebuk gaan. Filmvertonings as wyse van opvoeding en voorligting word ook gereeld by verskillende groter sentra in die ge= meenskap gehou. Tydens sulke samekomste word mense gemoti= veer om hulp vir hul drankprobleme te soek. Afsprake word met hierdie doel voor oë met lede van die C.A.B. se bestuur gereël.

Die werk van die C.A.B. word gekenmerk deur daadwerklike op= trede. Bestuurslede wat voorligting gee en motivering doen,

volg 'n uitwaartse beleid. Mense word opgespoor en opgevolg. Persone wat vir behandeling gemotiveer is, word na en van die toevlug vervoer en die nasorgwerk word ook hanteer.

Hier dien vermeld te word dat die C.A.B. nie oor die dienste van 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker beskik nie. Dit word slegs gedra deur die toewyding en harde werk van 'n onderwyser, sy eggenote, 'n assuransie-agent en 'n paar ander lede van die gemeenskap wat oor geen besondere kwalifikasies beskik nie.

## 6. MAATSKAPLIKE BEHOEFTES EN PROBLEME IN DIE GEMEENSKAP

### 6.1 Maatskaplike Behoeftes

Maas en Wolins, in hul boek New Directions in Social Work het reeds in 1954 maatskaplike behoeftes soos volg omskryf [5]:

> Fundamentally, a need is a tension state generated in the process of phychological, physical, and social functioning. Need is action-inducing in that it aims for its own reduction and elimination through the mediation of the individual and/or his socio-cultural *milieu*.

Die maatskaplike behoeftes van die Rehoboth Gebiet word deur die respondente reflekteer in die soort dienste wat, na hulle mening, in die Gebiet benodig word. In die loop van die ondersoek, is respondente gevra vir watter dienste hulle persoonlik behoefte insien. Die vraelys het ses alternatiewe voorgestel en respondente is die geleentheid gegee om ander dienste ook te vermeld. Die volgende tabel gee die bevindinge weer.

Tabel/ ........

Tabel 63

Klassifikasie van Huishoudings volgens hul Mening oor Behoeftes in Gemeenskap

| Behoefte | Mening | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Onseker | |
| | % | % | % | % |
| Ouetehuis | 97.4 | 1.3 | 1.3 | 100.0 |
| Kinderhuis | 96.2 | 0.6 | 1.9 | 100.0 |
| Rehabilitasiesentrum | 98.1 | 0.6 | 1.3 | 100.0 |
| Skole vir liggaamlik gestremdes | 55.8 | 3.2 | 41.0 | 100.0 |
| Skole vir geestelik gestremdes | 53.8 | 2.6 | 43.6 | 100.0 |
| Meer maatskaplike werkers | 91.0 | 0.6 | 8.3 | 100.0 |

Uitstaande eienskappe van die tabel is die besonder hoë persentasie respondente wat die behoefte aan 'n ouetehuis (97.4%), die behoefte aan 'n kinderhuis (96.2%), en die be= hoefte aan 'n rehabilitasiesentrum vir die behandeling van drank- en drogery verslaafdes (98.1%) aangedui het.

Die sterk-gevoelde behoefte aan 'n ouetehuis, wat die ver= antwoordelikheid van die versorging van bejaardes by gesinne sal oorneem, dui op 'n verandering in gesinstrukture. Die uitgebreide gesinstipe is 'n kenmerk van tradisionele gemeen= skappe. Uit die studie blyk dit dat die Basters baie sterk neig tot die nukleêre gesinstipe, wat 'n eienksap van die ontwikkelde gemeenskappe is waar o.a. hoë lewenskoste, in= flasie, en toenemende behoefte aan opvoeding vir 'n man se kinders hom noop om sy inkomste slegs ten behoewe van sy eie gesin te moet aanwend om 'n bestaan te maak.

Daarbenewens/ ..

Daarbenewens blyk dit ook dat hoe hoër mense se opvoedings=vlak word, hoe meer beskou hulle die aanpassingsprobleme wat ontstaan deur die samewoning van drie generasies met ver=skillende en selfs botsende waardes en sienswyses as onaan=vaarbaar. In 'n sosio-ekonomiese ondersoek wat in 1971 in Bellville-Suid gedoen is, is bv. bevind dat namate die op=voedkundige status van die hoof van die huishouding verhoog, daar 'n styging in die persentasie nukleêre gesinstipes voor=kom. Daar is ook verder ten opsigte van beroepstatus die volgende bevind [6]:

> 'n Vergelyking van <u>beroepstatus van die hoof</u> met die getal nukleêre gesinne per huishoud=ing toon dat die hoofde met 'n relatief hoë beroepstatus 'n neiging toon om deel uit te maak van 'n huishouding wat uit slegs een nukleêre gesin bestaan.

In vergelyking hiermee is toe verder bevind dat die huishou=dings wat uit twee nukleêre gesinne bestaan na verhouding meer aangetref word by huishoudings waar die hoof oor 'n relatief swak opvoedkundige status beskik. Die bedoeling is dus om meer as een broodwinner per huishouding te verseker.

Die ekonomiese argument sal ook geld wanneer die behoefte aan 'n kinderhuis, soos deur die respondente genoem, ter sprake kom. Hoewel dit 'n kwade dag sal wees as pleegsorg totaal sou moes plek maak vir inrigtingsorg, word die las van pleegkinders op pleegouers vererger deur stygende lewens=koste en die relatief lae pleegouertoelae. Voorts hang die behoefte aan 'n kinderhuis ook saam met die drankmisbruik van ouers, wat as een van die grootste redes van kinderverwaar=losing en -mishandeling in die Gebiet genoem word. Dit gee juis aanleiding tot die gevoelde groot behoefte aan 'n

rehabilitasiesentrum/ ...

rehabilitasiesentrum vir die behandeling van dranksugtiges.

Hoewel ruim 91% van die respondente die behoefte aan meer maatskaplike werkers aangedui het, het dit uit die studie geblyk dat slegs 24.4% oor die tydperk van 'n jaar van die maatskaplike werker se dienste gebruik gemaak het. Hierdie aangeleentheid is met verskillende respondente bespreek. Die algemene gevoel was dat professionele dienste te veel in die hoofdorp gesentreer is, waar mense terselftertyd ook toe= gang tot ander bronne soos leraars, geneeshere, polisie en vrywillige werkers het en dus nie net op die maatskaplike werker aangewese is nie. Die platteland lê meestal braak en hoewel daar vele node en behoeftes is, en die behoefte aan 'n maatskaplike werker sterk gevoel word, is mense òf nie gemotiveerd genoeg om hulp te soek nie, òf (omdat maatskap= like werk as professie nog nie sy merk gemaak het in die Ge= biet nie) word dit nie die moeite werk geag om die dienste van die maatskaplike werker op te soek nie. Die gedagte was uitgespreek dat maatskaplike werkers 'n meer uitwaartse be= leid moet volg, meer betrokke moet raak by gemeenskapsvraag= stukke en -beplanning op 'n breë vlak, met inagneming van die gemeenskap se vermoë en hul reg om betrokke te wees.

## 6.2 Maatskaplike Probleme

Maatskaplike probleme word in 'n mindere of meerdere mate in elke gemeenskap aangetref, hoewel die oorsake, en dus ook die hantering of behandeling daarvan, in die onderskeie ge= meenskappe sal verskil. In die verslag van die Theron Kom= missie (1976) is ook gewaarsku dat maatskaplike probleme nooit in isolasie gesien moet word nie. Dit moet teen die

agtergrond van faktore soos lae inkomste, hoë geboorte- en sterftesyfers, werkloosheid, gebrek aan fasiliteite e.d.m. verstaan word. Hierdie faktore moet ook in ag geneem word wanneer daar preventiewe en remediële programme beplan word. Die negatiewe maatskaplike, ekonomiese, geestelike en ander implikasies wat oorweldigende maatskaplike probleme op 'n gemeenskap het, kan nie oorskat word nie.

Tydens die onderhawige studie, is 'n reeks maatskaplike pro= bleme aan die respondente gesuggereer, en hulle moes aandui watter probleme wel in hul gemeenskap ondervind word. Die onderstaande tabel dui hul reaksies aan.

Tabel 64

Persentuele Klassifikasie van Huishoudings volgens Respondente se Mening oor Ernstige Maatskaplike Probleme in die Gebiet

| Probleme | Huishoudings | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| | % | % | % |
| Armoede | 95.5 | 4.5 | 100.0 |
| Drank | 98.1 | 1.9 | 100.0 |
| Huweliksprobleme | 94.2 | 5.8 | 100.0 |
| Jeugmisdaad | 89.1 | 10.9 | 100.0 |
| Volwasse misdaad | 31.4 | 68.6 | 100.0 |
| Bejaardesorg | 91.7 | 8.3 | 100.0 |
| Kindersorg | 92.3 | 7.7 | 100.0 |
| Werkloosheid | 98.1 | 1.9 | 100.0 |
| Behuising | 77.6 | 22.4 | 100.0 |
| Buite-egtelikheid | 95.5 | 4.5 | 100.0 |
| Dwelmmiddels | 48.1 | 51.9 | 100.0 |
| Rassediskriminasie | 32.7 | 67.3 | 100.0 |

Die tabel dui 'n baie hoë verspreiding van respondente aan wat alle genoemde probleme (behalwe volwasse misdaad, rasse=diskriminasie, en die gebruik van dwelmmiddels) as ernstige verskynsels in die Gebiet beskou. (Dit hang natuurlik af van wat deur "ernstig" bedoel word. 'n Mens sou kon sê dat as bykans die helfte van die respondente -- 48% -- meen dat dwelmmiddels 'n probleem in die Gebiet is, dit, op 'n ern=stige situasie dui.)

Huweliksonenigheid was genoem as die resultaat van drankmis=bruik en armoede of ernstige tydelike geldelike probleme. Die oorsake van armoede is deur respondente aangedui as lang=durige droogtetoestande, onproduktiewe boerderymetodes, on=oordeelkundige besteding van inkomste en drankmisbruik. Die gesinsverbrokkeling wat genoemde omstandighede tot gevolg mag hê, was weer o.a. gesien as oorsaak van die groot mate van jeugmisdaad wat, soos die respondente meen, bestaan. Ook gebrek aan skoolplig (en dus vroeë skoolverlating) en 'n gebrek aan ontspanningsfasiliteite word as aanleidende oor=sake van jeugmisdaad, kinderverwaarlosing en buite-egtelik=heid gesien. Die kwessie van onkunde en gebrek aan seksuele voorligting in skole is ook ten opsigte van die buite-egte=like kinders wat in die Gebiet in grootouers se sorg gelaat word, terwyl die moeder in Windhoek of elders werk, opgehaal. In die verlede was dit tot 'n groot mate as die resultaat van wetlik-verbode rassevermenging gesien. Die hoop is uitge=spreek dat met die wegdoen van die wet wat gemengde huwelike verbied, hierdie probleem sal afneem.

Die swak versorging wat bejaardes dikwels ontvang a.g.v. kinders se eie onvermoë of onwilligheid om 'n bejaarde ouer

te/ ..........

te versorg, misbruik van bejaardes se pensioene deur werklose of drankverslaafde gesinslede, asook die swak toestande waar= in sommige bejaardes op hul eie woon, het aan die lig gekom. Die behoefte aan ouetehuise is weer eens sterk beklemtoon.

Hoewel 98.1% respondente werkloosheid as probleem aangedui het, is in die huishoudings wat by die studie betrek is, slegs 3.6% werklose volwassenes gevind. Werkloosheid in die totale Suidwes-Afrika word op nagenoeg 9% gestel.

Uit die studie het ook geblyk dat die mans wat werkloos is, hoofsaaklik in die ouderdomsgroep 17 tot 20 val -- dus vroeë skoolverlaters en ook die meer rustelose en onhanteerbare ouderdomsgroep.

Aangesien staatsbehuising nog maar pas in die Gebiet 'n aan= vang geneem het, en ook slegs tot die hoofdorp beperk is, word swak behuisingstoestande in die groter Gebiet nie (soos in die Republiek van Suid-Afrika) aan die deur van die Staat gelê nie. Daar is weliswaar ontevredenheid oor die tipe be= huising wat pas deur die Rehoboth Regering vir pensioenarisse in Rehoboth opgerig is; dog die behuising waarna in die on= dersoek verwys word, is privaat behuising op plase en in die groter sentra in die Gebiet. Hoewel daar enersyds 'n sterk neiging ontstaan het om moderne en gerieflike wonings op te rig, is daar blykbaar nog 'n betekenisvolle deel van die ge= meenskap wat in enkelvertrek- of twee-vertrekhuise woon, waar daar geen privaatheid en beweegruimte vir ouers en kinders is nie. Volgens Tabel 16 is daar slegs 10.3% huishoudings wat in een- en 45.5% wat in twee-slaapkamerhuise woon, ter= wyl almal ook nog oor kombuise beskik het. Huisgesinne was

ook/ .........

ook relatief klein. Die studie het dus nie so 'n swak toe=stand weerspieël nie.

Dwelmverslawing is meer deur stedelike inwoners as probleem geëien en slegs die rook van dagga en die opsuig van petrol=gas was as dwelmende middels wat gebruik word, uitgewys. Die gedagte is ook gelig dat die gebruik van dagga byna uit=sluitlik tot mans beperk is en ook meestal by jonger mans tussen 16 en 40 jaar voorkom. Onrusbarend egter is die suig van petrolgas wat onder skoolseuns gerapporteer word, en wat na bewering 'n baie algemene tydverdryf ná skool is. Die ernstige fisiese gevolge wat dit op die kinders mag hê, is vanselfsprekend en die gemeenskap se besorgdheid oor die pro=bleem word dus begryp.

Die lae volwasse misdaadsyfer kan moontlik toegeskrywe word aan faktore soos die sterk godsdienstige inslag van die ge=meenskap en die vrees vir identifikasie en verwerping, siende dat dit 'n klein gemeenskap is waar die meeste mense mekaar ken.

Rassediskriminasie in die Gebiet het verwys na Basters en an=der swart etniese groepe wat in die Gebiet woon, t.o.v. grondbesit, pensioene, behuising en ander voorsienings waar respondente gevoel het dat die ander etniese groepe benadeel word, terwyl baie van hulle in die Gebiet gebore is en le=wenslank daar gewoon het. Diskriminasie wat op Basters en Blankes betrekking gehad het, was meer as 'n nasionale pro=bleem geëien en die respondente het gevoel dat dit nie 'n probleem is waar die Gebiet se mense spesiaal uitgesonder word nie.

Dit blyk dus uit die ondersoek dat daar vele maatskaplike probleme in die Gebiet ondervind word, waarvan sommige ern= stige afmetings aanneem. Die gevolge daarvan hou nie net vir die individu nie, dog ook vir die gemeenskap, groot sosio-ekonomiese bedreigings in. Daadwerklike optrede op preventiewe en remediële vlak moet dus op georganiseerde ba= sis onderneem word. Die onus berus nie alleen by die Rege= ring, die skool, en die kerk as instellings om die euwels te bekamp of te behandel nie. Die gemeenskap self moet tot 'n groot mate verantwoordelikheid vir sy eie kinders, bejaardes, afwykendes en behoeftiges aanvaar.

——ooOoo——

## VERWYSINGS

1. Proklamasie van die A.G. nr. 8 van 1980, soos vervat in die Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 24 April 1980, p. 39.

2. Wilensky, H.L. & Lebeaux, C.N.: Industrial Society and Welfare. "The problems and prospects of the Welfare State". The Free Press. N.Y. 1967. p. 139.

3. Grondwet van die Rehoboth Noodhulp en Ontwikkelingsfonds Liga. 1962. p. 2.

4. Grondwet van die Christelike Alkoholiste Bond van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika. p. 2

5. Maas, A. & Wolins, H. : New Directions in Social Work. Routledge & Kegan Paul. London. 1954.

6. Departement van Sosiologie en Buro vir Opvoedkundige en Sosio-ekonomiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland. Huishoudings- en Gesinslewe in Bellville-Suid - 'n Sosio-ekonomiese Onder= soek. (Ongepubliseerde verslag). 1971. p. 17.

——ooOoo——

# HOOFSTUK 8

## GESELEKTEERDE ASPEKTE VAN MODERNITEIT TEN OPSIGTE VAN DIE REHOBOTH BASTERS

### 1. INLEIDING

Dit het uit die ondersoek duidelik geword dat die Gebiet se mense nie alleen 'n sterk drang na ontwikkeling en verander= ing ondervind nie, maar inderdaad ook onder vele invloede van buite veranderinge op verskillende gebiede ervaar. Maar die nuwe en die oue loop hand-aan-hand. Die mag van tradisie, wat vir byna 'n eeu die leefwyse van die Basters beïnvloed en hul optredes en denkwyses bepaal het, bestaan nog wel. Dog, te oordeel aan die teenswoordige houdings van die Basters, hoef dit nie noodwendig remmend en afbrekend in te werk op die vermoë om verandering en modernisering tegemoet te gaan nie. Garner sê in haar boek Social Change:[1)]

> Subjective changes in the past are carried forward into the present as mental baggage or as the nightmare of the past that weighs on the brain of the living.

Tog skyn die mense van die Gebiet nie gebuk te gaan onder die "mental baggage" of die "nightmare of the past" waarvan Gar= ner praat nie.

Die studie het nie daarvoor voorsiening gemaak om die Reho= both Basters met ander gemeenskappe te vergelyk nie. Dit vergelyk ook nie die Basters met hul eie verlede nie. Daar is slegs gepoog om mense in die Gebiet se houdings en gebruike ten opsigte van sekere kriteria wat met moderniteit vereen= selwig word, vas te stel. Die bevindinge toon 'n onverwagte

hoë/ ...........

hoë mate van vatbaarheid vir modernisering in 'n gemeenskap met so 'n geskiedenis van tradisionalisme.

## 2. KONSEPTUALISERING VAN DIE BEGRIP MODERNITEIT

Verskillende navorsers wat die proses van modernisering ondersoek het, het probeer om die begrip te omskryf en sekere karakteristieke daaraan toe te skryf. 'n Basiese uitgangspunt is dat moderniteit nie slegs op 'n individu betrekking het nie, maar ook wel op gemeenskappe, nasies, politieke sisteme, ekonomiese strukture, en dies meer. Letterlik gesproke beteken modernisering, in enige van die genoemde sisteme, dat ou gebruike redelik onlangs deur nuwe, en gewoonlik meer effektiewe gebruike vervang is, aldus Alex Inkeles en David Smith in hul boek Becoming Modern, wat individuele verandering in ses ontwikkelende lande beskryf. [2)]

Ons kan die studie van modernisasie vanaf die konstitusionele of die individuele aspekte benader. Ten opsigte van die eersgenoemde, noem Robert Ward in die boek van Inkeles en Smith sekere eienskappe wat met 'n moderne ekonomiese bestel vereenselwig kan word. Dit sluit in, o.a., vinnige tegnologiese ontwikkeling, hoë arbeidspesialisasie, grootskaalse finansiering en verhoogde materiële besit. [3)]

Samuel Huntington meld sekere prosesse wat met politieke moderniteit vereenselwig word. [4)] Hy sluit in:

> ... the replacement of a large number of traditional, religious, familial, and ethnic political authorities by a single, secular, national political authority; the emergence of new political functions -- legal, military, administrative, and scientific -- which must be managed by new administrative hierarchies chosen on the

> basis of achievement rather than ascription; and increased participation in politics by social groups throughout the society, along with the development of new institutions such as political parties and interest groups to organise this participation.

Die definisie van modernisasie soos uiteengesit in die Ency= clopedia Brittanica, lui soos volg:[5)]

> Transformation of society through development of modern industry and technology, accompanied by far-reaching political and social changes. While modern societies are of many different types, they all differ from societies of the past (traditional societies) in their appli= cation of scientific knowledge to the produc= tion of goods and services, with an emphasis on maximizing efficiency, thus human activi= ties become nationally organised around imper= sonal and utilitarian values and patterns in place of ceremonial and traditional ones.

In teenstelling met 'n benadering wat gemoeid is met maatskap= like organisasie en wyses waarop mense dinge doen, het die in= dividuele benadering meer te doen met mense se gevoelsvlak en hul denkrigtings. Inkeles en Smith, in hul studie van ses ontwikkelende gemeenskappe, het voor die probleem van 'n defi= nisie te staan gekom. Hulle bepaal hulle eintlik meer op die persoonlikheidsvlak -- hoe reageer die individu op sy nuwe rolle in 'n moderne industriële opset? [6)]

> Our solution to the problem was to derive our list of modern <u>personal</u> qualities from the presumed requirements of daily living in a modern and <u>complex society</u>, and in particular, from the demands made on a worker or staff member in a modern indus= trial establishment.

Modernisering impliseer dus grootskaalse verandering op ver= skeie vlakke van die samelewing. George Foster in sy boek <u>Traditional Societies and Technological Change</u> [7)] noem sekere aspekte wat stremmend inwerk op verandering, asook ander

aspekte/ .......

aspekte wat hy weer stimulante van verandering noem. Hy on= derskei drie tipes blokkasies vir verandering, nl. kultureel, maatskaplik en sielkundig. Onder kulturele blokkasies word bv. waardes en houdings en bygelowigheid ressorteer. Onder maatskaplike blokkasies het ons te doen met groepsverhoudings en gesagstrukture. Sielkundige blokkasies gaan oor kommuni= kasieprobleme en kulturele misinterpretasies. As stimulante vir verandering noem Foster bv. kompetisie en die drang na ekonomiese gewin en prestige.

Vervolgens sal aan 'n paar aspekte aandag gegee word wat moontlik indikatief kan wees van die vlak van moderniteit deur die Rehoboth Basters bereik, asook sekere remmende of stimulerende faktore wat verandering mag beïnvloed.

## 3. GESELEKTEERDE KRITERIA VIR MODERNITEIT

Aan die hand van die ondersoek wat in die Rehoboth Gebiet gedoen is, is vier kriteria vir moderniteit geselekteer wat in hierdie hoofstuk aandag sal geniet, nl.:

(a) Gereedheid vir verandering
(b) Opvoedkundige en beroepsaspirasies
(c) Waardes en gebruike
(d) Wyse van materiële voorsiening vir die toekoms
(e) Kennis van sake van die dag.

### 3.1 Gereedheid vir Verandering

Die verwagting is dat die moderne man meer geredelik die ver= anderinge op verskillende vlakke van die samelewing kan be= gryp en aanvaar.

Inkeles en Smith het in hul studie van tradisionele gemeen= skappe die volgende oor hierdie aspek geskryf: [8)]

> By readiness for change we referred especially to the acceptance of changes in social organi= zations such as greater political participation by wider segments of the population, increased social and physical mobility, fuller opportuni= ties for women, freer relations between super= ior and subordinate and between young and old. We defined the modern man as one who could more readily acknowledge the process of social transformation taking place around him in de= veloping countries, and who could more freely accept the changed opportunities which others, previously more restricted, might now be en= joying. He is, in a sense, less rigid, less anxious about allowing others to do things in a new way, in sum, less rooted in tradition.

Foster, in sy boek <u>Traditional Societies and Technological Change</u>, wys daarop hoedat die gereedheidsvlak van 'n tradi= sionele gemeenskap om nuwe ervaringe tegemoet te gaan, ge= strem word deur tradisionele leiers wat die behoud van tradi= sionele gebruike preek. Foster noem die voorbeeld van Span= je waar 'n baie bekende slagspreuk lui: <u>Vale más lo viljo conocido que lo nueve por conocer</u> -- dit wat oud en bekend is, is baie beter en veiliger as die nuwe dinge wat nog moet leer ken word.

Hierdie soort tradisionele wysheid word oral in die wêreld in die gesegdes van ontwikkelende volkere aangetref. Foster haal uit Thailand aan, waar daar gesê word dat dié wat in die voetspore van die ou mense volg, nie deur 'n hond gebyt sal word nie. Pierre Bourdeau beskryf dieselfde houdings in Al= gerië soos volg: [9)]

> The future is not robbed of its menace unless it can be attached and reduced to the past, until it can be lived as a simple continua= tion and accurate copy of the past. "Follow the road of your father and your grandfather",

"If/ ..........

> "If you resemble your father, you cannot be accused of fault". Such are the teachings of wisdom.

Die houdings van die Rehoboth Basters is deur middel van ver= skillende vrae getoets. 'n Vraag wat die gesagsverhouding tussen ouers en kinders sou vasstel was gestel, nl. dat in= dien 'n kind van sy ouer sou verskil, op watter wyse kon hy sy gevoel uitdruk?

Die opsies wat gegee was, was dat hy nie sy ouer mag weer= spreek nie; dat hy sy saak met respek kon stel, of dat hy vry is om met sy ouer te argumenteer. Daar is verwag dat die meer tradisionele persoon die grootste onderworpenheid aan gesag van sy kind sou verwag, terwyl die moderne persoon ont= vanklik sal wees vir die siening dat die kind ook 'n reg het om sy saak te stel. Tydens die ondersoek het 80% die moderner siening gehuldig dat 'n kind sy saak met die nodige respek kan stel, terwyl slegs 12% gevoel het dat die kind geensins sy ouer mag weerspreek nie.

Die ander vraag wat die Basters se tradisionele verbondenheid getoets het, was dat respondente moes aandui uit watter bron die gemeenskap se kinders die meeste lewenswaarde leer. Daar is drie alternatiewe gesuggereer, nl. die skool, ouer mense, of albei. Die oorweldigende meerderheid, nl. 98% het die derde alternatief gekies. Hieruit lei die ondersoeker af dat, hoewel daar nog 'n mate van verbondenheid aan die tradisionele geloof in die oue is, is daar ook baie groot bewustheid van die waarde van opvoeding, wat noodwendig nuwe denke sal mee= bring.

Ten opsigte van die boerdery is ook aan respondente gevra om

'n/ ...........

'n keuse te maak tussen die sienswyses van twee seuns, waar= van een nuwe boerderymetodes voorgestaan het en die ander dit wat sy vader en oupa voor hom gedoen het, wou behou. Gedagtig aan die keuses van die tradisionele volke soos vooraf bespreek, is verwag dat die meer moderne man die eerste seun se siens= wyses sou aanvaar. Die ondersoek toon dat 93% respondente in= derdaad dié keuse gemaak het. Uit die ondersoek het egter ook duidelik geword dat hoewel so 'n groot persentasie respondente gereedheid vir verandering op die gebied van die boerderybe= dryf toon, slegs 37% van hulle reeds die kursusse by die teel= stasie te Tsumis bygewoon het, terwyl 52% dit egter beplan.

'n Ander area waar die Basters se houdings getoets is, was ten opsigte van die keuse van 'n regeringsvorm vir die Gebiet. Uit die 156 respondente het 127 (83%) die versigtige keuse van 'n sentrale regering vir die hele Namibië gemaak, waarvan hulle deel wou wees. Dit beteken dat dit bo die tradisionele regering onder 'n kapteinskap verkies is. Wat opmerklik was, was dat hierdie keuse van 'n sentrale regering nie tot die jonger respondente beperk was nie, ofskoon hulle wel meer daarvoor ten gunste was as die oueres. Deur middel van kruis= tabulasie is vasgestel dat in die ouderdomsgroep onder 40 jaar het 62 uit 71 respondente (87.4%) dié keuse gemaak. Tussen die ouderdomme 40 jaar en 60 jaar, was 38 uit 46 res= pondente (82.6%) ten gunste daarvan. Uit die groep bo 60 jaar, het 28 uit 39 respondente (71.8%) aan die sentrale re= gering voorkeur gegee.

Dit blyk dus uit die ondersoek dat op meer as een vlak daar 'n groot mate van gereedheid vir verandering by die Basters bestaan -- 'n situasie wat met vrug deur die agente vir

ontwikkeling/ ..

ontwikkeling aangewend kan word. 'n Mate van weerstand moet egter verwag word as 'n natuurlike reaksie teen enigiets wat nuut en onbekend is. Dit sal ook nodig wees om te besef dat gereedheid vir verandering nie noodwendig gemotiveerdheid om te verander beteken nie. Talle voorbeelde hiervan het uit die ondersoek na vore gekom. Een daarvan is die gereedheid vir die aanwending van nuwe boerderymetodes wat reeds vermeld is, en die skynbare gebrek aan motivering om wel die kursusse wat bestaan te benut.

### 3.2 Opvoedkundige en Beroepsaspirasies

Die opvoedkundige status van 'n gemeenskap word allerweë er= ken as 'n indikasie van hul vlak van moderniteit, hoewel die opvoedkundige aspirasies van ouers vir hul kinders nie nor= maalweg in berekening gebring word nie. Inkeles en Smith het egter ook sodanige aspirasies by hul O.M.-skaal ingesluit toe hulle aspekte van moderniteit in ontwikkelende gemeenskappe geselekteer het. Ouers se aspirasies om die hoogs moontlike vlak van opvoeding vir hul kinders te bereik, kan as 'n versig= tige en verligte benadering beskou word, want dit dui daarop dat hulle bewus geword het van die deure wat deur middel van 'n goeie opvoeding vir 'n mens oopgemaak word. Dit dui ook daarop dat hulle bereid is om die kinders los te maak van tradisie, want daar kan kwalik van die hedendaagse opvoeding= sisteme verwag word om aan die oordra van die kultuur van so 'n geslote gemeenskap soos die Basters was, gebonde te wees. Hoër opvoeding bring noodwendig groter mobiliteit mee, wat op sigself 'n merkbare invloed op mense se modernisering uit= oefen. Maurice Jackson, in 'n artikel The Social Mobility

<u>of Black Americans</u>, skryf soos volg oor die Swart Amerikaner se verwagting van 'n hoë opvoedingspeil: [10)]

> There is also general agreement about the importance of education for Black social mobility. It is generally thought that Blacks have been motivated to struggle for education since they are convinced that it is the key to individual dignity, social status, and equal citizenship. Furthermore, Black Americans have conti= nued to believe in education and have ex= pressed this belief in trying to get a good education, even at great cost. Not only that, but the Blacks have focussed on achieving equality through educational attainment.

Tydens die ondersoek in Rehoboth is vasgestel dat die Basters ook hul hoop op opvoedings- en beroepsgeleenthede vir hul kinders geplaas het, sodat hul pad kan oop wees na alle voor= regte wat daarmee geassosieer word -- hoë inkomste, hoë sta= tus, menswaardigheid en gelykheid ten opsigte van burgerskap.

Die Basters se verligte denke is verder bewys deur die feit dat hulle vir hul dogters dieselfde hoë aspirasies as vir die seuns koester. Dit is 'n benadering wat sal indruis teen die beginsel van 'n oorwegend tradisionele gemeenskap, waar die vrou gewoonlik nie alleen lae sosiale status toegeken word nie, maar ook nie met opvoeding- en beroepstatus geassosieer word nie. Uit die ondersoek is egter bevind dat 78% respon= dente universiteitsopleiding vir hul seuns begeer, en 75% vir hul dogters. Sê Helm in 'n monograaf oor modernisering in Rehoboth in 1979: [11)]

> It is particularly striking that, both for sons and daughters, every respondent except 1 envisaged a level of education above that of standard 8 (and the 1 indeed chose stan= dard 8 as minimum level). Any lower ambi= tion was thus unanimously rejected. Only 9 respondents (or 5.8%) envisaged technical or trade education for their children.

## 3.3 Waardes en Gebruike

In feitlik elke studie van tradisionele gemeenskappe word klem gelê op die verskille in waardes en gebruike tussen tra=disionele en moderne gemeenskappe. Dit sluit gewoonlik as=pekte in soos gemeenskapsverhoudings, gesinsverhoudings, die status van die vrou, houdings oor gesinsbeplanning, bygelo=wigheid en dies meer.

'n Paar van hierdie aspekte is ten opsigte van die Rehoboth gemeenskap getoets. Van belang in die gemeenskapsverhoudings is Ferdinand Tönnies se vergelykings tussen wat hy noem Ge=meinschaft (gemeenskap) en Gesellschaft (samelewing). Hy wys op die groter gevoelselement wat by die Gemeinschaft teen=woordig is en beskou dat die meer tradisionele plattelandse gemeenskap hierdie eienskap herberg. Die meer onpersoonlike Gesellschaft word met stedelike lewe vereenselwig. Saunders, Rose et al. skryf soos volg oor Tönnies se siening: 12)

> In purely formal terms Gemeinschaft included any set of relationships characterized by emotional cohesion, depth, continuity and fulfilment; Gesellschaft, on the other hand, referred to the impersonal, the contractual and the rational aspects of human associa=tion . . . Tönnies believed that the rural village most fully embodied the characteris=tics of Gemeinschaft -- "It is stronger there and more alive" (Tönnies, 1959) -- while Ge=sellschaft predominated in the city.

Ten einde die groot gevoel vir en afhanklikheid van lede van die gemeenskap van mekaar vas te stel is o.a. aan die respon=dent gevra om aan te dui of hulle dit as hul plig beskou om familie of vriende wat in geldelike nood is te help. Ander al=ternatiewe was dat die Kerk of Staat dit as hul plig moet ag of dat die persoon self moet regkom. Uit die 156 respondente

het/ ...........

het 135 (86.5%) dit as hul plig beskou om behulpsaam te wees. Ten opsigte van hierdie aspek het die Rehobothers dus 'n meer tradisionele waarde behou en dra so by tot die behoud van die geslote aard van die gemeenskap.

Wat gesinstipes en -verhoudings betref, word die uitgebreide gesinstipe en die stewige gesinsbande meer met die tradisio= nele as die moderne gesin vereenselwig. Dit was duidelik uit die ondersoek dat die Rehoboth Basters reeds in baie opsigte van hierdie waardes wegbeweeg het. Wat die versorging van bejaardes in gesinne betref het 68.6% respondente gevoel dat bejaardes 'n beter versorging in ouetehuise sal kry, teenoor die 29.5% wat hulle in die gesin sou wou behou. Uit die 156 respondente was 141 (89.4%) die mening toegedaan dat die vrou saam met die man moet delibireer wanneer daar belangrike be= sluite in die gesin geneem moet word. Die respondente was ook gevra om aan te dui watter mate van vryheid 'n 18-jarige dogter uit die gesin verleen sou word om weg van die huis te werk, waar daar geen ouerlike toesig oor haar sal wees nie. Die ondersoeker het verwag dat die ouers met 'n meer verligte uitkyk op die lewe, die grootste vryheid aan die dogter sou toesê en 64.8% het hierdie siening geopenbaar. Slegs 7.1% was absoluut daarteen. Ook ten opsigte van houdings teenoor gesinsbeplanning het die respondente baie positiewe en ver= ligte sienswyses gehuldig. Dat gesinne beperk moet word, is deur 71.2% onderskryf. Daar is ook vasgestel dat inkomste 'n korrelasie toon met houdings teenoor gesinsbeplanning. Hoe hoër die inkomste van die hoof van die huishouding, hoe meer positief was die houding. Ouderdom het ook 'n rol gespeel, deurdat die respondente onder 40 jaar oud 'n 100% reaksie vir

gesinsreëling geopenbaar het, terwyl die ouer garde soms on=sekerheid getoon het, of gevoel het dat dit slegs onder sekere omstandighede toelaatbaar is. Slegs 9.6% het dit totaal afge=keur. Groot gesinne, wat 'n kenmerk van tradisionele gemeen=skappe is, word nie meer as wenslik beskou nie. Van die res=pondente het 29.5% twee kinders as die ideale getal beskou, terwyl 12.% selfs geen kinders onder hul huidige omstandighede wou hê nie.

Tradisionele gebruike wat tevore gegeld het, maar besig is om uit te sterf of selfs net in belangrikheid af te neem, is bv. die geloof in tradisionele medisynes en die gebruik van onop=geleide vroedvroue. Geloof in die tradisionele "kinderdokter" word egter nog deur meer as 70% onderskryf.

Die opwaartse beweging van die Basters na 'n hoër vlak van ontwikkeling en moderniteit is baie duidelik uit hul verander=ende waardes en gebruike, hoewel die invloed van tradisie nog soms sterk deurskemer.

## 3.4 Wyse van Materiële Voorsiening vir die Toekoms

Die vermoë van 'n persoon om vooraf te beplan, word as 'n baie belangrike indikator van sy vlak van moderniteit gesien. Inkeles en Smith het bv. minstens drie vrae by hul O.M.-skaal ingesluit ten einde die persoon se beplanningsvermoë te toets. Hulle het soos volg daaroor rapporteer [13]:

> We rated as more modern the man oriented toward long-term planning, both in public affairs and in his private personal life.

In haar werk <u>White Blacks : The New Elites?</u> kwoteer Helm ook

vir Neil Smelser wat spaargeld as 'n ekonomiese veranderlike noem wat 'n bepalende faktor is ten opsigte van ontwikkeling. Helm wys daarop dat Smelser op twee aspekte ten opsigte van spaargewoontes let, wat op ontwikkeling dui. 14)

> The first is the level of savings; here the relevant question is the amount of wealth diverted from current consumption needs. The second is the form of savings; while the level of savings may be high enough, these may be "frozen" in jewelry or coins and thus unavailable for investment in eco= nomic enterprises. Some determinants of sa= ving behaviour are economic ... for instance, in those cases where income is so low that all of it must be spent on subsistence. In other cases, however, savings and investment behaviour is a resultant of sociological va= riables such as the stratification or kin= ship systems.

Dit blyk dus dat die spaarsin wat mense openbaar met moderni= teit in verband gebring word. In die ondersoek is aan respon= dente gevra om informasie oor alle aspekte van die gesin se spaargewoontes te gee. Die oorgrote meerderheid respondente (83%) het spaargeld, en die bank was die populêrste instansie waar gespaar word (78% gebruik banke). Voorts het 23% aange= dui dat hulle by die poskantoor spaar, 19% by bougenootskap= pe, en 3% elders. Verskeie respondente het aangedui dat hul= le by meer as een plek spaar.

Die bedrae wat gespaar word, is ook baie hoër by die bank as by ander gegewe instansies en daar is bedrae tot meer as R10 000.00 per persoon gereflekteer. Die verhouding van kon= tantbedrae was min of meer soos volg: 'n kwart onder R500.00, die helfte tussen R500.00 en R4 000.00 en die oorblywende kwart oorskry die R4 000.00 merk.

Daar is ook vasgestel dat die inkomste van die hoof van die

huishouding/ ...

huishouding wel 'n invloed het op die spaargewoontes van die gesinslede. Die huisgesinne waar die hoof in die hoër inkom= stegroep val, het hoër bedrae spaargeld gereflekteer, en het ook by meer as een instansie gelyktydig gespaar.

Die invloed van "kinship and stratification systems", waarvan Smesler gewag maak, is aan die hand van die voorbeelde wat hy noem probeer vasstel. Daar bestaan nie in die Gebiet enige tradisionele wyses van geskenke gee of verpligte betalings soos die lobola by sommige swart etniese groepe nie. Verder maak die boere se leefwyse daarvoor voorsiening dat hulle tot 'n groot mate hul eie vleis, groente, en suiwelprodukte voor= sien en dus nie so van kontantinkomste afhanklik is om in hul daaglikse behoeftes te voorsien nie. Addisionele inkomste in 'n gesin kan dus met die goeie beplanning vir spaardoeleindes aangewend word. Hier moet egter gemeld word dat pryse in Suidwes-Afrika/Namibië oor die algemeen hoog is, veral in die Rehoboth winkels, asook dat sukses met veeboerdery baie van die weersomstandighede afhanklik is en in tye van droogte is die uitgawes hoog. Dan val mense dikwels terug op hul spaar= geld om mens en dier aan die lewe te hou.

Tesame met spaargewoontes kan ook die besit van vaste eiendom soos grond en 'n huis hier genoem word. Ten opsigte van al hierdie aspekte toon die Basters 'n positiewe oriëntasie en dus 'n opwaartse beweging na groter moderniteit.

## 3.5 Belangstelling in Sake van die Dag

Dit was ook die verwagting van die ondersoeker dat mense se gebruikmaking van die massamedia 'n indikasie van hul

belangstelling in die breër samelewing is. Dit op sigself sal weer 'n aanduiding wees van hoe verlig en hoe ingelig hulle is oor sake wat nie direk op hul persoonlike lewens betrekking het nie.

Daar is een vraag aan die respondente gestel om hul kennis oor 'n breër vlak te toets. Vyf stellings is in die vraag ingesluit, en hulle moes aandui of dit waar of onwaar is. Drie uit die vyf vrae is deur die meerderheid korrek beant=woord, nl. 94% het geweet dat Dr. Kurt Waldheim die Sekretaris-generaal van die V.V.O. is; 95% het geweet dat mnr. Pik Botha nie die Eerste Minister van Suid-Afrika is nie; 52% het geweet dat die bevolking van Suidwes-Afrika/Namibië nie 2 miljoen is nie. Ten opsigte van die ander twee vrae het minder as die helfte (45%) geweet dat die bevolking van Rus=land dié van Wes-Duitsland oortref, terwyl 74% oortuig was dat Suid-Afrika nie vir Suidwes-Afrika in die Eerste Wêreld=oorlog verower het nie. Helm gee 'n interessante verduide=liking vir hierdie siening van die Basters [15]:

> With the invasion of German South West Africa by South African forces under Generals Botha and Smuts, the Basters broke their treaty with the Germans, but not before they had, they claimed, negotiated with General Louis Botha (then Prime Minister of the Union) that the territorial integrity of the Gebiet would be respected and so would their self-government. It may thus be that Basters con=sider themselves as never having been con=quered by the South African invaders, and therefore they do not think of South West Africa as having been conquered either.

Die algemene indruk wat tydens die ondersoek gekry is, is dat die Gebiet se mense, veral sedert Suidwes-Afrika/Namibië die pad na onafhanklikheidwording betree het, 'n lewendige belang=stelling ontwikkel het in die politieke arena -- plaaslik

sowel/ .........

sowel as nasionaal en ook internasionaal.

## 4. SLOTOPMERKINGS

As daar op grond van die bovermelde vier aspekte en ook vele ander wat in die ondersoek gedek is, gekyk word, dan is dit duidelik dat die Basters reeds ver gevorder het op die pad na moderniteit. Daar is dus 'n groot mate van ontvanklikheid vir nuwe denkrigtings en innovasie. Modelle van verandering wat op die situasie toegepas kan word en die keuse van agente vir verandering is aspekte wat logies by hierdie ondersoek aansluiting vind, dog wat as onderwerp vir verdere studie on=dersoek sal word.

In hierdie verband kan aangehaal word wat Akhter Kahn skryf oor modelle en agente in artikels oor gemeenskapsontwikkeling in die platteland in Amerika en Indië. [16)]

> Brayne wanted to uplift the villagers by sending an official guide-philosopher-friend. Gandhi wanted to do that by sending a constructive worker. Follow=ing in the footsteps of Brayne and Gandhi, community development relied mainly on a government village-level worker (V.L.W.) as the agent of change. Sending a mis=sionary outsider was considered essential in every case. The V.L.W., like Brayne's guide, was advised to collaborate closely with the local gentry, the established or "natural" leaders. Evidently, the V.L.W. came to help everybody, not by fighting for the weak against the strong, but by uniting all of them, weak and strong, into a fraternal community. . . . The V.L.W. would be a multi-purpose agent represent=ing all "nation building" departments. He would combine the functions of a missionary organizer, technician, and patron. Commu=nity development aspired to co-ordinate the activities of other departments, and follow an integrated approach. Its vision of development included the improvement of everything: social harmony, economic, pro=duction, education, health and recreation.

Met/ ..........

Met die vlak van gereedheid vir verandering en die vlak van moderniteit wat deur die Basters gereflekteer is, sou hierdie en ander modelle, wat grootliks op samewerking en organisering van die Gebiet se inwoners afgestem is, blykbaar met groot suksesse bekroon kan word.

——ooOoo——

Verwysings/ ....

VERWYSINGS


1. Garner, R.A.: Social Change. Rand McNally College Pu= blishing Company, Chicago, 1977. p. 1.

2. Inkeles, A. & Smith, D.H.: Becoming Modern. Individual Change in Six Developing Countries. Hei= neman Educational Books Ltd., London, 1974. p. 12.

3. Ibid.: p. 16.

4. Ibid.: p. 16.

5. Encyclopedia Brittanica, Vol. 5. p. 347.

6. Inkeles & Smith: Op. cit. p. 18.

7. Foster, G.M.: Traditional Cultures. Harper & Row Pu= blishers, New York, 1962. p. 90.

8. Inkeles & Smith: Op. cit. p. 20.

9. Foster, G.M.: Traditional Societies and Technological Change. Harper & Row Publishers, New York, 1973. p. 48.

10. Jackson, M.: The Social Mobility of Black Americans. in Van der Merwe, H.W. en Groenewald, C.J. (Ed.): Occupational and Social Change Among Coloured People in South Africa. Juta & Co. Ltd., Cape Town, 1976. p. 262.

11. Helm, B.: White Blacks : The New Elites? Study of Se= lected Aspects of Modernization of the Re= hoboth People, Namibia. A Paper read at the Tenth Anniversary Congress of Sociolo= gists of Southern Africa. Maseru, Lesotho, June 1979. p. 37.

12. Newby, H.: International Perspectives in Rural Sociolo= gy. John Wiley & Sons, New York, 1978. p. 55.

13. Inkeles & Smith: Op. cit. p. 22.

14. Helm: Op. cit. p. 18.

15. Ibid.: p. 43.

16. Kahn, A.H.: Ten Decades of Rural Development : Lessons from India. Michigan State University Rural Development Papers. Agency for International Development, Michigan, 1978.

---oo0oo---

# HOOFSTUK 9

## BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### 1. INLEIDING

'n Paar belangrike aspekte van maatskaplike toestande in die Gebiet, nl. werksgeleenthede, behuising, opvoeding, gesond= heid en welsyn, word in hierdie hoofstuk geselekteer. Hulle word bespreek in die lig van die bevindinge van die studie. Daar word aanbevelings in dié verband gedoen ten opsigte van behoeftes en leemtes.

Dit is 'n bekende feit dat hoe hoër mense vorder op die leer van ontwikkeling, hoe meer gekompliseerd raak verwagtings en eise wat hulle aan die bestaande sisteme stel. In die ge= meenskapswerk teorie word hierdie verhoogde eise, tesame met gepaardgaande ontevredenheid by gebrek aan vervulling, as voorvereistes vir program- en aksiebeplanning gestel. So= doende word verseker dat groter gemeenskapsdeelname in maat= skaplike aksie verwesenlik word. Shottland sê in 'n lesing getiteld "Translating Social Needs into Action" wat hy ty= dens 'n internasionale simposium in 1971 gelees het [1]:

> We can expect protest to continue as people seek to obtain a more equitable distribution of resources and of participation in decision-making. Dissatisfaction with the <u>status quo</u> is due to the rapid rise in human expecta= tions. People have come to demand more and more of their institutions and the demands are not unreasonable. People want income, food, jobs, housing, medical care, dignity, freedom . . . Our task is to utilize these demands and rising expectations as vehicles to assist in translating social needs into effective programmes.

In/ ...........

In die ondersoek wat in die Gebiet onderneem is, is ruim ge= leentheid aan die respondente gebied om ten opsigte van die genoemde areas in hul maatskaplike lewe behoeftes aan te dui, sowel as om alternatiewe vir toekomstige beplanning te noem. Owerhede in die Gebiet is in die gelukkige posisie dat mense oor die algemeen gereed is vir nuwe ontwikkelings en dat die Regering bekend is met plaaslike omstandighede, sodat hulle nie blindelings hoef te beweeg nie, dog met insig, begrip en samewerking van die gemeenskap kan beplan. Daar behoort ook van deskundige kennis en vaardighede, desnoods van buite, ge= bruik gemaak te word om die proses van beplanning en ontwik= keling te rugsteun. Deardorff, in 'n artikel "Social Welfare Planning" [2)], het die volgende oor beplanning te sê:

> Essentially, planning is the formulation of coherent ideas calling for describing action in the future. It has to do with rounded recommendations, proposals and suggestions of courses of action to be followed. Since these are a thrust into the future, they always introduce ele= ments of risk and uncertainty. Such pro= posals and suggestions seem more accept= able when each phase of them has been examined and weighed by people who have had experience with the subject of the planning operation and who have given thought and study to it and when knowledge and experience are synthesized.

Die suggesties vir toekomstige beplanning wat hier volg is grootliks gebaseer op verwagtings soos uitgespreek deur die respondente in die ondersoek.

## 2. WERKSGELEENTHEDE

Uit die ondersoek het geblyk dat daar verskeie knelpunte bestaan, wat egter nie onoorbrugbaar is nie.

(a) Eerstens was kennis geneem van die potensiaal van natuurlike bronne wat volgens die meeste respon= dente se mening onderbenut word. Ten opsigte hiervan word dus aanbeveel dat:

(i) Steen- en gruisgroewe as ondersteunende pro= duksie-eenhede binne die Gebiet ontwikkel word

(ii) die warmwaterbronne -- die "oog" genoem -- wat in die hoofdorp ontspring, vir die doel= eindes van besproeiing en swembadfasiliteite aangewend word, siende dat dit nie geskik is vir menslike gebruik nie, weens die hoë fluoriedinhoud

(iii) dat die grondwerk wat reeds deur die Rehoboth-Beleggings- en Ontwikkelingskorporasie gedoen is om die moontlikheid van 'n leerlooiery te ondersoek, onverwyld opgevolg word, desnoods deur bemiddeling van die Rehoboth Regering

(iv) dat die moontlikheid van fabrieke waar velle, huide, en wol plaaslik verwerk kan word, on= dersoek word, met hoë prioriteit aan die moontlikheid van 'n afsetgebied.

(b) Aangesien so 'n hoë persentasie mans in die bou- en konstruksiewerk bedrywig is (67%), dog daar byna geen sprake is van vakopleiding nie, is dit 'n area wat 'n ernstige leemte aandui. Met die totstandkoming van die Akademie vir Tersiêre On= derwys in Windhoek, waar nie alleen vir die

opleiding van vakmanne in verskillende rigtings voorsiening gemaak word nie, dog ook 'n vaktoets=sentrum in die vooruitsig gestel word, kan in hierdie behoefte voorsien word. Die gemotiveerd=heid van die gebied se jong of potensiële vakmanne om van die diens gebruik te maak sal 'n faktor wees waarmee rekening gehou moet word. Daar word dus aanbeveel dat:

(i) 'n Omvattende ondersoek in die Gebiet onder=neem word ten einde die belangstelling in hierdie en ander rigtings (veral onder die hoërskoolleerlinge en die werkende jeug) te bepaal

(ii) terselfdertyd moet 'n goed-georganiseerde voorligtingspan die nodige voorligting en motivering onderneem ten einde diegene wat nie in akademiese rigtings kan of wil studeer nie, vir beroepsopleiding in een of ander rigting te beweeg.

(c) Karakoelboerdery is die belangrikste bedryfstak van die Basters en vorm meestal die grondslag van hul boerdery. Die Gebiet is ook besonder geskik vir dié tipe boerdery, ten spyte van die lae reën=val. Die verouderde en onbeplande boerderymetodes, onvoldoende bemarkingstelsel, en swak infrastruk=tuur, werk egter stremmend in op die ontwikkeling van die boerderybedryf en bring grootliks mee dat die inkomste uit die boerdery relatief laag is. Met die oprigting van die teelstasie en die

landboukollege/ ....

landboukollege te Tsumis, kan tot 'n groot mate in hierdie behoefte voorsien word, dog die mate van weerstand wat daar bestaan teen die benutting van hierdie dienste, en wat teruggevoer kan word tot die teenstand wat ervaar was teen die aanbe= velings van die Odendaal-verslag, asook die feit dat die dienste slegs tot voordeel van die Basters aangewend word, belemmer die benutting daarvan. Daar is ook bevind dat die erfstelsel wat in die Gebiet van krag is, grootskaalse versnippering van grond tot gevolg het, wat boere noop om op klein lappies grond te boer. Op die wyse word die dra= krag van die grond oorskrei, weiveld word vertrap en kosbare grond word deur erosie weggevoer. Dit dra verder by tot die lae bruto boerdery inkomste wat deur die ondersoek gereflekteer is.

Dit word aanbeveel dat:

(i) die ondersoek en voorligtingsprogram waarna in die vorige aanbeveling verwys is, ook die landbourigting insluit

(ii) die landboukollege te Tsumis vir alle etniese groepe wat in die opleiding belang mag stel, oopgestel word

(iii) dat navorsings- en inligtingsprogramme op ge= reelde grondslag aangepak word

(iv) die Rehoboth Regering die erfstelsel wat in die Gebiet van krag is, hersien

(v) die bemarkingstelsel ondersoek word en stappe

onverwyld/ ....

onverwyld geneem word om die knelpunte uit te skakel.

3. BEHUISING

Uit die ondersoek het geblyk dat daar tans 'n baie groot be= wuswording van die waarde van goeie en gerieflike wonings by die Basters bestaan. Die huis is nie meer slegs 'n struktuur wat as beskutting teen die elemente moet dien nie. Die eko= nomiese en maatskaplike waarde van behuising word tans hoog geskat en al meer mense in die groter sentra, sowel as op plase, rig moderne en gerieflike wonings op.

Die groter finansiële las wat hierdie ontwikkeling op die ge= sin plaas, word tans tot 'n mate verlig deur die beskikbaar= stelling van huislenings deur die Rehoboth Regering. Die le= nings is egter as baie beperk gerapporteer, aangesien behuis= ing blykbaar nie as een van die eerste prioriteite van die Regering gesien word nie. Een respondent het die volgende opmerking gemaak: "Die geld wat vir huislenings bewillig word, is uiters min en dan word dit tussen soveel as moontlik aansoekers versprei. Dit bring mee dat niemand wat 'n lening kry nie, werklik gehelp is om 'n ordentlike huis te bou nie en dit verlaag outomaties die standaard van die huise wat opge= rig word".

'n Ander bevinding wat ten opsigte van behuising gemaak is, is dat die Rehoboth Regering gedurende die 1979/1980 boekjaar 'n begin gemaak het met die oprigting van huurkoophuise in die hoofdorp, hoofsaaklik om pensionarisse te huisves. Die belangrikste redes vir besorgdheid oor hierdie skema is dat dit blykbaar beplan en opgerig is sonder inagneming van die

spesiale/ .....

spesiale behoeftes (veral ekonomiese behoeftes) van die groep vir wie dit bedoel is. Die huise word tans nie streng aan pensionarisse verhuur nie; dog aan gesinne wat dit kan be= kostig om die huurkooptariewe te dra. Die beplanning van die wonings is egter nie met groeiende gesinne in gedagte gedoen nie. Die vertrekke is klein, ruimte beperk en slaapvertrekke nie voldoende om in die behoeftes van groeiende gesinne te voldoen nie.

Die huise is volgens 'n basiese plan gebou en eentonigheid, klein erwe, en gebrek aan behoorlike paaie herinner sterk aan die tipiese ekonomiese behuisingskemas op die Kaapse Vlakte.

'n Area ten opsigte van behuising wat ook tydens die onder= soek besorgdheid afgedwing het, was die behuisingsomstandig= hede van werksmense op die Basterplase. Sommige boere het wel sement- of baksteenkamers vir hul werksmense opgerig, dog dit voorsien nie in die behoeftes van 'n gesin nie. Dis gewoonlik 'n enkele vertrek, waarin alle lede van die werk= nemer se gesin -- wat soms baie groot is -- moet slaap, eet, was en leef. Kookgeriewe en toiletgeriewe bestaan nie, be= halwe as die werknemer dit uit sy eie karige inkomste wil aanbring. Soms word daar hoegenaamd geen behuising vir 'n werknemer voorsien nie, en moet hy 'n pondok van latte, gras en sakke saamflans om sy gesin te huisves.

Dit word aanbeveel dat:

(i) die stelsel van huislenings hersien word

(ii) boustandaarde neergelê word vir behuising in die groter sentra

(iii)/ ........

(iii) die Regering voortgaan met sy beleid om huurkoop=huise op te rig

(iv) mense wat huise gaan koop vooraf geselekteer en vanaf die beginstadium af by die beplanning van hulle woonbuurtes en die bepaling van woonbehoeftes betrek word

(v) meer aandag geskenk word aan dorpsbeplanning deur bv. die uitlê van strate en die aanbring van straatnommers, die variëring van huistipes en -kleure, die aanlê van speelparke, en die aanmoe=diging van eienaars om heinings en struike te plant

(vi) die Rehoboth Regering die taak onderneem om 'n ge=sonde gemeenskap te bou deur die voorsiening van fasiliteite soos 'n bioskoopsaal, biblioteke, klubs, die teer en beligting van alle strate in die hoofdorp (en later ook in ander groter sentra) en die aanplanting van bome en struike ter verfraai=ing van die omgewing

(vii) die lede van die gemeenskap by die beplanning van genoemde fasiliteite betrek moet word en ook later by die toesig oor en instandhouding van die fasili=teite

(viii) die Rehoboth Regering minimum vereistes ten opsigte van huisvesting van werknemers op plase neerlê.

4. OPVOEDING

Een van die grootste leemtes wat uit die ondersoek na vore gekom het, was die tekort aan gekwalifiseerde onderwysers en

die/ ..........

die gebruikmaking van ongediplomeerde leerkragte.

Daarbenewens is bevind dat sommige plaasskole se leerlingtal so laag is dat daar nie genoeg kinders per klas is om kompe= tisie uit te lok nie, dat 3 tot 4 klasse per onderwyser toe= gesê is, en dat die skole swak toegerus is. Dit bring 'n groot opvoedkundige agterstand by kinders te weeg wat belem= merend inwerk op hul ontwikkeling en latere aanpassing en vordering. Vroeë skoolverlating word aldus bevorder.

Die byna algehele gebrek aan biblioteke, beide in skole en in die gemeenskap, en die swak toegerustheid van die paar skoolbiblioteke wat wel bestaan, word as 'n baie groot leem= te ervaar.

Daar bestaan ook twyfel oor die standaard van skool- en kol= legeleerplanne. Skoolleerplanne is as "verouderd" bestempel.

Daar was kennis geneem van die volwasse opvoedingsaktiwiteite wat op verskeie vlakke in die gemeenskap aan die gang is. Die trefkrag daarvan sal vergroot word en meer effektief wees indien daar oorhoofse beplanning en samewerking tussen die onderskeie groepe wat daarmee gemoeid is, kan wees en daar ook aan nuwe modelle vir volwasse opvoeding gedink kan word. Warren skryf oor nuwe neigings ten opsigte van volwasse op= voeding soos volg [3]:

> A newer trend in adult education is the trend to emphasize the dynamic processes which take place in the small group de= mocratically organized, and to organize an increasing number of activities to engage in concerted action for community betterment.

Die behoefte aan beroepsgerigte opleiding aan skole vir

buitengewone/ ...

buitengewone onderwys soos vir blindes, vertraagdes, dowes en epileptici, is ondervind -- 55.8% van die respondente het die behoefte aan onderrig vir liggaamlike gestremdes en 53.8% die behoefte aan onderrig vir vertraagdes aangedui.

Die ondersoeker is egter die mening toegedaan dat die getalle geestelik en liggaamlik gestremdes in die gebied, sowel as die hoë koste en gespesialiseerde dienslewering wat so 'n diens meebring, nie die voorsiening daarvan plaaslik sal regverdig nie. Dit is die soort inrigtings wat op nasionale vlak aangepak moet word sodat die beperkte fondse en kundigheid tot die maksimum benut kan word.

Daar word dus aanbeveel dat:

(i) ondersoek ingestel word na die gebrek aan opgeleide onderwyspersoneel en die gebruik van leerkragte met baie lae akademiese kwalifikasies en ongediplomeerde leerkragte en dat die nodige stappe geneem word om die situasie te verbeter

(ii) die progressiewe instelling van skoolplig ondersoek word sodat (in ooreenstemming met die aanbevelings van die Theron-verslag ten opsigte van Kleurlinge) kinders minstens tot die ouderdom van 15 jaar of St. 7 skoolpligtig is

(iii) dat doeltreffende maatreëls van die begin af ingestel word om skoolplig af te dwing

(iv) die daarstelling van goed-toegeruste skoolbiblioteke as hoogste prioriteit onderneem word

(v) ondersoek ingestel word na die geskiktheid van en

die/ ..........

die prakties uitvoerbaarheid van die desentralisa= sie van primêre skole in die Gebiet, met die oog op akademiese agterstand wat by kinders uit die skole gerapporteer word

(vi) die skool-leerplanne hersien word

(vii) daar by die owerhede belas met tersiêre onderwys aanbevelings ten opsigte van die standardisering van leerplanne gemaak word, sodat niemand voel dat hy aan 'n minderwaardige opvoedingsprogram onder= werp word nie

(viii) ondersoek ingestel word na die beroepsvoorligtings= program aan hoërskole om te verseker dat leerlinge wel die studierigting kies waarvoor hulle aangelê is en waarin hulle belangstel

(ix) vertoë gerig word na die betrokke owerhede vir die promosie van buitengewone onderwys vir blindes, dowes, vertraagdes, en epileptici in Suidwes-Afrika/ Namibië

(x) 'n koördinerende liggaam daargestel word wat onder= soek kan instel na bestaande volwasse opvoedings= programme, die beplanning van nuwe programme en die koördinering daarvan, sodat die beperkte fondse, toerusting, deskundiges en ander hulpbronne tot die maksimum benut kan word en groter trefkrag in die gemeenskap kan hê.

5. <u>GESONDHEID</u>

In die ondersoek na die gesondheidspeil van die gemeenskap

en/ ...........

en die beskikbare geneeskundige dienste, is onder die indruk gekom dat die sleutelwoorde "hoë aanvraag" en "tekort" feit= lik op alle terreine geld, behalwe ten opsigte van hospitaal= dienste wat byna deurgaans as voldoende aangedui is. Die knelpunte is veral geïdentifiseer as 'n tekort aan genees= here, verpleegsters, gesondheidinspekteurs, klinieke en mo= biele eenhede, mediese hulpskemas en gespesialiseerde dienste soos psigiatriese, geriatriese, oog- en tandheelkundige diens= te, ortopediese en skool-mediese dienste.

Daar is egter ook kennis geneem dat die Departement van Ge= sondheid, Welsyn en Pensioene van die Republiek van Suid-Afrika spesiale pogings aanwend om in die meeste van die genoemde behoeftes tot 'n mate te voorsien.

Uit die ondersoek het ook aan die lig gekom dat die kliniek= personeel 'n baie groot rol op die preventiewe sowel as die remediële vlak speel. Hulle lewer 'n wye verskeidenheid spe= siale dienste aan bv. babas, skoolkinders, bejaardes, alkoho= liste, gestremdes, en teringlyers. Ook op die gebied van ge= sinsbeplanning word dienste gelewer en die mense se houding daarteenoor is baie positief. Daar was 71.8% respondente wat hulself onomwonde ten gunste van gesinsbeplanning uitgespreek het; 62.2% het gesê dat hulle jong egpare sou aanmoedig om hul gesinne te reël; terwyl 55.1% hul ten gunste van die ge= bruik van voorbehoedmiddels deur ongetroude meisies wat reeds 'n kind(ers) het, uitgespreek het.

Die rol wat tradisionele medisynes in die Gebiet speel is tot 'n groot mate beperk tot die rate wat nog deur die tradisio= nele "kinderdokters" aangewend word om kindersiektes te

genees/ .......

genees. Die vroedvrou se rol is ook besig om te kwyn en sy tree nog hoogstens as masseuse voor geboorte en bron van krag en ondersteuning tydens die geboorte op, terwyl die verlos= sing deur 'n geneesheer of verpleegster in die hospitaal waargeneem word.

Dit word aanbeveel dat:

(i) die tekort aan mediese personeel in oënskou geneem word en die nodige maatreëls getref word om die si= tuasie te verbeter

(ii) die moontlikheid van die opleiding van manlike ver= pleërs ondersoek en aangemoedig word

(iii) die aanstelling van gesondheidsinspekteurs en die daarstelling van meer klinieke, mobiele eenhede en ambulanse -- laasgenoemde verg relatief minder in= standhouding dog hulle bereik meer mense en kan vroeë opsporing, nasorg, en voorkoming bemiddel

(iv) daar veral gepoog word om die las op hospitale te verlig en om gedifferensieërde dienste na die plat= teland te neem om die mense se algemene gesond= heidspeil te verbeter

(v) die stelsel van daghospitale ondersoek word

(vi) meer intensiewe aandag aan skool-mediese dienste gewy word sodat sulke dienste met groter effekti= witeit en trefkrag aangewend kan word

(vii) die beskikbaarheid van mediese skemas in beide die private en die openbare sektor ondersoek word -- die bevindinge moet aan die gemeenskap bekend

gestel/ .......

gestel word, en moontlike aanbevelings moet oor= weeg word wat vir die gemeenskap tot hulp kan strek

(viii) ten einde die breër gemeenskap meer te betrek, dat sorggroepe in die lewe geroep word wat met verskil= lende aspekte van gesondheidsorg gemoeid sal wees ten opsigte van opvoeding, voorligting, opsporing, motivering, nasorg en fondsinsameling vir spesifieke programme en die reël van bv. "gesondheidsweek" of enige dergelike programme om spesifieke probleme en hul behandeling spesiaal onder die aandag van die publiek te bring

(ix) genoegsame openbare fondse vir gesinsbeplanning en die daarmee gepaardgaande programme beskikbaar ge= stel word

(x) van die dienste van die tradisionele "kinderdok= ters" en vroedvroue gebruik gemaak word as agente vir die promosie van gesinsbeplanning

(xi) 'n ondersoek op groot skaal gedoen word na die moontlikheid om vasektomie vir mans aanvaard te kry

(xii) die aanbeveling van die Theron-kommissie [4)] rakende die Kleurlinggemeenskap in verband met gesinsbeplan= ningsrade uitgevoer word. In dié verband, het die Kommissie soos volg aanbeveel:-

> Ten einde die belangstelling en aktiewe samewerking van die hele gemeenskap te mobiliseer, behoort die instelling van gesinsbeplanningsrade bestaande uit leiers uit alle seksies van die betrokke gemeenskappe oorweeg te word. Hierdie rade kan die gesinsbeplanningsverteen= woordiger behulpsaam wees met die beplan= ning van 'n program wat aangepas is by

die/ ..........

die spesifieke behoeftes en lewensom=
standighede van die betrokke bevolkings=
groep.

Ten opsigte van die Rehoboth Gebiet sal natuurlik slegs een sodanige raad saamgestel word, wat in noue samewerking met die kliniekpersoneel sal moet funksioneer.

(xiii) Koördinasie van alle mediese en aanverwante dienste in die Gebiet bv. deur middel van groeppraktyke deur geneeshere waar alle rekords van pasiënte ge=sentraliseer is en geneeshere dus geredelik by me=kaar kan oorneem en op die wyse kontinuïteit en 'n meer effektiewe dienslewering aan pasiënte kan ver=seker; asook dat die aankoop van duur toerusting op groepbasis geskied en daar op hierdie wyse meer en moderner toerusting bekom kan word; die aan=stelling van gesondheidsbesoekers wat met hospi=tale saamwerk om kontak met familie van pasiënte te maak, interpretasie aan pasiënte en familie-lede te doen ten einde die kommunikasiegaping wat dik=wels tussen mediese personeel en pasiënte bestaan, te oorbrug, en opvolgwerk met buite- en nasorgpa=siënte te doen. Die uitgee van pamflette en die reël van "ope dae" behoort veel by te dra om die ineenskakeling van mediese dienste aan die publiek bekend te stel sodat die verkryging van geneeskun=dige hulp so spoedig en effektief as moontlik kan verloop.

## 6. WELSYNSDIENSLEWERING

Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat maatskaplike werk se tradisionele gebondenheid aan sekere metodes, areas van dienslewering en die residuele benadering in die voorsiening van bronne en dienste, belemmerend inwerk op die rol wat maatskaplike werkers in die Gebiet speel. So blyk dit bv. dat maatskaplike werkers meestal konsentreer op die gevallewerk diens aan individue, gesinne, en sekere groepe mense wat sosiaal, fisies of geestelik gestremd is. Werklike gemeenskapsgesentreerde werk wat die basis van dienslewering aan 'n ontwikkelende en plattelandse gemeenskap behoort te vorm, word nie deur maatskaplike werkers onderneem nie. Dit stem ooreen met wat Heydenrych in 1971 oor maatskaplike werk in ontwikkelende gebiede gesê het [5]:

> Due to its clinical orientation social work has not succeeded in building up an image of itself as <u>the</u> socially oriented profession it professes to be. In fact, the clinical and individualistic approach has made social work quite unpopular in many respects. It has come to be known, for example, as:
>
> (i) exclusivistic
> (ii) punitive
> (iii) authoritarian
> (iv) passive
> (v) confusing
> (vi) remedial and
> (vii) oriented to the maintenance of the <u>status quo</u>.
>
> Based on the foregoing, we can arrive at only one conclusion. This is that Western social work is to a large degree unsuited to the needs of developing territories.

Die toestand word verder vererger deur die tekort aan maatskaplike werkers wat binne die Gebiet gestasioneer is en wat hul aandag in die area kan konsentreer. Daarbenewens wissel

maatskaplike werkers baie weens die geïsoleerdheid van die werk in die Gebiet, die groot areas, en die hoë gevalledrag wat deur slegs een voltydse maatskaplike werker in diens van die Staat en een deeltydse werkkrag in diens van Barmhartig= heidsdiens van die N.G. Kerk hanteer moet word. Die hulp wat deur gespesialiseerde verenigings uit Windhoek ontvang word, speel 'n belangrike en waardevolle rol in die Gebiet en help om die las vir die plaaslike maatskaplike werkers te verlig.

Die persentasie respondente wat van maatskaplike beveiliging afhanklik is, het 43.8% blyk te wees. Die waarde van die diens aan die gemeenskap word nie onderskat nie, dog respon= dente het sekere knelpunte genoem. Dit sluit in die romp-slomp en administratiewe reëlings wat meebring dat daar soms baie maande verloop voordat aansoeke om pensioene of toelaes goedgekeur word, sodat groot menslike nood en lyding soms volg. Daar is ook sterk gevoelens oor metodes van keuring en toekenning van pensioene en toelaes en die idees was uit= gespreek dat mense in hul produktiewe jare 'n bydrae tot 'n pensioenskema behoort te maak en dat hulle dan op groter by= drae van staatsweë kan aanspraak maak. Dis ook gevoel dat daar nie genoeg uitbetalingspunte in die Gebiet bestaan nie; gevolglik moet daar ver gereis en kostes aangegaan word om uitbetalingspunte te bereik.

Die groot behoefte wat daar in die Gebiet bestaan aan ouete= huise, kinderhuise en rehabilitasiesentra vir alkoholiste, het baie duidelik uit die studie geblyk. Daar is egter ook vasgestel dat plaaslike partikuliere welsynsorganisasies on= derneem het (en inderdaad met die grondwerk besig is) om 'n

ouetehuis en 'n kinderhuis in die hoofdorp op te rig. Die behoefte aan 'n rehabilitasiesentrum word tans tot 'n groot mate verlig deur die gebruikmaking van 'n spesiale afdeling vir die behandeling van dranksugtiges by die psigiatriese hos= pitaal in Windhoek, die Toevlug rehabilitasiesentrum te Worcester, en die De Novo rehabilitasiesentrum te Kraaifon= tein. Die groot koste verbonde aan die gebruik van die laas= genoemde twee inrigtings en die afstand wat dit byna onmoont= lik maak vir gesinne om die persoon te besoek en te onder= steun, bring nie alleen weerstand by die gemeenskap mee teen die gebruikmaking van die inrigtings nie, dog plaas ook die nut daarvan onder verdenking. Die feit dat die behandeling vir alkoholiste in Windhoek aan die psigiatriese hospitaal verbonde is, beteken dat dit deur die publiek met geestelike afwyking geassosieer word en mense is dus nie gretig om daar= van gebruik te maak nie.

Die ondersoek het 'n onrusbarende verspreiding van ernstige maatskaplike probleme in die Gebiet uitgelig.

Daar bestaan dus 'n groot behoefte aan goedgeorganiseerde en gekoördineerde optrede op nasionale en plaaslike vlak. Dit is ook duidelik dat maatskaplike werkers nie geïsoleerd kan poog om die genoemde maatskaplike vraagstukke te benader nie. Daar is 'n behoefte aan koördinasie tussen verskillende dis= siplines soos gesondheid, opvoeding, landbou, godsdiens, pro= fessionele verenigings, stads- en dorpsbeplanning en dies meer, om as 'n span deskundiges hul kennis en vaardighede in diens van die gemeenskap te wei.

Uit die ondersoek het ook geblyk dat die gemeenskap nie

ontbreek/ .....

ontbreek aan vrywilliges wat bereid is om tyd en energie in diens van die gemeenskap af te staan nie en dat hulle reeds baie kennis en vaardighede as vrywillige hulpkragte in die gemeenskap ontwikkel het. Daar bestaan egter 'n groot ge= brek aan professionele leiding en toesig in hierdie sfeer, met die gevolg dat verskillende vrywillige dienste op ad hoc-basis en hoogs ongekoördineerd aangebied word.

Dit word aanbeveel dat:

(i) die nodige stappe gedoen word om die volle same= werking van nasionale en plaaslike owerhede te ver= kry om intensiewe oorhoofse beplanning vir 'n ge= integreerde benadering in die ontwikkelingsprogram= me vir die Gebiet te verseker

(ii) daadwerklike stappe gedoen word om die ernstige te= kort aan maatskaplike werkers in die Gebiet uit te wis

(iii) stappe onderneem word om die vernouing van bedrae wat aan die verskillende bevolkingsgroepe betaal word, sowel as uit die wegruiming van verskille ten opsigte van standaarde vir keuring en toeken= ning van pensioene, hoogste prioriteit op nasionale vlak moet laat geniet

(iv) die metodes van keuring, hersiening en uitbetaling van pensioene en toelaes ondersoek word, sodat ont= berings wat deur amptelike rompslomp vir nuwe ap= plikante en diegene wat aan hersiening onderwerp word, tot 'n minimum beperk word

(v) die moontlikheid van mobiele- of ander

uitbetalingsmoontlikhede/ ....

uitbetalingsmoontlikhede as slegs by poskantore in groter sentra te ondersoek

(vi) stappe geneem word om ondersoek na 'n bydraende pensioenskema op nasionale vlak te laat instel

(vii) dat stappe geneem word om 'n ondersoek na die op=rigting van 'n rehabilitasiesentrum vir Suidwes-Afrika/Namibië op nasionale vlak onderneem word

(viii) dat 'n grootskaalse voorkomings- en opvoedingspro=gram ten opsigte van alkoholisme onderneem word en dat die teiken-groep hoofsaaklik die nie-alkoholiese populasie is, beginnende by primêre opvoedingspro=gramme in skole

(ix) 'n ondersoek gelas word na die hoë verskynsel van jeugmisdaad (gepaardgaande met die misbruik van dwelmmiddels deur jeugdiges) en die nodige stappe geneem word om die probleem die hoof te bied

(x) die vorming van 'n sambreelorganisasie op plaaslike vlak ondersoek word om die dienste van die privaat welsynsorganisasies en vrywillige groepe wat in die Gebiet funksioneer te koördineer en om toe te sien dat die gemeenskapspotensiaal tot die maksimum be=nut word by hierdie wortelorganisasies.

Ten opsigte van die aanbeveling (i) hierbo, kan dit ten uit=voer gebring word deur die daarstelling van 'n sterk en le=wenskragtige Nasionale Raad in Suidwes-Afrika/Namibië. So 'n raad kan verantwoordelik wees vir die beplanning en koör=dinering van welsynsdienste in die land. Die aanbeveling kan verder implementeer word deur die daarstelling van een

staatsdepartement/ ...

staatsdepartement waaronder alle welsynsdienste in die hele gebied ressorteer, terwyl daar vir direktorate in die ver= skillende tradisionele gebiede voorsiening gemaak word.

Wat die tweede aanbeveling betref, kan dit uitgevoer word deur middel van pogings om meer studente vir die beroep te werf deur bv. meer beurse beskikbaar te stel en diensvoor= waardes te hersien. Die reëling en instelling van gereelde groepsupervisie-sessies, desnoods deur betaalde supervisors, en die ontwikkeling van ondersteunende dienste in die gemeen= skap, sal veel bydra om die isolasie van maatskaplike werkers in die Gebiet en die vele frustrasies waaronder hulle gebuk gaan, teen te werk.

Ten opsigte van (viii) kan die opvoedingsprogramme meehelp om die stigma en vrees wat aan die misbruik van alkohol gekoppel word, te elimineer. Die groter kennis en begrip wat verkry word mag mense van die oormatige gebruik van alkohol weerhou, of hulle motiveer om hulp te bekom op 'n tydstip dat hulle nog gehelp kan word.

## 7. SLOTOPMERKINGS

In ooreenstemming met Benne (1976) [6)] kan die wye spektrum van teikengroepe wat by ontwikkeling en verandering betrek moet word, beskryf word as:

> . . . stretching from the human individual, through the small group and interpersonal relations, through intergroup rela= tions, to which I have annexed the "commu= nity" as a local intersystem of group and organizational systems to the macrosystems of societies and cultures.

Die maatskaplike werker moet sy rol sien as een van agent en katalisator van verandering en ontwikkeling binne die raam=werk van hierdie breë spektrum.

Die eise wat aan agente gestel gaan word in die lig van fluk=tuerende ekonomiese groei, vinnige verandering van menslike waardes en probleme, en van beleidsrigtings, asook in die lig van tekorte en behoeftes op feitlik alle vlakke van die menslike bestaan, sal sy kennis en kundigheid tot die maksi=mum beproef. Beplanning met al die elemente van onsekerheid en risiko wat dit inhou, prioriteitsbepalings met inagneming van behoeftes, beskikbare bronne en hoë inflasiekoerse, die verkryging van samewerking met inagneming van groot ideolo=giese en beleidsverskille, botsende waardes en doelstellings en die natuurlike weerstand teen verandering, is slegs 'n paar van die eise wat aan die agent vir verandering gestel sal word.

Dit spreek dus vanself dat so breed soos die spektrum van teikengroepe is, so breed sal die spektrum van agente moet wees. Alle moontlike sfere van die samelewing, o.a. politi=ci, opvoedkundiges, stadsbeplanners, geestelikes, medici, boere, tradisionele leiers en vrywilliges uit elke vlak van die samelewing moet betrek word. So 'n bedeling sal nood=wendig konflik en konfrontasie meebring; dog kan juis die verskeidenheid lei tot groot hoogtes. Teen hierdie agter=grond kan nie klein gedink en kortsigtig beplan word nie. Daar word dus volstaan met die raad van Daniel Burnham [7)]:

> Make no little plans; they have no magic to stir men's blood and probably themselves will not be realized. Make big plans. Aim high in hope and work remembering that a

noble/ ........

noble, logical diagram once recorded will be a living thing asserting itself with ever growing insistency.

—oo0oo—

## VERWYSINGS


1. Shottland, C.I.: International Perspectives on Social Welfare Research. Report of an International Symposium. The Brookings Institution, Washing= ton D.C., May 23 - June 9, 1971. p. 61.

2. Deardorff, H.: Community Organization in Action. Collier McMillan, New York, 1973.

3. Warren, R.L.: Studying Your Community. McMillan Publish= ers, New York, 1965. p. 111.

4. Republiek van Suid-Afrika: Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkings= groep. Kaapstad (Theron-Verslag), 1976, p. 56.

5. Heydenrych, J.J.F.C.: Co-ordination, an Indispensible Approach to Social Work in Developing Territo= ries. Social Work Journal, Vol. 53, No. 3, 1972.

6. Bennis, W.G. & Benne, K.D.: The Planning of Change. Holt, Rinehart & Winston, New York, 1967. pp. 68-69.

7. Burnham, D.: Community Organization in Action. Collier McMillan, New York, 1973. p. 21.


——ooOoo——

# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE

Abu-Lughod, J. & Hay, R.: Third World Urbanization. Maaroufa Press, Chicago, 1977.

Beattie, J.: Other Cultures. Aims, Methods and Achievements in Social Anthropology. Routledge & Kegan Paul Ltd., London, 1964.

Behr, A.L.: New Perspectives in South African Education. Inter Print Ltd., Durban, 1978.

Bennis, W.G. & Benne, K.D. et. al.: The Planning of Change. Holt, Rinehart & Winston Inc., New York, 1976.

Berry, B.J.L.: The Human Consequences of Urbanization. The MacMillan Press, London, 1974.

Biddle, R. & Biddle, L.: The Community Development Process. Holt, Rinehart & Winston, Inc., New York, 1966.

Brager, G. & Specht, H.: Community Organizing. Columbia University Press, New York, 1973.

Briscoe, C. & Thomas, D.N. (Ed.): Community Work : Learning and Supervision. Willmer Brothers Ltd., London, 1977.

Britz, R.G., De Vries, L. & Olivier, A.: Ons Eeufees - 1870 tot 1970. Rehoboth : Rehoboth Hoof Eeufees-Komitee, 1970.

Cilliers, S.P.: Maatskaplike Navorsing. Metodologie, Prosedures, Tegnieke. Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, 1965.

Cohen, N.E.: The Citizen Volunteer : His Responsibility, Role and Opportunity in Modern Society. Harper, New York, 1960.

Colcord, J.C.: Your Community : Its Provisions for Health, Education, Safety and Welfare. Russel Sage Foundation, New York, 1939.

Colcord, J.C.: Your Community : Its Provisions for Health, Education, Safety and Welfare. Russel Sage Foundation, New York, 1939.

Duncan, O.D. & Reiss, J.R.: Social Characteristics of Urban and Rural Communities, 1950. John Wiley & Sons, New York; Chapman & Hall, London; 1956.

Ecklein, J.L. & Lauffer, A.A.: Community Organizers and So= cial Planners. John Wiley & Sons and Council on Social Work Education, New York, 1972.

Falk, N. & Lee, J.: Planning the Social Services. Saxon House, Westmead, England, 1978.

Ferman, G.S. & Levin, J.: Social Science Research : A Hand= book for Students. John Wiley & Sons, New York & London, 1975.

Finkle, J.L. & Gable, R.W.: Political Development and Social Change. John Wiley & Sons, New York, 1971.

Fischer, Eugen: Die Rehobother Bastards. Jena, 1913.

Forcese, D.P. & Richer, S.: Social Research Methods. Pren= tice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1973.

Foster, G.M.: Traditional Societies and Technological Change. Harper & Row Publishers, New York, 1973.

Garner, R.A.: Social Change. Rand McNalley College Publish= ing Company, Chicago, 1977.

Gilbert, N. & Specht, H.: Dimensions of Social Welfare Poli= cy. Prentice-Hall Inc., New Jersey, 1974.

Gilbert, N. & Specht, H.: Planning for Social Welfare. Issues, Models and Tasks. Prentice-Hall Inc., New Jersey, 1977.

Ginsberg, L.H.: Social Work in Rural Communities. A Book of Readings. Council on Social Work Education, New York, 1976.

Goldblatt, I.: History of South West Africa. Cape Town, Juta & Co., 1971.

Gordon, I.J.: Human Development. A Transactional Perspective. Harper & Row, New York, 1975.

Grossman, G.: Economic Systems. Prentice-Hall, Foundations of Modern Economics Series. New Jersey, 1967.

Inkeles, A. & Smith, D.H.: Becoming Modern. Individual Change in Six Developing Countries. Heineman Educational Books Ltd., London, 1974.

Joubert, Dian: Toe Witmense Arm Was. Uit die Carnegie-Verslag 1932. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1972.

Kahn, A.J.: Studies in Social Policy and Planning. Russel Sage Foundation, New York, 1969.

Kahn, A.J. & Kamerman, S.B.: Not for the Poor Alone. European Social Services. Harper & Row Publishers, New York, 1977.

Labovitz, S. & Hagedorn, R.: Introduction to Social Research. McGraw-Hill Book Co., New York, 1976.

Leaper, A.A.B.: Community Work, Revised Edition with New Ma= terial. The National Council of Social Ser= vice, London, 1971.

Loomis, C.P., Beegle, J.A. et. al.: Rural Social Systems and Adult Education. Waverley Press, Baltimore, U.S.A., 1953.

Lees, Ray: Research Strategies for Social Welfare. Routledge & Kegan Paul, London, 1975.

Leonard, D.K.: Reaching the Peasant Farmer. Organization, Theory & Practice in Kenya. University of Chicago Press, Chicago, 1977.

Lund, F.J. & Van Harte, E.L.: Community Work for Development and Change. Institute for Social Development, U.W.C., Bellville, 1980.

Maas, A. & Wol ins, H.: New Directions in Social Work. Rout= ledge & Kegan Paul, London, 1954.

Moser, C.A. & Kalton, G.: Survey Methods in Social Investiga= tion. Heineman Educational Books, London, 1977.

Newby, H.: International Perspectives in Rural Sociology. John Wiley & Sons, New York, 1978.

Robert, S. & Lynd, H.M.: Middletown : A Study in American Culture. Hancourt, Brace & Co., New York, 1928.

Robert, P.: The Idea of Welfare. Heineman Educational Books Ltd., London, 1979.

Rogers, E.M. & Burdge: Social Change in Rural Societies. Prentice-Hall Inc., New Jersey, 1972.

Saran, M.: For Community Service : The Mount Carmel Experience. Oxford, Blackwell, 1974.

Siporin, M.: Introduction to Social Work Practice. McMillan Publishers, New York, 1975.

Trecker, H. (Ed.): Goals for Social Welfare. An Overview of the Next Two Decades. Association Press, New York, 1973.

Van der Merwe, H.W. & Groenewald, C.J. (Ed.): Occupational and Social Change Among Coloured People in South Africa. Juta & Co. Ltd., Cape Town, 1976.

Wagner, O. & Theron, E.: Maatskaplike Werk by 'n Plattelandse Vereniging. Nasionale Pers, 1940.

Walker, N. (Ed.): The Wincroft Youth Project. Harper & Row Publishers, London, 1972.

Warren, R.L.: Studying Your Community. Collier McMillan, New York, 1965.

Wellington, J.H.: South West Africa and its Human Issues. Oxford Claredon Press, 1967.

TESISSE, VERSLAE EN WETTE

B.A.B.S. Project Report 1975/1976: Tomorrow Awaits. Annual Community Development Project, Kew Town, Ath= lone. (Ongepubliseerd)

Batson, E.: Twenty Basic Definitions. Report No. 5517 in the Series of Reports and Studies issued by the So= cial Survey, University of Cape Town, 1972.

Brand, C.: Solidarity in a Minority Group. A Study of the Indian Community in the Cape Peninsula. M.A. Tesis (ongepubliseerd), Universiteit van Stel= lenbosch, 1966.

De Klerk, C.H.: Karakoelboerdery in Rehoboth Gebiet. Ongepu= bliseerde Tesis, Universiteit van Pretoria, 1967.

Departement van Sosiologie en Buro vir Opvoedkundige en Sosio-Ekonomiese Navorsing, U.W.K. Huishoudings en Gesinslewe in Bellville-Suid - 'n Sosio-Ekono= miese Ondersoek. (ongepubliseerde verslag), 1971.

Departement van Statistiek: Classified List of Codes and Oc= cupations. (Ongepubliseerde Handleiding), Pretoria.

Departement van Statistiek: Suidwes-Afrika, Geografiese Ver= spreiding van die Bevolking, Verslag nr. 64. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

Divisional Council of the Cape: The Elsies River Redevelop= ment Project. Cape Town, September 1975.

Farman-Farmaian, S.: Case Study on the role of Social Work Education in Family Planning Proceedings. In= ternational Association of Schools of Social Work. New Themes in Social Work Education. Proceedings of the XVIth International Congress of Schools of Social Work. The Hague, Aug. 8-11, 1972.

Ferreira, D.J. & Loubser, M.: Die Sosio-Ekonomiese Struktuur van Gesinsverhoudings in Rehoboth Gebiet. Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Pretoria, 1976.

Florendo, S.A.: Social Work : An Essential Discipline in Family Planning and Population Dynamics. International Association of Schools of Social Work. Op. cit., 1972, p. 167.

Henderson, J.: Guiding Social Change. Ibid., 1972, p. 11.

Kantoor van die Landdros. Distrik Rekordboek. Rehoboth. Deel I. 1959.

Kahn, A.H.: Ten Decades of Rural Development : Lessons from India. M.S.U. Rural Development Papers. Michigan State University, Michigan, 1978.

Kotzé, P.W.: Namakwaland. 'n Sosiologiese Studie van 'n Geisoleerde Gemeenskap. Nasionale Pers, Kaapstad, 1943.

Lötter, J.M., Strydom, H.G. & Schurink, W.J. et. al.: Eersterus : 'n Sosiologiese Studie van 'n Kleurlinggemeenskap. Instituut vir Sosiologiese en Kriminologiese Navorsing. Pretoria, S.A.R.G.N. 1979.

Pausewang, S.: Methods and Concepts of Social Research in a Rural Developing Society. Weltforum Verlag. München, 1973.

Potgieter, M.C.: Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika. Universiteituitgewers en Boekhandelaars Bpk,

Potgieter, M.C.: <u>Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika</u>. Universi=teit-Uitgewers en Boekhandelaars Bpk., Stel=lenbosch. Proefskrif ingehandig vir die graad van doktor in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch. 1970.

Proklamasie van die A.G. van Suidwes-Afrika, Nr. A.G. 8/1980.

'n Publikasie van die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe Ontwikkeling: <u>Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika</u>. Perskor Drukkery, Johannesburg, 1976.

Rehoboth Ontwikkelingskorporasie: <u>7de Jaarverslag</u>. Windhoek, 1977-78.

Republiek van Suid-Afrika: <u>Wet op Selfregering vir Rehoboth</u>, Nr. 56 van 1976.

Republiek van Suid-Afrika: Kommissie van Ondersoek na Aange=leenthede van Suidwes-Afrika (ongepubliseerd), Windhoek, 1962-1963.

Republiek van Suid-Afrika: Verslag van die Kommissie van On=dersoek na Aangeleenthede rakende die Kleur=lingbevolkingsgroep. Kaapstad (Theron-Ver=slag), 1976.

Schottland, C.I.: <u>Translating Social Needs Into Action</u>. Re=port on an International Symposium - Inter=national Perspectives on Social Welfare Re=search. Washington D.C., May 23 to June 9, 1971.

Suidwes-Afrika Administrasie, Afdeling Beplanning: <u>Rehoboth Gebiet Beplanning Inligtingsverslag</u> (ongepu=bliseerd), Windhoek, 1978.

Swanepoel, J.J.: <u>Wupperthal, 'n Gemeenskapsstudie van 'n Send=ingstasie</u>. Universiteit van Stellenbosch. Ingehandig ter verkryging van die M.A.-graad in Maatskaplike Werk (ongepubliseerd), 1951.

Van der Burgh, C.: The Integration of a Group of Indian Blind Persons into Sighted Society. A Sociological Appraisal. University of South Africa (unpu= blished M.A. Dissertation), Pretoria, 1977.

Van Rooyen, I. (Red.): S.W.A./Namibië Inligtingsdiens. S.W.A./Namibië Vandag. Windhoek, 1980 (ongepu= bliseerde verslag).

Warnich, P.G.: Genadendal. 'n Gemeenskapstudie van 'n Send= ingstasie. 'n Verhandeling ingehandig ter ver= kryging van die graad M.A. in Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch (ongepubliseerd).

## ENSIKLOPEDIEË EN WOORDEBOEKE


Encyclopedia Brittanica : Vol. 5. H. Benton Publishers, Chicago & London, 1973-1974.

Lurie, H.L.: Encyclopedia of Social Work. National Association of Social Workers, New York, 1965.

Morris, et. al.: Encyclopedia of Social Work. National Association of Social Workers, New York, 1971.

Republiek van Suid-Afrika: Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Departement Volkswelsyn en Pensioene, Pretoria, 1971.

REFERATE, TYDSKRIFTE EN KOERANTE

Berry, B.J.L.: "Social Change as a Spacial Process." International Social Development Review, No. 4. New York, 1972.

Brazer, G.A. & Van Jorrin, A.: "Bargaining : A Method in Com= munity Change." Social Work, Vol. 14, No. 4. October, 1969.

Departement van Kleurlingsake: Alpha, Vol. 5, Nr. 5. Mei 1967.

Departement van Kleurlingsake: Alpha, Vol. 18, Nr. 6, Augus= tus 1980.

Die Burger: Mei 25, 1977.

Die Republikein: Junie 30, 1978.

Die Repbulikein: Julie 24, 1978.

Die Republikein: September 20, 1978.

Die Republikein: September 21, 1978.

Die Republikein: September 22, 1978.

Die Republikein: Junie 2, 1980.

Die Suidwester: November 26, 1976.

Die Suidwester: Desember 20, 1976.

Die Suidwester: Julie 24, 1978.

Die Suidwester: Desember 18, 1978.

Die Taak: Junie/Julie 1976.

Die Taak: Augustus 1978.

Dubey, S.N.: "Social Planning Process. Steps and Considera= tions." International Social Work, Vol. XXII, Nr. 3, 1979.

Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie van S.W.A.: Kontak, Vol. 2, Nr. 21, Junie 1980.

Family Planning Association of S.A. (W.C.): Newsletter, Vol. 4, 1977.

Foundation for Social Development: Community Action, Vol. 3, June 1977.

Florendo, S.A.: "Family Planning and Population Dynamics : The Role of Social Work." International Social Work, Vol. XVI, No. 2, 1973.

Frankel, C.: "The Impact of Chaging Values on the Family." Social Casework, Vol. 57, No. 6, June 1976.

Heizel, M.A.: "Adult Education in Tanzania." International Social Work, Vol XXII, No. 3, 1979.

Helm, B.: The Gordian Knot : A Study of the Ties between South and South West - Africa. A Paper read at the Seventh Congress of Sociologists of South Africa, Kwaluseni, Swaziland, 1976.

Helm, B.: White Blacks : The New Elites? A Study of Selected Aspects of Modernization of the Rehoboth People, Namibia. A paper read at the Tenth Anniversary Congress of Sociologists of South Africa, Maseru, Lesotho, June 1979.

Heydenrych, J.J.F.C.: "Co-ordination - An Indispensible Approach to Social Work in Developing Territories." Social Work Journal, Vol. 53, No. 3, 1972.

Holland, T.P.: "The Community : Organism or Arena?" Social Work (U.S.A.), Vol. 19, No. 1, January 1974.

International Council on Social Welfare: Developing Social Policy in Conditions of Rapid Change. Japanese National Committee Report. XVIth International Conference on Social Welfare. The Hague, 1972.

Leitão Fernandez, M.M.L.B.: "Educating the Rural Family." Social Work, Vol. 10, No. 1, March 1974.

Obrien, D.J.: "The Public Goods Dilemma and the Apathy of the Poor toward Neighbourhood Organization." Social Service Review, Vol. 48, No. 2, June 1974.

Page, M. & Pratt, M.: "Community Laboratory : An Innovation in Higher Education." Journal of Education for Social Work, Vol. 45, Fall 1973.

Prinsloo, D.S.: S.W.A. : "The Turnhalle and Independence." Study Report, No. 4, November 1976.

S.A.N.T.A. News: Vol. 17, No. 1, January 1978.

Santiago, L.: "From Settlement House to Anti-Poverty Program." Social Work, Vol. 17, No. 1, July 1972.

Stein, H.D.: "Social Worker's Developmental and Change Func= tions : Their Roots in Practice." Social Ser= vice Review, Vol. 50, No. 1, March 1976.

Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede: Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Jrg. 26, Nr. 2, April 1975.

The Cape Times: December 16, 1978.

White, L.E.: The Social Factors Involved in the Planning and Development of New Towns. United Nations Round Table Conference on the Planning and Develop= ment of New Towns. Moscow, August 24 - Septem= ber 7, 1964.

Windhoek Observer: December 15, 1978.

# BYLAAG

Navorsing Skedule

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

SKOOL VIR MAATSKAPLIKE WERK

Ondersoek na die leefwyse en houdings van die Rehoboth Basters in die Rehoboth Gebiet, met die doel om die behoeftes vir die maatskaplike ontwikkeling van die Gebiet en sy bevolking te bestudeer.

Student Navorser: Mev. S.M.H. Rose
H/v Unionweg & 4de Laan
Fairways
Wynberg 7800
Tel. 73-2767 (H)
97-6161 (K)

Promotor: Prof. B. Helm
Universiteit van Kaapstad
Tel. 69-8531

Area: Rehoboth Gebiet, S.W.A.

Let Wel:

(1) Alle inligting deur respondente verskaf sal as streng vertroulik behandel word.

(2) Hierdie studie is suiwer akademies en wetenskap= lik en word onderneem ter verkryging van die graad M.Soc.Sc. in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Kaapstad.

# RIGLYNE VIR DIE ONDERHOUDE

1. Hierdie navorsing gaan net oor die Basterbevolking van die Rehoboth Gebiet en sluit nie ander rassegroepe in nie. Sien egter (3) hier=onder.

2. Vir die doel van hierdie studie is die huishouding die navorsings=eenheid.

3. 'n Huishouding bestaan uit alle persone wat saam in een woning woon (insluitend buitekamers) en wat saam eet. Bediendes word ook in die opname ingesluit (maar word afsonderlik in die skedule aangedui). As 'n lid van 'n ander rassegroep by 'n Baster huisgesin inwoon (d.i. 'n lid van die huishouding is) moet so 'n persoon ingesluit word en sy ras aangeteken word.

4. Waar twee huisgesinne een woning deel, maar aparte huishoudings het, (bv. apart kook en eet) moet hulle as twee huishoudings opgeneem word, en 'n skedule vir elk ingevul word.

5. Waar prakties moontlik, moet die onderhoud met die hoof van die huis=houding gevoer word.

6. Die hoof van die huishouding sal gewoonlik nie moeilik wees om te be=paal nie. Neem die huishouding se eie oordeel in beslag, m.a.w. die persoon wat deur die ander as die hoof erken word. Dit sal normaal=weg die vader, hoof manlike broodwinner, of ander belangrike manlike figuur wees, maar dit kan ook 'n vrou wees, veral waar sy die eiendom besit of die broodwinner is.

7. Let wel dat loseerders, of ander wat nie bloedverwante is nie, ook as lede van die huisgesin beskou moet word.

8. Waar daar ander gesinne op die eiendom woon, soos bv. plaasarbeiders wat op die plaasgrond hulle eie huise het, of mense wat 'n boer se verlof het om op die plaas te woon al werk hulle nie vir hom nie, moet hulle op die skedule aangedui word, al is hulle nie Basters nie.

9. Oral waar 'n blokkie ☐ in die skedule verskyn, moet die gepaste antwoord met 'n kruisie teenoor die betrokke blokkie aangedui word. Waar dotjies . . . . verskyn, gee asseblief die antwoord sover moont=lik in die juiste woorde van die respondent weer.

# ONDERHOUDSKEDULE

## AFDELING I

## SOSIO-EKONOMIESE BESONDERHEDE

1. Besonderhede oor Lidmaatskap van Huishouding

1.1

| Persoons= nommer | Naam | Geslag | Ouder= dom | Verwantskap aan Hoof | Geboorteplek | Beroep | Maande= likse Verdienste | Hoogste Skool Standerd Geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | |

L.W. Om weeklikse inkomste in maandelikse inkomste oor te sit, vermenigvuldig met 4.3

1.2 Bediendes

| Persoons= nommer | Naam | Geslag | Ouder= dom | Geboorteplek | Etniese Groep | Aard van Dienspligte | Maandelikse Verdienste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | |

1.3 Hoeveel volwassenes en hoeveel kinders, benewens persone in 1.1 en 1.2 aangegee, is op die eiendom van die huisgesin woonagtig? ('n Volwassene word gereken as 'n persoon 18 jaar en ouer; 'n kind word gereken as 'n persoon onder 18 jaar.)

| | |
|---|---|
| Aantal Baster volwassenes | |
| Aantal Baster kinders | |
| Aantal Damara volwassenes | |
| Aantal Damara kinders | |
| Aantal Nama volwassenes | |
| Aantal Nama kinders | |
| Aantal Kleurling volwassenes | |
| Aantal Kleurling kinders | |
| Aantal Ovambo volwassenes | |
| Aantal Ovambo kinders | |
| Aantal Herero volwassenes | |
| Aantal Herero kinders | |
| Aantal Boesman volwassenes | |
| Aantal Boesman kinders | |
| Aantal Kavango volwassenes | |
| Aantal Kavango kinders | |
| Aantal volwassenes van ander groepe | |
| Aantal kinders van ander groepe | |

1.4 Verduidelik kortliks die verband tussen die persone in 1.3 aangegee met die huisgesin van onderhoud (d.i. is hulle gesinne van plaasar= beiders wat op die eienaar se plaas woonagtig is, is hulle vriende of bloedverwante, is hulle bywoners, is hulle persone wat permissie verkry het om 'n onafhanklike bestaan daar te voer?)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

2. Opvoedkundige Aangeleenthede

2.1 Verwys terug na Tabel 1.1. Gee asseblief besonderhede oor die opvoedkundige kwalifikasies van elkeen van die volwassenes in die huisgesin wat naskoolse opleiding ontvang het. Skryf die relevante persoonsnommer neer en dui dan aan watter naskoolse kwalifikasie ontvang is.

| Persoons= nommer | Na-skoolse Kwalifikasie |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

2.2 Hoe kom die skoolgaande kinders in die huisgesin by die skool?

| | |
|---|---|
| Loseer op dorp | |
| Per motorvoertuig | |
| Per fiets | |
| Per donkie of perdekar | |
| Ander ryding | |
| Te voet | |

2.3 Indien die kinders elke dag vanuit die huisgesin se woning na die skool gaan, hoe lank neem dit om by die skool te kom?

| | |
|---|---|
| 5 minute of minder | |
| Tussen 5 en 10 minute | |
| Tussen 10 en 15 minute | |
| Tussen 15 en 30 minute | |
| Tussen 30 en 60 minute | |
| Tussen 1 en 2 uur | |
| Meer as 2 uur | |

2.4 Indien daar kinders van skoolgaande ouderdom op Tabel 1.1 aangegee word, maar wat egter nie op skool is nie, gee asseblief die rede waarom hulle nie op skool is nie.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

2.5 Hoe dikwels in die afgelope jaar het die ouers van skoolgaande kin=ders (of die persone wat die rol van die ouers vervul) self kontak met die skool gehad?

| | |
|---|---|
| Gereeld | |
| Af en toe | |
| Baie selde | |
| Nooit | |

2.6 Indien wel, wat was die aard van die kontak? (Meer as een blokkie kan geld.)

| | |
|---|---|
| Skoolouervergadering | |
| Skoolkomitee | |
| Funksie by skool | |
| Oor die kind se rapport | |
| Oor 'n probleem met die kind | |
| Persoonlike vriendskap met onderwyser | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

2.7 Watter opleidingspeil word deur die hoof van die huisgesin vir die kinders beoog? (Gee afsonderlike antwoorde vir seuns en dogters.)

| | Seuns | Dogters |
|---|---|---|
| Geen | | |
| Moet kan lees en skryf | | |
| Tot St. 4 of 5 | | |
| Tot St. 6 of 7 | | |
| Tot St. 8 | | |
| Tot St. 10 | | |
| Tegniese of vakopleiding | | |
| Kollege opleiding | | |
| Universiteitsopleiding | | |

2.8 Ontvang die kinders tuis met hulle skoolwerk hulp van 'n volwassene?

| | |
|---|---|
| Gereeld | ☐ |
| Soms | ☐ |
| Weinig | ☐ |
| Nooit | ☐ |

2.9 Ondervind die huisgesin enige probleme met die skoolopvoeding van die kinders (skool is te ver, te klein, die onderrig word as swak beskou, die onderwyser of prinsipaal is nie aanvaarbaar nie, daar is tekort aan boeke of apparaat, kinders het leerprobleme, kinders is ongelukkig, kinders het liggaamlike of geestelike gebrek e.d.m.)

Spesifiseer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3. <u>Ekonomiese Aangeleenthede</u>

3.1 Verwys terug na Tabel 1. Benewens die maandelikse verdienste van die lede van die huisgesin soos daar aangegee, is daar enige addi= sionele inkomste (vrye huisvesting, vrye plaasprodukte, vrye ver= voer na die werk e.d.m.)? Gee besonderhede.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3.2 Verwys terug na Tabel 1. Is daar enige pensioentrekker(s) in die gesin, gee die <u>aard</u> van die pensioen, die bedrag, en hoe lank die pensioentrekker(s) reeds die pensioen ontvang.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3.3 In die mening van die hoof van die huisgesin, is daar in die Gebiet voldoende werksgeleenthede vir almal?

| | |
|---|---|
| Ja | ☐ |
| Nee | ☐ |

3.4 Indien Nee, watter uitbreiding en ontwikkeling binne die Gebiet be=hoort daar te kom? (Gee eie idees van respondent weer.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3.5 Is daar enige lid van die huisgesin wat spaar, langs watter weg word dit gedoen en wat is die benaderde bedrag? (Meer as een stel blokkies kan geldig wees.)

| | Aard | Bedrag by Benadering |
|---|---|---|
| Bank | | |
| Poskantoor | | |
| Bouvereniging | | |
| Ander spaarrekening | | |
| Geen spaarrekening | | |

3.6 Besit enige lid van die huisgesin aandele (met uitsondering van aan=dele in 'n bouvereniging)? Gee aard van aandele en bedrag by bena=dering.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

## 4. <u>Kooppatroon</u>

4.1 Koop u die meeste van u huishoudelike benodighede in die Gebiet?

| | |
|---|---|
| Ja | |
| Nee | |

4.2 Indien Ja, waarom? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

4.3 Indien Nee, waarom nie?

| | |
|---|---|
| Te duur | |
| Verskeidenheid is te klein | |
| Bestuur eie besigheid (soos Windhoek of Kalkrand) | |

Ander rede (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5. Behuising

5.1 Woon die huisgesin alleen in hul huis of deel hulle dit?

| | |
|---|---|
| Woon alleen | ☐ |
| Deel met een ander huisgesin | ☐ |
| Deel met meer as een ander huisgesin | ☐ |

5.2 Tipe huis wat gesin bewoon?

| | |
|---|---|
| Huur | ☐ |
| Huurkoop | ☐ |
| Eie aankoop | ☐ |
| Boedel eiendom | ☐ |
| Vrye behuising | ☐ |

5.3 Aantal vertrekke deur die huisgesin bewoon (skryf die aantal in die gepaste blokkie):-

| | |
|---|---|
| Slaapkamer(s) | ☐ |
| Binne-toilet(te) | ☐ |
| Buite-toilet(te) | ☐ |
| Binne-badkamer(s) | ☐ |
| Buite-badkamer(s) | ☐ |
| Kombuis(e) | ☐ |
| Eetkamer(s) | ☐ |
| Sitkamer(s) | ☐ |
| Sit/eetkamer(s) | ☐ |
| Motorhuis(e) of afdak(ke) | ☐ |
| Stoorkamer(s) | ☐ |

Ander vertrekke (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.4 Beskikbare fasiliteite in die woning:-

| | |
|---|---|
| Elektrisiteit | ☐ |
| Lopende water binnenshuis | ☐ |
| Warm water binnenshuis | ☐ |
| Spoeltoilet | ☐ |

5.5 Hoe word lig verskaf? (elektrisiteit, olielampe, kerse ens.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.6 Hoe word kos gekook? (elektrisiteit, gas, houtstoof, oliestoof ens.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.7 Is die huis in die mening van die respondent tans oorbewoon?

| | |
|---|---|
| Ja | |
| Nee | |

5.8 Indien Ja, watter bykomstige kamers word verlang?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.9 Watter bykomstige fasiliteite sou die huisgesin <u>eerste</u> aanskaf as hulle 'n bietjie meer geld gehad het? (bv. elektrisiteit, ander soort stoof, warm water, spoeltoilet). Spesifiseer

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.10 Watter speelruimte vir kinders is daar in of om die huis?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.11 Waar studeer, lees, of doen die kinders skoolwerk?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5.12 Gebeur dit op die oomblik dat, weens gebrek aan slaapruimte, 'n persoon wat 10 jaar of ouer is 'n slaapkamer deel met enige persoon van die teenoorgestelde geslag wat ook ouer as 10 jaar (egpare uit= gesonder)? Indien wel, hoeveel persone is betrokke?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

6. <u>Gesinsmobiliteit</u>

6.1 Hoeveel keer het die gesin die afgelope 10 jaar van woonplek ver= ander?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

6.2 Indien wel, waarom was dit noodsaaklik om te verhuis?

| | |
|---|---|
| Eie grond gekoop | |
| Agter werk aan | |
| Agter weiveld aan | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

6.3 Hoeveel keer in die afgelope 10 jaar moes die kinders van skool verander weens gesinsverhuising?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

6.4 Indien die huisgesin binne die afgelope 10 jaar van elders die Gebiet binnegetrek het, dui aan hoe lank hulle in die Gebiet nou woonsaam is en vanwaar hulle gekom het.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

7. Vervoer en Kommunikasie

7.1 Oor watter vervoermiddels van hulle eie beskik die huisgesin? (Gee aantal in betrokke blokkie.)

| | |
|---|---|
| Motorkar(re) | |
| Bakkie(s) of Lorrie(s) | |
| Perdekar(re) | |
| Donkiekar(re) | |
| Motorfiets(e) | |
| Trapfiets(e) | |
| Geen | |

7.2 Indien die huisgesin geen voertuie besit nie, meld of hulle gereeld reëlings vir vervoer met vriende, bure, of familielede kan tref en watter ryding(e) dan gebruik word.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

7.3 Ondervind die huisgesin vervoerprobleme na skool of na die werk? Spesifiseer

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

7.4 Beskik die huisgesin oor telefoongeriewe?

| | |
|---|---|
| Self telefoonhuurders | |
| Openbare telefoon naby | |
| Gebruik van ander mense se foon | |
| Geen hoegenaamd | |

7.5 Indien die huisgesin nie oor 'n telefoon beskik nie, waarvoor sou hulle 'n telefoon wou gebruik as hulle een tot hul beskikking gehad het? (Gee eie gedagtes van respondent weer.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

7.6 Beskik die huisgesin oor 'n radio?

| | |
|---|---|
| Een toestel in eie besit | |
| Meer as een toestel in eie besit | |
| Kan by bure of vriende inluister | |
| Geen radiofasiliteite | |

7.7 Hoe dikwels word daar deur lede van die huisgesin na die radio ge= luister (d.i. eie radio of ander se radio)? Onderskei tussen vol= wassenes en kinders

| | Volwassenes | Kinders |
|---|---|---|
| Baie gereeld | | |
| Taamlik gereeld | | |
| Af en toe | | |
| Weinig | | |
| Nooit | | |

7.8 Hoe dikwels word daar koerant gelees? Onderskei tussen volwassenes en kinders.

| | Volwassenes | Kinders |
|---|---|---|
| Baie gereeld | | |
| Taamlik gereeld | | |
| Af en toe | | |
| Weinig | | |
| Nooit | | |

8. <u>Godsdiensaktiwiteite</u>

8.1 Wat is die kerkverband van die hoof van die huisgesin? Indien sy vrou 'n ander kerkverband het, meld dit ook.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

8.2 Hoe sterk is die huisgesin aan die kerk gebonde?

| | |
|---|---|
| Sterk | |
| Matig | |
| Swak | |
| Geensins | |

8.3 Sou die volwasse lede van die huisgesin die vrymoedigheid hê om na hulle leraar te gaan in tye van krisis?

| | |
|---|---|
| Ja | |
| Nee | |
| Huiwerig | |
| Nie van toepassing | |

8.4 Hoeveel van die lede van die huisgesin woon eredienste by?

| | |
|---|---|
| Almal | |
| Hoofsaaklik die vrou(ens) | |
| Hoofsaaklik die man(s) | |
| Hoofsaaklik die kinders | |
| Geeneen | |

8.5 Beklee iemand in die huisgesin 'n besondere posisie in die kerk?

Spesifiseer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

8.6 Indien die huishouding bediendes het (sien Tabel 2), hoe kom die bediendes by die kerk?

| | |
|---|---|
| Wil nie kerk toe gaan nie | |
| Wil, maar kan nie daar kom nie | |
| Gaan saam met werkgewers | |
| Maak eie reëlings | |
| Leraar kom na die huis | |

8.7 In die mening van die hoof van die huisgesin, kan die kerk meer vir sy mense doen as op die oomblik? Indien ja, in watter opsigte?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

9. <u>Sport en Ontspanning</u>

9.1 Is daar enige lid of lede van die huishouding wat aktief aan sport deelneem? Spesifiseer

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

9.2 Aan watter van die volgende ontspanningsaktiwiteite word daar deur lede van die huishouding deelgeneem? (Dui almal aan wat betrokke is.)

| | |
|---|---|
| Dans | |
| Filmvertonings | |
| Kampeer | |
| Jag | |
| Bergklim | |
| Familiebesoek | |
| Besoek aan bure of vriende | |
| Woon sportbyeenkomste by | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

9.3 Watter soort ontspanningsfasiliteite meen die respondent behoort in sy buurt aangebring te word?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10. Kulturele Aktiwiteite

10.1 Aan watter van die volgende organisasies behoort enige volwasse lid van die huishouding en vir hoe lank al? (Gee tydperk in jare aan. Tel 'n periode minder as 'n jaar asof dit 'n jaar is.)

| | Organisasie | Tydperk |
|---|---|---|
| Boerevereniging | | |
| Kerklike vereniging | | |
| Politieke vereniging | | |
| Sakekamer | | |
| S.W.A.R.A. | | |
| Sportklub of organisasie | | |
| Huisvlytvereniging | | |
| Koor of sanggroep buite kerkverband | | |
| Toneelgroep | | |
| Welsynsorganisasie | | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.2 Aan watter van die volgende organisasies behoort enige kind in die huishouding en vir hoe lank al? (Gee tydperk in jare aan. Tel 'n periode minder as 'n jaar asof dit 'n jaar is.)

| | Organisasie | Tydperk |
|---|---|---|
| Kerklike vereniging | | |
| Sportklub or organisasie | | |
| Koor of sanggroep buite kerkverband | | |
| Toneelgroep | | |
| Karakterbouvereniging (soos Boy Scouts e.d.m.) | | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.3 Watter ander verenigings is daar in die Gebiet waarvan respondent kennis dra, maar waarvan hy/sy nie lid is nie? (Die doel van die vraag is om uit te vind of respondent van ander organisasies e.d.m. weet. Respondent moet dus self verduidelik. As hy van geen weet nie, moet hierdie feit hier aangestip word.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.4 Watter musiekinstrumente (nie radio of grammofoon nie) is daar in die huishouding?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.5 Wie bespeel dit?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.6 Beskik die huisgesin oor 'n grammofoon of bandopnemer? Spesifiseer

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.7 Indien wel, na watter soort plate of toonbande word daar geluister? Spesifiseer in respondent se <u>eie</u> terme

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.8 Wie in die huishouding woon konserte, sanguitvoerings ens. by?

| | |
|---|---|
| Almal | |
| Vader | |
| Moeder | |
| Kinders | |
| Ander lede | |
| Geeneen | |

10.9 Hoe dikwels lees die volwassenes en die kinders in die huishouding?

| | Volwassenes | Kinders |
|---|---|---|
| Elke dag | | |
| Gereeld | | |
| Soms | | |
| Selde | | |
| Nooit | | |

10.10 Indien wel, watter leesstof word gebruik?

| | Volwassenes | Kinders |
|---|---|---|
| Koerante | | |
| Tydskrifte | | |
| Strokiesprente | | |
| Romans | | |
| Biografieë | | |
| Geskiedkundige boeke | | |
| Godsdienstige boeke | | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

10.11 Maak lede van die huishouding gebruik van 'n biblioteek?

| | Volwassenes | Kinders |
|---|---|---|
| Baie gereeld | | |
| Taamlik gereeld | | |
| Af en toe | | |
| Selde | | |
| Nooit | | |

10.12 Indien 'n biblioteek nie gebruik word nie, waarom?

| | |
|---|---|
| Geen beskikbaar | |
| Moeilik om daar te kom | |
| Leesstof is swak | |
| Te besig | |
| Stel glad nie belang | |

10.13 Besit hierdie huishouding 'n Bybel? . . . . . . . . . . . . . . .

10.14 Besit hierdie huishouding enige boeke van hulle eie behalwe die Bybel en behalwe skoolboeke? Indien wel, gee aantal boeke (by benadering) en 'n algemene beskrywing van die aard van die boeke.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

11. <u>Gesondheidsdienste</u>

11.1 Gee besonderhede oor enige siektetoestand in die afgelope jaar in enige lid of lede van die huisgesin. (Verwys na persoonsnommer in Tabel 1.)

| Per= soons= nommer | Chroniese fisiese siekte | Periodieke fisiese siekte | Tydelike fisiese siekte | Chroniese geestelike siekte | Periodieke geestelike siekte | Tydelike geestelike siekte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

11.2 Hoeveel keer het lede van die huishouding oor die afgelope jaar die dienste van 'n geneesheer nodig gehad?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

11.3 Indien enige lid van die huishouding van 'n kliniek of hospitaal in die afgelope jaar gebruik gemaak het, gee besonderhede. Hoeveel keer in die afgelope jaar (by benadering) is die kliniek of hospitaal besoek?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

11.4 Gee die mening van die respondent oor die mediese dienste in die Gebiet (meer as een blokkie kan geld):-

| | |
|---|---|
| Voldoende | ☐ |
| Te min geneeshere | ☐ |
| Te min verpleegsters | ☐ |
| Te min klinieke | ☐ |
| Hospitaaldiens ontoereikend | ☐ |
| Te duur | ☐ |

11.5 Van watter dienste, soos deur die klinieke gelewer, word deur die lede van die huishouding gebruik?

| | |
|---|---|
| Teringkliniek | ☐ |
| Voorgeboortelike kliniek | ☐ |
| Gewone mediese sorg | ☐ |
| Gesinsbeplanning | ☐ |
| Babakliniek | ☐ |
| Geen gebruik | ☐ |

11.6 Watter nuwe mediese dienste sou die respondent graag in die Gebiet wou hê? (Gee die respondent se eie idees weer.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

11.7 Indien 'n vrou van die huishouding geboorte moet skenk aan 'n baba, hoe sou dit gebeur?

| | |
|---|---|
| Hospitaal in die Gebiet | ☐ |
| Hospitaal buite die Gebiet | ☐ |
| Tuis, met geneesheer | ☐ |
| Tuis, slegs met vroedvrou | ☐ |

12. Maatskaplike Sorg

12.1 Is die respondent bewus van maatskaplike werkdienste in die gemeen=skap waarvan lede van die huishouding wel gebruik kan maak? Indien ja, watter kan hy/sy noem? (Gee sover moontlik juiste woorde van respondent weer.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

12.2 Het een of meer lede van die huishouding die afgelope jaar kontak met 'n maatskaplike werker(ster) gehad?

| | |
|---|---|
| Ja | ☐ |
| Nee | ☐ |
| Onseker | ☐ |

12.3 Indien ja, wat was die doel van die kontak?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

12.4 Na die respondent se mening, het die Gebiet behoefte aan die volg= ende maatskaplike dienste of fasiliteite? (Meer as een blokkie kan geld.)

| | Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|---|
| Ouetehuis | | | |
| Kinderhuis | | | |
| Rehabilitasiesentrum vir drank- en doofmiddelverslaafdes | | | |
| Spesiale skool vir liggaamlik gestremdes | | | |
| Spesiale skool vir vertraagde kinders | | | |
| Meer maatskaplike werkers(sters) | | | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

12.5 Volgens die respondent, watter van onderstaande maatskaplike pro= bleme is belangrik in sy gemeenskap? (Meer as een blokkie kan geld.)

| | |
|---|---|
| Armoede | |
| Drankprobleme | |
| Huweliksprobleme | |
| Jeugmisdaad | |
| Volwassemisdaad | |
| Bejaardeversorging | |
| Kinderversorging | |
| Werkloosheid | |
| Swak behuising | |
| Buite-egtelike geboortes | |
| Dwelmverslawing | |
| Rassediskriminasie | |

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

AFDELING II

HOUDINGS

13. Status van die Vrou

13.1 Is dit in orde dat 'n man alleen namens sy vrou kan praat, of be=hoort die vrou se opinie in 'n vraelys soos hierdie ook gevra te word?

Man alleen ☐
Vrou ook ☐
Dit hang af ☐
Onseker ☐

13.2 Wat is die respondent se opinie i.v.m. opleiding aan bv. universi=teite en kolleges vir dogters sowel as seuns?

Onnodig vir beide ☐
Voorkeur aan seuns ☐
Ewe belangrik vir beide ☐
Onseker ☐

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

13.3 Behoort 'n 18-jarige dogter wat die skool verlaat het, toegelaat te word om 'n werk te aanvaar waar sy onder die ouers se toesig uit is?

Onder geen omstandighede nie ☐
Slegs in tye van werklike nood ☐
Sy kan naby die huis gaan werk ☐
Sy mag gaan net waar werk is ☐

13.4 Sommige mense glo dat 'n man soms sy vrou in die huis moet help, bv. met kinderversorging, opwas, ens. Ander voel weer dis uit=sluitlik 'n vrou se taak. Wat is respondent se mening?

Nooit ☐
Moet soms help veral as vrou ook werk ☐
Moet so veel as moontlik help ☐
Man en vrou moet take gelykop deel ☐

13.5 Daar is mans wat sekere sake met hul vroue bespreek. Watter sake bespreek respondent met sy vrou? (As respondent 'n vrou is, vra watter sake haar man met haar bespreek of bespreek het.)

13.5a Godsdiensaangeleenthede

| | |
|---|---|
| selde | |
| gereeld | |
| nooit | |

13.5b Politiek

| | |
|---|---|
| selde | |
| gereeld | |
| nooit | |

13.5c Beroep, besigheid of boerdery

| | |
|---|---|
| selde | |
| gereeld | |
| nooit | |

13.5d Die kinders se opvoeding

| | |
|---|---|
| selde | |
| gereeld | |
| nooit | |

13.6 Gestel 'n man en 'n vrou doen presies dieselfde soort werk en het dieselfde kwalifikasies. Hoe moet hulle betaal word?

| | |
|---|---|
| Gelyke besoldiging | |
| Man 'n bietjie meer | |
| Man baie meer | |

14. <u>Gesinsbeheer</u>

14.1 Sommige mense sê dat 'n egpaar self moet besluit om hul getal kind=ers te beperk sodat hulle beter versorg kan word en die vrou se liggaam nie so afgetakel word nie. Ander sê weer 'n egpaar doen verkeerd om hul getal kinders te beperk. Wat dink die respondent?

| | |
|---|---|
| Moet beperk | |
| Moet nie beperk nie | |
| Mag in sekere gevalle toelaatbaar wees | |
| Kan nie sê nie | |

14.2 Verduidelik die antwoord soos in 14.1 aangegee (noteer respondent se eie woorde waar moontlik).

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

14.3 Hoeveel kinders sou respondent beskou as die geskikste gesinsgroot=te vir ouers in sy/haar geldelike posisie? (Geen is ook 'n ant=woord.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

14.4 Gestel respondent was finansieel in staat om soveel kinders te hê as wat hy/sy wil. Hoeveel sou hy/sy dan wou hê?

Net soveel soos bo genoem ☐
Een of twee meer ☐
Soveel soos die Natuur toelaat ☐

14.5 Hoeveel kinders het die respondent in werklikheid?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

14.6 Sommige van die Gebiet se vroue maak ook nou van die pil en inspuit=ing gebruik om hul gesinne te reël. Wat is respondent se mening hieroor?

Baie goed ☐
Skokkend ☐
Hou nie eintlik daarvan nie, maar kan dit nie keer nie ☐
Onseker ☐

14.7 Sou respondent jong egpaar in sy/haar vriendekring aanmoedig om hul gesinne te reël?

Ja ☐
Nee ☐
Onseker ☐

14.8 Behoort ongetroude meisies wat reeds kinders het, ook gesinsreëling toe te pas?

Ja ☐
Nee ☐
Onseker ☐

15. Bygelowigheid

15.1 Daar word soms beweer dat ons Rehoboth Basters baie bygelowig is. Is dit in die respondent se mening waar?

Ja ☐
Nee ☐
Onseker ☐

15.2 Indien ja, vra vir respondent om sekere bygelowe waarvan hy/sy weet, of waaraan hy/sy waarde heg op te noem. (Gebruik sover moontlik respondent se eie woorde.)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

15.3 Daar word ook beweer dat Basters baie waarde heg aan die toorkuns en glo in "paljasdokters" (kruiedokters). Is dit waar? (Meer as een blokkie kan geld.)

- Glad nie waar nie ☐
- Baie mense glo vas daaraan ☐
- Min mense glo vas daaraan ☐
- Respondent glo self daaraan ☐
- Lede van die huishouding glo ☐
- Onseker ☐

15.4 Glo respondent dat daar veral kindersiektes is wat nie deur genees=here behandel kan word nie, dog wel met huisrate deur die tradisio=nele "kinderdokters" genees kan word?

- Ja ☐
- Nee ☐
- Onseker ☐

15.5 Glo respondent aan spoke of geeste?

- Ja ☐
- Nee ☐
- Soms ☐
- Onseker ☐

15.6 In respondent se opinie, kan die toekoms voorspel word d.m.v. tee=koppies, speelkaarte, drome, of dergelike dinge?

- Soms ☐
- Nooit ☐
- Onseker ☐

16. Patriotisme

16.1 As wat sou respondent graagste geklassifiseer wou wees?

- Namibiaan ☐
- Suid-Wester ☐
- Rehoboth Baster ☐
- S.W.A. Kleurling ☐
- Suid-Afrikaner ☐

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

16.2 Gestel respondent se seun wil trou. Met watter van die volgende groepe vroue sou respondent hom wil verbied om te trou? (Meer as een blokkie kan geld.)

- Alle vroue wat nie Basters is nie ☐
- Alle vrouens wat nie of Wit of Baster is nie ☐
- Vrouens wat nie Suid-Westers is nie ☐
- Vrouens wat nie dieselfde kerkverband het nie ☐
- Kan trou wie hy wil ☐

16.3 Gestel respondent se dogter wil trou. Met watter van die volgende groepe mans sou respondent haar wil verbied om te trou? (Meer as een blokkie kan geld.)

- Alle mans wat nie Basters is nie ☐
- Alle mans wat nie of Wit of Baster is nie ☐
- Mans wat nie Suid-Westers is nie ☐
- Mans wat nie dieselfde kerkverband het nie ☐
- Kan trou wie sy wil ☐

16.4 Beplan u om die Gebiet te verlaat?

- Glad nie ☐
- In die verre toekoms ☐
- In die nabye toekoms ☐
- Miskien ☐
- Onseker ☐

16.5 Watter regeringsvorm dink respondent sou vir die Gebiet die beste wees?

- Selfregering onder Kapteinskap ☐
- 'n Sentrale regering in onafhanklike Namibië ☐
- ☐

Ander (spesifiseer) . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17. <u>Kennis oor Sake van die Dag</u>

17.1 Watter Hereroleier is vroeg in 1978 in Windhoek dood geskiet?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17.2 Wie is die administrateur-generaal van S.W.A.?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17.3 Wie is die leier van die party wat die Desember-verkiesing gewen het?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

17.4 Mnr. Marrti Ahtisaari is:

| | |
|---|---|
| Minister van buitelandse sake vir die V.S.A. | |
| Spesiale verteenwoordiger van die V.V.O. vir S.W.A. | |
| Minister van buitelandse sake vir S.W.A. | |
| Minister van buitelandse sake vir Finland | |

17.5 Watter van die volgende stellinge is waar en watter onwaar?

| | Waar | Onwaar | Weet nie |
|---|---|---|---|
| Dr. Kurt Waldheim is die Sekretaris-generaal van die V.V.O. | | | |
| Daar is meer mense in Rusland as in Wes-Duitsland | | | |
| Mnr. Pik Botha is Eerste Minister van Suid-Afrika | | | |
| Die bevolking van Suidwes-Afrika is twee miljoen | | | |
| Suid-Afrika het Suidwes-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog verower | | | |

18. <u>Maatskaplike Waardes</u>

18.1 Wanneer 'n familielid in geldelike nood verkeer, wie se plig is dit om te help? (Meer as een blokkie kan geld.)

| | |
|---|---|
| Respondent se plig | |
| Ander familielede se plig | |
| Kerk se plig | |
| Staat se plig | |
| Gemeenskap se plig | |
| Moet self regkom | |

18.2 Sommige mense glo dat 'n kind glad nie 'n ouer persoon mag weer= spreek nie, selfs al is die ouer persoon verkeerd. Wat is respondent se mening?

| | |
|---|---|
| Kind mag nie weerspreek nie | |
| Kind mag sy saak met die nodige respek stel | |
| Kind is vry om met ouer te argumenteer | |

18.3 Sommige mense glo dat 'n kind die grootste lewenswaarhede leer by ouer mense. Ander sê weer dat hulle dit uit boeke en by die skool leer. Wat is respondent se mening?

| | |
|---|---|
| By ouer mense | |
| Boeke en skool | |
| Albei | |

18.4 Dink respondent dis bevorderlik vir bejaardes om in 'n ouetehuis versorg te word, of moet hulle liefs deur familie versorg word?

| | |
|---|---|
| Ouetehuis | ☐ |
| Familie | ☐ |

18.5 Redes vir die antwoord:-

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

18.6 Gestel mense werk in 'n fabriek in Windhoek. Iemand moet nou aange= stel word om toesig te hou. Wie dink respondent moet aangestel word?

| | |
|---|---|
| Die persoon met die hoogste geleerdheid | ☐ |
| Die persoon wat langste daar gewerk het | ☐ |
| 'n Blanke persoon | ☐ |
| 'n Baster | ☐ |
| Die persoon wat die populêrste is | ☐ |
| Die persoon wat die werk die beste kan doen | ☐ |
| | ☐ |

18.7 Algemene indrukke van veldwerker van respondent:-

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

18.8 Spesifieke uitdrukkings wat die respondent gebruik het, wat as streektaal geklassifiseer kan word:-

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

19. Boerdery

Vrae in hierdie seksie moet slegs gestel word as respondent 'n boer is of o.a. boerdery beoefen.

19.1 Twee seuns help hul vaders met die boerdery. Die eerste vader sê aan sy seun:

"Dit is tyd dat ons moderner metodes van boerdery begin leer en toepas anders kom ons nooit bo-uit nie."

Die tweede vader sê aan sy seun:

"Ons boerdery metodes kom van jou voorouers en hulle het goed ge= leef. Dit is die beste metodes en ons hou daarby."

Watter vader se woorde is die verstandigste?

| | |
|---|---|
| Eerste | ☐ |
| Tweede | ☐ |

19.2 Het respondent of iemand uit die huishouding al 'n kursus oor boer= derymetodes by die teelplaas te Groot Tsumis bygewoon?

| | |
|---|---|
| Ja | ☐ |
| Nee | ☐ |
| Beoog dit | ☐ |

19.3 Is respondent se plaas beplan?

| | |
|---|---|
| Ja | ☐ |
| Nee | ☐ |
| Het aansoek gedoen | ☐ |
| Beoog om aansoek te doen | ☐ |

19.4 Indien reeds beplan, watter soort verbeterings is aangebring?

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

19.5 Het die bogenoemde verbeterings die produksie opgestoot?

| | |
|---|---|
| Baie opgestoot | ☐ |
| Effens opgestoot | ☐ |
| Nie opgestoot nie | ☐ |
| Onseker | ☐ |

——ooOoo——